

**'N ONOMASTIESE STUDIE VAN SKOOLNAME BY
AFRIKAANSMEDIUMSKOLE**

deur

ISABELLA ELIZABETH MARX

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

AFRIKAANS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR. B.A. MEIRING

NOVEMBER 1994

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE**BLADSY**

Erkennings	(v)
Opsomming	(vi)
Abstract	(vii)
Lys van terme en afkortings	(viii)
1. INLEIDING	
1.1 Aktualiteit van die onderwerp	1
1.2 Probleemstelling	4
1.3 Werkwyse	4
2. BELEID BY SKOOLNAAMGEWING	
2.1 Inleiding	7
2.2 Riglyne vir skoolnaamgewing	7
2.3 Riglyne vir die skryfwyse van skoolname	10
2.4 Manifestering van die beleid t.o.v. die toekenning, skryfwyse en spelling van skoolname	11
2.4.1 Toekenning van skoolname	11
2.4.2 Skryfwyse van skoolname	13
2.4.3 Spelling van skoolname	16
2.4.3.1 Hoofletters	16
2.4.3.2 Morfologiese samestelling van spesifieke komponente	16
2.4.3.3 Koppeltekengebruik	18
2.4.4 Die spelling van nie-Afrikaanse skoolname	19
2.4.4.1 Nederlandse skoolname	19
2.4.4.2 Engelse skoolname	20
2.4.4.3 Khoekhoense skoolname	21
2.4.4.4 Spesifieke komponente uit ander inheemse tale	21
2.4.4.5 Name uit ander Europese tale	22
2.4.4.6 Hibriediese vorme	22
2.5 Samevatting	22
3. SKOOLNAAMGEWING	
3.1 Inleiding	24
3.2 Devitt se oorsaaklikheidsteorie	24

3.2.1	Verwysing	25
3.2.2	Konvensie	27
3.2.3	Agtergrondbeskrywing	28
3.3	Vlakke in die naamgewingsproses	32
3.4	Kategorieë van skoolname	34
3.4.1	Antroponimies	36
3.4.1.1	Staatsmanne/vroue	37
3.4.1.2	Onderwysfigure	37
3.4.1.3	Kunstenaars/Skrywers/Digters	37
3.4.1.4	Militêre figure	38
3.4.1.5	Historiese helde/heldinne	38
3.4.1.6	Skenkers/Plaaseienaars	38
3.4.1.7	Kulturele leiers	39
3.4.1.8	Vooraanstaande figure	39
3.4.2	Toponimies	39
3.4.2.1	Stede/Dorpe	39
3.4.2.2	Stasies	40
3.4.2.3	Woongebiede/Voorstede	40
3.4.2.4	Kleinhoewes/Parke	40
3.4.2.5	Plase	40
3.4.2.6	Myne	40
3.4.2.7	Gebied	41
3.4.2.8	Wonings/Geboue	41
3.4.2.9	Oronimies	41
3.4.2.10	Hidronimies	41
3.4.2.11	Eiland/Pas	41
3.4.2.12	Nedersettings	42
3.4.3	Simbolies	42
3.4.3.1	Beskerming/Behoud	42
3.4.3.2	Persoonlikheid	42
3.4.3.3	Strewe	43
3.4.3.4	Religieus	43
3.4.4	Histories	43
3.4.4.1	Gebeure	43
3.4.4.2	Simbolies	43
3.4.4.3	Polities/Kultureel	44
3.4.5	Omgewingsgerig	44

3.4.5.1	Flora	44
3.4.5.2	Minerale e.a. bedrywighede	45
3.4.5.3	Topografies	45
3.4.6	Ligging	45
3.4.6.1	Esteties	45
3.4.6.2	Geografies	45
3.5	Samevatting	46
4.	DIE BETEKENIS VAN SKOOLNAME	
4.1	Inleiding	47
4.2	Konsepsuele betekenis	48
4.2.1	Leksikale betekenis	48
4.2.2	Grammatiese betekenis	49
4.2.2.1	Die skoolnaam en bepaaldheid	49
4.2.2.2	Die skoolnaam en getal	50
4.2.2.3	Die skoolnaam en klas of soort	53
4.3	Pragmatiese of assosiatiewe betekenis	55
4.3.1	Konnotatiewe betekenis	55
4.3.2	Affektiewe of emotiewe betekenis	56
4.3.3	Stilisties of sosiaal	64
4.3.3.1	Skoolname en geslag	64
4.3.3.2	Skoolname en ideologiese gemerktheid	65
4.3.3.3	Skoolname en kulturele gemerktheid	71
4.3.3.4	Die multilinguistiese aard van skoolname	73
4.3.4	Fonies assosiatief	75
4.4	Samevatting	77
5.	NAAMSVERANDERING	
5.1	Inleiding	78
5.2	Agtergrondbeskrywing en houding	78
5.3	Botsende sosiale faktore wat naamgewing beïnvloed	80
5.4	Sosiaal-maatskaplike implikasies van naamsverandering	82
5.5	Verandering van skoolname	85
5.5.1	Verandering van ligging	87
5.5.2	Nuwe skoolgebou	88
5.5.3	Verwarring	89
5.5.4	Sentralisasie	90

5.5.5	Verering/Erkenning	91
5.5.6	Amalgamasie	92
5.5.6.1	Skole van dieselfde aard	92
5.5.6.2	Dalende getalle	92
5.5.7	Relevansie van 'n naam	92
5.5.8	Taalmedium verander	93
5.5.9	Grafies/Fonologiese besware	94
5.5.10	Status van skool verander	94
5.5.11	Omgewingsinvloed	95
5.5.12	Gestigmatiseerde skoolname	95
5.5.12.1	Omgewing	95
5.5.12.2	Status	96
5.5.12.3	Aard van skool	96
5.5.12.4	Etnisiteit/Sensitiwiteit	97
5.5.12.5	Politiese/Historiese figure	97
5.5.13	Afstigting	97
5.5.14	Historiese gebeure	98
5.6	Samevatting	99
6.	SAMEVATTING EN AANBEVELINGS	
6.1	Inleiding	100
6.2	Nasionale identiteit ten spyte van kulturele diversiteit	101
6.3	Navorsingsmoontlikhede	103
6.4	Slotopmerkings	104
7.	BRONNE	105
8.	BYLAAG A	117
	BYLAAG B	118
	BYLAAG C	119
	BYLAAG D	121
	BYLAAG E	123
	BYLAAG F	124
	BYLAAG G	125
	BYLAAG H	126

ERKENNINGS

ERKENNINGS

Hiermee word opregte dank en waardering betuig aan die volgende persone en instansies wat op verskeie wyses tot hierdie navorsing bygedra het:

- * Die liefde vir my moedertaal het ontkiem uit 'n saadjie wat baie jare gelede aan die knie van 'n liefdevolle vader geplant is. Uit erkentlikheid daarvoor is hierdie werk aangepak en daarom word dit postuum aan hom opgedra.
- * Dr. B.A. Meiring het met entoesiasme en volgehoue belangstelling leiding gegee. Sy het op simpatieke dog wetenskaplike wyse bystand verleen en deur openhartige samesprekings kundige advies gegee en eerlike, opbouende kritiek gelever.
- * So baie instansies en persone, o.a. Onderwysdepartemente, stadsrade, skole en privaat persone, het uit hul pad gegaan om my van die nodige navorsingsgewens te voorsien. Daarsonder sou hierdie werk nooit kon realiseer nie.
- * Die netjiese tikwerk is te danke aan mev. Sannie Smit.
- * My huisgesin moes soms veel ontbeer om hierdie studie voltooi te sien. Sonder hulle begrip sou die pad baie moeiliker gewees het.
- * Dankbare eer kom toe aan my Hemelse Vader wat my in staat gestel het om hierdie werk te voltooi.

OPSOMMING / ABSTRACT

OPSOMMING

In hierdie verhandeling word skoolname as onderafdeling van die Onomastiek behandel. Die gee van skoolname is 'n amptelike aangeleentheid en daarom is die beleid onderliggend aan dié handeling onder die loep geneem. Beleid bepaal die ortografiese aard van skoolname en die manifestasie daarvan is sosiolinguisties van belang.

Skoolname, wat onder eiename ressorteer, is hoofsaaklik oor 'n semantiese en sosiolinguistiese boeg gegooi, daarom word terme soos *verwysing*, *konvensie* en *agtergrondbeskrywing* aan die hand van veral die teorieë van Devitt, Strawson en Kripke beskryf. Van Langendonck lê veral klem op die pragmatiese aard van die eienaam en daarom vorm sy teorie, die *betekenisparadoks van die eienaam*, 'n belangrike uitgangspunt by die konsepsuele en pragmatiese aard van skoolname.

Die gee van name is 'n suiwer menslike handeling wat selde ooit ongemotiveer geskied. Die ontstaansmotiewe wat skoolnaamgewing ten grondslag lê, word bespreek aan die hand van die verskillende kategorieë.

Botsende sosiale faktore soos veral teweeggebring deur kulturele diversiteit beïnvloed naamgewing en daarom verander name. Die faktore onderliggend aan naamsverandering word uitgelig en bespreek.

Die moontlikheid om ten spyte van 'n multikulturele en multilinguistiese samelewing tóg 'n nasionale identiteit te vertoon, word ten slotte ondersoek en bespreek.

ABSTRACT

In this dissertation, names of schools as a subdivision of Onomastics are dealt with.

School names are researched mainly under the cloak of Semantics and Socio-linguistics. Therefore, terms like *reference*, *convention* and a *backing of descriptions* are referred to according to the theories of Devitt, Strawson and Kripke. Van Langendonck specifically emphasises the pragmatic nature of proper nouns in his theory *the paradox of the meaning of proper nouns* which is an important point of departure in the conceptual and pragmatic nature of the names of schools.

The underlying motives in respect of school naming are categorized and discussed according to the motives of origin.

Conflicting social factors play an important role in the naming of schools and therefore names also change. These changes are accentuated and discussed.

The possibility for a country to reflect a national identity in spite of a multicultural and multilingual society, is explored and discussed.

KEY TERMS

Names of schools; Proper nouns; Semantics; Socio-linguistics; Reference; Convention; Backing of descriptions; Paradox of meaning; Conceptual and pragmatic nature; Underlying motives; Conflicting social factors; Cultural diversity; National identity; Multicultural and multilingual society.

LYS VAN TERME

EN

AFKORTINGS

LYS VAN TERME EN AFKORTINGS

TERME

- akroniem - 'n woord gevorm van die eerste letter van elke woord in 'n saamgestelde woord bv. SANRA - Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkoholisme
- antroponiem - persoonsnaam
- choroniem - naam vir 'n entiteit in die ruimte bv. *Mars*
- endoniem - 'n naam wat vir 'n plek gebruik word in die taal wat hoofsaaklik in 'n streek gepraat word bv. *Kaapstad*
- eksoniem - 'n naam wat in 'n spesifieke taal gebruik word vir 'n plek buite die gebied waar die taal amptelike status het bv. *Kaapstädt* (Duits)
- element:
- generiese element - dié deel van 'n skoolnaam wat uit 'n generiese term bestaan bv. (*Brak*)*bult*
- spesifieke element - dié deel van 'n skoolnaam wat nie 'n generiese term is nie en die skool identifiseer bv.
- Laerskool Beestekraal*
Hoërskool Drie Riviere
- eponiem - 'n antroponiem (persoonsnaam) wat deel vorm van 'n toponiem (pleknaam) bv.
- Kruger in Krugersdorp*
- fonetika - die studie en klassifikasie van klanke in die gesproke taal
- grafiese vorm - geskrewe of gedrukte karakters wat 'n taalkundige item voorstel soos bv. 'n geskrewe naam - word onderskei van gesproke taal
- grafeem - grafiese weergawe van 'n foneem in 'n spesifieke taal bv. o is die grafeem vir die [] foneem in Afrikaans
- homoniem - een, twee of meer identiese toponieme wat na verskillende plekke verwys bv. *Heidelberg*, *Transvaal* en *Heidelberg, Kaap*
- hidroniem - 'n naam wat gebruik word vir 'n hidrografiese (water) entiteit bv. *Rietvleidam*
- leksikon - die woordeskat van 'n bepaalde taal soos in 'n woordeboek weergegee

linguistiek	-	die studie van die menslike taal in al sy fasette, o.a. fonetika, fonologie, morfologie ens.
morfeem	-	die kleinste onderskeidende grammatiese eenheid
morfologie	-	die deel van die taalkunde wat die struktuur en vorm van woorde in 'n taal bestudeer
naam	1.	gesproke of geskrewe item herkenbaar as aanduiding van 'n spesifieke entiteit soos 'n objek, 'n individu of 'n topografiese kenmerk
	2.	Simpleks 'n toponiem bestaande uit 'n enkel stam bv. <i>Cradock</i>
	3.	Komposita 'n toponiem bestaande uit 'n generiese en 'n spesifieke komponent, bv <i>Brak + bult</i> of 'n spesifieke komponent wat bestaan uit meer as een basis en een of meer morfeme bv. <i>Vry + burg + er</i>
	4.	Geografies 'n naam wat toegeken word aan 'n entiteit op die aardoppervlak - 'n topografiese naam bv. <i>Heuweland</i>
	5.	Histories 'n naam wat in historiese dokumente opgespoor kan word en nie langer in algemene gebruik is nie
	6.	Amptelik 'n toponiem wat deur 'n amptelike liggaam goedgekeur is en vir 'n topografiese kenmerk gebruik word
	7.	Plek Vgl. Toponiem
	8.	Eie 'n naam wat 'n individuele wese of objek aandui bv. <i>Koos; Pretoria</i>
odoniem	-	eienaam wat 'n verkeersroete kenmerk bv. <i>Waterkantweg, Kaapstad</i>
onomastiek	-	die wetenskap wat 'n studie van eiename maak
onomastikon	-	pleknaamkorpus
oroniem	-	'n naam wat gebruik word vir 'n verhewe topografiese kenmerk soos bv. 'n berg of 'n heuwel bv. <i>Proklamasieheuwel</i>
topografie	-	die voorkoms van die aardoppervlak of 'n gedeelte daarvan, of 'n beskrywing daarvan

- toponiem - 'n eienaam wat gebruik word vir 'n topografiese kenmerk
- toponimie - die wetenskap wat 'n studie maak van geografiese name in die algemeen en van toponieme in besonder

AFKORTINGS

- HHS - Hoër Handelskool
- HLS - Hoër Landbouskool
- HS - Hoërskool
- HTS - Hoër Tegniese Skool
- LS - Laerskool
- PS - Primêre Skool

HOOFSTUK 1

INLEIDING

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 AKTUALITEIT VAN DIE ONDERWERP

Naamgewing is 'n handeling wat nooit sedert die ontstaan daarvan, onderbreek is nie. In werklikheid is naamgewing so deel van die mens se geskiedenis en die beheersing van sy wêreld, dat die geskiedenis van naamgewing gelykgestel kan word aan dié van die mens (Nicolaisen 1976:142-143). Daarom is dit 'n psigolinguistiese en sosiaal-maatskaplike verskynsel van groot belang. Die toename in belangstelling in die Naamkunde (Onomastiek) het navorsing oor verskeie aspekte van die Onomastiek gestimuleer, maar sover vasgestel kon word, is daar geen navorsing spesifiek oor skoolname gedoen nie. Dat die behoefte aan navorsing t.o.v. veral die name van instansies bestaan, is deur verskeie taalkundiges en navorsers uitgewys. In hierdie verband kan veral gewys word op die verbasing wat Grieshaber (1990:37) uitspreek oor die min belangstelling wat hierdie gebied van die Onomastiek tot datum ontvang het. Wat veral as stimulasie vir dié studie van skoolname gedien het, is die woorde van prof. J. du P. Scholtz (soos aangehaal deur Botha 1983:285): "Dit sal geen oninteressante tema vir 'n skripsie van 'n student wees om die geskiedenis van die naamgewing aan Afrikaanse skole na te speur nie (Die Burger 5.1.1982)." In die lig van bg. behoeftes is hierdie studie relevant.

Omdat die Onomastiek 'n interdisiplinêre karakter vertoon, kan die skoolnaam nie in isolasie bestudeer word nie. Die raakpunte tussen die Onomastiek en o.a. die Taalkunde, die Geskiedenis en die Sosiale Wetenskappe is onbetwisbaar. Daarom kan dié ondersoek ook 'n belangrike bydrae lewer tot dié wetenskappe.

Omdat Suid-Afrika tans in 'n snel veranderende sosiale, maatskaplike en politieke situasie verkeer waarin bestaande waardes en waardestrukture bevraagteken word, het hierdie ondersoek kultuur-historiese waarde, want volgens Garbers (1983:3) manifesteer die waardes en waardestrukture in die samelewing hulle o.a. in die taal, is veranker in die geskiedenis en ook in name.

Met die term *naam* word hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, bedoel *pleknaam* (toponiem) en *persoonsnaam* (antroponiem), in die ruimste sin, d.w.s. in alle tale oral en sonder aansien des persoons of kultuurverband. Persoonsname sluit in voorname en vanne, byname, verkorte name en ander. Plekname behels die name van alle ruimtelike entiteite - van woonhuis tot kontinentnaam (Botha 1983:5).


Skoolname ressorteer onder saakname (AWS 1991:50). 'n Antroponiem kan ook in sekere gevalle as toponiem en 'n saaknaam optree indien die plek of gebou na 'n persoon vernoem is vgl.:

<i>Dorp</i>	-	<i>Piet Retief</i>
<i>Skool</i>	-	<i>Frikkie Meyer</i>
<i>Gebou</i>	-	<i>Louis Pasteur</i>

'n Onomastiese ondersoek van skoolname strek verder as bogenoemde horisontale beskouing daarvan. Skoolname is woorde en daarom word ook hulle gebruik aan die hand van etlike linguistiese parameters ondersoek.

Uit bogenoemde aspekte het hierdie studie gegroei: 'n Onomastiese ondersoek van skoolname verbreed en verdiep die sosiolinguistiese inligting oor skoolnaamgewing as onderafdeling van die Onomastiek en is ook van kultuurhistoriese belang. Die ontstaansmotiewe by naamgewing werp 'n lig op hoe mense dink en waaraan hulle waarde heg. Daarom is die kategorieë waarin die skoolname na analise val nie bloot 'n gerieflike verwysingsraamwerk nie, maar ook 'n weerspieëling van sosiale waardes binne 'n spesifieke gemeenskap. Die gemeenskap wat in dié studie aan die bod kom, is die wit Afrikaanssprekende taalgemeenskap wat tydens die vorige regering onder 'n afsonderlike Onderwysdepartement geressorteer het, nl. Die Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie Volksraad, waaronder die vorige vier Provinsiale Departemente geval het. Vgl. diagram 1.

STAATSPRESIDENT



3

Diagram 1

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die mens aanvaar sy omringende wêreld as 'n vanselfsprekendheid. Prof. Garbers sê in sy openingstoespraak tot die Naamkundekongres van 1983 (1986:2) dat hierdie vanselfsprekende wêreld sy vanselfsprekendheid verloor en 'n probleem word wanneer daar vrae oor daardie vanselfsprekende wêreld gestel word.

Name, en dan in besonder die skoolnaam wat as onderwerp van hierdie ondersoek dien, is een van die entiteite wat as vanselfsprekend aanvaar word. By die ontsluiting van die ryk en genuanseerde inhoude van name is dit duidelik dat daar allermens van vanselfsprekendheid sprake kan wees.

In hierdie verhandeling word daar sekere vrae oor die skoolnaam aan die orde gestel: Wie beheer dié naamgewingsproses? Waarom dié naam en nie 'n ander nie? Waarom verander skoolname? Die gevolgtrekkings wat gemaak word, is gebaseer op die uitkoms van deeglik beplande navorsing.

Soortgelyke studies kan vergelykend met dié studie oor die res van die skoolname in die land aangepak word. Die sosiolinguistiese basis van sodanige studies is van kultuurhistoriese belang.

1.3 WERKSWYSE

Nadat die belangstellingsveld bepaal is, is op verskeie wyses te werk gegaan om die nodige inligting te bekom.

Eerstens moes 'n deeglike teoretiese agtergrond oor die eienaam opgebou word. Hiervoor is gebruik gemaak van navorsing wat in die buiteland en plaaslik in dié verband gedoen is. Sover vasgestel kon word, bestaan daar geen gepubliseerde inligting aangaande skoolname nie. Alle nodige gegewens moes dus self ingesamel word.

Aangesien dataversameling vir dié verhandeling reeds in 1989 begin is, d.w.s. voor die nuwe Onderwysdepartemente in werking was, word die ou name vir Onderwysdepartemente en posbenamings gebruik in verdere besprekings.

Omdat die skoolnaamgewing waarop die ondersoek betrekking het onder die jurisdiksie van die voormalige Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie Volksraad val, moes daar eers toestemming van hierdie departement verkry word alvorens met die navorsing begin kon word. Toestemming daarvoor is van die Superintendent-Generaal van Onderwys ontvang (Bylaag A), met die voorbehoud dat daar ook by die individuele Provinsiale Onderwysdepartemente toestemming vir die navorsing verkry moes word, onderworpe aan elke individuele Onderwysdepartement se voorwaardes.

Om die nodige inligting te bekom, is daar van beide die direkte (mondelinge) en indirekte (vraelys) metode gebruik gemaak. Aangesien die ondersoekgebied so wyd was, was die aangewese metode om die meeste inligting te bekom, deur middel van 'n vraelys. Die vraelys wat E.J. du Plessis in sy navorsing oor Suid-Afrikaanse berg- en riviername gebruik het (Du Plessis 1973:62), is vir die doel aangepas en voorgelê aan die voormalige Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie Volksraad, en is vir die doel goedgekeur (Bylaag F).

Individuele aansoeke is aan die onderskeie Direkteure van Onderwys gerig. Goedkeuring vir die navorsing is ontvang, onderworpe aan elke onderskeie Onderwysdepartement se voorwaardes (Bylae B, C, D, E).

Eers in hierdie stadium kon met die uitstuur van die vraelys aan die skole begin word. 'n Brief aan die skoolhoofde is aangeheg om aan hulle te verduidelik waaroor die ondersoek gaan en om hulle te motiveer om die vraelys in te vul en terug te besorg (Bylaag G).

Daar is volledige skool- en adreslyste van die Onderwysdepartemente verkry wat die taak van die navorser aansienlik vergemaklik het.

Op enkele uitsonderings na was die reaksie besonder gunstig. In baie gevalle is veel meer bygedra as wat verwag is. Sommige hoofde het jaar- en gedenkblaai aangestuur wat waardevolle inligting bevat oor die geskiedenis van die skole en gevolglik oor die ontstaan en herkoms van die skoolnaam. Daar is selfs enkele hoofde wat die geskiedenis in boekvorm voorsien het. Die navorser is selfs met argiefstukke vertrou.

Na ontvangs van die vraelyste, wat oor 'n redelike lang periode geskied het, het die groot taak gevolg om die inligting te orden en op te volg. Opvolging is deur middel van telefoonoproepe en verdere korrespondensie gedoen - met groot sukses.

Die voltooide vraelyste is volgens die verskillende provinsies gesorteer, toe in hoër- en laerskole om kontrole te vergemaklik. Daarna is die vraelyste alfabeties volgens die skoolname geïndekseer en geliasseer. Die vraelyste is met die naamlyste gekontroleer om sodoende te kon vasstel watter persentasie respondente gereageer het.

Die inligting waarop gewerk is, verteenwoordig:

- 81% van die skole in die voormalige Transvaal
- 75% van die skole in die voormalige Kaapprovinsie
- 68% van die skole in die voormalige Oranje-Vrystaat
- 59% van die skole in die voormalige Natal

Die totale gemiddelde persentasie respondente: 71%

Op grond van bogenoemde persentasie word die bevindinge van hierdie ondersoek as verteenwoordigend van die skole betrek by die ondersoek, beskou.

Nadat die inligting oor die skoolname versamel is, is die skoolname waaroor terugvoering verkry is, afgesien van provinsie, laer- of hoërskole, alfabeties georden en in Bylaag H vervat.

Dié inligting vorm die kern van hierdie verhandeling, want die informasie daarin vervat, vorm die basis van alle verdere besprekings en gevolgtrekkings. Nicolaisen (1976:162) sê tereg dat die reduksie van 'n naam tot 'n leksikale eenheid nie die einde van naamkundige navorsing is nie, maar slegs die begin daarvan.

HOOFSTUK 2

BELEID BY NAAMGEWING

HOOFSTUK 2

BELEID BY NAAMGEWING

2.1 INLEIDING

By die bespreking van die beleid onderliggend aan die gee van skoolname, word geensins van die standpunt uitgegaan dat die navorser deeglik daarvoor ingelig is of volledige kennis daarvan dra nie. Dit gaan in die eerste plek nie oor 'n studie van beleid as sodanig nie, maar slegs in die mate waartoe die beleid bydra om 'n sinvolle studie van die skoolnaam te maak.

Wanneer daar na beleid ten opsigte van skoolnaamgewing verwys word, word daar geïmpliseer dat daar deur een of ander gesagsinstansie riglyne neergelê word waarvolgens die naamgewing moet geskied.

Volgens Coetzee en Stern (1985:7) val die gee van name aan plekke in twee kategorieë, te wete amptelik en privaat. Daar is geen amptelike beleid vir die gee van bv. name aan privaat eiendom nie, behalwe miskien dit wat deur konvensie bepaal word vgl.:

- | | | |
|-------------------|---|---|
| <i>Vissersrus</i> | - | <i>so genoem deur die Vissers wat reeds 'n paar geslagte lank op die plaas woon.</i> |
| <i>Bergsig</i> | - | <i>die naam vir 'n woning teen 'n berg gebou met gevolglik goeie uitsig oor die omliggende omgewing - so genoem volgens die uitsluitlike keuse van die eienaar.</i> |

Sodra 'n plaasnaam by die Landmeter-generaal geregistreer is, word dit as amptelik beskou. Dit verkry dan 'n redelike aard van permanensie en kan nie onder normale omstandighede verander word nie (Möller, Landbouradio: 17 Februarie 1993).

Die gee van name aan dorpe, strate, geboue en skole is amptelik in die sin dat daar voldoen moet word aan sekere gestelde riglyne deur gesaghebbende liggame.

2.2 RIGLYNE VIR SKOOLNAAMGEWING

Dit is veral die Provinsiale Administrasies van die onderskeie vorige provinsies

wat hiermee gemoeid was. Die Pleknamekomitee van die voormalige Departement van Nasionale Opvoeding vervul hier ook 'n belangrike funksie daar dit veral aandag gee aan watter van die name wat aan hulle voorgelê word vir goedkeuring, geskik is, veral ook wat die spelwyse daarvan betref (Plekname 1977:114).

Naamgewing aan tradisioneel blanke skole is deur die onderskeie Onderwysdepartemente van die vorige vier provinsies in Suid-Afrika beheer. Die Onderwysdepartemente het voor April 1986 onafhanklik gefunksioneer, maar was tot April 1994 onder die oorkoepelende beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad. Die Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad, het egter besluit dat die goedkeuring van naamgewing aan onderwysinrigtings by die Direkteurs-generaal van Onderwys van die onderskeie provinsies berus (Omsendbrief 18/1/8 van 31 Oktober 1988 - O.V.S. Onderwysdepartement).

Die riglyne vir skoolnaamgewing of -verandering is deur die onderskeie Onderwysdepartemente aan onderwysinrigtings in die vorm van omsendbriewe gestuur en is ook vervat in die Skolehandboek/Handleiding vir Skoolhoofde.

Uit die beskikbare omsendbriewe van die onderskeie provinsies kan die volgende afleidings t.o.v. riglyne vir naamgewing gemaak word:

1. Die Direkteur-generaal stel dit baie duidelik dat alle besluite t.o.v. naamgewing of -verandering deur die gebruikelike kanale vir goedkeuring aan die betrokke departement voorgelê moet word.
2. Benoeming van 'n inrigting na 'n lewende persoon moet met groot omsigtigheid hanteer word, is nie wenslik nie en moet liefsvry word. Ander vorme van eerbewys moet liefsvry oorweeg word, soos bv. borsbeelde en standbeelde ter ere van sodanige persone. Daar kan ook oorweging geskenk word aan geraamde foto's, portretskilderye, gemonteerde bronsplate ens. Indien die naam van 'n lewende persoon tóg oorweeg word, mag die persoon of sy gesin/familie nie in hierdie verband genader word alvorens die Uitvoerende Direkteur van Onderwys beginselgoedkeuring daarvoor verleen het nie.
3. Benoeming na 'n gestorwe persoon moet met dieselfde omsigtigheid hanteer word en sodanige persoon se naasbestaendes mag nie genader word alvorens die Uitvoerende Direkteur van Onderwys beginselgoedkeuring daarvoor verleen het nie.

4. Die volgende name moet liefs nie toegeken word nie:

4.1 Name wat reeds in die Republiek in gebruik is.

4.2 Name wat bekende buitelandse name is.

4.3 Name wat te lank is, of verwarring skep.

Daar moet gepoog word om te voorkom dat verwante name soos bv. *Laerskool President of Laerskool Die President* gegee word.

4.4 Dit is wenslik dat 'n hegte eenheid moet bestaan tussen die naam en die betrokke plek of omgewing. Dit kan gedoen word deur name toe te ken wat beskrywend is van geografiese kentekens, wat verband hou met die fauna en flora wat eie aan die omgewing is of was, wat verband hou met historiese figure of gebeure, wat verband hou met tradisie, leefwyse, agtergrond en so meer, van die inwoners.

Die voormalige Onderwysdepartement van die O.V.S. neem in Omsendbrief 18/1/8 van 31 Oktober 1988, baie sterk standpunt in t.o.v. die benoeming van Onderwysinrigtings na lewende persone:

"1.1 Geen oorweging sal geskenk word aan aansoeke om naamgewing van onderwysinrigtings indien dit verwys na 'n nog-lewende amptenaar van die Departement nie.

1.2 Vernoemings na ander lewende persone sal in hoogs uitsonderlike gevalle oorweeg word."

Genoemde Onderwysdepartement het reeds in 1971 'n omsendbrief uitgestuur na aanleiding van Uitvoerende Komitee Besluit Nr. 706 van 29 Junie 1971, waarin die rede vir die traagheid om onderwysinrigtings na lewende persone te vernoem, uiteengesit word. Die besluite word hieronder aangehaal:

- "a. In die Vrystaat het die gebruik ontstaan om op aanbeveling van die plaaslike rade en organisasies, die name van nog-lewende persone aan skole, geboue en/of inrigtings te koppel.
- b. Die Uitvoerende Komitee is egter van mening dat hierdie gebruik te groot afmetings in die jongste tyd aangeneem het en vir die volgende redes moet

aanbevelings in verband met die koppeling van name van nog-lewende persone aan skole, geboue en inrigtings afgesien word.

Wanneer nog-lewende persone vernoem word, ontstaan die vraag of daar altyd objektief oor die aangeleentheid geoordeel kan word. Verder het dit so 'n alledaagse gewoonte geword dat sulke benoemings nie altyd meer 'n werklike verering van die betrokke persoon is nie. Uitvoerende Komitee het alreeds bepaal dat geen vernoeming van openbare geboue en inrigtings ens. sonder toestemming mag geskied nie en is traag om toestemming te verleen.

Dat mens in die uitvoering van sy pligte getroue diens gelewer het, is voorts geen rede om hom te vernoem nie, want dan moet elke getroue amptenaar vernoem word. Dit sou tot chaos lei."

Uit die beskikbare navorsingsgegewens blyk dit egter duidelik dat die verandering van skole se name na dié van 'n bekende of beminde persoon, 'n redelike hoë frekwensie toon. In die hoofstuk oor naamsverandering word dié tendens volledig bespreek.

Die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement se jongste omsendbrief t.o.v. naamgewing aan onderwysinrigtings - 27 van 21 Augustus 1990 - herroep Omsendbrief 47 van 1961. Dit is opmerklik dat daar vir 'n tydperk van 29 jaar, sover bekend, geen ingrypende wysiging of aansuiwering t.o.v. naamgewingsbeleid aan onderwysinrigtings in Transvaal was nie.

Beleid t.o.v. skoolnaamgewing lê nie net riglyne neer vir die gee van skoolname nie, maar bepaal ook die skryfwyse van skoolname.

2.3 RIGLYNE VIR DIE SKRYFWYSE VAN SKOOLNAME

In Omsendbrief 12 van 1974 is die beleid in die Transvaal t.o.v. die skryf van skoolname hersien. Daar is o.m. bepaal dat die verbuiging van skoolname soos dit tóé die geval was, om die volgende redes onbevredigend was:

1. Dit het aanleiding gegee tot eienaardige, verwarrende en ontaalkundige afleidings, bv. *Almase, Derbyse, Modderbeese, Pengese, Roodstuinese, Sheepmoorese, Sonopse* ens. Die *Britse Laerskool* het bv. die ongewenste implikasie dat dit uiters verwarrend kan wees.
2. Omdat sommige plekname hulle nie leen tot verbuiging nie, moes die onverboë vorm in dié gevalle gebruik word, met die gevolg dat daar geen eenvormigheid was nie, bv. *Alldays, Brits, Diepgeset, Eldorado, Ogies, Tuinplaas*, ens.

Ten einde hierdie toestand te verbeter, het die Departement 'n ad hoc-komitee, waarop alle onderwysverenigings verteenwoordig was, aangestel om die skryfwyse van skoolname te hersien.

As gevolg van die aanbevelings van die Komitee het die Departement op die volgende besluit:

- "1. In die geval van Afrikaansmediumskole is die beginsel aanvaar dat die onverboë pleknaam na die woorde *Kleuterskool*, *Laerskool* en *Hoërskool* geskryf word, bv. *Kleuterskool Witbank*, *Laerskool Lydenburg*, *Hoërskool Middelburg*, in plaas van *Witbankse Kleuterskool* ens.
2. Hierdie skryfwyse geld vir sowel bestaande as vir nuwe skole.
3. Plekname word geskryf soos in die lys *Amptelike Plekname*.
4. Name op hekke, skoolwapens, ens. bly onveranderd. Dit staan hoofde egter vry om sodanige name by die nuwe skryfwyse aan te pas, indien hulle dit verkies. Enige aanpassing sal egter op koste van die skool uitgevoer moet word.
5. Bestaande voorrade skryfbehoeftes soos briefhoofde, rapportvorms, ens. moet eers opgebruik word. Wanneer nuwe voorrade gedruk word, moet die nuwe skryfwyse gebruik word.
6. Waar 'n provinsiale koshuis by 'n Afrikaans-mediumskool 'n naam het, word dit soos volg geskryf: *Huis Frank le Roux*, *Huis Brandwag*, *Huis Verkener*, ens."

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat om 'n naam te verander, dit bo en behalwe organisatoriese implikasies, ook verreikende finansiële implikasies het. Alhoewel daar deur die Departement voorgestel is dat hekke, skoolwapens ens. onveranderd bly, sou dit 'n onpraktiese reëling wees, want die verskil in die skryfwyse van dié name in hierdie verband is ongewens omdat eenvormigheid, wat juis in dié omsendbrief bepleit word, daardeur ingeboet word.

2.4 MANIFESTERING VAN BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE TOEKENNING, SKRYFWYSE EN SPELLING VAN SKOOLNAME

2.4.1 Toekenning van skoolname

Die beleid ten opsigte van die toekenning van skoolname is baie duidelik waar dit gaan oor die toekenning van skoolname aan nog lewende persone en

gestorwe persone: dit is nie wenslik nie. Name wat eie is aan 'n omgewing is verkiesliker (vgl. 2.2.4.4 in hierdie verband).

Gesien in die lig van die huidige polemieë t.o.v. name in die algemeen en dan dié van historiese helde in die besonder, sal daar deeglik besin moet word oor die toekenning van skoolname, veral as die volgende uittreksels uit departementele dokumentasie in gedagte gehou word:

- * TOD-Omsendbrief 27 van 1990 (2.3) "... wat verband hou met *historiese figure of gebeure*."
- * Natalse Skolehandboek, hoofstuk A (p.53) "... maar liever die name van dié persone te herdenk wat hulle *land*, die *gemeenskap* of die *skool* gedien het."
- * Omsendbrief 7/1989 van die Kaaplandse Onderwysdepartement "2.5.2 ... name wat verband hou met ... *historiese gebeure of figure* ..." (my kursivering).

In die geval van die toekenning van 'n naam van dié aard, kan objektiwiteit nie altyd gewaarborg word nie, in alle geval nie in 'n land waar daar nie sprake is van 'n nasionale identiteit of 'n nasionale bewussynsgevoel nie.

Dit wil dus voorkom asof hierdie beleidsaangeleentheid 'n probleem kan skep, soos reeds blyk uit die heftige reaksie van die nuwe bewindhebbers in Suid-Afrika teen die naam en standbeeld van wyle dr. Verwoerd.

'n Agendaprogram op 10 Oktober 1994 was 'n duidelike weerspieëling van die verdeeldheid t.o.v. naamgewing wat op hierdie oomblik in die land heers. Die premier van die Oranje-Vrystaat, mnr. Patrick Lekota, het bevestig dat die naam *Verwoerd* staan vir alles wat sleg is wat met die "anderskleuriges" in hierdie land gebeur het.

Wat *historiese gebeure* betref, geld dieselfde argument. Indien twee gebeure soos *Sharpeville* en *Geloftedag* in gedagte geroep word, verdeel die inwoners van die land oombliklik in twee kampe. Die gevoel is dus dat die beleid nie gapings moet bied aan diegene wat naamgewing vir groepsbe-

lange kan uitbuit nie, want name moet dit wat bymekaar hoort, bymekaar bring en nie verdeel nie.

2.4.2 Skryfwyse van skoolname

Die Nasionale Pleknamekomitee van die voormalige Departement van Nasionale Opvoeding was die hoogste raadgewende gesag oor amptelike plekname in Suid-Afrika wat die Minister van Nasionale Opvoeding wat die finale besluitnemingsmag gehad het, geadviseer het. Die onderwysowerhede was, wat die skryfwyse en spelling van plekname betref, onderhewig aan bg. gesag en alle besluite in die verband was na die onderskeie onderwysdepartemente vir uitvoering afgewentel.

Dit het 'n onderwysdepartement egter vrygestaan om, onderhewig aan bg. gesag, sy eie besluite in dié verband te neem vgl. TOD-Omsendbrief 12 van 1974 in hierdie verband waar daar bepaal word dat die verbuiging van sommige plekname in skoolname probleme opgelewer het vgl.:

Ou skryfwyse	Nuwe skryfwyse
<i>Britse Laerskool</i>	<i>Laerskool Brits</i>
<i>Eldoradose Laerskool</i>	<i>Laerskool Eldorado</i>

Die eerste geval het semantiese probleme opgelewer waar dit verwar kon word met *Britse* as sou dit *Engelse* beteken, vgl. ook 2.3 in hierdie verband.

Hierdie probleem betrek dadelik die verhouding tussen die eienaam (spesifieke komponent) en die generiese komponent. Wat betref die generiese komponent in skoolname, is daar glad nie eenvormigheid t.o.v. die gebruik daarvan tussen die onderskeie onderwysdepartemente, en selfs binne dieselfde onderwysdepartement nie vgl.:

- * Die Transvaalse Onderwysdepartement verwys in die inhoudsopgawe van hulle skool- en adreslys na *Sekondêre* en *Primêre* skole. Die eerste inskrywing onder *Sekondêre Skole* lyk egter só:

Afrikaanse *Hoërskool*, Germiston

- * Die Vrystaatse Onderwysdepartement se adreslys se opskrifte lees *Suiwer Sekondêre Skole, Gekombineerde Sekondêre Skole* en *Primêre Skole*. Onder *Suiwer Sekondêre Skole* word egter in die lys aangedui:

Hoërskool Witteberg, Bethlehem

onder *Gekombineerde Sekondêre Skole*:

Hoërskool President Steyn, Bloemfontein

MAAR

Primêre Skole bly *Primêre Skole*.

Die skole self is ook glad nie eenvormig t.o.v. die generiese komponente nie. Sommige het die generiese komponent in die vraelys aangedui as *Hoërskool* en ander as *Sekondêre Skool* vgl. o.a. die volgende opskrif van 'n program:

Inwyding van herboude Sekondêreskool
Hertzogville

maar die vraelys is ingevul as *Hoërskool Hertzogville*.

- * Die Natalse Onderwysdepartement verwys deurgaans na *Hoërskool* en *Primêre Skool*, waar primêre skool sekerlik eerder die teenhanger van sekondêre skool moet wees.
- * Die Kaapse Onderwysdepartement is t.o.v. die generiese komponente *Hoër-* en *Laerskool* in die adreslys eenvormig, maar by die invul van die vraelyste is respondente verstrengel tussen primêre en laerskool.

Volgens verslae wat uit koerante verkry is, moet die oorsprong van sodanige verwarring aan die deur van onderwysowerhede gelê word. In die Transvaler van 4 Desember 1973 verskyn 'n berig onder die titel *Nuwe name vir skole weer bekyk*. Die destydse Direkteur van Onderwys in Transvaal, dr. A.L. Kotzé, is genader nadat lesers gekla het dat daar al meer verwarring oor die

benamings is. Volgens dr. Kotzé was dit al die jare die gebruik om na *kleuterskole*, *laerskole* en *hoërskole* oftewel *middelbare skole*, te verwys. Toe die Minister van Nasionale Opvoeding, senator Johan van der Spuy, in 1971 'n beleidsaankondiging gedoen het oor die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys, het hy verwys na *pre-primêre skole* (*kleuterskole*), *primêre skole* (*laerskole*) en *sekondêre skole* (*hoërskole*).

Daar is aanvaar dat dit die manier is waarop in die verband na die drie soorte skole verwys moet word. Ouers, onderwysers en senior leerlinge het toe begin eksperimenteer. Hoe sal dit klink as verwys word na die *Pretoriase Afrikaans Hoërmeisieskool* as die *Pretoriase Afrikaanse Sekondêre Meisieskool*? Sou die mense op Bronkhorstspuit gewoon kan raak aan die *Primêre Skool Du Preez van Wyk*?

Terwyl dié bespiegelings aan die gang was, het dr. Kotzé besluit om die hele saak behoorlik te laat ondersoek en het aanbeveel dat skole moet voortgaan om van hulle bestaande benamings gebruik te maak. Hierdie benamings geld steeds, maar word nie eenvormig toegepas nie.

Ook die Vrystaatse skole het dié verwarring nie vrygespring nie. Die Volksblad berig op 8 Desember 1973 dat die Direkteur van Onderwys, mnr. W.J. Coetzee, gesê het syns insiens behoort die benamings *Hoërskool* en *Laerskool* voort te bestaan. Na aanleiding hiervan het die koerant met 'n paar skoolhoofde gesels. Daar was uiteenlopende menings oor die behoud van *Hoër-* en *Laerskool*, al dan nie.

'n Verdere variasie m.b.t. die generiese komponent in die skoolnaam is o.m. *Gill Kollege* waar *kollege* enersyds, soos 'n skool, 'n instelling is waar onderrig gegee word, maar dat dit andersyds, buite die konvensionele skoolverband geskied. Verdere voorbeelde van hierdie verskynsel is:

Potchefstroom Gimnasium

Normanhuis

Hierdie inrigtings se name is, wat die generiese komponente betref, heeltemal ondeursigtig want daar kan geen geldige afleiding gemaak word dat die inrigtings *skole* is nie, wat hulle wel is.

Nog 'n interessante variasie is dié van *meisie* en *seun* teenoor *dogter* en *jonge*. In Beeld van 29 Desember 1989 maak Johan Spies in die taalrubriek *Ons Taalgemeenskap*, die voorspelling dat die woord *dogter* die woord *meisie* in die omgangstaal gaan verdring soos *jonge* deur *seun* verdring is, behalwe in samestellings soos *loopjonge*, *skeepsjonge* ens.

As gevolg van die behoudende aard van name, kom albei die manlike vorme steeds in skoolname voor vgl.:

Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria, Transvaal

Hoër Jongenskool Paarl, Kaap

Wat die vroulike vorme betref, kom slegs die volgende voor:

Hoër Meisieskool, Pretoria, Transvaal

Daar is geen skoolnaam waarin die woord *dogter* voorkom nie.

2.4.3 Spelling van skoolname

2.4.3.1 Hoofletters

Aangesien skoolname onder eiename ressorteer, deel hulle die kenmerk met eiename dat hulle anlautend hoofletters vertoon afgesien van die plek wat hulle in die sin inneem vgl.:

Die kompetisie is deur die *Hoërskool Outeniqua* gewen.

Die *Hoërskool Drie Riviere* behartig die organisasie van die netbal.

2.4.3.2 Morfologiese samestelling van spesifieke komponente

Die spesifieke komponente in skoolname word in die reël geskryf ooreenkomsdig die pleknaam waarna die skool vernoem is. Hier kan veral twee tipes onderskei word nl. 'n konjunkte en disjunkte skryfwyse vgl.:

* Spesifieke komponente met 'n konjunkte skryfwyse

- Spesifieke komponente (plekname) bestaande uit twee dele wat in 'n los verband selfstandige naamwoorde is:

Aucklandpark, Transvaal (LS)

Beestekraal, Transvaal (LS)

Merriespruit, Oranje-Vrystaat (LS)

Hulle kom ook met 'n verbindings -s voor:

Albertskroon, Transvaal (LS)

Mariepskop, Transvaal (LS)

Kwaggasrand, Transvaal (LS)

- Spesifieke komponente waarvan die dele in hulle los verband 'n byvoeglike naamwoord plus 'n selfstandige naamwoord is:

Bitterfontein, Van Rhynsdorp, Kaap (LS)

Mooibank, Potchefstroom, Transvaal (LS)

Swartkop, Valhalla, Transvaal (LS)

* Spesifieke komponente met 'n disjunkte skryfwyse

Daar is gevalle waar dele van 'n saamgestelde spesifieke komponent los geskryf word:

- Waar 'n spesifieke komponent bestaan uit 'n eponiem van die tipe wat begin met *De*, *Du*, *Van*, *Van den*, *Van der*, word die los dele in die saamgestelde komponent gewoonlik ook los geskryf vgl.:

Du Toitspan, Beaconsfield, Kimberley, Kaap (LS)

Van Riebeeckstrand, Melkbosstrand, Kaap (LS)

Van Wykskraal, Makoppa, Thabazimbi, Transvaal (LS)

Van Zylsrus, Kuruman, Kaap (LS)

(Vgl. egter *Vanwyksvlei* (LS) se konjunktiewe skryfwyse).

- Spesifieke komponente wat bestaan uit 'n telwoord plus 'n selfstandige naamwoord wat in sy meervoudsvorm gebruik word, waarvan elke deel met 'n hoofletter begin, word los of aanmekaar geskryf:

Drie Riviere, Transvaal (LS en HS)

Vier-en-twintig Riviere, Halfmanshof, Kaap (LS)

- Plekname wat uit 'n frase bestaan, waarvan die eerste woord met 'n hoofletter geskryf word, se skryfwyse is disjunk of konjunk:

Op die voorpos, Upington, Kaap (LS)

Onze Rust, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat, (PS)

Riviersonderend, Kaap (HS)

Wildehondepan, Migdol, Transvaal (LS)

2.4.3.3 Koppeltekengebruik

- * Die koppelteken word gebruik in verbindings met teenstellende of onderskeidende toevoegings, soos *Agter*, *Voor*, *Groot*, *Klein*, *Nuwe*, *Ou*, *Bo*, *Onder*, *Noord*, *Suid*, *Oos*, *Wes*. Hulle staan voor of agter die spesifieke komponent vgl.:

Groot-Marico, Transvaal (LS)

Klein-Drakenstein, Kaap (LS)

Noord-Kaap, Hadison Park, Kimberley, Kaap (LS)

Noord-Oosrand, Petit, Benoni, Transvaal, (HS)

Oranje-Noord, Upington, Kaap (LS)

Oos-Moot, Villieria, Pretoria, Transvaal (HS)

Riebeek-Oos, Kaap (LS)

By 'n gewone woord wat nie 'n onderskeidende pleknaam is nie, word sulke toevoegings meestal vas aan die gewone woord geskryf vgl.:

Voorslag, Vanderbijlpark (LS)
Kleinbroek, Bothaville, Oranje-Vrystaat (PS)
Nuwerus, Kaap (HS)
Ouplaas, Bredasdorp, Kaap (LS)
Noordeinde, Noorder-Paarl, Kaap (LS)
Suidheuwels, Johannesburg, Transvaal (LS)
Oospark, Vanderbijlpark, Transvaal (LS)

- * Koppeltkens word ook gebruik in spesifieke komponente bestaande uit twee woorde wat met *en* verbind word:

Vier-en-twintig Riviere, Halfmanshof, Kaap (LS)

2.4.4 Die spelling van nie-Afrikaanse skoolname

Waar skoolname toponieme of antroponieme uit ander tale as basis het, word dié spelling behou, m.a.w. as die betrokke toponiem 'n verafrikaanste weergawe van die oorspronklike taal is, het die skoolnaam ook dié variant. Aangesien die verhandeling nie spesifiek oor toponieme gaan nie, word nie intensief op die etimologie van die name ingegaan nie. Dat die komponent *-ton* in bv. *Standerton*, 'n variant van *town* is, is nie vir die skoolnaam se morfologie ter sake nie, maar wel vir die pleknaam as hibriediese samestelling. Vgl. 2.4.4.6.

2.4.4.1 Nederlandse skoolname

Waar die Nederlandse spelling reeds die vaste vorm geword het, word dit so gebruik vgl.:

De Brug, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat (PS)
De Kuilen, Kuilsrivier, Kaap (HS)
De Vrije Zee, Vrijzee, Kaap (LS)
Franschhoek, Kaap, (HS)

Verafrikaansing van Nederlandse name kom ook voor:

Badplaas (Badplaats), Transvaal (LS)

Biesiesvlei (Biesjesvlei), Transvaal (LS)

2.4.4.2 Engelse skoolname

Engelse toponieme en antroponieme wat op Suid-Afrikaanse plekke oorgedra is, behou in die meeste gevalle, ook as skoolname, hulle oorspronklike spelling en vorm. Dié name kan etimologies as simplekse of komplekse ingedeel word, maar *onomasties is die komplekse ook 'n semantiese eenheid*.

* Simplekse

Balmoral, Transvaal (LS)

Worcester, Kaap (LS)

* Komplekse

- wat eindig op *dale, ridge, view, land, wood, mead*:

Alicedale, Grahamstad, Kaap (LS)

Allanridge, Oranje-Vrystaat (PS)

Westwood, Boksburg, Transvaal (LS)

- wat eindig op bv. *-ton, -bourne, -bury, -combe, -dene, -hurst, -lea, -leigh, -mere* ens. vgl.:

Birchleigh, Transvaal, (LS)

Holmdene, Transvaal (LS)

* Spesifieke komponente wat in die reël los geskryf word:

- Komponente met *Fort, Loch* en *Port* as eerste lid. In die data kom slegs een voorbeeld voor:

Port Natal, Durban, Natal (HS)

- Komponente bestaande uit die afkorting *St.* plus eienaam. In die data kom slegs een voorbeeld van hierdie klas voor:

St. Helena, Welkom, Oranje-Vrystaat (PS)

2.4.4.3 Khoekhoense skoolname

Dié tale het feitlik uitgesterf en die moontlikheid van nuwe skeppings is maar skraal. Die volgende reëls geld vir die spelling van Khoekhoense spesifieke komponente:

- * Khoekhoense name word in die reël as een woord geskryf.
- * Diakritiese tekens word negeer.
- * Klapklanke word nie aangedui nie.
- * Gevestigde komponente soos *Knysna, Goudini, Tsitsikama* ens. word onveranderd gelaat.

2.4.4.4 Spesifieke komponente uit ander inheemse tale

In die meeste gevalle is die spesifieke komponente van name van skole wat uit Afrika tale toegeken word, die naam van die dorp waar die skool voorkom. Gewoonlik is die uitspraak en spelling by Afrikaans of Engels aangepas vanweë naamgewers se onkunde oor of onsensitiwiteit teenoor die ortografie, betekenis en fonologie van die tale van oorsprong vgl.:

- * *Amajuba* Newcastle, Natal (LS)
Dié naam is ontleen aan isiZulu *iJuba* wat *duif* beteken (Pettman 1931:42).
- * *Mafeking*, Kaap (LS en HS)
Die naam is van Setswana-oorsprong en beteken *by die klippe* of *plek van klippe*. Dis in die uitspraak aangepas van *Mafikeng* tot *Mafeking*. Die toponiem is amptelik weer aangepas tot die oorspronklike maar die skool se naam is nog nie aangepas nie. (Raper 1989:314.)

- * Waar 'n spesifieke komponent uit 'n sametrekking of 'n verkorting van meer as een woord bestaan, word dit as een woord geskryf:

Thabazimbi, Transvaal (LS)

Thaba + zimbi = Thabazimbi

Tsitsikama, Humansdorp, Kaap (LS)

tse-tsesa + gami = Tsitsikama

Vgl. Bylaag H vir verdere verklarings.
(Raper e.a. 1979:1-12).

2.4.4.5 Name uit ander Europese tale

Vgl. in dié verband 4.3.3.4 waar die multi-linguistiese aard van skoolname bespreek word.

2.4.4.6 Hibridiese vorme

Hibridiese vorme bestaan uit komponente met verskillende tale van herkoms, bv. die spesifieke komponent (wat 'n toponiem is) bestaan uit: 'n prefiks en stam uit verskillende tale soos *Kaapmuiden*, *St. Helena* of toponieme wat etimologies samestellings is soos *Boschrivier*, *De Brug*, *Doornhult*, *Drakensberg* ens.

Hibridiese vorme waarvan die generiese term Engels en die spesifieke term Afrikaans is, word ook aangetref: *Klipdale*, *Rynfield*.

'n Hibridiese vorm is o.a. ook *Komatipoort* waar *Komati* aan Siswati ontleen is en na *seekoeie* verwys.

2.5 SAMEVATTING

Skoolnaamgewing is 'n amptelike aangeleentheid; amptelik in dié sin dat daar voldoen moet word aan riglyne daar gestel deur die onderwysowerhede. Die beleid bepaal o.m. die riglyne vir die toekenning, skryfwyse en spelling van skoolname.

Uit die bespreking is dit duidelik dat daar ook afgewyk word t.o.v. die bestaande riglyne. Hierdie afwykings is uitgelig en bespreek.

Skoolname reflekteer die multikulturele samestelling van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en ook die spelling en skryfwyse van hierdie vreemde of anderse name is bespreek.

HOOFSTUK 3

SKOOLNAAMGEWING

HOOFSTUK 3

SKOOLNAAMGEWING

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan 'n kort oorsig oor die vernaamste teorieë gegee word wat *naamgewing vir die doel van hierdie verhandeling* ten grondslag lê. Die terme *verwysing*, *konvensie* en *agtergrondbeskrywing* kom ter sprake en sal ook toegelig word.

Die naamgewingspatrone wat by die gee van skoolname manifesteer, word uitgelig en gekategoriseer aan die hand van die onderliggende ontstaansmotiewe.

3.2 DEVITT SE OORSAAKLIKHEIDSTEORIE

In sy ontwikkeling van 'n semantiese teorie vir eiename wat op oorsaaklike faktore berus, lê Devitt (1974:183-205) veral klem op die *naamgewingsereemonie*.

Wat hier eerste in gedagte kom, is die doopplegtigheid van 'n baba of bv. die tewaterlating van 'n skip. Afgesien van die aard van die *seremonie* is bg. slegs religieuse of openbare uitdrukking van dít wat reeds vooraf privaat en informeel beslag gekry het. Dit is hierdie van aangesig tot aangesig instemming tussen partye betrokke by die gee van 'n naam wat die grondslag vorm van die oorsaaklike teorie, want so 'n seremonie word deur die naamgewer/s sintuiglik waargeneem. Om iets waar te neem, sê Devitt, is om oorsaaklik daardeur beïnvloed te word.

Bogenoemde seremonie veronderstel 'n konstellasie van verhoudings wat voorwaarde is vir dié komplekse handeling en wat die naamgewingsereemonie konstitueer. In die konteks van skoolnaamgewing kan dit wissel van die onderwysowerhede, die skoolraad, bestuursliggaam, gemeenskap ens.

Die kern van die oorsaaklike teorie is dat die huidige gebruik van 'n naam oorsaaklik verbind is met die eerste gebruik daarvan, terwyl die eerste gebruik oorsaaklik met die objek wat die naam ontvang het, verbind is. Onderliggend aan die gebruik van die naam is 'n ketting oorsaaklike faktore gekoppel aan die objek

waarna die naam verwys. Dit omvat o.m. die seleksie van die naam, die naamgewingseremonie, die persepsie van die seremonie en die moontlikheid van toekomstige verwysing.

3.2.1 Verwysing

Name kan deur taalgebruikers ingespan word om sake/referente aan te dui, d.w.s. om besondere referente te selekteer en van ander te onderskei (Ponelis 1979:15) vgl.:

Vat hierdie bytel

Ben lê en slaap

Die Hoërskool Ben Viljoen het baie leerlinge

Waarneming en betrokkenheid by 'n naamgewingseremonie besit verwysingswaarde. Indien die aansoek om 'n skool te benoem deur al die betrokke kanale gegaan het en goedgekeur word, stel dit al die betrokkenes in staat om in die toekoms na die skool d.m.v. die gekose en goedgekeurde naam te verwys.

Indien een van die lede wat by hierdie kousale interaksie betrokke was bv. sou sê:

Ben Viljoen het die atletiekbyeenkoms gewen

is dit 'n manifestasie van dit waartoe hy deur die naamgewingseremonie in staat gestel is, nl. om na die *Hoërskool Ben Viljoen* d.m.v. dié naam te verwys.

Alle toekomstige verwysings na bv. die *Hoërskool Ben Viljoen* deur ander persone as dié binne die aanvanklike naamgewingseremonie, het die vermoë om na die skool te verwys van een of meer van die lede binne die aanvanklike *verhouding* verkry, direk of indirek. Die moontlikheid om na 'n objek te verwys, word dus van een persoon na 'n ander *oorgedra*. Sodoende word die *ketting* al langer. Strawson (1983:351) verwys hierna as *a chain of communication*.

So bestaan daar verskeie kousale kettings onderliggend aan elke naam wat gebruik word. Wanneer hierdie kettings geskakel word, vorm dit 'n kousale netwerk van moontlike kommunikasie vir die naam. Hierdie benadering stem in breë trekke ooreen met Donellan se *descriptive backing* (Meiring 1979:9) wat die kollektiewe inhoud van alle konvensies en aannames veronderstel waarmee 'n spesifieke naam in verband gebring kan word, asook Kripke se *Cluster-concept-teorie* (De Bruyn 1983:69).

Volgens Kripke se teorie word 'n naam met verdrag 'n versameling (*cluster*) definisies. In gebruiksituasies word telkens een of meer van hierdie eienskappe ontsluit. Die res bly sluimerend om in 'n ander gebruiksituasie geaktiveer te word.

Die teorie is nuttig deurdat dit plek het vir verskeie moontlike wêreld wat ter sprake kan kom op verskillende tye. In een moontlike wêreld sou iemand wat bv. die naam Nelson Mandela hoor, dit assosieer met die terroristiese bedrywighede van die African National Congress; in 'n ander moontlike wêreld kan dit die demokratisering van Suid-Afrika voor die gees roep.

So kan elke moontlike wêreld 'n onderdeel aktiveer van die versameling eienskappe wat 'n naam verteenwoordig - met 'n moontlike wêreld word verstaan die *agtergrond* waarteen 'n naam genoem word en dit sluit in 'n identiteit van spreker, hoorder, tyd, plek ens.

Ziff (1983:343) onderskryf ook die gedagte van oorsaaklikheid as hy postuleer dat die naamgewingseremonie die individu in 'n kousale verhouding tot die naam plaas.

Presiese beskrywings en/of ander inhoudelike informasie wat verwysing bevestig, vorm deel van die naamgewingseremonie waarin die referent figureer vgl.:

*Die gebou wat in 1913 op Amsterdam, Transvaal, opgerig is vir die onderrig van laerskoolleerlinge is na voltooiing die **Laerskool Amsterdam** genoem.*

Die verband tussen die naam en die beskrywing wat die verwysing daarvan bevestig, is in hierdie geval oorbodig. Volgens Carroll (1983:357) is dié tipe verband voorspelbaar.

Die reduksie van sodanige beskrywing en die vervanging daarvan deur 'n baie korter en minder beskrywende uitdrukking soos bv.:

Die Laerskool Amsterdam

kan as 'n naamgewingshandeling gesien word.

3.2.2 **Konvensie**

Onder *konvensie* word verstaan al die tradisionele opvattinge wat betrekking het op die gee van name. Hierdie konvensies en ook aannames kan van land tot land en van mens tot mens verskil. Geen konvensie is absoluut nie aangesien kulturele patrone deur die eeue nie konstant bly nie maar voortdurend onderhewig is aan verandering.

So was dit bv. tradisie dat Afrikaners tradisionele Boerename, en gewoonlik heelparty daarvan, aan hulle kinders gegee het vgl.:

Johanna Jacoba Marthina Adolphina Jacobs

Josephus Wilhelmus Sarel Pelsler

Dit was verder die praktyk dat die oudste seun na die oupa aan vaderskant vernoem word en die oudste dogter na die ouma aan moederskant. Hierdie tradisie is feitlik iets van die verlede as gevolg van 'n verskuiwing van sentimente. Die lojaliteite teenoor volk en taal wat 'n paar dekades gelede nog baie sterk was, is aan die afneem en het noodwendig ook 'n invloed op die Afrikaner se naamgewingspatrone. Name soos die volgende is aan die orde van die dag:

Bianca Joubert

Vicky Steyn

Zhivago Scheepers

Morné Pietersen

Die genoemde tendense is ook in skoolname te bespeur. Waar dit enkele dekades gelede gepas was om 'n skool na 'n Boereheld of volksheld te vernoem, is dié gebruik vandag aan die afneem vgl.:

Laerskool Danie Theron

Hoërskool Sarel Cilliers

Name soos die volgende is verkieslik want dit weerspieël 'n neutraler houding, is beskrywender van die omgewing waar die skool geleë is en gevolglik meer in ooreenstemming met die gestelde riglyne vir naamgewing soos neergelê deur die Direkteur-generaal van Onderwys (vgl. 2.2):

Laerskool Clivia

Laerskool Bergvlam

Dit is vanselfsprekend dat waar sentimente die afgelope paar dekades gesentreer het rondom Afrikaner nasionalisme en gevolglik nasionale simbole en eienskappe, sal die multi-nasionale kultuur van die nuwe Suid-Afrika met gevolglik oper of assimilerende eienskappe, nuwe en interessante naamgewingspatrone reflekteer.

Daar is geen reëls - behalwe in gevalle van amptelike name - wat konvensies t.o.v. naamgewing beheer nie. Om hierdie rede is dit nie geoorloof om afleidings m.b.t. die draer van 'n naam te maak nie. Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat die naam *Pieta* aan 'n man behoort nie, dit kan net sowel dié van 'n vrou wees. 'n Vrou hoef nie noodwendig onder haar man se van bekend te staan nie, trouens, dis algemeen gebruiklik vir 'n professionele vrou om haar nooiensvan te behou. Dit is ook heeltewel wettig om 'n naam of van te verander (Nathan 1990:58).

3.2.3 **Agtergrondbeskrywing**

Wanneer 'n eienaam in 'n gesprek gebruik word, is daar drie aspekte wat 'n kardinale rol speel t.o.v. betekenisvolle kommunikasie nl. die korrekte identifisering van die referent, die konvensionele aannames in verband met die naam en die bekendheid daarvan. Die graad van bekendheid bepaal in

watter mâte 'n aanname die eienaam se toepassing beïnvloed (Meiring 1979:11).

Die volgende aannames waarmee die *Paul Roos Gimnasium* op Stellenbosch in verband gebring kan word, vorm deel van die agtergrondbeskrywing van die naam en slegs die konteks bepaal watter konvensie van toepassing is vir identifisering van die referent. Ter illustrasie:

1. *Paul Roos Gimnasium is op Stellenbosch in die wynland geleë.*
2. *Die Gimnasium is vernoem na 'n oud-leerling, mnr. Paul Johannes (Polla) Roos.*
3. *Mnr. Paul Roos was 'n baie bekende rugbyspeler.*
4. *Boereverkener Danie Theron, koerantman Piet Cillie, digter Uys Krige, uitsaaier Gideon Roos en politikus Kobus Meiring was almal leerlinge van die Paul Roos Gimnasium.*
5. *In 1991 het die **old boys** 'n spesiale wyn gemaak - Splendidior 125 - ter herdenking van die skool se 125ste verjaarsdag en ter stywing van hul alma mater se geldkis (De Kat Nov. 1991).*

'n Uitdrukking soos: *Wouter het hom gedoop: Splendidior 125*, sal betekenis binne 'n baie beperkte konteks hê: die wynmakers betrokke by die maak van die spesifieke wyn, diegene wat daarvan kennis dra dat die skool 125 jaar oud is en dat *Paul Roos Gimnasium* se leuse *Semper Splendidior* is, dat *Wouter* verwys na Wouter Pienaar (SBW).

Die volgende uitdrukking sou binne 'n groter konteks betekenisvol wees:

*Paul Roos se eerste liefde was rugby en hy was daarvoor verantwoordelik dat die benaming **Springbokke** vir die eerste keer gebruik is.*

Dit is algemene kennis dat die benaming *Springbokke* (S.A. Biografiese Woordeboek 1987:694) nie net plaaslik nie, maar internasionaal bekend is, terwyl *Paul Roos* feitlik 'n legende onder nie net rugbyliefhebbers nie, maar alle sportlui geword het.

Gestel bv. iemand sou in Stellenbosch sê:

Uys Krige is 'n oud-leerling van die Gimnasium

Sal die uiting binne daardie konteks vir 'n spesifieke groep mense betekenis hê: dié wat weet dat daar na die *Paul Roos Gimnasium* verwys word. As dieselfde uitdrukking bv. in Potchefstroom gebruik word, is verwarring moontlik omdat die volgende foutiewe aannames gemaak kan word:

1. *Dat Uys Krige in Potchefstroom op skool was;*
2. *Dat Uys Krige 'n leerling van die Potchefstroomse Gimnasium was.*

Agtergrondbeskrywing kan betekenis aan 'n sin gee, maar die agtergrondbeskrywing van 'n naam is nie die betekenis daarvan nie. Betekenis is 'n abstrakte begrip wat nie gradeerbaar behoort te wees in terme van *minimal* en *maximal descriptive meaning* nie (Strawson soos aangehaal deur Meiring 1979:8). Daar is dus geen sin in om te vra wat die naam van bv. die *Laerskool Totius* beteken nie want skoolname het nie leksikale betekenis nie en die betekenis van skoolname kan ook nie uit 'n semantiese teorie verklaar word nie. Dit is slegs betekenisvol om te vra: *Waarna verwys die Laerskool Totius se naam?* want die enigste werklike betekenis van eiename, en dan in besonder skoolname, is hulle etimologiese betekenis, bv. die *Laerskool Totius* se naam verwys na die skuilnaam van dr. Jacob Daniël du Toit, bekende Afrikaanse digter. Daar moet eerder in navolging van Fillmore gevra word:

What do I need to know in order to use this form appropriately and to understand people when they use it? (Meiring 1979:8).

Donellan (1966:335) verklaar:

A name is worthless without a backing of descriptions which can be produced on demand to explain the application.

Daar moet nooit buite rekening gelaat word nie dat eiename gedurig in 'n gebruiksituasie staan (De Bruyn 1983:71). Dit is slegs in dié situasie dat Devitt se *oorsaaklikheidsteorie*, Kripke se *cluster-concept-teorie* en Donellan se *backing of descriptions* relevansie het.

In die gebruiksituasie is dit moeilik om die eienaam - en ook die skoolnaam - los te maak van die gevoelswaarde wat ervaar word by die gebruik van 'n spesifieke naam. By die aanhoor van die naam *Verwoerd* kan dit vir een persoon negatiewe assosiasies met die apartheidsideologie oproep terwyl dit by 'n ander persoon 'n opwelling van nasionale trots kan ontketen, veral in die lig van Republiekwording op 31 Mei 1961. De Bruyn wys egter daarop dat die betrokke gevoelswaarde streng kontekstueel of situasiegebonde sal wees. As 'n naam 'n versameling eienskappe is, laat dit toe dat verskillende gevoelswaardes ervaar word by die noem van die naam en beteken die naam dit wat die gebruiker daarin sien omdat verskillende mense verskillende ervarings met dieselfde persoon kon gehad het.

Volgens De Stadler (1985:25) word die gemeenskap in duidelik onderskeibare groepe verdeel. Eiename en die houdings wat die draers daarvan het, verrai dikwels hierdie groeperinge in die gemeenskap vgl. 4.3.3.

Volgens die naamgewingsmotiewe wat uit die navorsingsgegewens geïdentifiseer is, blyk die voor- en afkeure van die gemeenskap duidelik uit hulle houdings t.o.v. volks- en kultuurverbondenheid, godsdiens, ideologieë ens. Binne hierdie groeperinge is name besonder betekenisvol. Motiewe vir naamgewing word later in hierdie hoofstuk bespreek.


3.3 VLAKKE IN DIE NAAMGEWINGSPROSES

Naamgewing kan, volgens Nicolaisen (1976:155), die proses wees waardeur woorde d.m.v. assosiasies name word. Nicolaisen sê tereg dat niemand presies weet wat gebeur met 'n leksikale item as dit verskuif van woord tot naam, of van bv. antroponiem tot toponiem en andersom nie. Die meeste name word uit leksikale items geskep/gevorm deur onomastiese betekenis by die leksikale betekenis te voeg, waardeur die onomastiese dan die leksikale heeltemal vervang, want die naam het geen betekenis nie, behalwe in die leksikale vorm daarvan (Nicolaisen 1976:155).

Die enigste gevolgtrekking waartoe gekom kan word, is dat daar 'n tussenstadium is waardeur die leksikale item na die onomastiese beweeg, wat die assosiatiewe vlak genoem kan word. Die moontlikheid van assosiasies is onbeperk. Al beperkende faktor is moontlik die beskikbare leksikale materiaal, want slegs 'n beperkte deel van die leksikon kan vir die skepping/vorming van name gebruik word. Met hierdie beperking in gedagte kan gedink word aan assosiasies soos die estetiese, verering, gebeure/insidente, kulturele faktore, religie, nostalgie, patriotisme ens. (Nicolaisen 1976:156).

By implikasie reflekteer name dus drie vlakke:

1. Die *leksikale* vlak - die woordeboekbetekenis van die woord of woorde waaruit die naam bestaan;
2. die *assosiatiewe* vlak - die redes waarom die spesifieke leksikale (of onomastiese, want die proses kan ook omgekeer word) item/s in die naamgewingsproses gebruik is/word (dit is ook die konnotatiewe vlak);
3. die *onomastiese* vlak - die denotasie waarmee die saak benoem word, m.a.w. die naam se toepassing gebaseer op leksikale en assosiatiewe semantiese elemente maar nie langer van hulle afhanklik nie. Vgl. diagram 2:



Op die onomastiese vlak ontstaan nuwe assosiasies wat deel van die saaknaam se agtergrondbeskrywing word. Dié assosiasies kan ook in stryd wees met die betekenis van die koreferensiële leksikale item (bv. *onderprestasie* en *sonder dryfkrag wees* as kenmerke waarmee 'n skool met 'n naam soos *Laerskool Sukses* geassosieer word).

3.4 KATEGORIEË VAN SKOOLNAME

Op grond van die ontstaansmotiewe by naamgewing is die skoolname wat by die ondersoek betrek is, in kategorieë ingedeel. Sommige van die name, veral dié met toponieme en antroponieme, se ontstaansmotief is deursigtig, maar by ander is die kategorie glad nie so duidelik nie omdat daar op die assosiatiewe vlak wat die onomastiese vlak voorafgaan interpretasievariasies is vir begrippe. Dit geld ook generiese komponente, wat die naam in sy geheel vaag maak.

Celia Millward (1972:48-53) het 'n baie interessante studie gedoen - *Universals in Place Name Generics* - waar vasgestel is dat generiese komponente nie arbitrêr is nie, maar semantiese *velde* vorm. Sy onderskei ses basiese beginsels waarvan die volgende drie vir die doel van hierdie studie die belangrikste is:

1. 'n Generiese kenmerk is identifiseerbaar slegs in verhouding tot kontrasterende kenmerke rondom die benoemde entiteit, met ander woorde 'n kop word 'n kop genoem omdat dit uitstaan bo 'n gelyk omgewing bv. *Laerskool Goudkop; Laerskool Graskop*.
2. Die aanwesigheid van water in 'n omgewing word deur 'n ongelyke aantal generiese terme aangedui in teenstelling met die werklike verhouding van die hoeveelheid water en land. Sommige generiese terme dui direk op water terwyl ander dit slegs impliseer. Vgl. die generiese term *-vlei* in *Laerskool Groenvlei*: Hierdie gebied is baie droog en daar is geen teken van 'n vlei in die omgewing nie. Van toepassing is ook die voorkoms van generiese terme soos *-fontein* en *-pan* in ander skoolname.

3. Onderskeidende semantiese kenmerke by generiese terme kan omskryf word deur 'n beperkte aantal teenstellende eienskappe, bv. *water* teenoor *land* (*grond*); *vars* teenoor *sout* (see-) *water*; *spesifieke verwysing na water* teenoor *nie-spesifieke verwysing*; *natuurlike* teenoor *kunsmatige* entiteite, bv. 'n *grot* teenoor 'n *myn*; *aanwesigheid van plantegroei* teenoor *afwesigheid*; *isolasië* teenoor *kontinuum*, bv. 'n *fontein* teenoor 'n *rivier*; *skiereiland* teenoor *nie-skiereiland*, met ander woorde gedeeltelik omring deur land, bv. 'n *baai* of *inham*; en gedeeltelik deur water bv. 'n *punt*, 'n *kaap*; relatiewe verhouding, bv. met betrekking tot hoogte van 'n *gebergte*, *berg* of *hoogland*; relatiewe grootte, bv. *berg* of *heuwel*, *rivier* of *spruit* ens.

Volgens Nicolaisen (1976:159) word elke *populêre* generiese element van ander *populêre* generiese elemente onderskei deur middel van ten minste een van bogenoemde kenmerke vgl.:

Laerskool Sterkrivier

Hoërskool Daniëlskuil

Hoërskool Velddrif

Laerskool Wildehondepan

Laerskool Stilfontein

Hierdie sistemiese aard van die generiese komponent word op die nomenklatuur oorgedra deur die toponimiese toepassing daarvan, wat dan weer 'n *onomastiese veld* vorm in verbinding met die *leksikale veld*, want woorde bestaan nie in isolasië nie, maar het assosiasies met ander woorde, is wat hulle is, en beteken wat hulle beteken veral deur hierdie assosiasies.

Hierdie vorming van *assosiasie-velde* lê die kategoriale aard van die skoolnaam, en dan sekerlik ook ander name, ten grondslag. Daar kan bv. geen twyfel daaroor bestaan nie, dat wanneer 'n skool na 'n dorp vernoem is, die naamgewing toponimies van aard is; insgelyks sal dit, wanneer dit na 'n persoon vernoem is, antroponimies van aard wees. Maar wanneer daar na die abstrakte of figuurlike beweeg word, is die grense tussen die kategorieë nie so waterdig nie, omdat daar dan sprake is van individuele persepsies en ervarings wat tot gevolg het dat die assosiasies persoonlik gekleur is vgl.:

1. Die kleur turkoois sal vir een persoon meer blou as groen vertoon en andersom; oranje, meer rooi as geel ens.
2. Wat vir die een persoon na patriotisme lyk, kan vir 'n ander een grens aan verraad.

Dikwels bestaan daar nie net een motief by naamgewing nie, maar 'n kombinasie van motiewe. Om 'n skool na 'n politieke figuur te vernoem, kan bv. 'n onderliggende politieke én historiese motief hê ens. Wat dié name reflekteer, word in hoofstuk 4 bespreek. Die kategorieë wat hier bespreek word, kan dus moontlik volgens 'n ander persoon se persepsies en assosiasies, ook ander motiewe reflekteer. *Die indeling is suiwer op grond van die respondente se inligting oor die betrokke skole se name gemaak*, soos in Bylaag H vervat is. L.W. Die indeling is bloot ter wille van gerieflike verwysing gedoen. Ander indelings is ook moontlik met semantiese velde soos *jeugdigheid, eenheid, vooruitstrewendheid* ens. bv. *Eenheid, Unitas, Eendracht > Eenheid*.

Leksikale deursigtigheid van sekere name is dikwels misleidend in terme van die respondente se verklarings in Bylaag H vgl. bv. die *Laerskool Driefonteine* (p.144). Leksikaal gesproke, dui hierdie naam onteenseglik op drie letterlike fonteine, terwyl die verklaring vir die naam dui op 'n samestelling van drie afsonderlike name nl. *Stilfontein, Hartbeesfontein* en *Buffelsfontein*. Die *Laerskool Impala* - wat naamgewing op 'n derde vlak aandui - is nie vernoem na die impala (rooibok) nie, maar na die Impalavliegtuig, wat na die rooibok vernoem is.

Ter wille van bondigheid word daar by die kategorieë 'n maksimum van vyf voorbeelde van elk gegee.

Daar word ses kategorieë (met subkategorieë) voorgestel waarvan die ontstaansmotiewe 1. Antroponimies; 2. Toponimies; 3. Simbolies; 4. Histories; 5. Omgewingsgerig en 6. volgens ligging aangedui word.

3.4.1 Antroponimies

Die skole in hierdie kategorie is na persone vernoem met die doel om hulle te vereer.

3.4.1.1 Staatsmanne/vroue

De Villiers Graaff, Villiersdorp, Kaap (LS en HS)

Eric Louw

1. Beaufort-Wes, Kaap (LS)
2. Messina, Transvaal (HS)

H.F. Verwoerd

1. Parys, Oranje-Vrystaat (PS)
2. Kimberley, Kaap (LS)

President Steyn, Alberton, Transvaal (LS)

Staatspresident C.R. Swart

1. Middelburg, Transvaal (LS)
2. Môregloed, Pretoria, Transvaal (HS)

3.4.1.2 Onderwysfigure

A.J.C. Jooste, Petrusburg, Oranje-Vrystaat (GSS)

A.J. Koen

1. Primrose-Oos, Transvaal (LS)
2. Bloemhof, Transvaal (HS)

Ferdinand Postma, Potchefstroom, Transvaal (HS)

Hans Moore, Northmead, Transvaal (HTS)

Paul Roos Gimnásium, Stellenbosch, Kaap (HS)

3.4.1.3 Kunstenaars/Skrywers/Digters

Anton van Wouw, Nieu Muckleneuk, Pretoria, Transvaal (LS)

C.J. Langenhoven, Oudtshoorn, Kaap (HS)

Eugene Marais, Naboomspruit, Transvaal (LS)

Jan Celliers, Parkview, Johannesburg, Transvaal (LS)

Louis Leipoldt, Verwoerdburg, Transvaal (LS)

3.4.1.4 Militêre figure

Christiaan Beyers, Strubenvale, Springs, Transvaal (LS)

Generaal Hendrik Schoeman, Schoemansville, Transvaal (LS)

Generaal Hertzog

1. Witbank, Transvaal (HS)
2. Smithfield, Oranje-Vrystaat (GSS)

Generaal Jacques Pienaar, Innesdal, Pretoria, Transvaal (LS)

Generaal Pienaar, Potchefstroom, Transvaal (LS)

3.4.1.5 Historiese helde/heldinne

Danie Theron

1. Carletonville, Transvaal (LS)
2. Kibler Park, Transvaal (LS)

Dirkie Uys

1. Orchards, Johannesburg, Transvaal (LS)
2. Durban, Natal (PS en HS)

Emily Hobhouse, Hobhouse, Oranje-Vrystaat (PS)

Gerrit Maritz

1. Westonaria, Transvaal (LS)
2. Pretoria-Noord, Transvaal (HS)

Wolraad Woltemade, Bothasig, Kaap (LS)

3.4.1.6 Skenkers/Plaaseienaars

Chris Hofmeyer, Eerstegoud, Transvaal (LS)

Daniël le Roux, Elgin, Kaap (LS)
F.J. Cronje, Parys, Oranje-Vrystaat (PS)
Jan van Vuuren, Koedoesfontein, Transvaal (LS)
Louw Geldenhuys, Linden, Transvaal (LS)

3.4.1.7 Kulturele leiers

Dr C.F. Visser, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat (PS)

3.4.1.8 Vooraanstaande figure

Dawid Brink, Rustenburg, Transvaal (LS)
Dr. Annecke, Letsitele, Transvaal (LS)
Pierre Simond, Simondium, Kaap (LS)
Salomon Senekal, Viljoenskroon, Oranje-Vrystaat (GSS)
Willem Postma, Danhof, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat (PS)

3.4.2 Toponimies

Hierdie kategorie is die omvattendste met 'n indeling oor 'n wye spektrum wat die veelsydige aard van die toponiem reflekteer.

Sommige plekname het 'n hidroniem, bv. *Mooirivier* (Natal) as oorsprong, maar die *Mooirivier Laerskool* (Potchefstroom) is direk na die Mooirivier wat deur die dorp vloei, vernoem.

Vgl. ook 4.2.2.3. t.o.v. homonimiese name.

3.4.2.1 Stede/Dorpe

Albertinia, Riversdal, Kaap (HS)
Brakpan, Brakpan, Transvaal (HTS)
Hennenman, Oranje-Vrystaat (PS en HS)
Molteno, Kaap (HS)
Trompsburg, Oranje-Vrystaat (GSS)

3.4.2.2 Stasies

Afrikaskop, Kestell, Oranje-Vrystaat (PS)

Beestekraal, Transvaal (LS)

Boons, Transvaal (LS)

De Brug, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat (PS)

Klipdale, Kaap (LS)

3.4.2.3 Woongebiede/Voorstede

Constantiapark, Pretoria, Transvaal (LS)

Fauna, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat (PS)

Kensington, Johannesburg, Transvaal (LS)

Vaalpark, Sasolburg, Oranje-Vrystaat (PS en SS)

Zwaanswyk, Tokai, Kaap (HS)

3.4.2.4 Kleinhoewes/Parke

Bredell, Kempton Park, Transvaal (LS)

Brentwoodpark, Benoni, Transvaal (LS)

Eldorado, Tarlton, Transvaal (LS)

Haakdoorn, Onderstepoort, Transvaal (LS)

Park, Mosselbaai, Kaap (LS)

3.4.2.5 Plase

Andalusia, Jan Kempdorp, Kaap (LS)

Augsburg, Clanwilliam, Kaap (HLS)

Erfdeel, Kestell, Oranje-Vrystaat (PS)

Naastdrift, Vredendal, Kaap (LS)

Toitskraal, Strydmag, Middelburg, Transvaal (LS)

3.4.2.6 Myne

Blackrock, Kuruman, Kaap (LS)

Blyvooruitsig, Transvaal (LS)

Driefontein, Stilfontein, Transvaal (LS)

St. Helena, Welkom, Oranje-Vrystaat (PS)
Smithsmyn, Kaap (LS)

3.4.2.7 Gebied

Boesmanland, Pofadder, Kaap (HS)
Diamantveld, Kimberley, Kaap (LS en HS)
Goudini, Rawsonville, Kaap (HS)
Kalahari, Kuruman, Kaap (HS)
Laeveld, Nelspruit, Transvaal (LS)

3.4.2.8 Wonings/Geboue

Groote Schuur, Nuweland, Kaap (HS)

3.4.2.9 Oronimies

De Tyger, Parow, Kaap (LS)

Drakensberg

1. Bosbokrand, Transvaal (LS)
2. Newcastle, Natal (PS)

Goudkop, Klerksdorp, Transvaal (LS)

Hangklip, Queenstown, Kaap (LS en HS)

3.4.2.10 Hidronimies

Hartebeespoort, Schoemansville, Transvaal (HS)

Leeuwspruit, Sasolburg, Oranje-Vrystaat (PS)

Mooirivier, Potchefstroom, Transvaal (LS)

Nahoon, Oos-Londen, Kaap (LS)

Pansdrif, Soutpansdrif, Brits, Transvaal (LS)

3.4.2.11 Eiland/Pas

Robbeneiland, Kaap (LS)

Tradouw, Kaap (LS)

3.4.2.12 Nedersettings

Boshoek, Transvaal (LS)

Hartsvallei, Kaap (LS)

Koedoeskop, Thabazimbi, Transvaal (LS)

Levubu, Transvaal (LS)

Sterkrivier, Transvaal (LS)

3.4.3 Simbolies

Hierdie skoolname is simbolies met historiese en affektiewe konnotasies.

3.4.3.1 Beskerming/Behoud

Bastion

1. Brackenfell, Kaap (LS)
2. Krugersdorp, Transvaal (LS)

Jeugland, Kemptonpark, Transvaal (HS)

Kuswag

1. Amanzimtoti, Natal (PS en HS)
2. Oos-Londen, Kaap (LS)

Ligbron, Ermelo, Transvaal (HTS)

Op die voorpos, Upington, Kaap (LS)

3.4.3.2 Persoonlikheid

Baanbreker, Parkrand, Transvaal (LS)

Brandwag

1. Bloemfontein, Oranje-Vrystaat (PS)
2. Odendaalsrus, Oranje-Vrystaat (PS)
3. Uitenhage, Kaap (HS)

Die Burger, Delarey, Transvaal (HS)

Fleur, Kloofzicht, Pretoria (LS)

Unitas, Welkom, Oranje-Vrystaat (SS)

3.4.3.3 Strewe

Concordia, Boksburg, Transvaal (LS)

Dagbreek

1. Oberholzer, Transvaal (LS)
2. Port Elizabeth, Kaap (LS)

Die Kruin, Parktown, Transvaal (HS)

Eendracht, Pretoria, Transvaal (LS)

Esperanza, Newlands, Transvaal (LS)

3.4.3.4 Religieus

Bergland, Nelspruit, Transvaal (LS)

Ebenhaeser, Krugersdorp, Transvaal (LS)

3.4.4 Histories

'n Skool in hierdie kategorie kan 'n suiwer historiese gebeurtenis, persoon of voorwerp as motief hê waaraan die naam gekoppel word.

3.4.4.1 Gebeure

Amajuba, Newcastle, Natal (HS)

Gelofte, Pinetown, Natal (PS)

Taalfees, Witbank, Transvaal (LS)

Voortrekker-Eeufees, Pretoria-Noord, Transvaal (LS)

Vryheidsmonument, Vereeniging, Transvaal (LS)

3.4.4.2 Simbolies

Die Fakkels, Forest Hill, Johannesburg, Transvaal, (HS)

Republiek, Rothdene, Transvaal (LS)

Volkshoop, Queenswood, Pretoria (LS)

Volksskool

1. Heidelberg, Transvaal (LS en HS)
2. Graaff-Reinet, Kaap (HS)

Voortrekker

1. Boksburg, Transvaal (HS)
2. Bethlehem, Oranje-Vrystaat (SS)
3. Pietermaritzburg, Natal (HS)

3.4.4.3 Polities/kultureel

Afrikaans Hoër Meisieskool, Pretoria, Transvaal (HS)

Afrikaans Hoër Seunskool, Pretoria, Transvaal (HS)

Afrikaanse Hoërskool

1. Kroonstad, Oranje-Vrystaat (HS)
2. Sasolburg, Oranje-Vrystaat (HS)
3. Durban-Noord, Natal (HS)

Boerefort, Wonderboom-Suid, Pretoria (LS)

Eenheid, Nylstroom, Transvaal (LS)

3.4.5 **Omgewingsgerig**

Name wat gebaseer is op omgewingsfaktore is gewoonlik beskrywend van plaaslike geografiese tekens. Dit kan ook verband hou met gesteentes of met die flora en fauna wat aan die omgewing eie is of was, of bedrywighede wat in die omgewing plaasvind waardeur daar 'n hegte eenheid met die omgewing bestaan.

3.4.5.1 Flora

Balemra, Uitenhage, Kaap (LS)

Bergvlam

1. Sibasa, Noord-Transvaal (LS)
2. Nelspruit, Transvaal (HS)

Clivia, Ngodwana, Transvaal (LS)

Olien, Fauresmith, Oranje-Vrystaat (SS)

Taaibos, Kragbron, Sasolburg, Oranje-Vrystaat (GSS)

3.4.5.2 Minerale en ander bedrywighede

Diamantveld, Kimberley, Kaap (LS en HS)

Goudrif, Homestead, Transvaal (HS)

Goudveld, Welkom, Oranje-Vrystaat (SS)

Impala, Van Riebeeckpark, Transvaal (LS)

Kragbron, Witbank, Transvaal (LS)

3.4.5.3 Topografies

Dalmondeor, Transvaal (LS)

Doornbult, Delareyville, Transvaal (LS)

Heuwelland, Empangeni, Natal (PS)

Hoogland, Brakpan, Transvaal (HS)

3.4.6 Ligging

Name wat die ligging van die skool aandui kan suiwer geografies van aard wees of is esteties aanduidend van die ligging daarvan.

3.4.6.1 Esteties

Bergsig

1. Mountain View, Pretoria, Transvaal (LS)

2. Rustenburg, Transvaal (HS)

Drakensig, Hoedspruit, Transvaal (LS)

Kruinsig, Glen Marais, Transvaal (LS)

Panorama, Witbank, Transvaal (LS)

3.4.6.2 Geografies

Kango-Sentraal, Matjiesrivier, Kaap (LS)

Krugersdorp-Wes, Krugersdorp, Transvaal (LS)

Noord, Sasolburg, Oranje-Vrystaat (PS)

Noord-Oosrand, Petit, Transvaal (HS)

Wesvalia, Klerksdorp, Transvaal (HS)

3.5 SAMEVATTING

Volgens Pincher (soos aangehaal deur Morgan e.a. 1979:7) word name deur die mens gebruik om tasbare, rasionele betekenis aan sy omgewing te gee. 'n Naam wat op hierdie manier gebruik word, funksioneer as 'n vertrekpunt vir persoonlike verwysing en is 'n metode om die omgewing en verwante gebeure in verstaanbare terme te kategoriseer.

HOOFSTUK 4

DIE BETEKENIS VAN SKOOLNAME

HOOFSTUK 4

DIE BETEKENIS VAN SKOOLNAME

4.1 INLEIDING

Volgens Raper (1982:1) is daar wat die betekenis van einame betref - skoolname ressorteer onder einame - hoofsaaklik twee standpunte wat deur linguïste en filosowe ingeneem word. Die eerste is dat einame geen deskriptiewe of konsepsuele betekenis het nie, maar soos etikette funksioneer wat denoteer sonder konnotasie. Die tweede siening is dat einame 'n mate van deskriptiewe betekenis bevat.

Van Langendonck (1979:180-195) beskou hierdie uiteenlopende standpunte as slegs skynbaar teenstrydig en formuleer dit as die betekenisparadoks van die einaam. Na sy mening gaan die hele verwarring al sou die einaam betekenis hê of nie, oor die begrip *betekenis*. Om aan dié verwarring te ontkom, stel hy voor dat daar onderskei moet word tussen twee soorte betekenis nl. *konsepsuele* en *pragmatiese betekenis*.

Konsepsuele betekenis is die primêre, objektiewe betekenis wat inherent aan die taalelement is en sluit leksikale en grammatikale betekenis in. Met die pragmatiese of assosiatiewe betekenis word na die sekondêre of bybetekenis verwys. Hierdie betekenis is nie inherent aan die taalelement as sodanig nie, maar word d.m.v. assosiasies daarmee verbind.

Beide konsepsuele en pragmatiese betekenis word op die formele vlak van die einaam weerspieël nl. fonemies, morfologies en sintakties (Raper 1982:5). Dit is egter veral op die pragmaties-assosiatiewe vlak wat die formele kenmerke voorkom. Daar sal eerstens 'n bespreking van die konsepsuele en vervolgens die pragmaties-assosiatiewe betekenis gegee word.

Omdat name, dus ook skoolname, woorde is en voortdurend in 'n gebruiksituasie staan, word 'n seleksie van die skoolname uit die data aan die hand van Van Langendonck se teorie bespreek.

4.2 KONSEPSUELE BETEKENIS

4.2.1 Leksikale betekenis

Die eienaam (skoolnaam) bevat geen leksikale betekenis nie. Die woord *akasia* in die naam van die *Laerskool Akasia* word deur die HAT (1979:38) aangegee as:

Doringboom uit die geslag Acacia

[G. akakia; ake skerp punt]

In die eienaam *Akasia* het die leksikale betekenis volkome verdwyn en is die eienaam t.o.v. leksikale inhoud leeg al is dit steeds leksikaal deursigtig t.o.v. die ooreenstemmende vorm *akasia* as soortnaam wat na 'n boom/plant verwys. Die eienaam dien in die praktyk slegs om te verwys en te identifiseer. Tydens die naamgewingsproses (vgl. 3.3) verloor die woord sy leksikale waarde wanneer dit as onomastiese item begin funksioneer. Die leksikale waarde is dus nie 'n voorvereiste om as naam te kan funksioneer nie, alhoewel dit so mag wees dat baie name afgelei is van beskrywings vgl.:

Laerskool Wildehondepan

se naam is afgelei van *pan* waar *wildehonde voorgekom het* (vgl. ook 3.3). Die graad van leksikale deursigtigheid hou dikwels verband met die deursigtigheid van die ontstaansmotief, al is dit net breedweg bv. antroponimies. Die konnotasie is nie aan almal bekend nie. Die leksikale deursigtigheid van *Bergsig* en *Ligbron* is hoër as bv. dié van *Vivo* of *Migdol* omdat daar koreferensiële soortname *berg*, *sig*, *lig* en *bron* bestaan. Die skryfwyse of morfologiese samestelling van 'n naam dra dus by tot die leksikale deursigtigheid van 'n naam.

4.2.2 Grammatiese betekenis

Wat grammatiese betekenis betref, maak Van Langendonck (1979:183-184) drie aannames t.o.v. die eienaam. Hy postuleer dat die eienaam inherent bepaald en enkelvoudig is en dat die referent van 'n eienaam tot 'n sekere klas entiteite behoort. Semanties kan hierdie funksies beskou word as vooronderstellings t.o.v. die aard van die referent. Bg. aannames het ook op die skoolnaam betrekking omdat die referent *-skool* is.

4.2.2.1 Die skoolnaam en bepaaldheid

Bepaaldheid is gekoppel aan die vooronderstelling dat daar so 'n bepaalde referent bestaan, soos Van Langendonck (aangehaal deur Raper 1982:3) dit stel: "... *in the universe of interpretation of speaker and hearer*". Vir geslaagde kommunikasie is dit egter nie noodsaaklik dat die referent in die werklikheid bestaan nie. Gestel bv. 'n onderwyseres gee die volgende opdrag aan 'n groep leerlinge in 'n Afrikaanse klas: *Maak drie sinne met die woord Hercules waarin hierdie woord telkens in 'n ander betekenisverband gebruik word.*

Die volgende antwoorde is moontlik:

1. Die *Hoërskool Hercules* in Pretoria het die interhoër gewen.
2. Die voorstad *Hercules* is na die mitologiese figuur *Hercules* vernoem.
3. Die Griekse mitologiese held *Hercules* is veral bekend vir sy groot liggaamskrag en uithou vermoë.

In bg. word die volgende veronderstel:

'n Aantoonbare referent, die *Hoërskool* met die naam *Hercules*, vernoem na 'n aantoonbare referent, die voorstad *Hercules*, vernoem na 'n nie-aantoonbare referent, die mitologiese figuur, *Hercules*.

In die antwoord op die opdrag word die werklike bestaan van die *Hoërskool Hercules* veronderstel, maar die werklike bestaan van die mitologiese figuur *Hercules* is nie 'n noodwendigheid vir geslaagde identifikasie en kommunikasie nie. Dié figuur hoef slegs in die gedagtewêreld van leerlinge en leerkrag te bestaan om die korrektheid van die antwoord te waarborg.

Die meervoudige toepassingsmoontlikhede van die naam *Hercules* verander nie die bepaaldheid van die naam en sy referent nie. As daar twee skole met die naam is, word bepaaldheid leksikaal omskryf, nl. *die Hoërskool Hercules in Pretoria* - vgl. verder in 4.2.2.2.

'n Eienaam is inherent bepaald en spesifiek. 'n Eienaam kan t.o.v. bepaaldheid gemarkeer wees bv. *Hoërskool Die Wilgers* of meestal ongemerk bv. *Hoërskool Langenhoven*. Indien dit gemerk is, tree die bepaalde lidwoord in so 'n verbinding op, andersins 'n nullidwoord.

4.2.2.2 Die skoolnaam en getal

Volgens Raper (1982:3) word Van Langendonck (1979:184) se aanname dat eiename altyd in die enkelvoud voorkom nie algemeen aanvaar nie. Hy dui aan dat Yotsukura beweer dat eiename telbaar is, Leys weer dat hulle nie telbaar is nie en Algeo dat beide telbare en nie-telbare eiename voorkom.

Indien daar na 'n skool met die naam *Sentraal* verwys word, is dit duidelik dat dit hier om die enkelvoud gaan. Gestel bv. dat daar twee skole met dié naam bestaan, wat in der waarheid die geval is, raak die saak meer kompleks in terme van uitdrukking vgl.:

- * 1. *Daar is twee Sentrale skole*
- * 2. *Daar is twee skole Sentraal*
- * 3. *Daar is twee Sentraal Hoërskole*
- * 4. *Daar is twee skole met die naam Sentraal*

Die eerste drie gevalle kan verwarrend wees aangesien die eienaam hier op die oog af as lokatief funksioneer met slegs die hoofletters as aanduiders van 'n skoolnaam. In geval 4 sal die proposisie ook nie vir betekenisvolle kommunikasie sonder die bystelling *met die naam* kan funksioneer nie.

Wat die opposisie enkelvoud x meervoud betref, is dit duidelik dat hierdie opposisie deur die soortnaam *skool* gedra word vgl.:

- * *Die skool se naam is Sentraal Hoërskool.*
- * *Daar is twee skole met die naam Sentraal Hoërskool.*

In bg. gevalle is Van Langendonck (1979:184) se aanname dat eiename altyd in die enkelvoud voorkom, dus volkome geregverdig.

Die volgende afleidings van skoolname kan egter anders optree:

- * *Daar stap twee Tralies*
- * *Die Bossies het die kompetisie gewen.*

In bg. gevalle is *Tralies* en *Bossies* antroponieme, die noemname van onderskeidelik die leerlinge van die *Laer- en Hoërskool Sentraal* in Bloemfontein, Oranje-Vrystaat, en die van die *Laerskool Bosveld* in Ellisras, Transvaal.

Om aan hierdie skynbare anomalie te ontkom, word sulke gevalle deur Van Langendonck (1979:184) as *kollektiva* of *versamelname* getipeer, wat 'n saamgestelde begrip is: enersyds reflekteer dit die meervoud en andersyds word die versameling as 'n eenheid en dus enkelvoudig beskou: 'n skool is 'n *versameling* kinders vgl.:

- * *Sy is 'n leerling van die Hoërskool Sentraal, dus 'n Tralie.*
- * *Die Tralies het die sangbeker gewen.*

As gevolg van sy semantiese ambivalensie kom die eienaam as 'n reël in die enkelvoud voor, maar wanneer daar van 'n versameling sprake is ook in die meervoud.

Hierdie siening van die kollektiewe eienskap van die eienaam, nl. dat dit as 'n eenheid beskou word, noop Van Langendonck (1979:184) om te postuleer dat alle eiename inherent enkelvoudig is.

'n Eienaam kan ook in soortnaamfunksie optree en die kenmerke van 'n soortnaam, bv. meervoud en verkleining, met voorbepalings ens. neem.

Daar is twee Frikkie Meyers - 'n laerskool in Vanderbijlpark, Transvaal, en 'n hoërskool in Thabazimbi, Transvaal.

Dus:

twee manifestasies van Frikkie Meyer binne die konteks skole.

Vervolgens word die invloed van homonimie op die meervoudsvorming van eiename bespreek vgl.:

Daar is twee verskillende Pienaars na wie skole vernoem is.

Pienaar sal hier die beste beskryf kan word as *persoon met die van Pienaar*. Daarin figureer 'n soortnaamelement *persoon* en 'n eienaam *Pienaar*, wat outonoom in selfnoemfunksie optree, sodat dié konstruksie parallel loop met dié hierbo: *twee Frikkie Meyers*. Dié tipe konstruksies kan nie op die soortnaam toegepas word nie. Daar kan bv. nie na die *twee duikers* verwys word indien twee verskillende soorte *duikers* bedoel word nie vgl.:

* *Verlede nag is twee duikers onwettig gejag.*

* *Twee duikers was betrokke by die soektog na die man wat in die rivier verdrink het.*

Om verwarring te voorkom, moet dié tipe uitdrukkings gekwalifiseer word. So 'n kwalifisering of omskrywing sal dan weer nie op homonimiese eiename betrekking hê nie, want:

Twee Pienaars is nie gelyk aan twee soorte Pienaars nie, maar verwys na twee individue met die van Pienaar.

Hieruit kan dus afgelei word dat die eienaam in so 'n geval na individue verwys en die soortnaam na soorte of klasse.

Elke skoolnaam het dus 'n unieke referent nl. 'n spesifieke skool. Die vyf skole elk met die naam *Piet Retief* is nie vyf lede van 'n klas nie, maar het elkeen unieke onderskeidende kenmerke met die naam *Piet Retief* as etiket of identifiserende kenmerk. Daar is dus 'n polisemantiese betrekking tussen die skole en die naam.

4.2.2.3 Die skoolnaam en klas of soort

Die derde aanname van Van Langendonck (1979:184), nl. dat die referent van die eienaam tot een of ander klas entiteite behoort, geld ook by die skoolnaam. Die referent waarop die naam *Sentraal* betrekking het, is 'n *hoërskool*. Maar 'n naam het ook ander referente soos die indeling van skoolname in verskillende kategorieë aandui, nl. antroponieme, toponieme, simboliese en historiese skoolname, asook skoolname wat aanduidend is van die ligging en omgewing waar die skool gesitueer is ens. Hierdie kategorieë kan weer op hul beurt onderverdeel word soos in hoofstuk 3 uiteengesit.

Daar is heelwat skoolname in die Republiek van Suid-Afrika wat homonieme plaaslik en ook in ander dele van die wêreld het vgl.:

Skoolname met homonieme in Suid-Afrika

Hier kom veral twee patrone voor, nl. waar daar 'n laer- en hoërskool met dieselfde naam in 'n dorp voorkom en dan gewoonlik na die dorp vernoem is:

<i>Akasia</i>	<i>Fochville</i>
<i>Christiana</i>	<i>Garsfontein</i>
<i>Barberton</i>	<i>Hennenman</i>
<i>Drie Riviere</i>	<i>Mafeking</i>
<i>Elsark</i>	<i>Walvisbaai</i>

Die tweede tendens wat opval, is dat daar verskeie skole is wat na persone, simbole of streke vernoem is waarvan daar meer as een, nie noodwendig in dieselfde dorp nie, voorkom. Die frekwensie van die homonieme word na die skool se naam in hakies aangedui:

<i>Afrikaanse Hoërskool (3)</i>	<i>Dirkie Uys (2)</i>
<i>Bastion (2)</i>	<i>Eric Louw (2)</i>
<i>Brandwag (3)</i>	<i>Hendrik Verwoerd (2)</i>
<i>De Villiers Graaff (2)</i>	<i>H.F. Verwoerd (2)</i>
<i>D.F. Malan (2)</i>	<i>Kuswag (3)</i>
<i>D.F. Malherbe (2)</i>	<i>Paul Kruger (3)</i>
<i>Diamantveld (2)</i>	<i>Piet Retief (5)</i>

Skoolname met 'n toponimiese ontstaansmotief weerspieël die multilinguistiese aard van die Suid-Afrikaanse plekname bv.:

Skoolname met homonieme in:

Engeland

Balmoral	Goodwoodpark
Bryanston	Kensington
Devon	Lyndhurst

Nederland

Amsterdam
Dordrecht

Frankryk

Delville	Parys
----------	-------

Nieu-Seeland
Aucklandpark

Verenigde State van Amerika
Menlopark

Ierland
Kenmare

Duitsland
Augsburg Hanover
Glückstadt Lüneburg

Skotland
Brackenfell Kinross
Edenburg (Edinburgh) Ugie

4.3 PRAGMATIESE OF ASSOSIATIEWE BETEKENIS

Aangesien pragmatiese betekenis nie inherent aan die eienaam self is nie, maar inhoud kry d.m.v. ervaring met of inligting aangaande 'n spesifieke referent, is die getal assosiasies wat so opgebou kan word, onbeperk. Van Langendock (1979:184) onderskei vier soorte pragmatiese betekenis:

4.3.1 Konnotatiewe betekenis

Die konnotatiewe betekenis van 'n naam sluit alle inligting oor 'n betrokke referent in. Aangesien die eienaam volgens Van Langendonck (vgl. 4.2.2.2) na slegs een referent verwys, spreek dit vanself dat daar veel meer konnotasies met 'n eienaam verbind kan word as met 'n soortnaam. Die *Hoërskool Bastion*, *Krugersdorp*, *Transvaal*, kan met o.a. die volgende konnotasies verbind word:

1. Die sportspanne van die skool is vernoem na die punte van die Kasteel, nl. *Oranje*, *Buren*, *Nasou* en *Leerdam*.

2. Die leerlingraad staan bekend as *Heemraad*.
3. Hoofleiers is *Hofmeester* en *Hofdame*.
4. Die skoolkoerant heet *Het Katje*.
5. Die strate in die woonbuurt waar die skool geleë is, is vernoem na gebeure en persone uit die Kaapse geskiedenis.

Die inligting sal, deur meer kennis aangaande die referent, uitgebrei kan word en sal ook wissel van persoon tot persoon.

Wat die soortnaam *bastion* betref, gee die HAT (1979:68) die betekenis aan as *uitspringende deel van 'n vestingwal* wat 'n algemene beskrywing is, universeel van toepassing is en gevolglik minder konnotasies sal hê. Die konnotasie van *vesting* is wel die ontstaansmotief by dié skoolnaam.

Konnotatiewe betekenis het dikwels 'n sterk invloed op die skool se simboliek en missie en vind neerslag in die leuse van die skool.

4.3.2 **Affektiewe of emotiewe betekenis**

Die persoonlike gevoelens van 'n spreker is primêr in hierdie vorm van pragmatiese betekenis. Die gevoel of emosie wat 'n spreker teenoor 'n referent koester, kan op die naam van die referent of afleidings van die naam, oorgedra word.

Die affektiewe aspek vind ook neerslag in die naamvorm waar 'n naam bv. geskep word uit twee antroponieme soos *Susiedear Primêre Skool* < *Susie* en *Deara*, twee kinders se name. Vgl. 2.4 vir verskillende skryfwyses van die skoolnaam.

Aangesien affektiewe funksies individuele sprekers betrek, kan hier meer onstabiliteit verwag word. Belangrik is hier die tallose vleivorme en verkortings van name. Wat die skoolnaam betref, is die sosiale skool-

omgewing die milieu waarteen veral by- en spotname gevorm word. Bynaamgewing aan onderwysers is 'n bron van oorspronklikheid en humor, maar val buite hierdie studie.

Diminutiewe

Laerskool Skuilkrans (vgl. 4.3.2) > Skuilies

Afleiding

Laerskool Amsterdam > Amsterdammers

Wysiging

Laerskool Die Heuwel > Die hemel/euwel

Vervanging

Hierdie kategorie verdien nader omskrywing. Die name wat die skoolnaam in dié kategorie vervang, is byname. Volgens Senekal (1979:35) verklaar die WAT *bynaam* as: 'n *toenaam, gewoonlik spottend of plaend toegevoeg, bv. Sy bynaam is ou Paal omdat hy so lank en skraal is; en by bijnaam gee Van Dale die volgende verduideliking:*

1. *toegevoegde naam: Hendrik IV verdiende de bijnaam van de Grote;*
2. *naam voor die eigenlijke of doopnaam in die plaats gegeven wordt, op grond van een kenmerkende eigenschap, veelal als spotnaam; hij droeg de bijnaam van Buikje.*

Van verdere belang is dat 'n bynaam gewoonlik spottend of plaend toegevoeg word bv. *Ou Katsnor*; dat 'n bynaam 'n toegevoegde naam is bv. *Gert Bananavingers*; dat 'n bynaam 'n eienaam vervang op grond van 'n kenmerkende eienskap.

Ook in bynaamgewing lê dikwels spot opgesluit. "En spot verheft niet maar trek naarbeneden," merk Van Haeringen op (soos aangehaal deur Senekal

1979:27). Snijman (soos aangehaal deur Senekal (1979:35)) merk op: "*In die gewone lewe het spanning ontspanning as sy teenhanger.*" In die taal vind ons hierdie neiging op die formele vlak terug. Die kortheid en bondigheid van die enkele woord het as sy teenhanger die uitbreiding, die omskrywing, die uitdrukking. Die begrip wat in een woord gekonsentreer is, word dan deur 'n verbinding van kenmerke of ander gegewens uitgedruk, waardeur die saak bv. in 'n gunstige, ongunstige of grappige lig gestel word wat nie sonder meer uit die gewone enkelvoudige woord spreek nie. Op dié manier ontstaan die bynaam vir 'n persoon.

Die volgende voorbeelde van skoolbyname kon uit die data verkry word:

- * Die *Hoërskool Hans Moore*, Benoni, Transvaal
Bynaam: *Spannerskool*
So genoem as gevolg van die betekenisverhouding tussen die woord *spanner* en *Tegnies*, gewoonlik met 'n negatiewe konnotasie.
- * Die *Hoërskool Randburg*, Transvaal
Bynaam: *Biltongskool*
So genoem omdat daar op die terrein waar die skool opgerig is, voorheen 'n biltongfabriek was.
- * Die *Hoërskool Rustenburg*, Transvaal
Bynaam: *Die Boom*
So genoem omdat 'n wildevy deel van die skoolwapen uitmaak.
- * Die *Laerskool Kuruman*, Kaap
Bynaam: *SAP-skool en Rykmanskool*
So genoem as gevolg van politieke wrywing en die boere se siening van die dorpenaars.
- * Die *Laerskool Visriviervallei*, Kaap
Bynaam: *Jare gelede Steenkoolvreters*
Die leerlinge van die spoorweggemeenskap is so genoem deur snobistiese leerlinge.
- * Die *Hoërskool President*, Vrijzee, Kaap
Bynaam: *Die Hoërskool Kookwater*
So genoem as gevolg van die eerste hoof se vurige geaardheid.

- * Die *Hoërskool Kroonstad*, Oranje-Vrystaat
Bynaam: *Ashoopskool*
Die skool is opgerig op die terrein waar daar vroeër jare 'n ashoop was.
- * Die *Hoër Tegniese Skool*, Ficksburg, Oranje-Vrystaat
Bynaam: *Sixies*
Vroeër jare is daar weekliks aan leerlinge ses pennies, vandag gelykstaande aan vyf sent, betaal vir sakgeld.

Volgens Van Langendonck (1979:185) manifesteer emosie in emotiewe suffikse en dan veral diminutiewe suffikse. Combrink (1977:19) bespreek emotiewe suffigering volgens die dimunitiefreël wat D.P. Wissing opgestel het. Volgens die model is veral die volgende suffikse werksaam by voor- en roepname wat 'n diminutiefsuffiks bykry: /i/; /pi/; /iki/ en /ki/.

Vir die doel van hierdie bespreking is dit nodig dat eers verduidelik word wanneer 'n suffiks wel emotiewe waarde het en wanneer nie. Elke persoon of versameling persone, soos in die geval van 'n skool, beskik oor 'n hele register moontlike aanspreekvorme wat konnotasies is van die skoolnaam.

Leerlinge van die *Hoërskool Sand du Plessis* in Bloemfontein kan op enige van die volgende moontlike name aangespreek word, wat almal antroponimiese afleidings van die skoolnaam is:

1. Hy is 'n regte *Sand du Plessis*!
2. Skrum, *Sand*, Skrum!
3. Hoor hoe hard skreeu die *Sannies*!
4. Kyk daardie *Sandjie*!

Die emotiwiteit van 'n roepnaam, al dan nie, is konteksgebonde want die Afrikaanse diminutiefsuffiks dui nie altyd aan dat die referent klein is nie. Meer dikwels is dié suffiks eerder emotief as serebraal. En in 'n paar gevalle het die diminutiefsuffiks gefossileerd geraak vgl.:

Fluitjie; *koppie* (drinkding); *mandjie*.

Tussen die emotiewe suffikse wat in Afrikaanse antroponieme optree, is daar nie een wat inherent waarderend of inherent pejoratief is nie. Die spesifieke aard van die affek in 'n Afrikaanse antroponiem wat emotief is vanweë sy emotiewe suffiks, moet in elke gebruikgeval afgelei word uit ander aspekte van die konteks van die naam, bv. intonasie (gesproke, diakrities of omskrewe), die fonetiese wysiging van die leksikale materiaal, ander leksikale items van 'n emotiewe aard, gemerkte woordorde, ironie, hiperbool en eufemisme (Combrink 1987:45).

Uit voorbeelde 1-4 is dit duidelik dat gevalle 3 en 4 moontlik maar 2 beslis emotief gelaai is. Die volgende paradigma kan uit hierdie voorbeelde geabstraheer word:


1. *Sand du Plessis*
2. *Sand*
3. *Sannies*
4. *Sandjie*

Die roepnaam *Sand du Plessis* (1) doen enigsins formeel aan en sal waarskynlik nie maklik in 'n humoristiese, ontspanne situasie gebruik word nie. *Sand* (2) wat afgelei is van die antroponiem in (1), dien emfaties as aansporing vir die skool se rugbyspan en daarom word die verkorte vorm van die naam gebruik. Dit sou beslis nie funksioneel wees vir enige toeskouer om telkens langs 'n rugbybaan die volledige skoolnaam uit te skree nie.

Wat die laaste twee voorbeelde betref, is daar 'n interessante verskynsel nl. dat twee verskillende diminutiewe van dieselfde roepname gevorm word. Dit moet in gedagte gehou word dat die name onder bespreking na inrigtings vir kinders verwys. Waar daar kinders ter sprake is, is of behoort daar altyd 'n vorm van vertedering of deernis teenwoordig te wees wat noodwendig in 'n diminutiewe suffiks gereflekteer sal word vgl. voorbeelde 3 en 4.

Afhangende van die besondere konteks sal sprekers, afhangende van die aard van die gesprek, besluit watter vorm van 'n naam geskik is vir geslaagde kommunikasie. Is die gesprek bv. saaklik deikties, sal voorbeeld 1 meer gepas wees. Is die gesprek emosioneel gelaai, sal 2, 3 of 4 meer gepas wees. Vgl. diagram 3.

Diagram 3



Volgens Combrink (1977:23) kan die emotiewe waarde van 'n bepaalde roepnaam mettertyd afslyt sodat dit as doodgewone roepnaam funksioneer. Dit gebeur sodra die emotiewe roepnaam nie meer in opposisie staan tot een of meer ander roepname wat deur 'n spreker vir 'n aangesprokene gebruik word nie. Die vermoede bestaan dat die tipe *Drakies* vir 'n leerling van die *Laerskool Drakensig*; *Exies* vir *Laerskool Hexvallei*; *Lichies* vir *Hoërskool Lichtenburg*; *Stellies* vir *Laerskool Stellenberg*, voorbeelde van sodanige afslyting is en waarskynlik saaklik-deikties funksioneer. Aanvanklik moes hierdie benamings sekerlik emotiewe waarde gehad het en kan waarskynlik steeds emotiewe waarde hê, afhangende van die konteks waarbinne die roepnaam funksioneer en die opposisie ten opsigte van ander moontlike roepname.

Die hoofreël (Combrink 1977:26) vir die vorming van emotiewe -ie-name is redelik eenvoudig. Die beginpunt is die hoofklemdraende sillabe in enige gegewe grondnaam - waar grondnaam gesien word as 'n naam in 'n paradigma wat beskou word as onderliggend aan 'n ander lid of lede van die paradigma; ook genoem grondvorm vgl. *Willem* is die grondnaam vir *Wimpie*, *Lem*, *Willie* en *Willa*. Hierdie hele sillabe word geneem, plus die eerste daaropvolgende konsonant, ongeag of die konsonant toutsillabies is. Hierdie reël word die *Reël van Emotiewebasisvorming* genoem. By hierdie basis bestaande uit *klemsillabe + eerste daaropvolgende konsonant* word die emotiewe -ie agter aangelas. Die meeste van hierdie tipe emotiewe of roepname wat van skoolname afgelei is, word volgens hierdie reël gevorm vgl.:

<i>Laerskool Bosveld, Ellisras, Transvaal</i>	<i>Bossies</i>
<i>Laerskool Claremont, Pretoria, Transvaal</i>	<i>Claries</i>
<i>Laerskool Dalmondeor, Mondeor, Transvaal</i>	<i>Dallies</i>
<i>Laerskool Drakensig, Hoedspruit, Transvaal</i>	<i>Drakies</i>
<i>Hoërskool Dr. Malan, Meyerton, Transvaal</i>	<i>Dokkies</i>
<i>Hoërskool Fochville, Transvaal</i>	<i>Fochies</i>
<i>Hoërskool Helpmekaar, Johannesburg, Transvaal</i>	<i>Helpies</i>
<i>Hoërskool Mafeking, Kaap</i>	<i>Maffies</i>

Daar is 'n paar subreëls en voorwaardes vir emotiewebasisvorming, wat op die aard van die postvokaliëse konsonant(e) betrekking het vgl. die volgende:

<i>Laerskool Fontainebleau, Randburg</i>	<i>Fonteine</i>
<i>Laerskool Lindopark, Koedoespoort, Transvaal</i>	<i>Lindies</i>
<i>Laerskool Frank van der Merwe, Virginia, Oranje-Vrystaat</i>	<i>Frankies</i>
<i>Hoërskool Landbouskool, Kroonstad, Kroonstad, Oranje-Vrystaat</i>	<i>Lanties</i>

Die subreël vir die vormingsproses van bg. emotiewe name lui so:

As die eersvolgende konsonant 'n nasaal is en die daaropvolgende segment 'n homorganiese ploffer, word albei konsonante ingeneem in die basis.

'n Interessante afwyking van die bestaande reëls is die volgende:

<i>Laer- en Hoërskool Drie Riviere, Transvaal</i>	<i>Drieries</i>
---	-----------------

Wat bg. skool se naam betref, is die volgende emotiewe vormings moontlik:

- * *Drie + ies*
- * *Ri + ies*
- * *Vier + ies*

Hiervan is slegs die laaste moontlikheid logies. Dit blyk dat die *Reël vir Emotiewebasisvorming* hier, ten spyte daarvan dat die naam uit twee dele bestaan, tog geseëvier het nl.

Drie + ries

Daar is slegs een voorbeeld in die data waar die emotiewe -a voorkom vgl.:

<i>Hoërskool Monument, Krugersdorp, Transvaal</i>	<i>Monnas</i>
---	---------------

Al bogenoemde voorbeelde neem die meervouds -s omdat daar sprake is van 'n versameling leerlinge.

Emotiwiteit, soos deur Combrink (1977:59) beskou, is konvensionele kennis wat gekommunikeer word, nie 'n uniek persoonlike assosiasie van 'n bepaalde

individuele en daarom is dit 'n deel van die betekenisaspek van taalgebruik.

4.3.3 Stilisties of sosiaal

Met stilistiese of sosiale pragmatiese betekenis word verwys na die talle assosiasies uit die sosiale omgewing waarmee 'n taalelement, hier die skoolnaam, in die ruimste sin verbind kan word. Hiermee word die terrein van die sosiolinguistiek betree.

De Stadler (1985:18) sê dat wanneer die sosiolinguistiese aspekte van die eienaam ondersoek word, is dit duidelik dat hierdie name op 'n besondere wyse die sosiale groeperings, verhoudings, houdings, voorkeure ens. wat in die gemeenskap bestaan, weerspieël om sodoende as sensitiewe barometer van die sosiale omgewing op te tree.

'n Persoon/instansie se naam vorm 'n onlosmaaklike deel van die persoon/instansie self. Die naam simboliseer as't ware die draer daarvan en word daarom byna met die draer gelykgestel. Die verantwoordelikheid van naamgewer/s kan dus nie oorbeklemtoon word nie, want om 'n swak gekose naam te herstel, is nie altyd die maklikste of beste uitweg nie omdat die mens 'n ander houding teenoor die naam het as teenoor die res van die taal.

Die assosiasies wat 'n naam het voordat dit as skoolnaam funksioneer, word oorgedra en is die ontstaansmotief by die keuse as skoolnaam. Die veranderlikes wat hier bespreek word, is geslag, ideologie en kultuur as sosiolinguistiese merkers in skoolname.

4.3.3.1 Skoolname en geslag

Volgens De Stadler (1985:21) weerspieël persoonsname in die meeste gevalle die verdeling tussen manlike en vroulike persone.

Daar kan seker nie 'n duideliker bewys van manlike chauvinisme m.b.t. naamgewing wees as wat uit die beskikbare skoolnaamdata na vore kom nie. Uit die 880 skoolname waarmee in hierdie navorsing gewerk is, is 146 skole na mans vernoem en slegs 7 na vrouens.

'n Naamtipe wat ook 'n duidelike onderskeid tussen vroue en mansname toon, is vanvoornamen. Vanvoornamen kom algemeen by mans voor, maar in die reël nie by vrouens nie vgl.:

De Villiers Graaf, Villiersdorp, Kaap (LS)

De Vos Malan, King William's Town, Kaap (HS)

De Wet Nel Hoër Tegniëse Skool, Kroonstad, Oranje-Vrystaat

Du Preez Van Wyk, Bronkhorstspuit, Transvaal (LS)

4.3.3.2 Skoolname en ideologiese gemerktheid

Onder *ideologie* verklaar die HAT (1979:427): *Denkwyse, tipies vir 'n volk of groep*. Dit is kenmerkend van die Afrikaner dat sy identiteit wat gewortel is in sy kultuureie, vir hom 'n kosbare kleinood is. Dit is daarom nie vreemd dat daar, soos ook in ander dele van die wêreld, deur 'n volk gepoog word om persoonlike belange en gebeurtenisse d.m.v. name vas te pen nie.

Veral die geskiedenis en die politiek, wat nie van mekaar los te dink is nie, tree dikwels as ideologiese markeerders op.

Die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap in 1652 vind bv. neerslag in die volgende skoolname:

Jan van Riebeeck, Springs, Transvaal (LS)

Riebeeckstad, Welkom, Oranje-Vrystaat (SS)

Riebeeck-Oos, Kaap (LS)

Die tydperk van die vestiging van die blankes onder Hollandse bewind word in die volgende skoolname gemanifesteer:

Oudtshoorn, Kaap (HS)

Oudtshoorn, Kaap (LS)

Van Rhede, Oudtshoorn, Kaap (LS)

Bogenoemde skole dra die naam van baron van Pieter van Rheede van Oudtshoorn, as goewerneur van die Kaap aangestel in 1772. Ook die dorp, Oudtshoorn, is na hom vernoem. In hierdie verband kan ook verwys word na:

Simon van der Stel, Wynberg, Kaap (LS)

Swellendam, Kaap (LS)

albei vernoem na goewerneurs van die Kaap.

Die koms van die Hugenote na die Kaap in 1688 (Muller 1970:34) is vasgelê in die volgende skoolname:

Franschhoek, Kaap (HS)

Hugenote, Wellington, Kaap (LS en HS)

Hugenote Seuns, Springs, Transvaal (HS)

Pierre Simond, Simondium, Kaap (LS)

Dr. Simond was die eerste Hugenote predikant.

Die volgende geskiedkundige gebeurtenis van groot belang, was die Groot Trek. Die Boere het nie kans gesien om onder Britse Heerskappy te bly nie en het verder noord, die binneland in getrek. Verskeie trekleiers, verkeners en gebeurtenisse wat met dié trek geassosieer kan word, se name is in huidige skoolname vasgevang:

Dirkie Uys

1. *Orchards, Johannesburg, Transvaal (LS)*

2. *Durban, Natal (PS)*

3. *Durban, Natal (HS)*

Gelofte, Pinetown, Natal (PS)

Louis Trichardt, Transvaal (LS en HS)

Piet Retief

1. *Piet Retief, Transvaal (LS en HS)*

2. *Port Elizabeth, Kaap (HS)*

3. *Pietermaritzburg, Natal (PS)*

4. *Adelaide, Kaap (HS)*

Voortrekker

1. *Boksburg, Transvaal (HS)*

2. *Bethlehem, Oranje-Vrystaat (SS)*
3. *Pietermaritzburg, Natal (HS)*

Voortrekker-Eeufees, Pretoria-Noord, Transvaal (LS)

Voortrekkerhoogte, Pretoria, Transvaal (HS)

Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en al die ellende wat dit vir die Boerevolk meebring het, is vasgelê in skoolname soos:

Amajuba, Newcastle, Natal (HS)

Boerefort, Pretoria, Transvaal (LS)

Danie Theron

1. *Gedenkskool, Carletonville, Transvaal (LS)*
2. *Kibler Park, Transvaal, (LS)*

Die President, Primrose, Transvaal (LS)

Eendracht, Pretoria, Transvaal (LS)

Louw Wepener, Wepener, Oranje-Vrystaat (LS)

M.T. Steyn, Philippolis, Oranje-Vrystaat (GSS)

President Brand

1. *Brakpan, Transvaal (LS)*
2. *Bloemfontein, Oranje-Vrystaat (PS)*

President Steyn, Alberton, Transvaal (LS)

President Van Rensburg, Kafferskraal, Transvaal (LS)

Volkshoop, Queenswood, Pretoria (LS)

Volkskool

1. *Laer Volkskool, Heidelberg, Transvaal*

2. *Hoër Volksskool, Heidelberg, Transvaal*
3. *Hoër Volksskool, Graaff-Reinet, Kaap*

Die inhuldiging van die Voortrekkermonument in 1948 en die gebeure wat dit voorafgegaan het, het met heftige gevoelens van nasietrots gepaard gegaan en is veranker in die volgende skoolname:

Die Fakkell, Forest Hill, Johannesburg, Transvaal (HS)

Rapportryer, Randgate, Transvaal (LS)

Monument, Krugersdorp, Transvaal (HS)

Monumentpark, Pretoria, Transvaal (LS)

Op 26 Mei 1948 kom die Nasionale Party na die algemene verkiesing van daardie jaar aan bewind. Ofskoon 1948 maar 'n skamele aantal jare in die verlede lê, is dit tans reeds moontlik om hierdie jaar as een van die grootste keerpunte in die geskiedenis van Suid-Afrika te bestempel. Nie alleen het Afrikaner nasionalisme in hierdie jaar 'n triomf beleef nie, maar het die volk beslis ten gunste van segregasie of apartheid, soos die nuwe term - wat voortbestem was tot wêreldwye berugtheid - gelui het (Muller 1970:389).

Met die bereiking van die Republikeinse ideaal in 1961 onder leiding van wyle dr. H.F. Verwoerd, het die Afrikaner se nasietrots geen keer geken nie. Heelwat skole is na prominente regeringsleiers en belangrike gebeure vernoem:

Dr. E.G. Jansen, Boksburg, Transvaal (HS)

Dr. Malan, Meyerton, Transvaal (HS)

Eben Dönges, Kraaifontein, Kaap (HS)

Eenheid, Nylstroom, Transvaal (LS)

Hendrik Verwoerd

1. *Port Elizabeth, Kaap (LS)*
2. *Deerness, Pretoria, Transvaal (HS)*

H.F. Verwoerd

1. *Parys, Oranje-Vrystaat, (PS)*
2. *Kimberley, Kaap (LS)*

Verwoerdburg, Pretoria, Transvaal (HS)

Jan de Klerk, Krugersdorp, Transvaal (HS)

Jan Viljoen, Randfontein, Transvaal (HS)

J.B.M. Hertzog

1. *Bayswater, Bloemfontein (PS)*
2. *Bloemfontein (SS)*

John Vorster Hoër Tegniese Skool, Rietfontein, Pretoria, Transvaal

Louis Botha Hoër Tegniese Skool, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat

N. Diedericks Hoër Tegniese Skool, Krugersdorp, Transvaal

Republiek, Rothdene, Transvaal (LS)

Smuts-Malan, Riebeek-Wes, Kaap (HS)

Staatspresident C.R. Swart

1. *Middelburg, Transvaal (LS)*
2. *Môregloed, Pretoria, Transvaal (HS)*

Staatspresident Swart, Kimberley, Kaap (LS)

Die assosiasie met *Robbeneiland* is sekerlik nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die res van die wêreld verewig met die aanhouding aldaar van mnr. Nelson Mandela voor sy vrylating deur die Nasionale Regering, en die verkiesing van 1994 waartydens mnr. Mandela tot President van die Republiek van Suid-Afrika verkies is. Die *Laerskool Robbeneiland* se naam is in hierdie lig gesien, tans van aktuele belang en sal, wat die regse spektrum van die Suid-Afrikaanse politiek betref, negatief gemerk wees.

Die ontstaansmotief by die *Laerskool Eenheid*, Nylstroom, Transvaal, is gebaseer op die leuse: *Eenheid in Afrikanergeledere*. Nylstroom is geleë in die voormalige kiesafdeling *Waterberg*, wat baie bekend is vir die sterk regse element. Daar is op hierdie oomblik egter min getuienis van eenheid in Afrikanergeledere. Die politieke partye/bewegings soos bv. die Afrikaner Weerstandsbeweging, die Konserwatiewe Party en die Afrikaner Volksfront veg in wese elk sy eie regse oorlog. Die basis vir die naam *Laerskool Eenheid* gee aan dié naam dus 'n ironiese betekenis.

Bogenoemde is 'n oorsigtelike beskouing van hoe nie net die geskiedenis nie, maar ook die politiek op die gebied van die skoolnaam as ideologiese markeerders kan optree. Die relevansie hiervan spreek duidelik as die frekwensie van homonieme in aanmerking geneem word, soos bereken uit die data in Bylaag H. As name van skole wat nie op die vraelys gereageer het nie ook ingereken word, sal die frekwensie moontlik verskil. (Die frekwensie vernoemings word na die skoolnaam in hakies aangedui.)

Dirkie Uys (3)

Louis Trichardt (2)

Piet Retief (5)

Voortrekker (3)

Danie Theron (2)

President Brand (2)

Volksskool (3)

De Villiers Graaff (2)

Dr H.F. Verwoerd (5)

J.B.M. Hertzog (2)

Staatspresident Swart (3)

Hoe belangriker 'n naam binne 'n spesifieke kultuurgemeenskap is of word, hoe meer konnotasies word aan die naam geheg. Die verhoging van die belangrikheid en vermeerdering van die positiewe konnotasies van 'n naam het tot gevolg dat die naam aan stabiliteit toeneem. Gevestigde toponieme soos *Pretoria* en *Johannesburg* sal om dié rede moeiliker verander kan word as name met 'n laer konnotatiewe inhoud. Dit wil voorkom of antroponieme makliker aan verandering onderhewig is omdat hulle eerder aan negatiewe konnotasies onderhewig is vgl. die politieke stigma wat ten regte of ten onregte op die oomblik aan die naam *Verwoerd* kleef, en 'n direkte invloed op o.a. ook die skole het wat na hom vernoem is. Dit wil tog voorkom asof hierdie stabiliteit deur politieke faktore omver gegooi kan word vgl. die vervanging van *Rhodesië* deur *Zimbabwe* en *Salisbury* deur *Harare*.

4.3.3.3 Skoolname en kulturele gemerktheid

Kultuur word deur die HAT (1979:625) verklaar as (die) begrip wat die ganse geestelike besitting van 'n volk op elke terrein omvat; geesteslewe, beskawingstoestand, of meer populêr in die volksmond: *Kultuur is wat oorgebly het nadat jy vergeet het wat jy opsetlik geleer het*, m.a.w. die kern van 'n mens se geesteslewe wat beskawing ten grondslag lê.

As daar van die Afrikaner se kultuur gepraat word, dan kan die geskiedenis van die Afrikaner in Suid-Afrika nie buite rekening gelaat word nie. Van belang is veral dat die Afrikaner eers, kort na die volksplanting aan die Kaap, feitlik uitsluitlik natuurmens was. Hy was vir sy bestaan en voortbestaan van die natuur afhanklik. Met die ontdekking van goud en ontginning van diamante het die Afrikaner na die stede begin stroom en het daar 'n nuwe kultuurmens ontstaan: die stedelike Afrikaner. Gaandeweg het die Afrikaner ook sy stempel afgedruk op die politiek, die ekonomie, die tegnologie, die akademie ens. Dat hierdie aspekte in die skoolname van die Afrikaner moet figureer, is duidelik.

Enkele van hierdie tendense word hieronder uitgelig (ter wille van bondigheid word slegs vyf voorbeelde van elke geval gegee):

* Literêre belange

Sedert die vroegste geskiedenis van die Afrikaner was dit reeds duidelik dat hy literêr baie aktief is. Die taal is dan ook afwisselend as uitdrukking van patriotisme en nasionalisme gebruik; ook om suiwer estetiese redes. Die volgende skoolname kan literêr met die Afrikanerkultuur geassosieer kan word:

A.G. Visser, Heidelberg, Transvaal (LS)

C.J. Langenhoven, Oudtshoorn, Kaap (HS)

D.F. Malherbe

1. *Vanderbijlpark*, Transvaal (LS)

2. *Port Elizabeth*, Kaap (HS)

Eugene Marais, Naboomspruit, Transvaal (LS)

Langenhoven

1. Pretoria, Transvaal (HS)
2. Riversdal, Kaap (HS)

* Landelikheid en liefde vir die natuur

Die Afrikaner se verbondenheid aan die natuur is onbetwisbaar. Dit spreek dus vanself dat hierdie tendens ook in die skoolnaam gereflekteer sal word:

Akasia, Karen Park, Pretoria-Noord, Transvaal (LS)

Balemra, Uitenhage, Kaap (LS)

Bergvlam

1. Sibasa, Venda (LS)
2. Nelspruit, Transvaal (HS)

Bosveld, Ellisras, Transvaal (LS)

Kameelfontein, Lynneast, Transvaal (LS)

* Beroepe

Waar die boer vroeër uitsluitlik van die landbou afhanklik was, het hy sy visie begin verbreed en hom sodoende in verskeie sektore van die land se aktiwiteite bevind. Daar is bv. skooltjies op plase opgerig wat soms na die plase vernoem is; daar is stasies geopen om die infrastruktuur in die landelike gebiede te verbeter - skole is na van die stasies vernoem. Die ontginning van metale het ook 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die omgewing, veral waar kleiner myne in die plattelandse omgewing geopen is en so werksgeleenthede geskep het. Al hierdie aktiwiteite word in die herkoms van skoolname gereflekteer vgl.:

- Plase

Modderfontein, Westonaria, Transvaal (LS)

Sanddrift, Beestekraal, Transvaal (LS)

Spruitdrift, Vredendal, Kaap (LS)

Tygerspoort Pretoria, Transvaal (LS)

Vaalkop, Beestekraal, Transvaal (LS)

- Stasies

Afrikaskop, Kestell, Oranje-Vrystaat (PS)

Beestekraal, Transvaal (LS)

Boons, Transvaal (LS)

De Brug, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat (PS)

Klipdale, Kaap (LS)

- Myne

Blackrock, Kuruman, Kaap (LS)

Blyvooruitsig, Transvaal (LS)

Driefonteine, Stilfontein, Transvaal (LS)

St. Helena, Welkom, Oranje-Vrystaat (PS)

Smithsmyn, Kaap, (LS)

4.3.3.4 Die multilinguistiese aard van skoolname

Die multilinguistiese aard van skoolname weerspieël die aard van die Suid-Afrikaanse samelewing, en in besonder die positiewe instelling teenoor die Afrikaanse skoolnaam.

Volgens Raper (1983:110-111) sal die items waaruit 'n leksikon bestaan, hoofsaaklik woorde van dié betrokke taal wees. So sal die leksikon van Afrikaans hoofsaaklik Afrikaanse woorde bevat. Daar sal wel leenwoorde uit ander tale wees, maar hulle getalle sal beperk wees. Daarenteen is toponieme uit elke ander taal aanvaarbare items vir die onomastikon. Soos Algeo

(1973:74) dit stel: "... the namestock of any language includes potentially the names of all other languages. Whereas appellatives are only exceptionally borrowed, the reverse is true for names." In Afrikaans is skoolname gebaseer op 'n betreklik groot aantal toponieme uit ander tale. Soms is dié name aangepas in die rigting van Afrikaans, soms nie. Vgl. 2.4.

- * Uit *Portugees* is skoolname soos *Machado* en *Esperanza* (Cabo de boa Esperanza) in die onomastikon van Afrikaans bekend.
- * Uit *Nederlands* is 'n groot aantal name as deel van die Afrikaanse onomastikon oorgeneem: *De Kuilen*, *De Rust*, *De Tyger*, *De Vrije Zee*, *Eendracht* ens.
- * Ook *Franse* name is deur Afrikaanse skoolname oorgeneem: *Delville*, *Parys*.
- * *Engels* is 'n baie produktiewe bron van skoolname: *Alicedale*, *Blackrock*, *Bryanston*, *Devon*, *Kensington* ens.
- * Ook *Duitse* plekname kom as deel van die skoolnaamkorpus voor: *Augsburg*, *Glückstadt*, *Grabouw*, *Hanover*, *Lüneburg*.
- * Ook toponieme uit die inheemse tale vorm deel van die Afrikaanse onomastikon, maar is in baie gevalle aangepas.

<i>Khoekhoens</i>	:	<i>Goudini</i> , <i>Karatara</i> , <i>Kathu</i> , <i>Kuruman</i> , <i>Nababeep</i> , <i>O'Kiep</i> , <i>Outeniqua</i> , <i>Tradouw</i> , <i>Tsitsikama</i>
<i>Sotho</i>	:	<i>Clocolan</i> , <i>Mopane</i>
<i>Siswati</i>	:	<i>Golela</i>
<i>Setswana</i>	:	<i>Kalahari</i>
<i>Tshivenda</i>	:	<i>Levubu</i>
<i>isiZulu</i>	:	<i>Indwe</i> , <i>Skukuza</i>

- * Leenwoorde en -morfene uit ander tale word as geldige onomastiese komponente in Afrikaans aanvaar, al is dit soms in aangepaste vorm. Voorbeelde van sodanige vorms blyk uit die hibridiese vorme in 2.4.4.6.

Volgens Raper (1983:111) vind die vorming van hibridiese samestellings so maklik plaas deur 'n generiese term uit een taal by 'n spesifieke term uit 'n ander taal' te voeg dat ortografiese reëls vir amptelike gebruik neergelê moes word. Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat daar glad nie 'n geslote sisteem is wat name betref nie. Woorde en woorddele uit vreemde tale word oor en weer aanvaar en hierdie tendens vind dan ook neerslag in die Afrikaanse skoolname van hierdie land.

- * Die sosiale stratifikasie in 'n gemeenskap, kan ook uit name, en dan spesifiek skoolname, afgelees word vgl.:

Titel + naam

Dr. Annecke

Dr. C.F. Visser

Dr. E.G. Jansen

Rang + naam

Generaal Hendrik Schoeman

Generaal Hertzog

Generaal Jacques Pienaar

Generaal Pienaar

Amp + naam

President Brand

President Steyn

President Van Rensburg

Die skoolnaam *Augsburg* (Hoër Landbouskool) dra duidelik 'n stempel van adellikeid of deftigheid. Die Skoolwapen van dié skool sluit die kapiteel van die stadswapen van Augsburg, Duitsland, in.

4.3.4 Fonies-assosiatief

Die vierde en laaste kategorie van pragmatiese betekenis is die assosiasies

wat saamhang met die klankvorm van die woord.

Hoe 'n naam klink, is deel van die naam se assosiatiewe betekenis, 'n kenmerk wat gebaseer is op die klanksimbool van 'n taal enersyds en die klankspesifiekheid van tale andersyds.

Klanksimbool is die produk van assosiasies tussen sekere klanke en effekte wat veral in die poësie gebruik word om sekere positiewe of negatiewe konnotasies uit te beeld. Die voorvokale *e* en *i* word bv. met fynheid, vlugheid, helderheid, oopheid, ens. geassosieer en die agtervokale bv. *o* en *u* suggereer lompheid, dofheid, traagheid, donkerte, ens. Ook konsonante word as *donker* (labiale en velêre) en *helder* (dentale en palatale) klanke beskryf (Wellek & Warren 1978:162). Dié assosiasies sou 'n rol kan speel by die skep van 'n skoolnaam om positiewe konnotasies te vorm. Die *Laerskool Susiedear* se naam is 'n sprekende voorbeeld van effektiewe klanksimbool. Die opeenvolgende dentale frikatiewe [s] in kombinasie met die hoë voorvokaal [i] skep 'n sagte, sussende geluid wat die fynheid, teerheid van die kind oor wie dit eintlik hier gaan, treffend uitbeeld. Vgl. ook 5.5.9.

Dié klanksimbool geld vir alle tale met dié klanke, sinestetiese kombinasies en assosiasies en is volgens Wellek en Warren (1978:162) akoesties toetsbaar. Elke taal het egter sy eie foneemstelsel met eiesoortige vokaal- en konsonantkombinasies, d.w.s. sekere klankkombinasies word met Afrikaans geassosieer en ander klankkombinasies met Engels óf isiZulu óf Setswana. Dié klankspesifiekheid word gereflekteer in skoolname wat bv. verafrikaanste toponieme as ontstaansmotief het bv. *Messina* < Venda *musina*; *Mariëpskop* < Marepe; *Kuruman* < óf Khoekhoens óf Setswana.

Die meeste skoolname reflekteer egter die oorspronklike tale volgens die spelvorm, wat die multilinguistiese aard van die name van Afrikaanse skole bevestig. Namé uit inheemse tale, Engels, Portugees, Nederlands, Duits, Frans ens. word in 4.3.3.4 bespreek.

Uit die beskikbare data blyk dit nêrens dat 'n skoolnaam op grond van enige fonies-assosiatiewe waarde toegeken is nie. Die fonies-assosiatiewe betekenis van skoolname kan egter van etimologiese waarde wees vir die kenner van 'n brontaal se klankstelsel om die ontstaansmotief van 'n leksikaal ondeur-

sigtige naam na te spoor. Vgl. die herkoms van *Groot Marico* in Bylaag H.

4.4 SAMEVATTING

Volgens bg. bespreking is dit duidelik dat die betekenis van die eienaam (skoolnaam) vanuit 'n ander hoek benader is. Van Langendonck (1979:181-194) se betekenisparadoks staan hier sentraal. Die kern van die saak is dat daar onderskei word tussen twee soorte betekenis: konsepsueel en pragmaties. Konsepsuele betekenis is inherent aan die taalelement self, maar die pragmatiese betekenis word gevorm deur middel van assosiasies met 'n betrokke skoolnaam. Waar die skoolnaam inboet wat konsepsuele betekenis betref, swaai die skaal sterk ten gunste van pragmatiese betekenis en word vir die leksikale *leegheid* van eiename vergoed deur die uitbreiding van semantiese inhoud.

Omdat die skoolnaam 'n naam is wat die belange, denke, waardes ens. van 'n gemeenskap weerspieël, spreek dit vanself dat die gemeenskapskenmerke in die breedste sin daarin weerspieël sal wees. Daarom vind affektiewe, geslags-, ideologiese, kulturele en ook linguistiese kenmerke van die gemeenskap neerslag daarin.

HOOFSTUK 5

NAAMSVERANDERING

HOOFSTUK 5

NAAMSVERANDERING

5.1 INLEIDING

Die primêre doel met naamgewing is om die referent se identifikasie bekend te maak (Meiring 1983:183). Daarom kan geredelik aanvaar word dat 'n naam redelike aard van permanensie moet hê.

Dit sou verwarring in die hand werk as die verandering van name die reël eerder as die uitsondering sou wees. Omdat die samelewing nie staties is nie, maar 'n dinamiese aard vertoon, spreek dit vanself dat daar name is wat nie net a.g.v. persoonlike smaak nie, maar ook uit praktiese oorwegings sal verander.

Die agtergrondbeskrywing van 'n naam asook die houdings van mense teenoor 'n spesifieke naam is belangrike faktore wat naamsverandering ten grondslag lê en kom in hierdie hoofstuk ter sprake. Uit die navorsingsgegevens blyk dit dat die name van skole veral om twee basiese redes verander nl. praktiese en emotiewe oorwegings. Hierdie redes word aan die hand van sekere skoolname volledig bespreek.

5.2 AGTERGRONDBESKRYWING EN HOUDING

Wanneer 'n naam aan iemand gegee word, is dit wat agtergrondbeskrywing betref, nie leeg nie. Gestel bv. 'n kind word *Piet* na sy pa genoem, sal die feit dat hy *seun van Piet* is, op 'n spesifieke dag en datum gebore is, reeds deel van dié naam se agtergrondbeskrywing uitmaak.

Agtergrondbeskrywing bly nooit staties nie, is nooit volledig of voltooi nie, maar groei voortdurend soos die naam aan semantiese inhoud toeneem. Semantiese inhoud of agtergrondbeskrywing, kan oorwegend positief of negatief wees afhangend van wie die evaluering maak; m.a.w. wat die spreker/hoorder se persepsies van die referent is. 'n Naam is meer as 'n teken; daar word ekstra-linguistiese kwaliteite daaraan toegedig, want die *betekenis* van 'n naam is 'n persoonlike saak - elke mens evalueer 'n naam volgens sy persoonlike ervaring daarmee. Name wat gestigmatiseer raak, het hier betrekking.

Met die verskuiwing van die politieke horisonne van die Nasionale Party van 'n konserwatiewe na liberaler siening, spreek dit vanself dat veral 'n naam soos dié van wyle dr. H.F. Verwoerd wat met die apartheidsideologie geassosieer word, sensitiewe waarde in sommige geselskappe verkry het en selfs gestigmatiseer geraak het. Hierdie stelling word gestaaf deur 'n brief wat 'n leser aan Beeld geskryf het waarin daar voorgestel word dat Verwoerdburg se naam verander word aangesien dit vernoem is na 'n partypolitieke figuur wie se gewildheid in die nuwe Suid-Afrika steeds gaan verander (Beeld: 28 Maart 1990).

Teenoor hierdie standpunt is daar 'n groep mense ten gunste van die status quo. Of die naam verander gaan of sal word, sal daarvan afhang in watter mate die naam aan negatiewe konnotasies *gegroe* het, wie die besluitnemingsmag het en watter rol die gemeenskap speel.

Name wat onveranderd bly, impliseer dat dit die algemene goedkeuring van die samelewing wegdra, terwyl name wat verander, impliseer dat die ou naam ongewens was, om watter rede ook al.

Wanneer 'n regering van 'n land vervang word, hetsy op demokratiese of revolusionêre wyse, word veral amptelike name, waaronder ook skoolname, aangrypend geraak. Die natuurlike uitvloeisel hiervan op naamgewingsgebied is dat 'n *nuwe* regering of orde sy stempel afdruk deur amptelike name só in te kleur dat daar geen twyfel sal bestaan oor wie aan bewind is nie. Dit geskied deurdat nuwe beleid geformuleer word waarvolgens bestaande name verander mag/moet word en nuwe name volgens die nuwe beleid gegee word - *'n nuwe naam is 'n aanduiding van 'n nuwe vertrekpunt*. Die polemieë rondom die naam van Strijdomplein in Pretoria is 'n goeie voorbeeld hiervan. Ook die staat se damme gaan die nuwe bedeling in Suid-Afrika nie vryspring nie. Die Nasionale Advieskomitee oor die Benaming van Staatswaterskemas het aan die Minister van Waterwese en Bosbou, mnr. Kader Asmal, berig dat apartheidspolitici se name van die staat se damme gaan verdwyn want taal-, kulturele en geslagsongelykhede in die naamgewing van waterskemas moet reggestel word (Beeld: 2 Augustus 1994). Hierdie is waarskynlik slegs die punt van die spreekwoordelike ysberg omdat daar reeds in verskeie streke stemme opgaan vir die verandering van name wat met *geïnstitutionaliseerde apartheid* verbind word.

Volgens 'n berig in die Pretoria News van 1 Maart 1990 het mnr. Robert Mugabe na sy bewindoorname in Zimbabwe (Rhodesië) straatname laat verander en na hom laat vernoem in al die hoofdorpe en stede in Zimbabwe. Die motivering in hierdie geval was om alle tekens van kolonialisme uit te wis. Koloniale name wat aanstoot gegee het, is vervang met dié van revolusionêre helde. Hoe heftiger die revolusie, hoe radikaler is die naamsveranderingsproses. Hierdie tendens, hoewel tans nie so ingrypend nie, is baie duidelik af te lees in die opeenvolgende name van sekere skole in die Republiek van Suid-Afrika.

Die houdings teenoor 'n naam kan op 'n kontinuum van positief na negatief voorgestel word:

+5	+4	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	-4	-5
Pos									Neg	

waar die waarde 0 'n neutrale houding reflekteer, +5 baie positief en -5 baie negatief. Hoe hoër die negatiewe waarde, hoe waarskynliker is dit dat naamsverandering sal plaasvind.

Daar sal verder hierop ingegaan word onder *Gestigmatiseerde skoolname* in hierdie selfde hoofstuk.

5.3 BOTSSENDE SOSIALE FAKTORE WAT NAAMGEWING BEÏNVLOED

Name in die algemeen, waar dit gaan om die sentimente van 'n volk, is tans in die nuwe Suid-Afrika, 'n hoogs aktuele en sensitiewe aangeleentheid.

'n Aangeleentheid wat tans ook sterk onder die soeklig val, is name wat sensitiewe waarde gekry het as gevolg van die klem op rasseklassifikasie. Dr. Lucie Möller van die Naamkundesentrum by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing sê tereg in *Beeld* van 23 November 1992: "... name is sensitiewe simbole gelaai met emosies". Volgens dr. Möller is die woord *kaffer* in plekname reeds op groot skaal verander. Die name *Hottentot* en *Boesman* gee ook volgens haar navorsing tans baie aanstoot behalwe wanneer die terme as komponente van plekname voorkom. Name word wêreldwyd verander sodra 'n nuwe regering oorneem en dit is histories 'n goeie barometer van 'n gemeenskap se gevoelens.

Skole met name van hierdie aard is gelukkig in die minderheid en sover vasgestel kon word, is van dié skole se name reeds verander. Die *Laerskool President Van Rensburg*, Kafferskraal, Transvaal, het eers bekend gestaan as die *Laerskool Kafferskraal*. Ander skole met sensitiewe name is:

Hoërskool Hottentotsholland, Somerset-Wes, Kaap
Hoërskool Boesmanland, Pofadder, Kaap

Die *Primêre Skool Kafferrivier*, Bloemfontein, (nie in die data), se naam mag dalk al verander wees na die polemiekie in die pers, veral Die Volksblad, oor dié gebied, waarna die skool vernoem is, se naam. In 'n hoofberig op 31 Augustus 1992, word berig dat die Nasionale Party jare gelede reeds die voorbeeld gestel het deur die woord *kaffer* uit die amptelike woordeskat te weer. Vir 'n rukkie is amptelik na *naturelle* verwys, toe na *Bantoes*. Deesdae word *swartes* nog algemeen gebruik, maar in die wetboek het die ook reeds verdwyn.

Die Volksblad berig verder dat realiste besef dat sekere name vorentoe gaan verander. As alles wat aanstoot kan gee uit die verlede verwyder word, kan 'n toekoms in Suid-Afrika gebou word. Daar word gehoop dat ou name nie sal hoef plek te maak vir nuwe name wat aanstoot gee nie. Terselfdertyd het ordentlike mense ook die reg om te eis dat standbeelde en monumente nie op barbaarse wyse omgeskop of vernietig gaan word soos elders in Afrika en die gewese Sowjet-Unie nie (Volksblad: 31 Augustus 1992).

Daar moet darem 'n lansie gebreek word vir die gemeenskappe wie se skole tans met onaanvaarbare name opgesaal is. Dié skole is, in ooreenstemming met huidige Departementele beleid, vernoem na óf die plaas óf die gebied waar die skool geleë is en dié name is gewoonlik lank voor die bestaan van sodanige skole toegeken.

'n Volgende geval wat ook in die spervuur mag kom, is die naam van die *Blanke Primêre Skool Witsieshoek*, Oranje-Vrystaat. Alhoewel die woord *Blanke* slegs gerieflikheidshalwe bygevoeg is (sien die data), val dit te betwyfel of dié motivering sal stand hou in die lig van die voorgestelde nuwe onderwysbeleid.

Dit is ook belangrik dat daar besin word oor waarom benaminge vir etniese groepe

sensitiewe waarde het. Senekal (1979:50-55) klassifiseer hierdie benaminge as *skeldwoorde*. *Skel* word gedefinieer as *beledigende dinge sê* (HAT 1979:978) en *krenkende namen toevoegen, honende woorde uitien* (Van Dale 1973:837). 'n Kenmerk van skeldwoorde is dat hulle óf 'n kragtige óf 'n matige gevoel ontlaai.

Name vir volke en etniese groepe het normaalweg 'n referensiële funksie, d.w.s. hulle kan altyd ter aanwysing dien, bv. *Boer; Kaffer; Hotnot; Boesman; Koelie*. Word hierdie benoeminge egter oordelend gebruik, is daar affektiewe waarde.

In ons rasseverhoudinge is die gebruikwyse van woorde baie belangrik omdat dit veral benoeminge vir ander etniese groepe is wat refereer én evalueer. Volgens Senekal neig hierdie evaluering in 'n negatiewe rigting.

Baie van die woorde wat deesdae emosies wek, is reeds sedert die begin van die vorige eeu deur vreemde bewindhebbers in Suid-Afrika gebruik: *Cafïirs* (genl. Janssens 1803); *Caffers, natives* (graaf Caledon 1807); *Coolies* (toe lord Milner Indiëarbeiders in 1904 begin invoer het). In geskifte kom voor *Hotnosse* (Langenhoven: Die familiesaak) (Senekal 1979:55).

Benoeminge vir etniese groepe in Suid-Afrika, wat eens heel gebruiklik en vry van ekspressiewe waarde was, het in die tweede helfte van die twintigste eeu weens betekenisverandering en/of betekenisverslegting asook ten gevolge van die ideologiese beroeringe van ons tyd, *taboewoorde* geword.

Senekal kom tot die gevolgtrekking dat dít wat wat ons skel noem, basies gedragvorme en -patrone asook die menslike gesindhede en houdings is wat in hierdie verskynsels van affek uiting vind, en wissel van effense kritiek tot felle vyandiggesindheid. In dié sin is die verskynsel negatief (Senekal 1979:110).

5.4 SOSIAAL-MAATSKAPLIKE IMPLIKASIES VAN NAAMSVERANDERING

Wanneer 'n naam verander, het dit implikasies nie net vir die draer van die naam nie, maar ook vir die gemeenskap waarbinne die naam funksioneer. Indien naamsverandering in die gemeenskap 'n hoë frekwensie toon, kan dit ongekende verwarring in die hand werk. In die huidige Suid-Afrika is naamsverandering nie so alledaags soos in Amerika nie. Leonard Ashley (1989:58) haal 'n berig in die New York Post van 1978 aan: "*Changing your surname is as American as a basketball*

hoop over the garage door, as green money, as sliced bread, as competitive overeating".

Ook in Brittanje het naamsverandering 'n lang geskiedenis, selfs die koningshuis het dit nie ontkom nie. Dit was, volgens Ashley (1989:59) nie die betekenis van Saxe-Coburg-und-Gotha wat die koningshuis genoep het om dié naam na Windsor te verander nie, maar anti-Duitse sentiment. So het ook die afstammelinge van koningin Victoria - prins Phillip en die koningin - hulle van om dié rede verander van Battenberg na Mountbatten.

Beide Meiring (1988:200) en Ashley (1989:59) is dit eens dat om 'n naam te verander nie beteken dat negatiewe agtergrondbeskrywing daardeur uitgewis word nie, want die nuwe naam sluit alle konnotasies wáárom die naam verander het in.

Ontstaansmotiewe by naamgewing en naamsverandering het dieselfde basis nl. erkenning aan iets of iemand of die uitdrukking van 'n wens of 'n ideaal. Op 31 Mei 1961 het Die Unie van Suid-Afrika 'n republiek buite die Statebond geword onder leierskap van wyle dr. H.F. Verwoerd. Adv. C.R. Swart, die laaste Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika, is tot die eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika aangewys. Die oplewing van nasionalisme en nasietrots wat met hierdie historiese gebeurtenis gepaard gegaan het, het neerslag ook in die skoolname gevind met name soos:

Primêre Skool H.F. Verwoerd (Kimberley, Kaap)

Hoërskool Verwoerdburg (Pretoria)

Laerskool Staatspresident C.R. Swart (Middelburg, Transvaal)

Hoërskool Staatspresident C.R. Swart (Pretoria)

Binne dié historiese konteks was die name van die staatsmanne nie net aan die orde van die dag nie, maar gewens. Die huidige politieke verwickelinge in Suid-Afrika sal noodwendig 'n invloed uitoefen op die gee en verandering van name, ook wat skole betref, want naamgewing is 'n refleksie van die sosiologiese, politieke en kulturele klimaat in 'n land en is juis daarom onderhewig aan verandering.

So berig Liesl Louw in Beeld van 2 Februarie 1993 dat die bohaai rondom die moontlike naamsverandering van die H.F. Verwoerd Hospitaal in Pretoria groot

onsekerheid veroorsaak by die staatsinstellings wat vir die hospitaal verantwoordelik is. Volgens die Transvaalse Provinsiale Administrasie berus die besluit oor naamsverandering by die Departement van Nasionale Gesondheid, wat vanaf 1 April 1993 vir die hospitaal verantwoordelik is. Volgens dié departement sal die Provinsiale Administrasie steeds oor *administratiewe kwessies* soos naamsverandering moet besluit.

Ook die Universiteit van Pretoria se fakulteit geneeskunde bepleit die verandering.

Volgens Beeld het hierdie kwessie ook opnuut gevoelens gaande gemaak oor ander instellings soos die biblioteek van die Randse Afrikaanse Universiteit wat nog amptelik die Hendrik Verwoerd Biblioteek heet, hoewel talle studente teen die naam gekant is.

'n Borsbeeld van die eertydse Minister is maande gelede al uit die biblioteek verwyder en word glo *herstel*.

Die *nuwe naam* wat voorgestel word vir die H.F. Verwoerd Hospitaal, is weer die Pretoriase Algemene Hospitaal, soos voor 1961 toe dr. Verwoerd se lewe in dié hospitaal gered is ná 'n aanslag op sy lewe en die hospitaal daarna na hom genoem is.

Prof. Willie Esterhuyse, hoogleraar in filosofie en politieke kenner, is van mening dat die verander van *emosioneel belaaide* name en simbole noodsaaklik is in die demokratiseringsproses: "*As die naam van 'n gebou tussen my en vrede en demokrasie staan, dan verander ek dit.*" (Aangehaal deur Beeld: 2 Februarie 1993).

Mnr. Carl Niehaus, 'n woordvoerder van die African National Congress het in dieselfde uitgawe van Beeld gesê dat name van openbare plekke in die nuwe bedeling nie halsoorkop verander sal word nie. Name moet mense eerder saamsnoer as verdeel. Volgens hom voel die African National Congress sterk oor name wat spruit uit die era van apartheid en wat vir die meeste Suid-Afrikaners aanstoot gee.

Waar die nuwe Suid-Afrika gekenmerk word deur 'n multi-nasionale kultuur, sal dit beslis baie interessant wees om te sien hoe dit die naamgewingsproses, en dan

spesifiek t.o.v. skole, in die toekoms gaan raak.

'n Verblydende teken is dat die nuwe regering beoog om so wyd moontlik met plaaslike gemeenskappe en provinsiale regerings te beraadslaag in sy oorweging van nuwe name. Dit blyk ook dat die vernoeming na lewende mense, en dan met spesifieke verwysing na die hernoeming van die staat se damme, nie groot byval vind nie (Beeld: 2 Augustus 1994).

5.5 VERANDERING VAN SKOOLNAME

Soos reeds in die inleiding van hierdie hoofstuk aangedui, word die name van skole hoofsaaklik om praktiese en emotiewe redes verander.

Daar is enkele hoofmotiewe uit die naamsveranderings blootgelê. Waar sommige skole meer as een keer van naam verander het, kom meer as een motief in die veranderingsgeskiedenis voor. Die *Hoërskool Die Burger*, Roodepoort, Transvaal, kan hier as 'n goeie voorbeeld dien vgl.:

Datum	Naam	Motief
05.08.1902	<i>Newlands Central Government School</i>	Engelsmedium
20.07.1921	<i>Newlands English Medium Government School</i>	
25.02.1935	<i>Newlands Intermediate School</i>	Afstigting
1942	(Verander na Afrikaans-mediumskool)	
08.01.1952	<i>Newlands Hoërskool</i>	Hoërskoolstatus
18.11.1957	<i>Hoërskool Die Burger</i>	Simbolies*

- * In 1956 word daar bespiegel oor naamsverandering. Die destydse skoolhoof, mnr. L. Wildenboer, wou baie graag die naam *Die Transvaalse Burger* gehad het, gekoppel aan die gedagte van *Burger* m.b.t. *Burger van die land*. Die Transvaalse Onderwysdepartement keur die naam *Hoërskool Transvaalse*

Burger af en daar word besluit op die naam *Hoërskool Die Burger*, wat op 18 November 1957 amptelik in gebruik geneem word. "Ons voorvaders was burgers van die Republieke van Transvaal en Oranje-Vrystaat en burgerskap het verlore gegaan in 1902 - die ontstaansjaar van hierdie skool." (Skrywe van mnr. C.O. Immelman: 4 April 1990).

Uit bogenoemde gegewens kan afgelei word dat praktiese en emotiewe motiewe vir naamsverandering mekaar afwissel. Skoolnaamgewing in Suid-Afrika is afwisselend gedomineer deur 'n Engelse, Nederlandse en Afrikaanse kultuur. Wanneer 'n moondheid 'n gebied beset of verower, bevind hy hom in 'n vreemde kulturomgewing. Om in harmonie met die omgewing te kan leef, is dit nodig dat dit in 'n simpatieke kulturomgewing omskep word. Daarom word bestaande name na name verander wat vir hom bekend is en hom, met ander woorde, laat *tuis* voel. Hierdie herskeppingsproses gaan dikwels gaan dikwels gepaard met 'n dramatiese ingreep op die bestaande orde wat in die reël nie baie gewild is nie (Oberholster 1987:55). Die Engelse golf wat in die negentiende en vroeë twintigste eeu oor Suid-Afrika gespoel het, kan in die volgende skoolname opgemerk word:

Sutherland Secondary

Tarka Public School

Welfare Park School

Public School Kopjes

Die opkoms van Afrikaner Nasionalisme, veral na die Anglo-Boereoorlog, het as reaksie teen veral die Engelse beleid, daartoe aanleiding gegee dat bg. name, toe die geleentheid hom voorgedoen het, verander is na:

Hoërskool Sutherland

Hoërskool Tarkastad

Laerskool Suidheuwels

Hoërskool Sarel Cilliers

Dit kom ook voor dat 'n skool van ligging verander en dan ook 'n nuwe skoolgebou betrek, wat dus twee verskillende motiewe kan veronderstel. Aan die anderkant kan 'n nuwe skoolgebou betrek word, sonder dat van ligging verander word ens.

Daar is gepoog om so ver as moontlik hoofmotiewe vir die bespreking uit te lig en, omdat die ondersoekterrein so wyd is, slegs met enkele voorbeelde toe te lig.

5.5.1 Verandering van ligging

Dit is gewoonlik die praktyk dat indien 'n skool van ligging verander, die naam ook verander. Waar 'n skool bv. die naam van 'n plaas dra, sal dié plaasnaam in 'n nuwe omgewing irrelevant wees. Die saak is egter nie so eenvoudig nie vgl.:

* Die *Laerskool Protearif* in Rustenburg, Transvaal, kan hier as 'n baie goeie voorbeeld dien. Die skool het voorheen bekend gestaan as die *Kromdraaise Laerskool*. Met die proklamering van die woongebied Protearif, is die skool daarheen verskuif. Die destydse Skoolkomitee het op 22 Mei 1963 'n brief aan die Skoolraad gerig waarin hulle 'n motivering voorgelê het vir die behoud van die skool se naam. Die volgende redes is aangevoer:

1. *Groot uitgawes is aangegaan i.v.m. die huidige skooldrag. 'n Groot aantal kleurbaadjiewapens is nog steeds in voorraad wat nutteloos sal word as die skool se naam verander.*
2. *'n Verandering van naam sal vir die Departement en skool groot en onnodige finansiële uitgawe teweegbring i.v.m. die verandering van kantoorvoorraad en bestaande rekords bv. Ed.Lab.-kaarte, lêers, mediese kaarte, briefhoofde, rapporte, promosiestate, puntestate, stempels ens.*
3. *Hier is ook 29 silwer trofeë wat permanent in die skool gehuisves word en ongeveer 10 wisseltrofeë wat gereeld deur hierdie skool op die gebied van atletiek, korfbal en voetbal verower was. Die kontinuïteit hiervan sal eensklaps gestaak word wat 'n jarelange tradisie op dié gebied sal verbreek.*

'n Tradisie wat deur baie jare se harde werk opgebou is, is gekoppel aan die naam Kromdraai wat verlore sal gaan met 'n nuwe benaming.

Die antwoord van die Departement hierop was: ... *dat die bogemelde skool - Protearif - (bestaande **Kromdraaise Laerskool**) opgehef word sodra die geboue vir die nuwe skool wat ingestel is om die gebied van die Oaktree Landbouhoewes en die Protea Ridge te bedien en die leerlinge van die huidige Laerskool Kromdraai te huisves, voltooi is. Die nuwe skool is bygevolg nie 'n vervangende gebou vir die bestaande **Laerskool Kromdraai** nie."*

Die behoud van bestaande skoolname al dan nie, is duidelik 'n beleidsaangeleentheid wat waarskynlik volgens meriete gehanteer word. Daar is reeds in Hoofstuk 2 oor Beleid by Naamgewing daarop gewys dat indien, soos deur die Departement voorgestel, die ou skoolnaam op sekere voorwerpe behoue bly, dit verwarring in die hand werk.

5.5.2 Nuwe skoolgebou

Verskeie skole wat van naam verander het omdat hulle nuwe geboue betrek het, was in voorafvervaardigde geboue gehuisves. Sodra die nuwe skoolgebou betrek word, skep dit geleentheid om die skool se naam te verander vgl.:

- * Die *Hoërskool Hentie Cilliers*, Virginia, Oranje-Vrystaat, het voorheen as *Die Hoërskool Virginia* bekend gestaan. Toe die nuwe skoolgebou voltooi is, is dit vernoem na die eerste skoolhoof van die permanente gebou, mnr. Hentie Cilliers.
- * Die *Laerskool David Brink*, Rustenburg, Transvaal, voorheen genoem *Die Ooskool*, Rustenburg, is by voltooiing van die nuwe gebou vernoem na mnr. David Brink, LUK.

Wat ook gebeur, is dat wanneer 'n dorp oor slegs 'n laerskool beskik en geleidelik groei ondervind, word slegs 'n eerste fase van 'n hoërskool

ingestel, bv. van st. 6-8. Dit kan dan gebeur dat dié geboue tydelik opgerig word en sodra aan die vereistes vir 'n volwaardige hoërskool voldoen word, word 'n nuwe gebou opgerig wat benoem moet word:

- * Die *Hoërskool Eric Louw*, Messina, Transvaal, was sedert 1952 deel van die *Messina Groep II Skool*; vanaf 1959 *Die Messinase *(sic) Hoërskool* en toe die nuwe gebou in 1962 betrek is, is dit vernoem na dr. Eric Louw, die destydse Minister van Buitelandse sake nl. die *Hoërskool Eric Louw*.

5.5.3 Verwarring

Die verwarring waarvan hier sprake is, spruit hoofsaaklik voort uit 'n homonimiese relasie tussen die bestaande skoolnaam en 'n skool, dorp, gebied ens. se naam.

Die probleme waarmee die skole te kampe gehad het, was veral dat posstukke verlore gegaan of rondgeswerf het.

'n Groot probleem is twee skole, 'n hoër- en laerskool met dieselfde name in dieselfde dorp.

Verwarring het ook voorgekom wanneer daar afsonderlike skole met dieselfde naam vir verskillende bevolkingsgroepe in 'n gebied voorgekom het vgl.:

- * *Laerskool Akasia*, Pretoria-Noord, Transvaal, voorheen *Winternest Laerskool* - verwar met die naaste buurskool, *Winternest Bantu School*. Posstukke en ander afleweringe het probleme veroorsaak.
- * *Laerskool Soutpansberg*, Louis Trichardt, Transvaal, voorheen *Louis Trichardt Tweede Laerskool* - verwar met die eerste laerskool.
- * *Laerskool Hoekwil*, Olifantshoek, George, voorheen *Olifantshoek Laerskool* - verwar met Olifantshoek in Noord-Kaap.
- * *Witsieshoek Blanke Primêre Skool*, voorheen *Witsieshoek Volksskool* - verwarring het ontstaan met die totstandkoming van die voormalige Qwa

Qwa. Die Posstukke het vir maande rondgeswerf.

- * Die dorp Sishen is as Dingleton, 'n bruin woongebied, verklaar. Pos en aflewering het 'n probleem geword. Die blanke woondorp het as Kathu bekend gestaan en die skool is gevolglik na dié van die dorpie vernoem, van *Hoërskool Sishen* na *Hoërskool Kathu*.

In Transvaal is daar 11 skole, uit die Kaap 12 skole en uit die Oranje-Vrystaat 2 skole uit die beskikbare data wat name verander het omdat die bestaande name met ander verwar is.

Die probleem kom selfs voor waar skole met dieselfde naam in verskillende dorpe of provinsies voorkom. Daar is bv. twee skole in die Transvaal met die naam Frikkie Meyer, 'n hoërskool in Thabazimbi en 'n laerskool in Vanderbijlpark. Selfs al is hierdie skole in verskillende dorpe bestaan daar verwarring as dit by die aflewering van posstukke kom.

Polisemantiese skoolname skep probleme en moet dus sover moontlik vermy word.

5.5.4 Sentralisasie

Volgens Coetzee (1975:143 en 326) is daar aan die einde van die vorige eeu in die Vrystaat en veral sedert 1934 in Transvaal, daadwerklik pogings aangewend om die kwaliteit onderwys aan die kind op die platteland te verbeter. Probleme waarmee die mense in afgeleë gebiede te kampe gehad het, was swak toegeruste onderwysers by die kleiner plaasskole en armoede.

Daar is koshuise by sentrale punte gebou en beurs- en vervoerskemas ingestel. Dit het tot gevolg gehad dat baie van die kleiner plaasskole gesluit het toe die leerlinge na die sentrale skole gegaan het. By sommige van die skole wat sentraal geleë was, is koshuise opgerig om aan die nuwe beleid gestalte te gee. Vgl. die volgende:

- * *Die Laerskool Alma*, Transvaal - eers *Alma Sentrale Skool*.

Die Laerskool Boons, Transvaal, eers *Boons Sentrale Skool*.

5.5.5 Verering/Erkenning

Verering as motief vir naamsverandering toon die hoogste frekwensie. Die persone wat vereer is, varieer van beeldhouer tot Boereheld, van Eerste Minister tot mediese dokter. 'n Statistiese ontleding van verering of erkenning as motief vir skoolnaamsverandering toon ondubbelsinnig die voorkeure van die gemeenskappe in die onderskeie provinsies aan as dit kom by die intensionele verandering van skoolname ter wille van verering of erkenning vgl.:

	Tvl	Kaap	Ovs	Natal
Beeldhouer	1	-	-	-
Boereheld	6	-	-	-
Historiese figure	11	2	3	4
Kinderheld	1	1	1	2
Mediese dokter	1	-	-	-
Militêre figuur	1	-	-	-
Onderwysfiguur	7	10	7	-
Plaaseienaar	2	-	-	-
Politici	12	8	10	-
Predikant	1	1	-	-
Skenker van grond	1	-	-	-
Skilder	1	-	-	-
Skrywer/digter	3	2	-	-
Vroue van politici	2	-	-	-

Enkele interessante gevalle is die volgende:

- * Die *Laerskool Rodora*, Randgate, is vernoem na mnr. P.J. Rousseau wat hoof was van die skool. Die naam is saamgestel uit twee name: Rousseau + Dorothea - sy dogtertjie se naam. Die kind is op 7-jarige leeftyd oorlede nadat 'n noodoperasie op haar in die hoof se woning uitgevoer is. Die emotiewe impak van hierdie gebeurtenis was so aangrypend dat dit aanleiding tot die naamsverandering gegee het van *Doornfontein 39 Government School* na *Laerskool Rodora* in herinnering aan Dorothea Rousseau.

- * 'n Oujongkêrel, mnr. Jan van Vuuren, het die grond waar die *Laerskool Jan van Vuuren* gebou is, geskenk op voorwaarde dat dit uitsluitlik 'n blanke skool sal wees. Dit het voorheen bekend gestaan as *Koedoesfontein Laerskool*.
- * *Laerskool Dirkie Uys*
Norwoodse Afrikaanse Medium Skool nadat 'n groepie Afrikaanse leerlinge van *Norwood Primary School* na dié skool oorgekom het;
Orchards Afrikaans Medium Skool toe die nuwe skoolgebou in die voorstad Orchards opgerig is; na 'n plaaslike kompetisie is besluit om volkshelde te vereer en is die skool *Laerskool Dirkie Uys* genoem.

5.5.6 Amalgamasie

Skole amalgameer om verskillende redes. Die twee belangrikste redes word hieronder bespreek:

5.5.6.1 Skole van dieselfde aard

- * Die *Laerskool J.J. van der Merwe* op Ermelo, Transvaal, het ontstaan uit twee *Goewerment*-skole op die dorp wat in 1908 geamalgameer het.

5.5.6.2 Dalende getalle

- * Die *Laer Seunskool Robertson* en die *Laer Meisieskool Robertson* in die Kaap het a.g.v. dalende getalle geamalgameer en sodoende het die *Laerskool Robertson* in 1981 tot stand gekom.
- * In 1989 het die *Hoërskool Werda* op Fauresmith en die *Hoërskool Jagersfontein* in die Oranje-Vrystaat geamalgameer a.g.v. dalende getalle en het die *Hoërskool Olien* tot stand gekom.

5.5.7 Relevansie van 'n naam

Dit is moontlik dat indien daar 'n redelike tyd verloop het sedert 'n naam aan 'n saak gegee is, die oorspronklike motief vir naamgewing heeltemal kan

vervaag. Die aanvanklike verband tussen naam en saak is dan nie bepaalbaar nie en daar ontstaan gevolglik die behoefte aan 'n meer relevante identifikasie vgl.:

- * Die *Laerskool Kruinsig* in Kempton Park, Transvaal, het eers as die *Laerskool Aston Nimrod* bekendgestaan. Die naam was nie populêr nie, omdat daar, volgens die respondent, geen verband tussen dié naam, die omgewing of die woonbuurt was nie.
- * Vir die *Hoërskool Bastion* in Roodepoort, Transvaal, is tradisie baie belangrik. Die vorige naam, die *Hoërskool Mindalore*, was maar net nog 'n naam, 'n naam met geen tradisie nie. Gevolglik is dit nodig geag om 'n naam met tradisie te skep waarop voortgebou kon word. Binne dié konteks is die sportspanne van die skool vernoem na die punte van die kasteel in Kaapstad nl. *Oranje, Buren, Nasou* en *Leerdam*. Die leerlingraad staan bekend as die *Heemraad* en die hoofleiers is *Hofmeester* en *Hofdame*. Die skoolkoerant staan bekend as *Het Katje*. (Vgl. ook 4.3.1)

5.5.8 Taalmedium verander

Wanneer 'n skool wat Engelsmedium of selfs dubbelmedium-onderrig aangebied het, op 'n later stadium oorwegend uit Afrikaanssprekende leerlinge bestaan, gebeur dit dat so 'n skool se medium van onderrig uitsluitlik Afrikaans kan word. Hierdie verskuiwing skep in sommige gevalle die behoefte na 'n verandering van naam omdat die vorige bedeling in die bestaande naam gereflekteer is, 'n beeld wat nie meer die ware toedrag van sake weergee nie vgl.:

- * Die *Laerskool Dagbreek* in Port Elizabeth, Kaap, het eers bekend gestaan as *Laerskool Sentraal/Central Primary*. Dit het oorgeskakel na Afrikaansmedium en die Engelse leerlinge is oorgeplaas na *Albert Jackson Primary*, vandag *Greenwood Primary*.
- * Die *Primêre Skool Saamwerk*, in Natal, voorheen die *South Coast Junction Government School*, het 'n Afrikaansmedium skool geword en moes gevolglik 'n naam kry wat by die skool se karakter pas.

5.5.9 Grafiese/Fonologiese besware

Wanneer skoolname te lank en lomp is, kan dit fonologies steurend wees en ook baie ongerief veroorsaak, veral administratief. Hieronder volg twee tipiese gevalle waar skole hulle name gerieflikheidshalwe verander het:

- * *Die Pretoriase Skool vir Kuns, Ballet, Musiek en Drama* is 'n dubbelmediumskool: *Pretoria School of Art, Ballet, Music and Drama*. Dié naam is so gebruik van 1969 tot 1987 en is toe verander na *Pro Arte* (vir die kunste) wat baie korter en steeds beskrywend genoeg is. Die skool is tans geamalgameer met die *Hoërskool Alphenpark* en staan bekend as die *Hoërskool Pro Arte Alphenpark*, Pretoria.
- * Die *Hoërskool Die Varing*, voorheen *Tweede Afrikaansmedium Hoërskool Alberton*, se naamsverandering was 'n vanselfsprekendheid as die lengte en lompheid van die vorige naam in ag geneem word.

5.5.10 Status van skool verander

Om 'n skool se naam te verander as die status of die aard van die skool verander, is logies sodat die nuwe status of aard in die bestaande naam gereflekteer word. Soms is van die geleentheid gebruik gemaak om die naam totaal te verander om sodoende 'n persoon te vereer d.m.v. die nuwe naam vgl.:

- * Die *Laerskool Denneoord* in George, Kaap, was eers bekend as *Die Eiland Voorbereidingskool*. Met die verkryging van laerskoolstatus is die naam na die huidige verander.
- * Die *Primêre Skool Emily Hobhouse* op Hobhouse in die Oranje-Vrystaat, was eers die *Sarel Cilliers Hoërskool*. Weens dalende getalle is die skool afgegradeer na 'n primêre skool.
- * Die *Hoërskool Die Kruin* het sedert Januarie 1975 verander van studierigting en ook van naam. Dit was sedert 1943 *Die Afrikaanse Hoër Handelskool* en bied vanaf 1975 die vakke Kuns, Musiek, Ballet en Drama aan.

5.5.11 Omgewingsinvloed

Hierdie motief sluit in wese aan by 5.4.7 aangesien die bestaande skoolnaam die skool en gemeenskap nie meer tevrede stel nie a.g.v. die irrelevansie daarvan. Die verskil is egter dat hierdie kategorie name bespreek wat uitsluitlik verander is om 'n hegte verband tussen naam en omgewing tot stand te bring vgl.:

- * Die *Laerskool Duvhapark* by Witbank, Transvaal, eers genoem *Witbank Sesde Laerskool*, is geleë in 'n Eskom dorpsgebied. Om 'n hegte verband tussen die skool se naam en die omgewing tot stand te bring, is die naam verander. *Duvha* is die Siswati woord vir energie wat in noue verband staan met die krag wat deur Eskom opgewek word.
- * Die *Laerskool Platina*, Thabazimbi, Transvaal, was eers vernoem na die plaas waar sowel die skool as 'n platinamyn geleë is nl. *Swartklip*. Die algemene mening was dat die verband tussen die myn en die skool hegte is en daarom is die naam verander.
- * Die *Hoërskool Stellenberg*, Parow, Kaap, se vorige naam, die *Hoërskool Stellenryk*, was 'n naam wat deur die Onderwysdepartement aan die skool toegeken is. *Stellenryk* is slegs 'n deel van die groter, bekender woongebied, *Stellenberg*. *Stellenberg* daarenteen, het 'n historiese verband met die plaasnaam *Stellenburg*, soos oorspronklik in 1705 geregistreer in die naam van ene Johan Blessius.

5.5.12 Gestigmatiseerde skoolname

Die HAT (1979:1080) gee die betekenis van die woord *stigma* aan as *Brand-, skandmerk; skandvlek*. Daar kan dus aanvaar word dat 'n naam wat gestigmatiseer geraak het, om watter rede ook al, 'n *skandvlek* volgens die persepsies van die gemeenskap dra. Die belangrikste redes waarom skoolname a.g.v. 'n stigma verander is, word uitgelig en bespreek:

5.5.12.1 Omgewing

Wanneer 'n skool in 'n woongebied met 'n swak reputasie geleë is, is een van

die wyses om aan die stigma te probeer ontkom, om die naam van die skool te verander sodat die verband tussen skool en omgewing nie so ooglopend is nie. Die volgende skole het hulle name om dié rede verander:

- * Die *Laerskool Rachel de Beer* in Pretoria-Noord, Transvaal, eers die *Laerskool Wolmer*,
- * Die *Laerskool Panorama*, Witbank, Transvaal, eers bekend as die *Laerskool Riverview*.

5.5.12.2 Status

Indien die naam ongewenste beskrywende komponente reflekteer en daar van die lede van die gemeenskap is wat nie met die naam wil identifiseer nie, word die naam verander vgl.:

- * Die *Laerskool Oudtshoorn-Noord* in die Kaap het eers bekend gestaan as *Oudtshoorn-North Poor School*. Die woord *poor* in dié naam het aanleiding gegee tot die naamsverandering.

5.5.12.3 Aard van skool

In die verlede het daar 'n stigma gekleef, nie net aan tegniese skole nie, maar ook aan handelskole. Die algemene opvatting was dat dié skole net vir minder begaafde leerlinge bedoel is. Sodra die geleentheid hom voorgedoen het, gewoonlik a.g.v. die uitbreiding van studierigtings, is die naam van so 'n skool verander as die gemeenskap waarbinne die skool hom bevind, negatiewe konnotasies aan die naam geheg het vgl.:

- * Die *Hoërskool Hans Moore* in Benoni, Transvaal, eers bekend as die *Hoër Tegniese Skool Benoni* en voorheen ook *Rand East Trade School*, se naam is om dié rede verander.
- * Die *Hoërskool Strelitzia* in Uitenhage, Kaap, het eers bekendgestaan as die *Hoër Handelskool Uitenhage*, en verander die naam na dié van die woonbuurt waar dit geleë is.

5.5.12.4 Etnisiteit/Sensitiwiteit

Of die verandering waarvan hier sprake is, bloot om etniese redes gedoen is, is nie heeltemal duidelik uit die vraelys nie. Daar word egter duidelik aangegee dat die naam *Primêre Skool Klein Drakenstein* (Kaap), verander is na *Laerskool Klein Drakenstein* omdat *primêr* in die Boland onderskei tussen blanke en kleurling primêre skole - alhoewel nie op 'n amptelike basis nie.

5.5.12.5 Politieke/Historiese figure

Prof. Nic Wiehahn het in 'n radiopraatjie op 28 Desember 1992, gesê dat die beroemdheid of berugtheid van historiese figure primêr die produk is van die mens se persepsies. Die ironie daarvan is dat 'n huidige geslag sit met die positiewe of negatiewe persepsuele nalatenskap van hulle voorgeslagte. Die hewige polemië rondom die naam *Verwoerd* is binne hierdie konteks baie relevant en binne die huidige samelewing beslis nie die laaste omstrede figuur wat by naamgewing of -verandering betrokke sal wees nie.

Ook skoolname het dié lot nie vrygespring nie vgl.:

- * Die *Hoërskool Sannieshof* in Transvaal se naam is twee keer verander. Dit was eers *Sannieshof Skoolplaas*, toe verander na *Landbou Hoërskool Generaal Koos de la Rey* en tans *Hoërskool Sannieshof*. Die vernoeming na Generaal Koos de la Rey was, volgens die respondente, 'n vete tussen NAT en SAP, m.a.w. tussen die Nasionale Party en die destydse Suid-Afrikaanse Party.

Daar is duidelike onderliggende politieke strominge in sommige van die naamsveranderings te bespeur, maar dit is duidelik dat respondente nie baie geneë is om hulle daarvoor uit te laat nie.

5.5.13 **Afstigting**

Die vernaamste rede waarom skole van 'n reeds bestaande skool afstig, is getalle en taal. 'n Bestaande skool se fasiliteite kan bv. net nie meer

voorsien in die behoeftes van die leerlinge nie of daar kan genoeg leerlinge van 'n spesifieke taalgroep in 'n skool wees wat 'n eie skool regverdig vgl.:

- * Die *Laerskool Pietersburg* in Transvaal het om beide bg. redes afgestig. In 1896 ontstaan *The Pietersburg Public School*, destyds die enigste skool - hoër, laer, English & Dutch. Die Engelse leerlinge stig in 1931 af en die naam word verander na die *Pietersburg Afrikaans Medium Laerskool*. Daarna stig daar twee Afrikaansmediumskole af: *Pietersburg Noord* en *Pietersburg Oos*.
- * Die *Afrikaanse Hoër Skool*, die eerste Afrikaanse Hoërskool in Pretoria, stig in 1930 af in eenslagtige skole, *Die Afrikaans Hoër Seunskool* en *Die Afrikaans Hoër Meisieskool*, omdat die geriewe onvoldoende was vir die groter wordende getal leerlinge.

5.5.14 Historiese gebeure

Verskillende historiese gebeure het aanleiding gegee tot die verandering van skoolname vgl.:

- * Die *Laerskool Rapportryer* in Randgate, Transvaal, voorheen die *Randgate Skool*, het met die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949 besluit om die skool se naam te verander ten einde dit te koppel aan dié gebeure en ook omdat die rapportryers tydens die geleentheid op die dorp aangedoen het.
- * *Hoërskool Die Fakkels*, Johannesburg, Transvaal, eers *Turffonteinse Afrikaansmedium Junior Hoërskool* se naam is verander na aanleiding van die Fakkelloop met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument.
- * Die *Sekondêre Skool Voortrekker*, Bethlehem, en die *Gekombineerde Sekondêre Skool Sarel Cilliers*, Koppies, albei in die Vrystaat, se name is albei verander met as inspirasie die simboliese Ossewatrek van 1938.

Daar is verskeie skole waarvan die motiewe vir naamsverandering nie duidelik of glad nie bekend is nie. Slegs die ooglopendste motiewe is hierbo be-

spreek en toegelig.

5.6 SAMEVATTING

Die bespreking in hierdie hoofstuk berus op die standpunt dat naamsverandering 'n handeling is wat voortspruit uit veral twee hoofmotiewe, nl. sosiale en pragmatiese motiewe.

Eerstens, reflekteer baie name binne 'n land of gemeenskap wat die houding teenoor 'n bestaande orde is. Negatiewe houdings hierteenoor sal noodwendig tot naamsverandering lei omdat name en instellings wat 'n ongewenste orde weerspieël op die een of ander manier aanvaarbaar gemaak moet word. Om 'n naam te verander is die vinnigste manier want houdings verander nie maklik en gou nie.

Tweedens, word name ter wille van organisatoriese motiewe verander. 'n Naam, veral die skoolnaam, moet duidelik aantoon waarvoor dit staan, so nie moet die naam aangepas of heeltemal verander word.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN

AANBEVELINGS

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Wat dit in 'n mate maklik gemaak het om met dié groep name te werk, was dat elke voormalige provinsie se skoolname netjies in 'n lys saamgebundel is, waarin die belangrikste besonderhede oor die skole aangegee word. Belangrik vir die doel van hierdie navorsing, was die aanduiding van die taalmedium wat, alhoewel 'n taak van groot omvang, dit makliker gemaak het om die Afrikaansmediumskole te selekteer.

Histories beskou, is die korpus name soos vervat in die data, van groot belang want dit weerspieël 'n orde wat reeds vervang is. Die skoolname het deel gevorm van die voormalige blanke onderwysstelsel in die Republiek van Suid-Afrika. Tans word onderwysaangeleenthede beheer deur 'n oorkoepelende onderwysdepartement met gedesentraliseerde beheer.

Van die skole wat in die navorsing betrek is, het reeds gesluit of geamalgameer, m.a.w. die besonderhede van dié skole is in die data vasgelê vir toekomstige verwysing.

Alhoewel die *Handleiding vir Skoolhoofde* bepaal dat skole se geskiedenis geboekstaaf en by skole beskikbaar moet wees, is dit opmerklik hoe gebrekkig en onvolledig baie van die inligting is wat van skole ontvang is. Sommige skole beskik oor *geen* kennis van dié skole se verlede nie. 'n Skool se geskiedenis vorm onteenseglik deel van 'n skool se bestaan en daarom sal dit goed wees as daar weer met oorgawe hieraan aandag gegee word.

In 'n organisasie met die omvang van die Departement van Onderwys is dit gebiedend noodsaaklik dat 'n baie duidelike beleid uitgestippel word m.b.t. die gee van skoolname. Dit is ook belangrik dat benamings van verskillende tipe skole bo en behalwe eenvormigheid, ook presies sal aandui waarvoor die naam staan om verwarring uit te skakel en organisasie te vergemaklik.

Aangesien die Nasionale Pleknamekomitee 'n wakende oog hou oor die spelling van veral nuwe name, behoort daar nie te veel probleme in hierdie verband te wees nie.

Wat die name van skole in die besonder betref, moet daarteen gewaak word dat daar nie botsing tussen die belange van die gemeenskap en die gerief van die administrasie van die Departement van Onderwys bestaan nie. Daar moet, binne perke, ruimte gelaat word vir die gemeenskap se inisiatief en kreatiwiteit.

6.2 NASIONALE IDENTITEIT TEN SPYTE VAN KULTURELE DIVERSITEIT

'n Nuwe onderwysstelsel wat amalgamasie en integrasie van skole voorstaan, impliseer die skepping van 'n nuwe identiteit wat uiteindelik in skoolname gereflekteer sal word.

Löffler (1988:159) sien identiteit só: "*... when the members of a group know that they have one origin, culture, language, religion, even a common present and future*". Daar moet toegegee word dat die ideaal vir 'n nuwe Suid-Afrika sekerlik sal wees om 'n nasionale identiteit te vertoon. Word die situasie in die land egter gemeet aan Löffler se definisie van nasionale identiteit, lyk die saak alles behalwe rooskleurig.

Die volke in hierdie land het beslis geen gemeenskaplike herkoms nie, geen gemeenskaplike kultuur nie en geen gemeenskaplike geloof nie. Wat die lotsverbondenheid van die groep mense binne die land betref, kan daar bevestigend geantwoord word op 'n gemeenskaplike hede en toekoms. Die vraag ontstaan nou hoe dié diversiteite binne dieselfde gemeenskap oorbrug kan word om uiteindelik 'n nasionale identiteit teweeg te bring.

Meertaligheid is 'n uitstaande kenmerk van hierdie multikulturele bevolking. Daar word ernstig in hoë kringe gespekuleer en gedebatteer oor hoe 'n land met so 'n verskeidenheid tale, se taalbeleid daar moet uitsien.

As daar sprake is van 'n multikulturele samestelling, geld dit ook vir die verskeidenheid gelowe in hierdie land. Waar die land se regeerders van meet af aan

oorwegend Calvinisties georiënteerd was, het die prentjie nou verander, want in die huidige regering sit van Calvinis tot ateïs.

Dat Suid-Afrika se volkesamestelling dus uit hoofsaaklik teenstrydige belange bestaan, kan nie ontken word nie. Vir Suid-Afrika, om 'n nasionale identiteit te kan weerspieël, móét daar gedeelde belange wees. Indien daar vrae of onsekerheid hieroor bestaan, is dit nie iets om oor bekommerd te wees nie, want Switserland met 'n geskiedenis wat reeds 700 jaar oud is, het in 1991 'n projek geloods wat gefokus het op *kulturele diversiteit en nasionale identiteit* (Löffler 1988:159) en hierop was hulle bereid om 10 miljoen frank te bestee.

Al praat volke nie *dieselfde* taal nie, is *taal* as sodanig tog 'n gemeenskaplike faktor en moet elke taal binne 'n gemeenskap tog gemeenskaplike kenmerke hê wat die verskillende volke met mekaar kan laat identifiseer. *Name* is linguistiese tekens en as linguistiese simbole kan hulle die eenheidskarakter van 'n volk weerspieël. *Name* deel 'n gemeenskaplike geskiedenis binne 'n land.

Die volke van 'n land deel 'n gemeenskaplike grondgebied waar hulle tuis voel. Waar groepe van dieselfde kultuur saamwoon, behoort daar ook sprake van gedeelde waardes te wees, want *tuiste* beteken 'n plek, 'n land, 'n geskiedenis wat deur mense gedeel word. Identiteit in hierdie sin bestaan op geografiese, historiese, ekonomiese, kulturele en linguistiese gronde. *Name* impliseer 'n gevoel van eiewaarde wat die eenheid van 'n groep, 'n familie, 'n voorstad, 'n dorp, 'n streek of 'n hele land verantwoord (Löffler 1988:162).

Wat toponieme betref, is eenheid m.b.t. die naamgewingsproses nie baie ingewikkeld nie. Vgl. Nicolaisen se vlakke in die naamgewingsproses (3.3) waar 'n woord van die leksikale vlak deur die assosiatiewe vlak na die onomastiese vlak beweeg. Waar volke 'n grondgebied deel, spreek dit vanself dat as daar eensgesindheid t.o.v. naamgewing aan plekke is, eenheid en gevolglik nasionale identiteit 'n uitgemaakte saak is.

Antroponieme, in 'n multikulturele land soos Suid-Afrika, kan probleme oplewer. Hoofstuk 5, waar naamsverandering aan die orde kom, verskaf meer duidelikheid in hierdie verband. Indien 'n land nie 'n baie duidelike naamgewingsbeleid het nie, sal 'n nasionale identiteit moeilik tot stand kom. Daar moet baie duidelike riglyne wees t.o.v. die benoeming van geboue, skole en ander instellings na

persone, want die een se voorkeur is die ander se afkeur. Sodra so 'n beleid geformuleer is en prakties uitvoerbaar is, is nasionale identiteit op onomastiese gebied 'n voldonge feit en behoort patriotisme 'n uitvloeisel daarvan te wees.

Waar daar op nasionale vlak 'n gebrek is aan sekere gemeenskaplike samebindende faktore, word dit vervang deur gedeelde linguistiese diversiteit. Hierdie diversiteit vind neerslag in 'n land se name, sowel toponieme as antroponieme (vgl. 4.3.3.4 - Die multilinguistiese aard van skoolname). Hierdie name hoef nie noodwendig vir elke persoon iets te *beteken* nie, maar is 'n duidelike teken van die mens se verknogtheid aan dit waarvoor hy omgee - 'n land met kenmerke so uiteenlopend soos die mense wat daarin woon. Dán eers sal mense leer om mekaar te aanvaar vir wat hulle is. Dán eers sal hulle leer om verdraagsaam en trots te wees op kulturele diversiteit in die lig van 'n nasionale identiteit.

6.3 NAVORSINGSMOONTLIKHEDE

Soos in die inleiding van hierdie verhandeling gemeld, was prof. J. du P. Scholtz se opmerking dat die naspour van die geskiedenis van skoolname interessant behoort te wees, die prikkel tot hierdie studie van skoolname. Hierdie studie het egter 'n breër terrein gedek. Daar is o.a. 'n lywige bylaag (H) data oor die skoolname versamel en na beleid t.o.v. skoolnaamgewing gekyk. Ook die naamgewingsproses as sodanig het aandag geniet. Veral die kategoriale aard van die skoolnaam is intensief bespreek. Die betekenis van skoolname m.b.t. konsepsuele en pragmatiese betekenis is aan die hand van skoolname bespreek. Naamsverandering, wat in die nuwe Suid-Afrika 'n baie aktuele aangeleentheid is en steeds gaan word, het ook aandag geniet.

Na aanleiding van hierdie studie is 'n raamwerk geskep vir verdere navorsing. Soos reeds gesê, kan skoolnaamsverandering 'n korpus data lewer wat 'n studie op sigself regverdig. Dit sal verder baie interessant wees om oor 'n paar jaar 'n studie te doen oor skoolnaamsverandering in 'n veranderende Suid-Afrika, want die verandering wat die nuwe regeringsbeleid aan onderwysstrukture gaan meebring, sal ook 'n invloed op skoolnaamgewing hê.

Daar is in hierdie verhandeling nie uitvoerig aandag gegee aan taalvariasie nie. Veral taalvariasie op grond van taalkontak, en dan meer spesifiek taalkontak met ander inheemse volke, soos weerspieël in skoolname, behoort 'n interessante korpus data teweeg te bring.

'n Kruis-kulturele studie, waar die ander kultuurgroepe se skoolname op 'n vergelykende basis ondersoek word, kan ook met vrug aangepak word.

Die navorsingsmoontlikhede t.o.v. name, wat ook skoolname insluit, is legio.

Dat name bestudeer moet word, is nodig omdat ouer plek- en persoonsname op grond van hulle ouderdom en die aard van hulle ontstaan in vele opsigte heelwat van die verlede in hulle omdra (Botha 1983:286). Verder word die interdissiplinêre aard van die onomastiek deur naamstudie gestimuleer want geen wetenskap is volkome selfversorgend of onafhanklik van ander studies nie. Name is essensieel 'n refleksie van hoe mense dink en waaraan hulle waarde heg, gevolglik word die maatskaplike, historiese, sielkundige, geografiese, ekonomiese, filosofiese asook linguistiese dissiplines hierby betrek.

6.4 SLOTOPMERKINGS

Volgens Ashley (1979:174-5) behoort dit nie 'n slegte idee te wees om bekende persone te kry om te betaal om hulle name aan opvoedkundige instansies te koppel nie - veral in hierdie tye van geldskaarste waarin ons leef.

Enige antroponiem mag verkieslik wees bo die soms onaanvaarbare skoolname wat in die praktyk voorkom. Dit behoort nie net finansiële nie, maar ook esteties 'n wins te wees. 'n Spesifieke naam trek aandag en skep assosiasies afgesien daarvan dat dit identifiseer.

Binne die nuwe Suid-Afrika sal daar beslis aandag daaraan gegee moet word dat nuwe name, ter wille van goeie kommunikasie, in alle tale verstaanbaar moet wees (vgl. 6.2).

Voordat daar op 'n naam besluit word, moet seker gemaak word dat die naam reg is. Dit kan 'n duur en uitgerekte proses wees om 'n naam te verander. Dit is kernnoodsaaklik om sensitief te wees vir name wat moontlik negatiewe konnotasies kan ontwikkel. *"Language, as Sapir said, is culture. Naming successfully means grasping every nuance of the cultures involved. It is also a complex work of art"* (aangehaal deur Ashley 1979:181).

BRONNE

BRONNE

- Algeo, J. 1973. *On defining the proper name*. Gainesville.
- Andrews, Tom E. 1992. *River and spruit names*. Pretoria: Names Society SADF.
- Ashley, L.R.N. 1989. *What's in a name?* Baltimore: Genealogical Publishing Co. Inc.
- Bosman, Dr. A.E. 'n *Geskiedkundige oorsig van die onderwys op Heidelberg 1866-1976*.
- Botha, T.J.R. 1. 1977. *Watername in Natal*. Pretoria: RGN.
 2. 1983. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Kaapstad: Academica.
 3. 1983. Aan die naamfront - Voorsittersrede. *Logos*. Pretoria: RGN.
- Calitz, F.C. 1979. *Spot, skel en verwante verskynsels in Afrikaans*. Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Lettere aan die Universiteit van Stellenbosch.
- Cartwright, A.P. 1972. *Phalaborwa, mining city of the future*. Kaapstad: Purnell.
- Changuion, L. 1987. *Heanertsburg 100 1887-1987*. Pietersburg: Review Drukkers.
- Claassen, G.N. en M.C.J. 1983. *Taalverskeidenheid - 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Kaapstad: Academica.
- Coetzee, J.C. e.a. 1975. *Onderwys in Suid-Afrika*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- De Bruyn, P.S. 1986. Gevoelswaarde en naamgewing. *Names 1983*. Pretoria: RGN.
- Departement van Buitelandse Sake 1980/81. *Amptelike jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika*. Johannesburg: Chris van Rensburg Publikasies (Edms.) Bpk.
- Departement van Nasionale Opvoeding 1978. *Amptelike plekname in die Republiek van Suid-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Du Plessis, E.J. 1973. 'n *Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviernaam*. Kaapstad: Tafelberg.
- Garbers, J.G. 1986. Openingstoespraak by die Tweede Suider-Afrikaanse Naamkundekongres. *Names 1983*. (p.1-4). Pretoria: RGN.

- Geyser, O. 1971. *Die Helpmekeer Hoërskole 1921-1971*. Johannesburg: RAU.
- Lombard, R.T.J. 1980. *Ermelo 1880-1980*. Pretoria: V & R Drukery.
- Meiring, B.A. 1979. *Die semantiek van eiename*. MA-Verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika.
- Morgan, Jane e.a. 1979. *Nicknames. Their origins and social consequences*. London: Routledge and Kegan Paul.
- Muller, C.F.J. e.a. 1970. *500 Jaar: Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Elsiesrivier, Kaap: Nasionale Handelsdrukkery.
- Oberholster, A.G. 1985. Geesteshouding en naamgewing: 'n streekshistoriese perspektief. *Logos*. Windhoek: Academy.
- Oosthuizen, A.J.G. 1979. *Die Afrikaner as ontvanger in die proses van akkulturasie*. Referaat gelewer by die Rapportryers se landsberaad, September 1979.
- Pettman, C. 1931. *South African place names*. Queenstown: Daily Representative Limited.
- Pleknamekomitee 1978. *Amptelike plekname in die R.S.A.* Pretoria: Staatsdrukker.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Raper, P.E. 1. 1982. *Aspects of onomastic theory*. Pretoria: HSRC.
2. 1979. *Handleiding by pleknaamgewing*. Pretoria: RGN.
3. 1977. *Pleknaamkundige praktyk*. Pretoria: RGN.
4. 1986. *Name/Names 1983*. Pretoria: RGN.
5. 1970. *Naamkundebronnegids Deel 1*. Pretoria: RGN.
- Smith, Anna. 1971. *Johannesburg street names*. Cape Town: Juta.
- Van Aswegen, G.J. *Die geskiedenis van die dr. Viljoenskool, Bloemfontein, 1911-1977*. Bloemfontein: DB Pers.
- Venter, E.A. 1976. *Ons geskiedenis in beeld*. Klerksdorp: Klerksdorp Record.
- Wellek, René en Warren A. 1978. *Theory of literature*. Penquin Books.

Zabeeh, F. 1968. *What is in a name?* Den Haag: Marthinus Nijhoff.

KOERANTARTIKELS

A.E.H. 1929. Name en byname. *Huisgenoot*. Vol. 13. No. 357. (p. 61-62).

Antropo (Skuilnaam) 1940. Kafferbyname vir blankes. *Huisgenoot*. Vol. 24. No. 931.

- Beeld
1. 18 Februarie 1975.
Leerlinge verdeel oor nuwe naam (p. 8).
 2. 14 September 1978.
Meiring, M. *Beeld* - *Deur dik en dun sal ons skat-tie.*
 3. 28 Maart 1990.
 4. 2 Februarie 1993.
Esterhuyse, W.
Niehaus, C.
 5. 2 Augustus 1994.
Redaksioneel.

- Die Burger
1. 22 Februarie 1941.
Hoe dinge name gegee word (p. 10).
 2. 1 Maart 1941.
Hoe dinge name gegee word (p. 10).
 3. 8 Maart 1941.
Hoe dinge name gegee word (p. 10).

Eastern Province Herald 7 November 1973.
Monument will be preserved (p. 10).

- Evening Post
1. 2 Augustus 1971.
Compromise over name of P.E. school (p. 2).
 2. 6 Augustus 1972.
Building's original name should be retained.
 3. Augustus 1972.
Many schools are named after persons (p. 6).

Hoofstad 6 Februarie 1975.
Skool se naam nog nie verander (p. 3).

Krugersdorp Nuus 6 Junie 1986.

Natal Mercury 21 Julie 1972.
School renaming (p. 4).

- Oggendblad 17 Februarie 1975.
Verwoerdburg-skool se naam verander (p. 1).
- Pretoria News (Africa Service) 1 Maart 1990.
A street by any other name. (NSA Nuusbrief 1990) (p. 10).
- Star 1 Februarie 1974.
How the West was won (p. 1).
- Transvaler 1. 2 November 1938.
Naamgewing aan skole (hoofartikel) (p. 7).
2. 4 Desember 1973.
Nuwe name vir skole weer bekyk (p. 5).
- Vaderland 1. 28 September 1964.
Van krotbuurt tot spog voorstad.
2. 2 Desember 1972.
Trane rol oor skole se laaste kinderlag (p. 3).
- Volksblad 8 Desember 1973.
Sekondêre of hoërskole? (p. 3).
- Weekend Post 29 Junie 1972.
Wrangle over school name (p. 9).

TYDSKRIFARTIKELS

- Bosch, Bernhard 1948. Byname. *Ruiter*. Vol. 1. No. 47 (p. 34).
- Boer, Steven E. April 1972. Reference and identifying descriptions. *Philosophical review*. Vol. 81 (p. 208-228).
- Budack, K.F.R. 1979. Byname in Basterland. *Namibiana*. Volume 1. No. 1. (p. 7-19).
- Burge, Tyler 1973. Reference and proper names. *The journal of philosophy*. Vol. 70. No. 14. (p. 425-439).
- Carroll, John M. 1983. Towards a functional theory of names and meaning. *Linguistics*. Volume 21. (p. 341-371).
- Coetzee, A.J. 1. 1948. Byname van plekke en hulle bewoners. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* (p. 91-97).
2. 1975. Byname. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*. Vol. 31 No. 2 (p. 16-18).
- Coetsee, C.J. en A Christel Stern 1985. Die beleid wat gevolg is by amptelike pleknaamgewing in Duits-Suidwes-Afrika. *Logos* (p. 7-12). Windoek: Academy.

- Combrink, J.G.H. 1. 1964. Alan Gardner se pure and less pure proper names. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. No. 4 (p. 249-263).
2. 1977. Afrikaanse persoonsnaamkunde as studiegebied. *Taalfasette*. Vol. 22. No. 1. (p. 1-55).
3. 1987. Aspekte van emotiewe aanspreekvorme in die Afrikaanse literatuur. *Nomina Africana*. Vol. 1. No. 1. (p. 39-60).
- De Coning, J.A. 1980. Byname. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*. Vol. 36. No. 1 (p. 180-21).
- De Stadler, L.G. 1. 1985. Sociolinguistiese aspekte van die persoonsnaam. *Logos*. Volume 5. No. 1/2. (p. 18-29).
2. 1987. Die opkoms van agtername. *Nomina Africana*. Vol. 1. No. 1. (p. 73-93).
- De Sousa, R.B. Maart 1974. Kripke on naming and necessity. *Canadian Journal of philosophy*. Vol. 3. No. 3. (p. 447-464).
- Devitt, Michael. April 1974. Singular terms. *Journal of philosophy*. Vol. 71. (p. 183-205).
- Donellan, Keith. 1970. Proper names and identifying descriptions. *Synthese*. Vol. 21. (p. 335-358).
- Eksteen, L.C. 1. Oktober 1984. Plekname van Saldanhabaai en omgewing. *Standpunte*. Vol. 37. No. 5. (p. 12-13).
2. 1987. Naamgewing in Afrikaans. *Nomina Africana*. Vol. 1. No. 1. (p. 98-113).
- Feesbladkomitee 10 Jaar van genade. *N.G. Kerk Rietkuil*.
- Franz, G.H. 1952. Paul Kruger was die Baas van die Base. *Huisgenoot*. Vol. 36. No. 1567. (p. 24, 25 & 28).
- Garner, Richard T. Januarie 1971. Non referring uses of proper names. *Philosophy and phenomenological research*. Vol. 31. (p. 358-68).
- Goldberg, Bruce. Januarie 1971. The linguistic expression of feeling. *American Philosophical Quarterly*. Vol. 8. No. 1. (p. 86-92).
- Grüter, Wilhelm. November 1991. Katvoet deur die wingerd. *De Kat*.
- Hattingh, P.J. van Z. 7 Junie 1946. Uitheemse eiename. *Die Huisgenoot*. (p. 11).

- Hattingh, J.L. 1983. Naamgewing aan slawe en ander gekleurdes. *Kronos*. No. 6 (p. 5-20).
- Hudson, C.W. 1953. Byname in die agttiende eeu aan die Kaap. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*. Volume 9. No. 3 (p. 18-19).
- Kretzman, Norman. April 1971. Plato on the correctness of names. *American Philosophical Quarterly*. Vol. 8. No. 1. (p. 126-138).
- Löffler, H. 1988. Names and regional respectively national identity in a polylingual country such as Switzerland. *Nomina Africana*. Vol. 2. No. 1 (p. 159-168).
- Loots, W. 1985. Byname. *Die Taalgenoot*. Vol. 54. No. 2. (p. 6-7).
- McDowell, J.H. 1969/70. Identity mistakes. *Aristoteles Society*. Vol. 70. (p. 181-195).
- McKinsey, Michael. April 1971. Searle on proper names. *Philosophical Review*. Vol. 80 (p. 220-229).
- Miller, Barry. 1973. Proper names and their distinctive sense. *Australian Journal of Philosophy*. Vol. 51. No. 3. (p. 201-210).
- Millward, Celia M. 1972. Universals in placename generics. *Indiana names*. 3(2), 1972.
- Möller, L.A. 1987. Die interdissiplinêre aard van die Onomasiek. *Nomina Africana*. Vol. 2. No. 2. (p. 1-16).
- Mulder, L. 1985. Byname. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*. Vol. 41. No. 1 (p. 35).
- Nathan, C. April 1990. Names and the law. *Nomina Africana*. Vol 4. No. 1 (p. 49-65).
- Nicolaisen, W.F.H. 1. 1974. Names as verbal icons. *Names*. No. 22 (p. 104-110).
2. 1976. Words as names. *Onoma*. Vol. 20. No. 1. (p. 142-162).
- Nienaber, P.J. 1 September 1939. Hugenate name. *Die Brandwag*. (p. 35-37).
- Oberholster, A.G. 1987. Raakpunte tussen streekgeskiedenis en pleknaamkunde. *Nomina Africana*. Vol. 1. No. 2. (p. 51-58).
- Orth, Donald J. 1989. The nature of topographic terms. *Nomina Africana*. Vol. 3. No. 2. (p. 75-107).

- Philologos 1921. Byname en familienam. *Huisgenoot*. Vol. 6. No. 63. (p. 123).
- Searle, J.R. 1958. Proper names. *Mind*. Vol. 67 (p. 166-173).
- Skaaila, Thys 1934. Kaffer byname. *Huisgenoot*. Vol. 19. No. 644 (p. 43).
- Smuts, J. 1958. Skel- en spotname in Afrikaans. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*. Vol. 14. No. 3 (p. 25-26).
- Swart, P.D. September 1976. Naamgewing van nuwe dorpsgebiede, voorstede. *Handhaaf* (p. 18-22).
- Van Langendonck, W. 1979. Paradoxen van de eiginnaam. *Naamkunde*. No. 11 (p. 181-195).
- Van Niekerk, A.A.J. 1976. Daar's meer in 'n bynaam. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*. Vol 32 No. 2 (p. 31-32).
- Welding, S.A. 1971. Frege's sense and reference related to Russel's theory of definite descriptions. *Revue Internationale de Philosophie*. Vol. 25 (p. 389-402).

WOORDEBOEKE

- Beyers, C.J. e.a. 1987. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*. Pretoria: RGN.
- Emery, H.G. en Brewster K.G. 1952. *The new century dictionary*. New York: Appleton Century Cross.
- Nienaber, P.J. 1963. *Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek Deel 1*. Kaapstad: S.A. Boeksentrum.
- Odendal, F.F. e.a. 1979. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.
- Raper, P.E. 1989. *A dictionary of Southern African Place Names*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1991. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Dale 1973. *Nieu Handwoordenboek der Nederlandse Taal*. S-Gravenhage: Martinus Nijhof.

JAAR- EN GEDENKBLAAIE

TRANSVAAL - LAERSKOLE

A.G. Visser 1928-1978.
 Baillie park Gedenkblad. 21 Jaar 1966-1987.
 Boshoeck 1883-1983.
 Cullinan 75 Jaar 1904-1979. Gedenkuitgawe.
 Danie Theron 75 Jaar. Gedenkblad 1907-1982.
 Dellville - 50 Jaar van groei.
 Dendron 1939-1989.
 Dirkie Uys Gedenkblad 1928-1988.
 Dullstroom Reünie - 1889-1989.
 Duvhapark.
 Ermelo 1966-1987.
 Excelsior Goue Jubileum 1923-1973.
 Fairland 1907-1982 - Gedenkblad.
 Haenertsburg 1887-1987.
 H.M. Swart Gedenkblad.
 Jan Celliers Gedenkalbum 1935-1985.
 Kameeldrift 1909-1984.
 Kameeldrift Gedenkuitgawe 75.
 Kameelfontein 1912-1987 75 Jaar.
 Kenmare 1980.
 Klipfontein Gedenkblad 60 1925-1985.
 Kreft in oënskou 1947-1987.
 Krugersdorp-Wes Gedenkblad 1913-1988.
 Kruinsig Gedenkblad 10 Jaar 1980-1989.
 Leeudoringstad Jaarblad 1986.
 Luipaardsvlei 75 1902-1977.
 Marken Jaarblad 1988.
 Mayville 1903-1978.
 Meyerspark Feesblad 25 Jaar 1962-1987.
 Meyerspark Gedenkblad 1962-1982.
 Middelburg - Jaarblad.

Middelburg Gedenkblad 1979 75 Jaar.
 Noordvaal Feesblad 25.
 Platrand Gedenkblad 1908-1983.
 President Pretorius Gedenkblad 1897-1977.
 Rodora Gedenkblad 1911-1981.
 Rustenburg-Noord Gedenkblad 25.
 Silverton Gedenkblad 1906-1981.
 Thabazimbi Gedenkblad 50 1934-1984.
 Theresapark Stigtingsjaar 1987.
 Theresapark Jaarblad 1988.
 Theresapark Gedenkblad 1989.
 Volksskool van Heidelberg 85 - 1903-1988.
 Voorwaarts Feesalbum 1927-1976.
 Voorwaarts - Sestigjarige Feesembleem en Feeslied.
 Werda Gedenkblad 1935-1985.
 Wierdapark Kroniek 1982.
 Wierdapark 1977-1987.
 Willem Cruywagen Gedenkblad 1981-1985.
 Wonderboom Gedenkblad 1964-1989.

TRANSVAAL HOËRSKOLE

Albert Hertzog Fotoblad 1976.
 Balfour Gedenkuitgawe 1956-1981.
 Balfour Gedenkuitgawe 1956-1986.
 Fochville Gedenkblad 1968-1978.
 Fochville Gedenkblad 1978-1984.
 Frikkie Meyer Gedenkblad 1961-1982.
 Frikkie Meyer 1987.
 Hans Moore Gedenkblad 1919-1986.
 Hoogland 1977-1987.
 John Orr Hoër Tegnies 1960-1985.
 John Vorster Hoër Tegniese Skool 1986.
 Ligbron Fotoblad 1977.
 Ligbron Fotoblad 1978.
 Ligbron Jaarblad 1979.

Potchefstroomse Hoër Volksskool.
 Feesblad 22 April 1922-22 April 1972.
 Patriot 1975-1985.
 Pro-Arte 1969-1990.
 Rodeon 1923-1973.
 Standerton Jubileumuitgawe 1921-1971.
 Voortrekker 50 Jaar Feesblad 1920-1970.
 Wesvalia Feesuitgawe 1984.

KAAP LAERSKOLE

A.F. Louw Gedenkblad.
Onderwys onder die akkerbome.
 Albertyn 25 - 1955-1980.
 Brackenfell Feesblad 1906-1981.
 Breërivier Eeufeesblad 1875-1975.
 Copperton Gedenkblad 1971-1987.
 Diamantveld Feesuitgawe 1988.
 Drakenstein 25 - 1963-1988.
 Excelsior 1905-1989.
 Dutoitspan Eeufeesblad 1881-1985.
 Gansbaai Gedenkblad 1906-1981.
 Handhaaf 1924-1979.
 Hartenbos 1981.
 Hendrik Louw 100 Jaar - Feesuitgawe 1880-1980.
 Het Sticht Simondium 1852-1956.
 Karel Theron 1880-1980.
 Paul Greyling Feesjaar 25 1981.
 Sandflats 1911-1986.
 Sonop 1953-1973.
 Uitkyk.
 Voorpos Gedenkblad 1959-1980.
 Wesbank.

KAAP HOËRSKOLE

Augsburg Hoër Landbouskool, Feesblad 1989.
 Boesmanland, Feesblad 1907-1982.
 Delportshoop 1916-1973.
 De Rust 1905-1980.
 De Villiers Graaff Eeufeesuitgawe 1972.
 D.M. Pretorius, Eeufeesgedenkblad 1885-1985.
 Goudini Eeublad 1858-1958.
 Groblershoop 1939-1985.
 Hoër Jongenskool Paarl. Die eerste 120 jaar (1868-1988).
 Hopetown Feesblad 1913-1988.
 Indwe 1927-1976.
 Laingsburg Gedenkblad 1914-1989.
 Maitland 1936-1987.
 Vaalrivier Herdenkingsblad 1912-1987.
 Worcester-Oos Jaarblad 1988.

ORANJE-VRYSTAAT - PRIMÊRE SKOLE

Ben Haveman 1961-1986.
 Ben Haveman Jubileum 1982.
 Brandwag Gedenkblad 1978.
 Bronkhorstfontein 75 Jaar.
 Fichardtpark 1977-1987.
 Frank van der Merwe 1963-1973.
 Jordania Feesviering 1958-1983.
 Kleinbroekskool Feesbundel 1935-1985.
 Merriespruit Gedenkblad 21 Jaar.
 Oranjeville 1919-1985.
 Paul Roux 75.
 Piet Crowther 1969-1989.
 President Brand 1873-1973.
 Reitzpark Gedenkblad 25, 1979.

ORANJE-VRYSTAAT - SEKONDÊRE SKOLE

Afrikaanse Hoërskool 1979-1989.

Brandwag - Die eerste vyftig jaar 1937-1987.

De Wet Nel Hoër Tegniese Gedenkuitgawe 1923-1973.

De Wet Nel Hoër Tegnies 1989.

Edenburg 100 Jaar.

Paul Erasmus, Reünie 1957-1987.

Reitz 1989.

Sasolburg Hoër Tegnies 1980-81.

Sasolburg Hoër Tegnies 1980.

Sasolburg Hoër Tegnies 1989.

Tweespruit Hoër Landbouskool Prospektus.

Villiers 1985.

NATAL LAERSKOLE

Kuswag 1988.

Kuswag 1989.

NATAL HOËRSKOLE

Amajuba 1989.

Dirkie Uys 1986.

BYLAAG A
 DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
 DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
 ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY



Navrae: H Mattheus
 Enquiries:
 Verv.: 7/2/83/2
 Ref.:
 Tel: (012) 200257

Privaatsak X55
 Private Bag X55
 Pretoria
 0001

25 Augustus 1989

Mev I E Marx
 Posbus 482
 Thabazimbi
 0380

Geagte mev Marx

MA-VERHANDELING

U aansoek om navorsing oor skoolnaamgewing in die RSA by Afrikaansmedium-skole te onderneem, is in beginsel goedgekeur.

U word egter daarop gewys dat u u sal moet neerlê by die voorwaardes ten opsigte van u navorsing soos deur elke onderwysdepartement afsonderlik gestel.

U word sterkte toegewens met u navorsing.

Vriendelike groete

J D V TERBLANCHE
 SUPERINTENDENT-GENERAAL


BYLAAG B

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTUREADMINISTRASIE: VOLKSRaad
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLYTRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae:
Enquiries: Dr. M.J. Marais
Verw.:
Ref.: TOA 9-7-2
Tel.: (012) 324 1660/-70

Provisiale Gebou
Provincial Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
Pretoria 0001

Mev. I.E. Marx
Posbus 482,
THABAZIMBI
0380



Geagte mev. Marx

VRAELYS AAN AFRIKAANSMEDIUMSKOLE OOR DIE NAAMGEWING AAN SKOLE

U skrywes, gedateer 1989-03-02 en 1989-10-09, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen aan u toestemming om die voorgelegde vraelys aan die hoofde van primêre en sekondêre Afrikaansmediumskole te stuur om deur hulle ingevul te word.

Hierdie goedkeuring is aan die volgende voorwaarde onderworpe:

- Na voltooiing van u verhandeling moet u die Departement asseblief van 'n kopie daarvan voorsien.

Sterkte met u studie.

1

Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS



BYLAAG C

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTUREADMINISTRASIE: VOLKSRaad
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLYKAAPLANDSE ONDERWYSDEPARTEMENT
CAPE EDUCATION DEPARTMENT

Navrae: Mnr. G.J. Swanepoel
 Enquiries: L.15/73/7
 Verw.:
 Ref.: 203-3329
 Tel.: (021)

Provinsiale Gebou
 Provincial Building
 Posbus 13
 PO Box 13
 Kaapstad 8000
 Cape Town 8000

18 Oktober 1989

Mev. I.E. Marx
 Posbus 482
 THABAZIMBI
 0830

Geagte mev. Marx

'N ONOMASTIESE ONDERSOEK VAN SKOOLNAAMGEWING (BY AFRIKAANS-MEDIUMSKOLE) IN DIE RSA: M.A.-STUDIE

1. U brief gedateer 9 Oktober 1989 het betrekking.
2. U aansoek word goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:
 - 2.1 ✓ Die hoofde van skole staan onder geen verpligting om u met u ondersoek behulpsaam te wees nie.
 - 2.2 ✓ Die hoofde mag in geen opsig uit u ondersoekresultate geïdentifiseer kan word nie.
 - 2.3 ✓ Alle reëlins in verband met u ondersoek moet deur uself getref word.
 - 2.4 ✓ Die ondersoek mag nie gedurende die vierde kwartaal van enige kalenderjaar uitgevoer word nie.
 - 2.5 Die voorwaardes 2.1 - 2.4 hierbo moet in u aansoek om samewerking aan die betrokke hoofde en leerkrigte ongewysig aangehaal word.

2/....

- ✓ 2.6 Verder word verlang dat u vir rekorddoeleindes een volledige eksemplaar van die stuk(ke) soos finaal deur u aan die betrokke hoofde gerig aan die Hoof: Navorsing stuur voordat u met hulle onderhandel.
- 2.7 'n Kort opsomming (+ 3 bladsye) van die inhoud, bevindinge en aanbevelinge met betrekking tot die navorsing moet aan die Hoof: Navorsing, Posbus 13, Kaapstad, 8000 beskikbaar gestel word.
- 2.8 Benewens die kort opsomming in par. 2.7 verlang die departement dat u ook 'n eksemplaar van u volledige verhandeling stuur aan:
- Die Hoof: Navorsing
Posbus 13
KAAPSTAD
8000.
- 2.9 Ingeslote die gevraagde adreslys van skole.
3. U word sukses met u navorsing toegewens.

Die uwe



J. J. van der Merwe
D. DIREKTEUR: ONDERWYS

BYLAAG D
 DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
 DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRASIE: VOLKSRaad
 ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

ORANJE-VRYSTAATSE ONDERWYSDEPARTEMENT
 ORANGE FREE STATE EDUCATION DEPARTMENT



Navrae:
 Enquiries:
 Verw.:
 Ref.:
 Tel.: (051) 472211

C.P. Cilliers
 0.1/11/3/3
 x 238

C R Swartgebou
 C R Swart Building
 Posbus 521
 PO Box 521
 Bloemfontein 9300

6 November 1989

Mev. I.E. Marx
 Posbus 482
 THABAZIMBI
 0380

Geagte mev. Marx

NAVORSINGSPROJEK INSAKE SKOOLNAANGEWING BY AFRIKAANSMEDIUMSKOLE
 IN DIE RSA

1. U skrywe van 9 Oktober 1989 het hierop betrekking.
2. Toestemming word hiermee aan u gegee om u vraelys rakende u M.A.-verhandeling oor naamgewing deur Afrikaansmediumskole in die OVS te laat voltooi, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
 - 2.1 U moet self alle reëlings met die skole tref.
 - 2.2 Geen skoolhoof is verplig om aan die navorsing deel te neem nie.
 - 2.3 Geen inligting of kommentaar oor die navorsing mag sonder toestemming van die Direkteur van Onderwys aan die handelsmedia bekend gemaak word nie.
 - 2.4 Alle inligting moet met diskresie gehanteer word.
 - 2.5 Ná voltooiing van die navorsing moet 'n afskrif van die bevindinge aan die OVS Onderwysdepartement geskenk word.
 - 2.6 'n Afskrif van hierdie brief moet aan skoolhoofde van skole waar navorsing gedoen word, getoon word.
 - 2.7 Voor met die navorsing begin word, moet u skriftelik teenoor die Departement bevestig dat al die voorwaardes aanvaar word.
3. Die jongste adreslys van Vrystaatse skole is ingesluit. In die derde kolom (TL - Taal) word verwys na die tale waarvolgens die skole geregistreer is.



4. Ongelukkig word navorsers nie van adresplakkers van skole voorsien nie.
5. U word voorspoed met u navorsing toegewens.

Vriendelike groete.

J. B. Pretorius

~ DIREKTEUR : ONDERWYS
/ema

BYLAAG E

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTUREADMINISTRASIE: VOLKSRaad
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLYNATALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
NATAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae: Mnr. D.V. Bromley
Enquiries:
Verw.: 2/12/2/3
Ref.:
Tel.: (0331) 942351
X 337

Natalse Onderwysgebou
Natal Education Building
Privaatsak X9044
Private Bag X9044
Pietermaritzburg 3200

Mev. I.E. Marx
Posbus 482
Thabazimbi
0380

25 OCT 1989

Geagte mev. Marx

NAVORSINGSVERSOEK


U brief gedateer 9 Oktober 1989 het betrekking.

Goedkeuring word verleen onderhewig aan die vrywillige samewerking van die betrokke skoolhoofde en of die inligting geredelik beskikbaar is. Dit word aanvaar dat u navorsing beperk is tot staats- en provinsiaal-beheerde Afrikaansmedium skole. U word versoek om 'n afskrif van u finale navorsingstuk aan hierdie departement te voorsien.

Ingesluit is 'n adreslys van skole onder die beheer van die Natalse Onderwysdepartement, asook toepaslike adresplakkers vir die betrokke skole.

U word alle sukses met u navorsing toegewens.

Die uwe


DIREKTEUR VAN ONDERWYS


BYLAAG F
V R A E L Y S

Geagte Meneer/Mevrou/Mejuffrou

Ek sal dit hoog op prys stel as u hierdie vraelys wat hoofsaaklik oor skoolname handel, sal voltooi en aan my sal terugstuur. Vir hierdie doel word 'n geaddresseerde, gefrankeerde koevert ingesluit.

Dit is my doel om al die gegewens in 'n verhandeling oor skoolname in te sluit.

1. *Naam van skool*
2. *Datum van totstandkoming*
3. *Motivering vir naamgewing*
.....
.....
4. *Indien die naam van bg. skool sedert totstandkoming verander het, verskaf asb.:*
 - 4.1 *Vorige naam*
 - 4.2 *Motivering vir verandering*
.....
.....
 - 4.3 *Algemene reaksie op verandering*
.....
.....
5. *Tradisies eie aan bg. skool wat direk verband hou met die skool se naam*
.....
.....
6. *Indien u skool onder 'n bynaam bekend staan, verstrek naam en oorsprong:*
.....
.....
7. *Enige verdere inligting, bv. name en adresse van persone wat moontlik waardevolle inligting sal kan verstrek; literatuur (Gedenkblad, Jaarblad ens.) wat beskikbaar mag wees:*
.....
.....
.....
.....
.....

By voorbaat dankie

MEV. I E MARK

Posbus 482

CHAPAZIMBI

BYLAAG G

Posbus 482
THABAZIMBI
*0380
12 Februarie 1990

.....
.....
.....
.....

Geagte Meneer/Mevrou/Mejuffrou


MA-VERHANDELING - NAAMGEWING AAN SKOLE

Ek is tans besig met navorsing oor naamgewing aan skole. Vir u inligting in hierdie verband is ek uitsluitlik van u samewerking afhanklik.

Ek het toestemming van die Direkteur ontvang om die ingeslote vraelys aan u te stuur vir voltooiing. Ek is deeglik bewus daarvan dat u baie besig is, maar vertrou dat u, as kollega, my sal help om die nodige inligting te bekom.

Ek sal dit besonder waardeer as u die vraelys voor die einde van Maart aan my sal terugstuur aangesien ek spesiale studieverlof neem vir die verwerking daarvan.

By voorbaat dankie



Mev. I.E. Marx

BYLAAG H

SKOOLNAME EN ONTSTAANSMOTIEWE

A.F. LOUW (LS), Stellenbosch, Kaap
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na ds. Abram Faure Louw (1895-1960).

Hy het hom beywer vir die skoolopvoeding van alle kinders.

Ds. Louw was vernoem na die bekende ds. Abram Faure wat bekend gestaan het as die "Vader van die kweekskool" op Stellenbosch omdat hy hom vir die stigting daarvan beywer het.

A.G. VISSER (LS), Heidelberg, Transvaal
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

Vernoem na die bekende digter, A.G. Visser (1878-1929).

Hy het as mediese dokter in Heidelberg gepraktiseer en was baie geliefd in die omgewing, veral onder die verarmde Afrikaners na die Anglo-Boereoorlog.

A.J.C. JOOSTE (HS), Petrusburg, Oranje-Vrystaat

ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. A.J.C. Jooste, 'n voormalige hoof van die skool en later aangestel as rektor van die Bloemfonteinse Onderwyskollege.

A.J. KOEN

ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

1. (LS), Primrose-Oos, Transvaal.

2. (HS), Bloemhof, Transvaal.

Vernoem na dr. A.J. Koen, voormalige Direkteur van Onderwys in Transvaal.

AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL, Pretoria, Transvaal

HISTORIES - POLITIES/KULTUREEL

Dié skool is in 1930 gestig as reaksie teen Engels- en Hollandsmediumskole wat in die begin van die twintigerjare bestaan het. Toe dié skool te groot geword het, is die seuns en die meisies geskei.

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL, Pretoria, Transvaal

HISTORIES - POLITIES/KULTUREEL

Vgl. Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria, Transvaal.

AFRIKAANSE HOËRSKOOL

HISTORIES - POLITIES/KULTUREEL

1. Kroonstad, Oranje-Vrystaat.

2. Sasolburg, Oranje-Vrystaat.

3. Durban-Noord, Natal.

Die name het voortgespruit uit die behoefte aan suiwer Afrikaansmediumskole.

AFRIKASKOP (PS), Kestell, Oranje-Vrystaat

TOPONIMIES - STASIES

Vernoem na 'n stasie. Die eponiem in **Afrikaskop** verwys na 'n swartman met die naam **Afrika** wat op 'n koppie in die omgewing gewoon het.

AKASIA, Karen Park, Pretoria-Noord, Transvaal
OMGEWING - FLORA

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die *Akasia Karoo* of *soetdoring*, met 'n swart stam, lowergroen kruin en geel poeierkwasblomwyse wat volop in die omgewing voorkom.

ALBERTINIA (HS), Riversdal, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1900 aangelê is op die plaas Grootfontein van die weduwee H. Lourens. Dis vernoem na ds. Johannes Rudolph Albertyn (1847-1920), leraar van die N.G. Kerk, Riversdal (Nienaber 1973:149).

ALBERTON (HS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1904 aangelê is op die plaas Elandsfontein en vernoem is na generaal Hendrik Abraham Alberts, voorsitter van 'n sindikaat wat die landgoed in 1904 gekoop het (Raper 1989:26).

ALBERTSKROON (LS), Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad van Johannesburg wat in 1896 aangelê is op die plaas Waterval No. 79. Die eponiem in **Albertskroon** verwys na die plaaseienaar Alberts, terwyl **kroon** verwys na die bokant van 'n heuwel (Raper 1989:26).

ALBERTYN (LS), Uitenhage, Kaap
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Mnr. J.J. Albertyn was vir baie jare 'n inwoner van Uitenhage. As gevolg van sy jarelange toewyding aan die onderwys op Uitenhage, onder meer as lid van die skoolraad, is hy deur die vernoeming vereer.

ALICEDALE (LS), Grahamstad, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Alice Slessor (nèè Dale), eggenote van die ingenieur wat verantwoordelik was vir die bou van die spoorlyn (Raper 1989:27). Die skool het eers bekend gestaan as die Alicedale Junction Secondary School want die skoolgebou is deur die Spoorweë gebou en besit. Die skool se naam is in 1967 verander na die huidige en het toe 'n laerskool geword.

ALIWAL-NOORD, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp, wat sy naam te danke het aan die oorwinning wat Sir Harry Smith goewerneur van die Kaapkolonie, in 1847 tydens die Slag van Aliwal in Indië teen die leërs van Runjeet Singh behaal het. Hy het toe bekend geword as die held van Aliwal (Nienaber 1963:152).

ALLANRIDGE (PS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na 'n goudmyndorp, 14 km noord van Odendaalsrus. Die eponiem in **Allanridge** verwys na Allan Roberts, 'n goudprospekteerder in die Oranje-Vrystaat (Raper 1989:28).

ALLDAYS (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorpie in Noord-Transvaal wat aangelê is op die plaas Alldays. Volgens oorlewering is die naam aan die plaas gegee deur 'n Britse landmeter wat baie gedrink het. Hy was nooit nugter tussen vieruur namiddag en die volgende oggend nie en sy opmerking was toe dat dit daar nooit nag is nie, maar **all days** - hy was nooit in staat om getuie van die nag te wees nie (soos vertel deur mnr. Pierre Smit, Alldays).

ALMA (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorpie, aanvanklik **Almal Maters** wat later verkort is tot Alma (soos vertel deur mnr. Dries Pearson, Alma). Dis aangelê op die plaas Koppie-Alleen.

AMAJUBA (HS), Newcastle, Natal
HISTORIES - GEBEURE

Die toponiem verwys na die Slag van Amajuba wat op 27 Februarie 1881 by die berg Majuba, naby Newcastle, plaasgevind het (Du Plessis 1973:135). Die naam is ontleen aan isiZulu (iJuba-duif).

AMSTERDAM (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na die geboortestad, Amsterdam, Nederland, van Eduard Bok, die Staatsekretaris "als een eerbewys aan het oude Vaderland voor hun medelijden met ons gedurende de Vryheidsoorlog (1880-1881)". Hierdie besluit is deur die Volksraad van die ZAR geneem (Nienaber: 1963:154).

ANDALUSIA (LS), Jan Kempdorp, Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Jan Kempdorp het eers as Andalusia bekend gestaan, só vernoem na een van die plase waarop dit aangelê is. Die skool is na dié plaas vernoem. Andalusia is aan Spaans ontleen en verwys na *andalusiet*, 'n mineraal bestaande uit 'n silikaat van aluminium, vernoem na die streek in Spanje waar die mineraal vir die eerste keer ontdek is (Emery en Brewster 1952:45).

ANTON VAN WOUW (LS), Nieu Muckleneuk, Pretoria, Transvaal
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

Erkenning is deur die vernoeming gegee aan die beroemde beeldhouer wat in die omgewing gewoon het.

ASHTON (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Dié dorp is in 1940 naby die Ashton stasie aangelê wat in 1887 op die plaas Roodewal uitgelê is en na die eerste stasiemeester vernoem is (Raper 1989:35).

ASKHAM (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die toponiem is van Khoekhoense oorsprong en beteken "baie water" (mev. Koortsen, Askham).

AUCKLANDPARK (LS), Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad van Johannesburg, vernoem na Auckland, die grootste stad in Nieu-Seeland, deur John Landau, 'n Nieu-Seelander wat die plaas van Petrus Lindeque gekoop het (Raper 1989:36). Dit het hom herinner aan 'n vallei naby sy tuiste (Smith 1971:21).

AUGSBURG HOËR LANDBOUSKOOL, Clanwilliam, Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Die Rynse sendelinge afkomstig van Augsburg, Duitsland, was verantwoordelik vir die naam van die plaas waar die skool geleë is, tussen die Cederberge en die Olifantsrivier aan die voet van Karookop. Die skoolwapen sluit die kapeel van die stadswapen van Augsburg, Duitsland, in.

BAANBREKER (LS), Parkrand, Transvaal
SIMBOLIES - PERSOONLIKHEID

Volgens die HAT (1979:61) is 'n baanbreker iemand wat "voorloop, 'n wegbereider, voortrekker, pionier" - kwaliteite waarvoor hierdie skool se leerlinge moet beskik.

BADPLAAS (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in Desember 1947 uitgelê is by 'n minerale bron (Raper 1989:40). Vgl. Ndl. "badplaats" (badplek).

BAILLIE PARK (LS), Potchefstroom, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied in oostelike Potchefstroom wat ontwikkel is op die plaas Vyfhoek, wat oorspronklik aan mnr. John Baillie behoort het. Die woongebied se naam is afgelei van Baillie Park Development Co. (Gedenkblad:9).

BALEMRA (LS), Uitenhage, Kaap
OMGEWING - FLORA

Vernoem na die baie *balemrabome* op die skoolterrein.

BALFOUR (HS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aangelê is op gedeeltes 101 en 108 van die plaas Vlakfontein. Die plaas se eienaar was Frederick Stuart McHattie. In 1897 word die nuwe dorp, McHattiesburg aangelê. Die naam word in 1905 verander na Balfour, vernoem na die Graaf van Balfour, Arthur James Balfour, van Skotse afkoms, was Eerste Minister van Groot Brittanje van 1902-1905 (Nienaber 1963:159-160) (Raper 1989:40).

BALMORAL (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat eers deur die Hollanders genoem is **Snotterbellefontein** na aanleiding van 'n bossie wat in die vleie gegroei het. Dit is waarskynlik tydens of net na die Anglo-Boereoorlog deur die Engelse verdoop na Balmoral, waarskynlik na koningin Victoria se geliefkoosde tuiste aan die Deerivier, ongeveer 70 km wes van Aberdeen, Skotland (Emery en Brewster 1952:2486).

BARBERTON, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat op sy beurt vernoem is na Graham Hoare Barber (1835-1888) wat daar 'n ryk goudrif in 1884 ontdek het (Raper 1989:43).

BASTION
SIMBOLIES - BESKERMING/BEHOUD

1. (LS), Brackenfell, Kaap.
2. (HS), Krugersdorp, Transvaal.

Bastion, soos die Kasteel in die Kaap, dui op 'n veilige vesting waar leerlinge geborge kan voel en waar kultuur, identiteit en menswees beskerm word.

BEESTEKRAAL (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STASIES

Vernoem na 'n stasie ongeveer 30 km noord van Brits op die pad na Thabazimbi waar veral graniet, wat in die omgewing gemyn word, gelaai word. Die stasie is waarskynlik na die plaas vernoem waar dit aangelê is.

BEKKER (HS), Magaliesburg, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Simon Bekker, oud-Administrateur van Transvaal.

BELFAST (HS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1890 op die plaas Tweefontein aangelê is. Richard O'Neill, die eienaar van Tweefontein, se vader, John O'Neill, was afkomstig van Belfast in Ierland (Raper 1989:42).

BELLPARK (LS), Bellville, Kaap
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad Bellpark. Die eponiem in **Bellpark** verwys na Charles Davidson Bell, die Landmeter-Generaal van die Kaap van 1848-1872 (Raper 1989:48), asook die parkagtige omgewing waar die skool geleë is.

BELLVILLE, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vgl. Bellpark.

BEN VILJOEN (HS), Groblersdal, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. Ben Viljoen, 'n voormalige Direkteur van Onderwys in Transvaal, deur wie se ywer die skool tot stand gekom het.

BEN HAVEMAN (PS), Vierfontein, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGUUR/STAATSMAN

Mnr. Ben Haveman was onderwyser, prokureur, LV, LPR, LUK en Administrateur van Natal. As onderwyser was hy baie gewild en as prokureur baie suksesvol. As LPR en LUK was hy belas met onderwys en lewer waardevolle diens aan die Oranje-Vrystaat.

BERGLAND (LS), Nelspruit, Transvaal
SIMBOLIES - RELIGIEUS

Die mooi berggebied waar die dorp geleë is en gedagtes uit die Bybel met kernverse Deut. 11:11 en 12 het as inspirasie vir die toponiem gedien. Die skool se leuse is: "Bou op rots".

BERGSIG

LIGGING - ESTETIES

1. (LS), Mountain View, Pretoria, Transvaal.
2. (HS), Rustenburg, Transvaal.

In albei gevalle dui die naam op 'n opvallende uitsig op 'n berg of berge.

BERGVLAM

OMGEWING - FLORA

1. (LS), Sibasa, Noord-Transvaal (Venda).
2. (HS), Nelspruit, Transvaal.

Verwys na die koraalboom (*Erythrina Lysistemon*) wat in die omgewing voorkom. Dis 'n boom met helderrooi blomme wat in die lente voor die blare verskyn.

BERTIE BARNARD (LS), Stilbaai, Kaap

ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Na afloop van 'n skoolkonsert het mnr. Barnard, skoolhoof, in die Kafferkuilsrivier naby Stilbaai verdrink. Nadat 'n nuwe skoolgebou op 'n ander perseel opgerig is, is hy postuum deur die vernoeming vereer.

BETSIE VERWOERD (LS), Randfontein, Transvaal

ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE PERSONE

Vernoem na mev. Betsie Verwoerd, eggenote van wyle dr. H.F. Verwoerd, in lewe Eerste Minister van Suid-Afrika van 1958-1966.

BIESIESVLEI (LS), Transvaal

TOPONIMIES - PLASE

Die oorspronklike plaas, Biesjesvlei, is opgesny in ongeveer dertig klein-hoewes en 'n nedersetting het ontstaan. Die Ndl. vorm van die woord het deur middel van klankwysiging oorgegaan tot **Biesiesvlei**.

BIRCHLEIGH (LS), Transvaal

TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied Birchleigh by Kemptonpark.

BITTERFONTEIN (LS), Vanrhynsdorp, Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat vernoem is na die plaas bekend vir die "bitter" fontein aldaar. Dit is nie bekend wat dié kwaliteit aan die water gee nie.

BLACKROCK (LS), Kuruman, Kaap

TOPONIMIES - MYNE

Vernoem na die myn waar die skool geleë is. **Blackrock** is die naam van die plaas waar die myn ontwikkel is en verwys na die swart mangaanrots wat bo die grond uitsteek en gemyn word.

BLANCO (LS), George, Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aangelê is op die plaas Modderrivier en vernoem is na Henry Fancourt White, 'n padinspekteur wat die plaas in Julie 1849 gekoop het. Die naam **Blanco** is 'n sinspeling op "White" (Raper 1989:56).

BLANKE PRIMêRE SKOOL WITSIESHOEK, Oranje-Vrystaat
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Volgens die respondent is dié naam bloot 'n praktiese aangeleentheid. Die skool is in Qwa-Qwa geleë waar daar honderde skole vir ander rasse is. Dit het tot gevolg gehad dat posstukke gerig aan die vorige naam **Witsieshoek Volksskool**, vir maande rondgeswerf het voordat dit by die bestemming uitgekóm het.

BLOEMHOF (LS), Transvaal
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat sy naam gekry het van die laagtes wat vroeër met wit veldlelies oortrek was. Vgl. Nienaber (1963:175) en Raper (1989:58).

BLOEMSPRUIT (HS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
 TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Die gebied waar die skool geleë is, Bloemspruit, is vernoem na die Bloemspruit wat deur Bloemfontein vloei.

BLYVOORUITSIG (LS), Transvaal
 TOPONIMIES - MYNE

Die skool bedien die myngemeenskap van die Blyvooruitzicht Gold Mining Co. in Blyvooruitsig.

BOEREFORT (LS), Wonderboom-Suid, Pretoria, Transvaal
 HISTORIES - POLITIES/KULTUREEL

Die naamgewing spruit voort uit die boerefort op die Magaliesberg skuins bokant die skool.

BOESMANLAND (HS), Pofadder, Kaap
 TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die streek wat strek van die Oranjerivier in die noorde, Namakwaland in die weste, die Sak- en Hartbeesrivier in die ooste tot by Calvinia in die suide, en vernoem is na die San of Boesmans wat daar gewoon het (Raper 1989:80).

BOKSBURG (HHS), Boksburg, Transvaal
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die eponiem in **Boksburg** verwys na Eduard Bok (1846-1904), Transvaalse Staatsekretaris (Raper 1989:63).

BONNIEVALE (HS), Kaap
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1922 gestig is en vernoem is na die spoorweghalte wat sedert die opening daarvan in 1902 Vale genoem is, en Bonnievale sedert 1917 (Raper 1989:64).

BOONS (LS), Transvaal
 TOPONIMIES - STASIES

In 1904 is daar 'n spoorwegstasie op die plaas van mnr. M.J. Boon - tussen Derby en Magaliesburg - geopen. Hy het grond vir die skool aan die Onderwysdepartement geskenk. Die skool se hoeksteen is op 24 September 1941 gelê en na die stasie vernoem waar die latere dorpie ontwikkel het.

BOSCHRIVIER (LS), Montagu, Kaap
 TOPONIMIES - PLASE

Die plaas waar die plaasskool in 1891 begin is, staan bekend as Boschrivier.

BOSHOEK (LS), Transvaal
 TOPONIMIES - NEDERSETTINGS

Die Boshhoek Nedersetting is aangelê op die plaas Boschoek, ongeveer 24 km noord-oos van Rustenburg. Die skool het in 1883 ontstaan en is na die neder-setting vernoem.

BOSHOF (HS), Oranje-Vrystaat
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Jacobus Nicolaas Boshof (1808-1881), tweede president van die Oranje-Vrystaat (1855-1859) (Raper 1989:61).

BOSKOP (LS), Honeydew, Transvaal
 TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas Boschkop wat sy naam gekry het van 'n bosryke kop in die omgewing.

BOSPOORT (LS), Transvaal
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Die skool is na die dorpie vernoem. Die toponiem verwys waarskynlik na 'n bosryke deurgang in die omgewing.

BOSVELD (LS), Ellisras, Transvaal
 TOPONIMIES - GEBIED

Die skool is geleë in die Onverwacht woongebied te Ellisras in die Bosveld van Noordwes-Transvaal, en is daarna vernoem.

BOTHAVILLE (HS), Oranje-Vrystaat
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na die eienaar van die plaas Bothania, Theunis Louis Botha, waar die dorp later ontwikkel is (Raper 1989:68).

BRACKENFELL, Kaap
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na die plaas Brackenfell, 'n gedeelte van Kruispad, wat in 1901 deur George Henry Walton gekoop is en só genoem is omdat dit hom aan Skotland herinner het (Raper 1989:70).

BRAKFORTEIN (LS), Riversdal, Kaap
 TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die gebied, Brakfontein, wat vernoem is na die plaas waar dit geleë is en verwys na 'n brak fontein in dieselfde omgewing.

BRAKKLOOF (LS), Transvaal
 TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na Brakkloof, ongeveer 29 km noord-oos van Swaruggens, Transvaal, wat vernoem is na die Brakkloofspruit wat naby die dorpie vloei.

BRAKPAN (HTS), Brakpan, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat 1886 ontwikkel is op die plaas Weltevreden nr. 20 en in 1912 tot dorpsgebied verklaar is. Dis vernoem na 'n brakkerige pan buite die dorp (Raper 1989:70).

BRANDFORT (PS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat vernoem is na adv. J.H. Brand (1864-1888), vierde en bekwaamste president van die Oranje-Vrystaat (Venter 1976:9).

BRANDWAG
SIMBOLIES - PERSOONLIKHEID

1. (PS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat.
2. (PS), Odendaalsrus, Oranje-Vrystaat.
3. (HS), Uitenhage, Kaap.

'n Brandwag is 'n persoon wat op die voorpos waghou en ander moet waarsku wanneer gevaar dreig. Dié skole staan in figuurlike sin "brandwag" vir die Afrikanerkind.

BREDASDORP, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat in 1838 op die plaas Lange Fontein aangelê is en vernoem is na Michiel van Breda (1775-1847), lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering van 1838 en eerste burgemeester van Kaapstad in 1840 (Raper 1989:73).

BREDELL (LS), Kemptonpark, Transvaal
TOPONIMIES - KLEINHOEWES/PARKE

Die skool bedien die inwoners van die Bredell kleinhoewes oos van Kemptonpark.

BREËRIVIER (LS), Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die omgewing waar die skool geleë is, wat vernoem is na die Breërivier wat in die berge om Ceres ontspring en 356 km ver kronkel totdat dit by Witsand, 56 km suid-oos van Swellendam in die Indiese Oseaan uitmond (Du Plessis 1973:208).

BRENTWOODPARK (LS), Benoni, Transvaal
TOPONIMIES - KLEINHOEWES/PARKE

Vernoem na die Brentwoodpark kleinhoewes tussen Benoni en Kemptonpark. Die oorsprong van die toponiem is onbekend.

BREYTEN (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Nicolaas Jacobus Breytenbach, oorspronklike eienaar van die plaas waar die dorp aangelê is.

BRITS, Transvaal
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat vernoem is na Gert Brits, eenaar van die plaas Roode Kopjes (Rooikoppies) waar die dorp in 1924 gestig is (Raper 1989:74).

BRONKHORSTFONTEIN NO. 30 (LS), Vanderbijlpark, Transvaal
 TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is.

BRYANSTON (LS), Transvaal
 TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na Bryanston, 'n voorstad van Sandton, Johannesburg. Dis uitgelê op die plaas Driefontein en vernoem na Sir Abe Bailey (1864-1940), politikus en finansier, se woning in Londen (Raper 1989:76).

BUFFELSFONTEIN (LS), Mosselbaai, Kaap
 TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas Buffelsfontein, langs die Buffelsrivier, ongeveer 30 km suid-oos van Mosselbaai, en verwys na 'n fontein waar vroeër volop buffels voorgekom het.

BURGERSDORP (LS), Transvaal
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Die plaas, Kaalplaats, suid-oos aangrensend aan Lichtenburg, is in die vroeë 1890's in sg. "burgerregte" opgedeel. Hierdie burgererwe is aan sekere burgers gegee. Die toponiem **Burgersdorp** is spontaan hiervan afgelei.

BURGERSFORT (LS), Transvaal
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Volgens Raper (1989:79-80) is Burgersfort vernoem na die fort wat gedurende die Sekoekoenie-oorlog (1876-77) deur kaptein C.H. von Schlickmann gebou en na president Thomas Francois Burgers (1834-1881) vernoem is.

BYSONDERHEID (LS), Roedtan, Transvaal
 TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool in 1913 opgerig is en waar ook die dorpie in 1956 tot stand gekom het.

CALITZDORP (HS), Kaap
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die eponiem in **Calitzdorp** verwys na Frederik Calitz wat die grond in 1821 vir dorpstigting geskenk het (Raper 1989:85).

CALVINIA, Kaap
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat in 1851 deur ds. Nicolaas Hofmeyer op die plaas Hoogekraal aangelê is en vernoem is na die Hervormer, Johannes Calvin (1509-1564) (Nienaber 1963:189) en (Raper 1989:85).

CAREL DE WET (HTS), Vanderbijlpark, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na dr. Carel de Wet, gewese LV vir Vanderbijlpark asook Minister van Mynwese en Beplanning.

CAREL DU TOIT (HS), Steytlerville, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. Carel du Toit, 'n oud-skoolhoof.

CAROLINA LAER VOLKSKOOL, Carolina, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aangelê is op die plase Groenvlei en Goedehoop wat aan Cornelis Coetzee behoort het. Die dorp is vernoem na sy vrou, Magdalena Carolina Smit. Vir die term **Volksskool** vgl. **Volksskool**.

CAROLUSBERG (LS), Springbok, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp ongeveer 10 km noord-oos van Springbok. Daar word koper gemyn, ongeveer 5 km noord-wes van Simon van der Stel se kopermyn. In die berg by die dorp is standhoudende water. Die eponiem in **Carolusberg** verwys na ene Carolus, vermoedelik 'n Nama, wat daar gewoon het. Die waterplek word "**Carolus se water**" genoem.

CHRIS VAN NIEKERK (HS), Vredefort, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - STAATSMAN/MILITÊRE FIGUUR

Vernoem na mnr. Chris van Niekerk, voormalige senator en kommandant van die distrik Vredefort tydens die Anglo-Boereoorlog.

CHRIS HOFMEYER (LS), Eerste Goud, Transvaal
ANTROPONIMIES - SKENKERS/PLAASEIENAARS

Vernoem na Christoffel Hofmeyer wat die grond geskenk het waar die skool gebou is.

CHRISTIAAN BEYERS (LS), Strubenvale, Springs, Transvaal
ANTROPONIMIES - MILITÊRE FIGURE

Generaal Christiaan Beyers is vernoem na aanleiding van die beduidende rol wat hy in die 1914 Rebellie gespeel het.

CHRISTIANA, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat aangelê is op die plaas Zoutpansdrif en vernoem is na die dogter van president M.W. Pretorius (Nienaber 1963:192).

CITRUSDAL (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1916 deur die N.G. Kerk gestig is. Die toponiem verwys na die lemoene wat daar in die omgewing geproduseer word (Raper 1989:97).

C.J. LANGENHOVEN (HS), Oudtshoorn, Kaap
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

Vernoem na die volksheld, digter, skrywer, C.J. Langenhoven, deur wie se bemoeienis Afrikaans in 1914 as voertaal tot st. 4 erken is en wat meegewerk het om Afrikaans in 1925 as amptelike landstaal erken te kry.

CLANWILLIAM (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aangelê is op die plaas Jan Disselsvlei en het ook eers dié naam gedra. Dit is op 1 Januarie 1814 herdoop na Clanwilliam deur Sir John Cradock, goewerneur van die Kaap 1811-1814, na sy skoonvader, die Graaf van Clanwilliam (Raper 1989:98).

CLAREMONT (LS), Newville, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad wat aangelê is op die plaas Waterval deur Henry de Villiers Steytler en ene Evans. Volgens Smith (1971:91) is die voorstad waarskynlik vernoem na Claremont in die Kaap.

CLEWER (LS), Witbank, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, oorspronklik aangelê en beplan deur Sir Abe Bailey.

CLIVIA (LS), Ngodwana, Transvaal
OMGEWING - FLORA

Vernoem na die *Clivia*, 'n leliesoort wat natuurlik in die omgewing voorkom.

CLOCOLAN (HS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Clocolan se naam is afgelei van die Siswati woord **hlohloane**, en verwys na 'n insident toe 'n mandjie graan omgestamp is en tot 'n geveg aanleiding gegee het (Raper 1989:99).

COLIGNY (HS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat heet na die Franse Hugenoot, Gaspard de Coligny. Hy was admiraal van die Franse Vloot en is saam met duisende ander Protestante in die nag van 23-24 Augustus 1572 (St. Bartholomeusnag) in Parys om die lewe gebring (Nienaber 1963:197-198).

CONCORDIA (LS), Boksburg, Transvaal
SIMBOLIES - STREWE

Die leuse van hierdie skool is "Werk saam", terwyl op die skoolwapen afgebeeld is, twee hartjies wat "saamklop". Bg. sluit aan by die verklaring van die woord wat van Latynse oorsprong is:

Concordia < concors - of the same mind < con-, with cord (cord-), heart (Emery en Brewster 1952:300).

Die verklaring van Van Dale (1973:164) sluit hierby aan: "eensgezindheid - door eendracht worden kleine zaken groot, eendracht maakt macht: zinspreuk van de Republiek der Verenigde Nederlanden".

CONSTANTIAPARK (LS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied, ongeveer 12 km oos van die middestad van Pretoria. Eers bekend as Montesse, later verander na Constantiapark na Groot Constantia, die beroemde landgoed in die Kaap (Raper 1989:103).

COPPERTON (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp ongeveer 50 km suid-wes van Prieska. In 1967 is 'n ryk koper- en sinkneerslag in die distrik Prieska op die plaas Vogelstruisbult van mnr. Charlie Marais ontdek, waar die dorp Copperton aangelê is.

CRADOCK (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1813 aangelê is op die plaas Buffelskloof van Piet van Heerden en vernoem is na Sir John Francis Cradock, van 6 September 1811 tot 6 April 1814 goewerneur van die Kaap (Nienaber 1963:198).

CULLINAN (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat aangelê is op 'n gedeelte van die plaas Elandsfontein wat deur Sir Thomas Cullinan gekoop is. Hy was 'n direkteur van die Premier Syndicate Ltd. en het ook 'n baie groot rol in onderwysaangeleenthede op die dorp gespeel.

DAGBREEK
SIMBOLIES - STREWE

1. (LS), Oberholzer, Transvaal.
2. (LS), Port Elizabeth, Kaap.

Die kwaliteit van nuutheid wat in 'n nuwe dag opgesluit is, is in hierdie toponiem vasgevang: 'n Nuwe dag, nuwe uitdagings, nuwe hoop, nuwe toekomsdrome, ens.

DALMONDEOR (LS), Transvaal
OMGEWING - TOPOGRAFIES

Die skool is geleë in die dal van die voorstad, Mondeor, in Johannesburg. Dis uitgelê op die plaas Ormonde. Mondeor is dus 'n anagram van die plaasnaam (Raper 1989:357).

DALVIEW (LS), Brakpan, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woonbuurt. Reg ten noorde van die woonbuurt is daar 'n baie groot, oop ruimte. Indien vertaal, sou dit "Dalsig" wees wat kan dui op die uitsig op die "dal" of oop ruimte.

DANIËL LE ROUX (LS), Elgin, Kaap
ANTROPONIMIES - SKENKERS/PLAASEIENAARS

Vernoem na die plaaseienaar van die oorspronklike plaas, Vyeboom, waar die skool geleë is.

DANIËLSKUIL (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die toponiem is afgelei van 'n kegelvormige holte, ongeveer 6 meter diep, in die dolomitiese kalksteen, met 'n koepelvormige bedekking, wat 'n mens laat dink aan die Bybelverhaal van "Daniël in die leeu kuil". Die Griekwaleier, Adam Kok, het volgens oorlewering slange in die gat aangehou en dit ook as 'n tronk gebruik (Raper 1989:111).

DANIËLSRUS (PS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die oorsprong van die toponiem is onbekend.

DANIE MALAN (LS), Pretoria-Noord, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na Danie Malan, die eerste Afrikaanssprekende sekretaris van die skoolkomitee van die skool. Hy het baie jare in hierdie hoedanigheid gedien. In moeilike jare was hy 'n steunpilaar en het finansiële baie vir die skool gedoen.

DANIE THERON**ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE**

1. (LS), Carletonville, Transvaal
2. (LS), Kibler Park, Transvaal

Vernoem na Daniel Johannes Stephanus Theron, gebore op 9 Mei 1872 in Tulbach. Hy was onderwyser, boer en prokureur. Hy word veral vereer vir sy onverskrokkenheid as rapportryer gedurende die Anglo-Boereoorlog. Hy sneuwel teen die Engelse magte by Gatsrand. In 1903 is hy in die kerkhof te Eikenhof herbegraawe, slegs 200 meter van die skool in Kibler Park.

DANVILLE (LS), Pretoria, Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die westelike voorstad van Pretoria. Die eponiem in **Danville** verwys na generaal Daniël Hermanus Pienaar (1893-1942), algemeen bekend as generaal Dan Pienaar. Hy was 'n beroemde Suid-Afrikaanse soldaat wat in bevel was van Voortrekkerhoogte met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (Raper 1989:111).

DARLING (LS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp, wat in Oktober 1853 op die plaas Langfontein aangelê is. Dis vernoem na Sir Charles Henry Darling, Luitenant-Goewerneur aan die Kaap van 1851-1854 (Raper 1989:112) (Nienaber 1963:202).

DAVEL (LS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp aangelê op die plaas Hamelfontein, later Davelfontein, so genoem na die eenaar, mnr. Davel (soos vertel deur mnr. Grey, Ermelo).

DAWID BRINK (LS), Rustenburg, Transvaal**ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE**

Vernoem na mnr. Dawid Schalk van der Merwe Brink (gebore 5 November 1914). Mnr. Brink was onder meer LPR vir Rustenburg, neem dikwels waar as administrateur en lewer 'n beduidende bydrae op onderwysgebied.

DE AAR (HS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat in 1839 aangelê is op die plaas De Aar van Jan Gabriël Vermeulen. Die plaas se naam is afkomstig van 'n standhoudende put wat vars water gelewer het vir mens en dier (Nienaber 1963:203).

DEALESVILLE (PS), Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp. Die eponiem in **Dealesville** verwys na John Henry Deale, eenaar van die plaas Klipfontein, waar die dorp ontwikkel is (Raper 1989:113).

DEBEN (LS), Dibeng, Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorpie. Die oorsprong van die toponiem is onbekend.

DE BRUG (PS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - STASIES**

Die skool is vernoem na die stasie met dieselfde naam.

DE DEUR (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat ontwikkel is deur The De Deur Estate (Township) Ltd., wat die plaas De Deur gekoop het van John Daniël Weilbach op 1 Februarie 1904.

DE HOOP (LS), Somerset-Wes, Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is. Dié gedeelte, **De Hoop**, was 'n gedeelte van die plaas Vergelegen wat aan W.A. van der Stel behoort het.

DE KUILEN (HS), Kuilsrivier, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die oorspronklike naam van die dorp in die Stellenbosch-distrik was De Kuylen. Dit was 'n pos van die Verenigde Oost-Indische Compagnie in die tyd van Simon van der Stel en het gedurende die 18e eeu tot 'n dorp ontwikkel. Die toponiem is afgelei van die Kuilsrivier wat in die somer opdroog en dan net uit gate water bestaan (Du Plessis 1973:258).

DELAREYVILLE (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die eponiem in **Delareyville** is 'n verwysing na generaal Jacobus Hendrik de la Rey (1847-1914), generaal tydens die Anglo-Boereoorlog. Hy is op 15 September 1914 per ongeluk in Johannesburg doodgeskiet (Nienaber 1963:204).

DELMAS, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat ontwikkel is op die plaas Witklip wat in dialektiese Frans beteken "klein plasie", so genoem deur Frank Campbell Dumat, vorige eienaar van Witklip, na sy oupa se plaas in Frankryk (Raper 1989:116).

DELPORTSHOOP (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat ontwikkel het uit 'n delwerskamp. Daar word beweer dat die dorp vernoem is na die eerste persoon wat daar diamante ontdek het (Raper 1989:116).

DELVILLE (LS), Lambton, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTEDE

Laerskool Delville is tans geleë in die voorstad Lambton, 3 km ten suide van Germiston stasie. Die ou skool was in die voorstad Delville. Die toponiem, soos ook dié van die voorstad, is 'n huldebetoon aan die vegtersgees by Delvillebos, Frankryk, waar Suid-Afrikaanse magte tydens die Eerste Wêreldoorlog, niteenstaande onverpoosde, verwoede aanvalle en gevolglike swaar verliese, ses dae en vyf nagte lank met dapperheid en manmoed vasgeskop het.

DENDRON (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorpie, Dendron. Die toponiem is aan Grieks ontleen en beteken "baie bome". Die naam is deur 'n groep teologiese studente aan die plek gegee terwyl hulle daar gekamp het.

DENEYSVILLE (PS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die eponiem in **Deneysville** verwys na kolonel Deneys Reitz wat Minister van Lande was ten tye van die aanbou van die Vaaldam (Raper 1989:116).

DENNEOORD (LS), George, Kaap
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied waar die skool geleë is, waarskynlik as gevolg van die teenwoordigheid van dennebome of denneplantasies.

DENNESIG (LS), Middelburg, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied in Middelburg, wat so genoem is as gevolg van die denneplantasie wat tot niet gemaak is met die ontwikkeling van die genoemde uitbreiding.

DE RUST, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na die plaas waar dit in 1900 aangelê is. De Rust is ongeveer 35 km suid-oos van Oudtshoorn, tussen die Swartberg in die noorde en die Kammanassieberg in die suide (Raper 1989:117).

DESPATCH (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die dorp se naam is afgelei van die Engelse term wat betrekking het op die versending/aflewering van stene wat daar vervaardig word (Raper 1989:117).

DE TYGER (LS), Parow, Kaap
TOPONIMIES - ORONIEM

Vernoem na die Tygerberg, bekende landmerk in die noordelike voorstede van Kaapstad. Die naam **Tygerberg** is deur die Pleknamekomitee verander na **Tierberg**.

DE VILLIERS GRAAFF, Villiersdorp, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

1. (LS)
2. (HS)

Sir David de Villiers Graaff is vereer deurdat die instituut na hom vernoem is. Hy het 'n besondere bydrae tot die instituut se totstandkoming en instandhouding gelewer - finansiëel en andersins. Op 7 Mei 1907 is die gedenksteen van die De Villiers Graaff Instituut deur mnr. Jan Hendrik Hofmeyr (Onse Jan) ingemessel en die sierlike skool is ingewy. (Gedenkblad)

DEVON (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na die tuiste in Engeland van die landmeter wat die gebied uitgemeet het (Raper 1989:118).

DE VOS MALAN (HS), King William's Town, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na dr. Wouter de Vos Malan. Hy aanvaar in 1930 sy werksaamhede as eerste professionele assistent van die Superintendent-Generaal van Onderwys. In 1934 volg hy prof. M.C. Botha op as Superintendent-Generaal van Onderwys. Hierdie pos beklee hy met onderskeiding vir 19 jaar. Sy grootste verdienste het gelê in die reorganisasie van die sekondêre onderwys (Coetzee 1975:98-99; 129).

DE VRIJE ZEE (LS), Vrijzee, Kaap
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad, wat vernoem is na die **De Vrije Zee**, die skip waarmee Simon van der Stel in Mei 1679 in die Kaap aangekom het.

DE WET NEL (HTS), Kroonstad, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. M.C. de Wet Nel, voormalige Minister van Onderwys (1958).

D.F. MALAN
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

1. (HS), Brixton, Johannesburg, Transvaal.
2. (HS), Bellville, Kaap.

Dr. Daniël Francois Malan het in 1948 Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika geword toe die Nasionale Party aan bewind gekom het. Hy was Eerste Minister tot 1954. Dr. Malan was vader van die gedagte: "Bring bymekaar wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort" (Venter 1972:24).

D.F. MALHERBE
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

1. (LS), Vanderbijlpark, Transvaal.
2. (HS), Port Elizabeth, Kaap.

Vernoem na prof. D.F. Malherbe (1881-1969), gevierde Afrikaanse digter en skrywer.

DIAMANTVELD, Kimberley, Kaap
OMGEWING - MINERALE EN ANDER BEDRYWIGHED

1. (LS)
2. (HS)

Kimberley staan algemeen bekend as die **Diamantstad** en die skool se naam is aanduidend van die aard van die omgewing.

DIE BURGER (HS), Ridgeview, Roodepoort, Transvaal
SIMBOLIES - PERSOONLIKHEID

Die naam van die skool hou verband met die gedagte: Burger van die land.

DIE FAKKEL (HS), Forest Hill, Johannesburg, Transvaal
HISTORIES - SIMBOLIES

Die fakkelloop met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Desember 1938, was die inspirasie vir die skool se naam.

DIE HEUWEL (LS), Proklamasieheuvel, Transvaal
TOPONIMIES - ORONIMIES

Die **Heuvel** is afgelei van **Proklamasieheuvel**, die oroniem vir die heuvel waar kolonel H. de Lille 'n proklamasie uitgevaardig het op 4 Junie 1900, waarin die Transvaalse magte versoek is om die stad oor te gee (Raper 1989:453).

DIE KRUIIN (HS), Parktown, Transvaal
SIMBOLIES - STREWE

Die toponiem is simbolies daarvan om die kruin te bereik in alles wat aangepak word.

DIE PRESIDENT (LS), Primrose, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Die skoolkommissie het met die skool se totstandkoming in 1925 die naam **President Kruger** in gedagte gehad. Daar was egter reeds 'n skool met die naam **Paul Kruger** en daar is toe volstaan met **Die President**. Vgl. **Paul Kruger**.

DIE VARING (HS), Brackenhurst, Transvaal
OMGEWING - FLORA

Die naam hou verband met die voorstad Brackenhurst, 'n voorstad van Alberton. Die "bracken" is 'n varing (*Pteris Aquilina*) (Emery en Brewster 1952:163) wat blykbaar volop in die gebied voorgekom het, terwyl "hurst" na 'n heuwel kan verwys (op.cit. 776).

DIE WILGERS (HS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied ten ooste van Pretoria. Die gebied is in 1852 gekoop deur H.W. Struben en vernoem na die wilgerbome wat hy daar geplant het (Raper 1989:588).

DIRKIE UYS
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

1. (LS), Orchards, Johannesburg, Transvaal.
2. (PS), Durban, Natal.
3. (HS), Durban, Natal.

Vernoem na Dirkie Uys, die onverskrokke Voortrekkerseun wat as twaalfjarige dapper saam met sy vader in die voorste linie by die Slag van Italeri in 1838 gesterf het.

D.M. PRETORIUS (HS), Noupoot, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. D.M. Pretorius, skoolhoof vanaf Januarie 1920 tot Desember 1952, en 'n hoogs gerespekteerde persoon in die gemeenskap.

DOORNBULT (LS), Delareyville, Transvaal
OMGEWING - TOPOGRAFIES

Die skool is vernoem na die kenmerkende omgewing, verspreide kliprante begroei met doringbosse.

DORDRECHT (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat na Dordrecht in Holland vernoem is ter herinnering aan 'n historiese sinode van Gereformeerde Kerke wat daar in 1618-1619 gehou is (Nienaber 1963:206).

DOUGLAS (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat in 1867 vernoem is na Sir Percy Douglas, Luitenant-Goewerneur van die Kaapkolonie (Raper 1989:125).

DRAKENSBERG**TOPONIMIES - ORONIMIES**

1. (LS), Bosbokrand, Transvaal.
2. (PS), Newcastle, Natal.

Vernoem na die Drakensberg. Vanaf beide hierdie skole is daar 'n pragtige uitsig op dié berge.

DRAKENSIG (LS), Hoedspruit, Transvaal**LIGGING - ESTETIES**

Die Drakensberg kan duidelik vanaf die skoolterrein waargeneem word.

DRAKENSTEIN (LS), Kaap**TOPONIMIES - GEBIED**

Vernoem na die Drakensteinvallei wat tussen die Roodezandpas en Paarl lê. Dit is 'n gebied ongeveer 50 km lank en 20 km wyd (Raper 1989:126). Die vallei is deur goewerneur Simon van der Stel so genoem na die Hoë Kommissaris, Adriaan van Rhee de tot Drakenstein, wat die Kaap by geleentheid besoek het.

DR. ANNECKE (LS), Letsitele, Transvaal**ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE**

Vernoem na dr. Siegfried Annecke wat belangrike navorsing in verband met malaria gedoen het. Deur sy navorsing is dié deel van die Laeveld omskep van **Die vallei van die dood** tot een van die floreërendste boerderygemeenskappe in Suid-Afrika, nl. Letsitele.

DR. C.F. VISSER (PS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat**ANTROPONIMIES - KULTURELE LEIERS**

Vernoem na dr. C.F. Visser omdat hy 'n beduidende bydrae gelewer het as bekende jeugleier en mede-stigter van die Voortrekkers.

DR. E.G. JANSEN (HS), Boksburg, Transvaal**ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE**

Dr. E.G. Jansen (1881-1959) was Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika, speaker van die Volksraad, kabinetsminister en kultuurleier (Beyers en Basson 1987:402). Die gemeenskap wou hulle skool se naam koppel aan dié van 'n groot en waardige Afrikaner.

DRIEFONTEINE (LS), Stilfontein, Transvaal**TOPONIMIES - MYNE**

Die leerlinge van die skool kom hoofsaaklik van drie myne in die omgewing nl. Stilfontein, Hartbeesfontein en Buffelsfontein, met ander woorde drie fonteine.

DRIEHOEK (HS), Vanderbijlpark, Transvaal**TOPONIMIES - GEBIED**

Die skool is vernoem na die Vaaldriehoek waar die skool geleë is.

DRIE RIVIERE, Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

1. (LS)
2. (HS)

Die dorp is geleë ongeveer 5 km oos van Vereeniging by die sameloop van die Vaal-, Suikerbosch- en Kliprivier - dus drie riviere.

DR. MALAN (HS), Meyerton, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE
 Vgl. D.F. Malan.

DR. VILJOEN (HS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Dr. W.J. Viljoen was hoogleraar in Hollands aan die Victoria-Kollege te Stellenbosch en is in 1910 as Direkteur van Onderwys in die Oranje-Vrystaat aangestel. Hierdie amp het hy op bekwame en hoflike wyse tot 1918 beklee (Coetzee 1975:176).

DUIWELSKLOOF (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Die dorp se naam is topografies verwysend na die ruwe voorkoms van die klowe in die omgewing (Raper 1989:128).

DULLSTROOM (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Walterus Dull, voorsitter van 'n **Boerekomitee** wat moes poog om die Afrikaners wat finansiële verliese gedurende die Eerste Vryheidsoorlog gely het, weer op die been te help (Nienaber 1963:208).

DU PREEZ VAN WYK (LS), Bronkhorstspruit, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. A.H. du Preez van Wyk, hoof van die skool vanaf 1937 tot 1943. Hy word later Direkteur van Onderwys. Hy word vereer vir die belangrike rol wat hy in die skool se bestaan gespeel het.

DURBANVILLE, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat eers bekend gestaan het as Pampoenkraal, maar op 2 September 1936 verander is na D'Urban, na Sir Benjamin D'Urban, goewerneur van die Kaap van 1834-1838. Om verwarring met Durban in Natal te voorkom, is die antroponiem verander na Durbanville (Raper 1989:130).

DU TOITSPAN (LS), Beaconsfield, Kimberley, Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Die ontstaan van die Laerskool Dutoitspan val direk saam met die ontdekking van diamante in Kimberley en die stigting van die N.G. Kerk in 1872, in die tentedorp op die plaas Dorstfontein. Dié plaas staan later bekend as **Du Toit se pan** na aanleiding van 'n laagliggende waterpan naby die plaasopstal, en nog later as **Dutoitspan**, waarna die skool vernoem is.

DUVHAPARK (LS), Witbank, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Die laerskool is geleë in die woongebied binne Eskomgebied ongeveer 11 km van Witbank. **Duvha** is die Siswati woord vir **energie**, 'n direkte verwysing na Eskomkrag.

DWAALBOOM (LS), Thabazimbi, Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Die dorpie, 80 km noord-wes van Thabazimbi, se naam is ontleen aan die verdwaalboom, 'n maroelaboom wat by die meisieskoshuis gestaan het en in 1988 dood is. Volgens oorlewering is dit so genoem deur 'n persoon wat verdwaal het en telkens by dieselfde boom uitgekom het.

EBEN DÖNGES (HS), Kraaifontein, Kaap**ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE**

Vernoem na mnr. Theophilus Ebenhaezer (Eben) Dönges (1898-1968), koerantman, advokaat, kultuurleier en politikus. Na die uittrede van staatspresident C.R. Swart is hy deur die Nasionale Party kookus as kandidaat vir dié amp aangewys en op 28 Februarie 1967 het die parlementêre kieskollege hom as die volgende staatshoof gekies (Beyers en Basson 1987:216-219).

EBENHAESER (LS), Krugersdorp, Transvaal**SIMBOLIES - RELIGIEUS**

Met die ingebruikneming van 'n nuwe terrein en gebou vir die skool het 1 Sam. 7:12 as inspirasie vir hierdie naam gedien: "Tot hiertoe het die Here ons gelei."

EDENBURG (HS), Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp. Die toponiem is volgens Raper (1989:135) óf van Bybelse oorsprong óf genoem na Edinburgh in Skotland, die geboorteplek van ds. Andrew Murray (1828-1917), vir baie jare die enigste predikant in die Oranje-Vrystaat.

EDENVALE (HS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat in 1903 aangelê is op die plaas Rietfontein. Die eponiem in **Edenvale** verwys waarskynlik na een van die eienaars, John Eden (Raper 1989:135).

EDLEEN (LS), Kemptonpark, Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die voorstad Edleen in Kemptonpark. Die woongebied is uitgelê op die plaas Zuurfontein en vernoem na die eienaars van die plaas, Edward en Eileen Vermaas: Ed + leen > Edleen (Raper 1989:135).

EENDRACHT (LS), Pretoria, Transvaal**SIMBOLIES - STREWE**

Die Nederlandse naam **Eendracht** weerspieël die behoefte van die Boerevolk na die Tweede Vryheidsoorlog om weer in eenheid en eensgesindheid nader aan mekaar te beweeg.

EENHEID (LS), Nylstroom, Transvaal**HISTORIES - POLITIES/KULTUREEL**

Die skool is in 1960 opgerig op die konsentrasiekampterrein (Anglo-Boereoorlog 1899-1902). Die referendum van 1961, of Suid-Afrika uit die Statebond moet tree of nie, het 'n baie groot invloed op die naamgewing gehad. Die slag-spreuk was: "Eenheid in Afrikanergeledere".

EIKESTAD (LS), Stellenbosch, Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Stellenbosch staan algemeen bekend as die **Eikestad** na aanleiding van die baie eikebome in die dorp.

ELANDIA (LS), Dinwiddi, Transvaal

TOPONIMIES - PLASE

Elandia is afgelei van Elandsfontein, die plaas waaraan Germiston sy ontstaan te danke het as gevolg van die ontdekking van goud aldaar.

ELANDBOSCH (LS), Palala, Naboomspruit, Transvaal

TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas Elandsbosch, wat destyds (1913) 'n goewermentsplaas was. Elandsbosch is die Ndl. vorm en verwys na bos/se waar elande gehou het.

ELANDSKRAAL (LS), Mooinooi, Transvaal

TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is en verwys na 'n vroeëre bymeekaar-komplek van elande.

ELANDSLAAGTE (LS), Selonsrivier, Transvaal

TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool in 1889 gebou is. Elandslaagte is geleë langs die Selonsrivier in die Waterberge. Die vlaktes om die skool en langs die rivier het vroeër gewemel van die elande.

ELANDSPOORT (HS), Danville, Pretoria, Transvaal

TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na Elandspoort, die oorspronklike plaas waarop Pretoria aangelê is. Dis deur kommandant-generaal M.W. Pretorius aangekoop, 'n kerk is daar gestig en toe in 1855 ook 'n dorp. Elandspoort het oorspronklik behoort aan J.J.P. Prinsloo en A. van der Walt (Nienaber 1963:329-330).

ELARDUSPARK (LS), Pretoria, Transvaal

TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad van Pretoria, afgelei van die eienaar se van, mnr. Erasmus, aan wie die plaas behoort het. Die Erasmuskasteel of "spookhuis" lê net noord van Elarduspark en oos van Erasmusrand, 'n ander voorstad.

ELDORADO (LS), Tarlton, Transvaal

TOPONIMIES - KLEINHOEWES/PARKE

Vernoem na die Eldorado landbouhoewes waar die skool geleë is. **El Dorado** is aan Spaans ontleen en verwys na 'n fabelagtige ryk stad waarna in die noorde van Suid-Amerika gesoek is deur vroeë Spaanse en ander ontdekkers. Kan ook verwys na enige plek wat as ryk of weelderig gereken word (Emery en Brewster 1952:484).

ELDORAIGNE (HS), Pretoria, Transvaal

TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woonbuurt, 'n voorstad van Verwoerdburg. Dis aangelê op die plaas Zwartkop en vernoem na die eienaar van die plaas, Dorothy Lorentz (Raper 1989:139).

ELLIOT (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Sir Henry George Elliot (1826-1912), hoofmagistraat van Tembuland te Umtata van 1891 tot 1902.

ELLISRAS, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Ellisras is geleë in die Bosveld van Noordwes-Transvaal en is veral bekend vir die ryk steenkoolneerslae in die omgewing wat deur Yskor gemyn word, asook die Matimba kragentrale wat deur ESKOM opgerig is. Die toponiem is afgelei van die vanne van twee van die pioniers in die omgewing, Ellis en Erasmus (Raper 1989:141). Vgl. ook Bosveld, Transvaal.

ELOFFSDAL (LS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied. Die eponiem in **Eloffsdal** verwys na Frikkie Eloff, skoonseun van President Paul Kruger, wat die grond vir die skoolterrein geskenk het.

ELSBURG (HS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1887 op die plaas Klippoortjie aangelê is. Die eponiem in **Elsburg** verwys na die eienaar van Klippoortjie, F.C. Els (Raper 1989:141).

ELSPARK, Germiston, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

1. (LS)
2. (HTS)

Vernoem na die woongebied.
 Vgl. Elsburg.

EMILY HOBHOUSE (PS), Hobhouse, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Vernoem na Emily Hobhouse (1860-1926), filantroop en outeur wat die toestande in die konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog onder die publiek se aandag gebring het (Raper 1989:215).

ERFDEEL (PS), Kestell, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is.

ERIC LOUW
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

1. (LS), Beaufort-Wes, Kaap.
2. (HS), Messina, Transvaal.

Vernoem na mnr. Eric Hendrik Louw (1890-1968), advokaat, diplomaat en kabinetsminister. Verla op die terrein van buitelandse beleid was mnr. Louw die voorste vegter vir die belange van Suid-Afrika (Beyers en Basson 1987:501).

ERMELO, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp, oorspronklik 'n kerkdorp in 1880 op die plaas Nooitgedacht gestig. Die dorp is Ermelo genoem deur ds. F. Lion Cachet "in dankbare gedachtenis aan de geestelike kweekplaats der leraars" in Holland (Nienaber 1963:214).

ESPERANZA (LS), Newlands, Transvaal
SIMBOLIES - STREWE

Cabo de Bona Esperanza is die vroegste naam wat aan die suidpunt van Afrika gegee is. Die Afrikaanse vertaling is "Kaap die Goeie Hoop". Die grootste inspirasie vir die skoolnaamgewing was die gedagte van "hoop" wat so dikwels verbind word met geloof - hoop op God, hoop op die toekoms, hoop op vervulling van volksideale.

EUGENE N. MARAIS (LS), Naboomspruit, Transvaal
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

Eugene N. Marais (1871-1936), Afrikaanse skrywer, digter, was vrederegter en "wonderdokter" in die distrik Waterberg waar hy etlike jare deurgebring het met 'n studie van die gedrag van miere en bobbejane, vgl. "Die siel van die mier" en "Burgers van die berge". Hy was beroemd en baie bekend in die omgewing en daarom is die skool na hom vernoem.

EVANDER (HS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1955 gestig is as gevolg van 'n goudmyn wat deur die Union Corporation Ltd. daar begin is en vernoem is na Evelyn Anderson, die weduwee van 'n eertydse besturende direkteur van die maatskappy (Raper 1989:155).

EXCELSIOR
SIMBOLIES - STREWE

1. (LS), Petit, Transvaal.
2. (LS), Bellville, Kaap.
3. (HS), Oranje-Vrystaat.
4. (LS), Noordeinde, Port Elizabeth, Kaap.

Excelsior is aan Latyn ontleen: Excelsus > hoog/hoër. Hierdie leuse dien dus as inspirasie tot groter hoogtes (Emery en Brewster 1952:526) en kan dus sinvol aan die toponiem gekoppel word.

FAIRLAND (LS), Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad wat in 1906 deur 'n mnr. Wilson uitgemeet en Fairland genoem is. Die plaas waar die voorstad uitgelê is, se naam was oorspronklik Weltevreden en het aan Rossouw behoort.

F.A. LOOTS (LS), Marydale, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. F.A. Loots, voormalige LUK belas met onderwys in Kaapland, wat 'n boer in die distrik was.

FAUNA (PS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woonbuurt waar die skool geleë is. **Fauna** is 'n oorkoepelende begrip vir al die diersoorte van 'n bepaalde streek of tydperk. Die skool se wapen het 'n swaeltjie op en die skoolkoerant word na aanleiding hiervan "Die swaweltjie" genoem.

F.D. CONRADIE (LS), Prince Alfred Hamlet, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. F.D. Conradie, voormalige LUK belas met onderwys in Kaapland.

FERDINAND POSTMA (HS), Potchefstroom, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na prof Ferdinand Postma, grondlegger van die Potchefstroomse Univer-
 siteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys.

F.H. ODENDAAL (HS), Lynneast, Pretoria, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. F.H. Odendaal, 'n voormalige administrateur van Transvaal.

FICHARDTPARK, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

1. (PS)
2. (HS)

Vernoem na die woonbuurt, wat vernoem is na Carl Eberhardt Fichardt, voor-
 malige sendeling van die Berlynse Sendinggenootskap. Die Fichardts was van
 die vroegste nedersetters wat hulle in Bloemfontein gevestig het. Die
 skoolwapen is ook gekoppel aan die Fichardt-familiewapen.

FICKSBURG, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (PS)
2. (HTS)

Vernoem na die dorp. Die eponiem in **Ficksburg** verwys na Johan Izak Jacobus
 Fick (1816-1892), kommandant-generaal van die Oranje-Vrystaat wat 'n belang-
 rike rol in die Basoetoe-oorloë gespeel het (Raper 1989:161).

F.J. CRONJE (PS), Parys, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - SKENKERS/PLAASEIENAARS

Die grond waar die skool gebou is, is deur mnr. F.J. Cronje geskenk en die
 skool na hom vernoem.

FLEUR (LS), Kloofzicht, Pretoria, Transvaal
SIMBOLIES - PERSOONLIKHEID

Die verklaring van **fleur** soos aangegee deur die HAT (1979:222) het aanleiding
 gegee tot die aanvaarding van dié skoolnaam: "bloeyd, bloei, fris, ongerepte
 voorkoms, glans, aantreklikheid".

FLORIDA, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die woongebied wat aangelê is op die plaas Vogelstruisfontein in
 1889. Daar word beweer dat dit vernoem is na die Amerikaanse staat Florida,
 na blomme wat daar gegroei het en na 'n vierjarige dogtertjie, Florrie, niggie

van die stigter, Hendrik van der Hoven wat dood is net voor die uitlegging daarvan (Raper 1989:162-163).

FOCHVILLE, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog uitgelê is op gedeeltes van die plase Kraalkop en Leeuspruit. Die eponiem in **Fochville** verwys na veldmaarskalk Ferdinand Foch (1851-1929), bevelvoerder van die geallieerde magte in Frankryk gedurende die Eerste Wêreldoorlog (Raper 1989:163).

FONTAINEBLEAU (LS), Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied, wat vernoem is na die beroemde koninklike residensie naby Parys, Frankryk, deur die landmeter W.H. Auret Pritchard (Raper 1989:163).

FONTEINE (PS), Sasolburg, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas Sewefontein waar die skool geleë is.

FRANK VAN DER MERWE (PS), Virginia, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na die eerste permanente hoof van die skool, mnr. Frank van der Merwe.

FRANSCHHOEK (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1860 aangelê is in 'n gebied waar die Franse Hugenote hulle in 1688 gevestig het nl. **Franschen Hoek** (Nienaber 1963:220).

FRANS CONRADIE (LS), Despatch, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Frans Conradie, prokureur, gewese LUK en inwoner van Despatch. Mnr. Conradie het 'n groot bydrae gelewer in die totstandkoming van die skool.

FRANS DU TOIT (HS), Phalaborwa, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na dr. Frans du Toit, vanaf 1951-1961 voorsitter van die Fosfaat-Ontginningskorporasie (Cartwright 1972:64(d)). Phalaborwa is bekend vir die ontginning van fosfaat aldaar.

FRED WENTZEL (PS), Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Fred Wentzel, voormalige LUK vir die kiesafdeling Heilbron, wat baie vir die skool gedoen het.

FRIKKIE MEYER
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

1. (LS), Vanderbijlpark, Transvaal.
2. (HS), Thabazimbi, Transvaal

Vernoem na dr. Frederik Meyer (28.1.1898-7.6.1972), direkteur van maatskappye, nyweraar, ingenieur en wetenskaplike, die tweede seun van agt kinders van ds. Wilhelm Justus Meyer van Griekwastad. Dr. Meyer was 'n vooraanstaande

leierfiguur en veral bekend vir die leidende rol wat hy gespeel het in die staalbedryf (Beyers en Basson 1987:538).

GAFFIE MAREE (LS), Alexanderbaai, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Gaffie Maree wat LV was vir Namakwaland en hom beywer het vir die bou van 'n nuwe skool op Alexanderbaai.

GANSBAAI (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat oorspronklik bekend gestaan het as **Gansgat** na aanleiding van die wildeganse wat daar voorgekom het (Raper 1989:171).

GARIES (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die toponiem is van Khoekhoense oorsprong en beteken "kweek" (Raper 1989:173).

GARSFONTEIN, Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die voorstad wat ontwikkel is op die plaas Garsfontein, waarskynlik so genoem na aanleiding van wilde hawer wat in die omgewing gegroei het (Raper 1989:173).

GELOFTE (PS), Pinetown, Natal
HISTORIES - GEBEURE

Die Gelofte wat deur die Voortrekkers afgelê is na die Slag van Bloedrivier in 1838, het as inspirasie vir die skool se naam gedien.

GENE LOUW (LS), Durbanville, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Gene Louw, voorheen Administrateur van Kaapland, oud-inwoner, burgemeester en LPR vir Durbanville.

GENERAAL HENDRIK SCHOEMAN (LS), Schoemansville, Transvaal
ANTROPONIMIES - MILITÊRE FIGURE

Vernoem na generaal Hendrik Schoeman, eerste eienaar van die plaas Hartebeespoort. Sy seun, Johan Schoeman, het die dorp Schoemansville in 1923 uitgelê en die grond vir die skool geskenk op voorwaarde dat dit na sy vader vernoem word.

GENERAAL HERTZOG
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

1. (HS), Witbank, Transvaal.
2. (HS), Smithfield, Oranje-Vrystaat.

Vernoem na generaal James Barry Munnik Hertzog (1866-1942), Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika (1924-1939). Hy word allerweë hoog aangeskryf as krygsman, taal- en kultuurstryder, onderwysman, staatsman met visie. Hy was stigter van die Nasionale Party (Venter 1976:23). Die Hertzog-erfplaas is naby Witbank en steeds in besit van die familie.

GENERAAL JACQUES PIENAAR (LS), Innesdal, Pretoria, Transvaal
ANTROPONIMIES - MILITÊRE FIGURE

Vernoem na generaal J.J. Pienaar (vgl. Generaal Pienaar, Potchefstroom, Transvaal) se kleinseun, Jacques.

GENERAAL PIENAAR (LS), Potchefstroom, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMAN/MILITÊRE FIGUUR

Vernoem na Johannes Jacobus (Jac) Pienaar (1877-1966) wat Boere-offisier, rebel en Administrateur van Transvaal (1938-1948) was. Hy was die seun van Petrus Arnoldus Pienaar en Susan Elviera Crowther (Beyers en Basson 1987:622/3).

GERICKE (LS), Ceres, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. J.C. Gericke wat die hoof van die skool was vanaf 1898-1917. Hy was 'n kleurryke figuur wat onder meer tydens die Tweede Vryheidsoorlog by Matjiesfontein gevange gehou is.

GERMISTON (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die stad wat in 1887 as dorp ontwikkel is op die plaas Elandsfontein. In 1904 is dit vernoem na 'n plaas met dieselfde naam naby Glasgow in Skotland, die geboorteplek van John Jack, 'n goudmynpionier (Raper 1989:176).

GERRIT MARITZ
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

1. (LS), Westonaria, Transvaal.
2. (HS), Pretoria-Noord, Transvaal.

Vernoem na die Voortrekkerleier, Gerhardus Marthinus (Gerrit) Maritz (1798-1839).

GERT MARITZ (HS), Pietermaritzburg, Natal
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Vgl. Gerrit Maritz.

Prof. T. Thom van die Universiteit van Stellenbosch het aanbeveel dat die naam **Gert** en nie **Gerrit** nie, moet wees, omdat sy familie en vriende hom **Gert** genoem het.

Vgl. 'Gerrit Maritz'.

GILL KOLLEGE, Somerset-Oos, Kaap
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na dr. William Gill, distriksgeneesheer van Somerset-Oos wat die grootste gedeelte van sy boedel in 'n trust geplaas het vir opvoedkundige doeleindes in Somerset-Oos. Hy was 'n natuurkundige, botanis en ook vooruitstrewende boer.

GLENCONNOR (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp en stasie. Die skoolgebou is deur die spoorweë opgerig vir gebruik deur die Departement van Onderwys. Die oorsprong van die dorp se naam is onbekend.

GLÜCKSTADT (PS), Natal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Glückstadt, 'n stad op die walle van die Elbe-rivier in Duitsland. Daar was vroeër 'n groot Duitse gemeenskap in die omgewing. Die naam verwys na "geluk" (Raper 1989:179).

GOEDEHOOP (LS), Secunda, Transvaal**TOPONIMIES - PLASE**

Vernoem na die oorspronklike plaas waar SASOL 2 en 3 en die dorp Secunda ontwikkel is. Die plaas het behoort aan die Voortrekker, Carolus Trichardt.

GOLELA (LS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat ongeveer 20 km noord-oos van Pongola en net bokant die Pongolapoortdam geleë is. Die toponiem is oorspronklik uit Siswati en beteken "die plek van die wild".

GOODWOODPARK (LS), Goodwood, Kaap**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die woonbuurt wat vernoem is na 'n perderenbaan in Engeland. Die veronderstelling was dat dit ook in 'n resiesentrum sou ontwikkel, maar na een resies is die projek laat vaar (Raper 1989:184).

GOUDINI (HS), Rawsonville, Kaap**TOPONIMIES - GEBIED**

Vernoem na die omgewing waar die skool geleë is. Die naam **Goudini** is klaarblyklik afgelei van **Goudene Dina** wat die blanke pioniers se weergawe was van Khoekhoense woorde **kg on** of **gou** en **dani** wat **bitter heuning** beteken. Goudini se heuning is soms letterlik bitter as gevolg van die nektar van die blomme van die smalblaarbome (Eeublad 1858-1958 - Hoërskool Goudini:51).

GOUDINIWEG (LS), Kaap**TOPONIMIES - GEBIED**

Vgl. Goudini, Rawsonville.

GOUDKOP (LS), Klerksdorp, Transvaal**TOPONIMIES - ORONIMIES**

Vernoem na 'n koppie naby die skool waar die eerste goud ontdek is.

GOUDRAND (HS), Randfontein, Transvaal**OMGEWING - MINERALE EN ANDER BEDRYWIGHEDE**

Die skool is geleë in die dorp Randfontein aan die Witwatersrand, waar goud gemyn word.

GOUDRIF (HS), Homestead, Transvaal**OMGEWING - MINERALE EN ANDER BEDRYWIGHEDE**

Goudrif is 'n samestelling van twee name nl. **Goudryk** wat verwys na die grootste goudraffinadery ter wêreld en **Noordrif** ontleen aan Noordrifweg in die omgewing van die skool.

GOUDVELD (HS), Welkom, Oranje-Vrystaat**OMGEWING - MINERALE EN ANDER BEDRYWIGHEDE**

Vernoem na die gebied waar die skool geleë is wat algemeen bekend staan as **Goudveld** vanweë die talryke goudmyne wat daar voorkom.

GRAAFWATER (LS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp en verwys waarskynlik na 'n gat wat in 'n rivierbedding gegrawe is om water te verkry (Raper 1989:187).

GRABOUW (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1850 aangelê is en vernoem is na Grabouw in Duitsland. Daar word beweer dat dit die geboorteplek van die stigter van die dorp is, Wilhelm Langschmidt, en ander dat dit die geboorteplek is van die moeder van Von Schlicht, eienaar van die plaas waar die dorp tot stand gekom het (Raper 1989:187).

GRASKOP (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat die naam dra van 'n kop in die omgewing.

GRAVELOTTE (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat vernoem is na 'n Pruisiese sendeling wat in die Slag van Gravelotte geveg het gedurende die Frans-Pruisiese Oorlog (1870-1871) (Raper 1989:188).

GRENS (HS), Baysville, Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die gebied. Die skool is die eerste Afrikaansmediumskool in die Grens. Die naam is aan die gebied gegee toe die Groot Visrivier die grens was tussen die Kaapkolonie en die Xhosas (Raper 1989:66).

GRENSWAG (HS), Rustenburg, Transvaal
SIMBOLIES - PERSOONLIKHEID

Die skool wil met sy naam die handhawing van grense, sedelik, moreel, godsdienstig, kultureel ens. simboliseer.

GREY KOLLEGE (HS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na Sir George Grey (1812-1898) Goewerneur van die Kaapkolonie van 1854-1859 en 1860-1861 (Raper 1989:190). Hy het 'n bedrag van R4000 deur bemiddeling van die Britse regering beskikbaar gestel om 'n skool op te rig wat sy naam sou dra (Coetzee 1975:140).

GROBLERSHOOP (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die nedersetting wat ontstaan het met die bou van die Boegoebergdam is in 1938 Groblershoop genoem tydens 'n funksie waar die Groot Trek van 1838 herdenk is (mev. Lokkie van Zyl, Groblershoop).

GROENVELD (PS), Bethlehem, Oranje-Vrystaat
OMGEWING - GEBIED

Vernoem na die omgewing wat 'n besonder vrugbare akkerbougebied is waar veral koring en verwante gewasse verbou word. Die naam is aanduidend van die voorkoms van die gebied.

GROENVLEI (LS), Thabazimbi, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Die skool het tot stand gekom op die plaas Groenvlei, ongeveer 40 km noord-wes van Thabazimbi. Dit was een van die eerste gesentraliseerde skole in 1938.

GROOTE SCHUUR (HS), Nuweland, Kaap
TOPONIMIES - WONINGS/GEBOUE

Vernoem na die ampswoning van die president van die Republiek van Suid-Afrika. Dit was voorheen die woning van Cecil John Rhodes. Die naam dui letterlik op 'n groot skuur wat aan Jan van Riebeeck behoort het en deur Herbert Baker vir Rhodes gerestoureer is.

GROOT MARICO (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1948 op die plaas Wonderfontein aangelê is. Daar is geen duidelike verklaring vir die toponiem nie, waarskynlik verwys dit na "plek van bloed" (Raper 1989:193). Du Plessis (1973:268) dui aan dat die woord van die Setswana woord **Madikwe** afgelei is, wat bloed beteken.

GUSTAV PRELLER (LS), Discovery, Transvaal
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

Vernoem na die skrywer, Gustav Preller (1875-1943). Hy was leier van die Tweede Taalbeweging in Transvaal.

HAAKDOORN (LS), Onderstepoort, Transvaal
TOPONIMIES - KLEINHOEWES/PARKE

Die skool bedien die inwoners van die Haakdoornboomkleinhoewes, noord van Onderstepoort en is vernoem na die baie haakdoringbome wat in die omgewing voorkom.

HAENERTSBURG (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat sy ontstaan te danke het aan die ontdekking van goud. Die eponiem in **Haenertsburg** verwys na Carl Ferdinand Haenert, 'n Duitser wat in 1857 na Suid-Afrika gekom het (Changuion 1987:16).

HANDHAAF (LS), Uitenhage, Kaap
SIMBOLIES - STREWE

"Handhaaf" volgens die HAT (1979:354) sou beteken dat die persoon of instelling:

1. 'n Hoë peil handhaaf, bewaar, volhou - bv. die tug, vrede, wet ens.
2. Nie intrek, afskaf, prysgee, laat vaar nie - bv. jou taal en kultuur tussen vreemdes handhaaf.

Bg. kwaliteite word by leerlinge van hierdie skool veronderstel.

HANGKLIP, Queenstown, Kaap
TOPONIMIES - ORONIMIES

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na 'n hoë bergkop in die omgewing wat **Hangklip** heet.

HANNES VISAGIE (LS), Nigel, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Hannes Visagie, voormalige LP vir die gebied.

HANOVER (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1854 aangelê is op die plaas Petrusvlei van Gert Gous, en vernoem is na Hanover in Duitsland vanwaar Gous se ouers gekom het (Nienaber 1963:232-233).

HANS MOORE (HTS), Northmead, Transvaal

ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. Hans Moore, afgetrede senior adjunkdirekteur van Onderwys. Mnr. Moore het hom op uitsonderlike wyse beywer vir die tegniese onderwys.

HARTEBESPOORT (HS), Schoemansville, Transvaal

TOPONIMIES - HIDRONIMIES

Vernoem na die Hartbeespoortdam, so genoem na die plaas Hartebeespoort na aanleiding van die hartbeeste (*Alcelaphus buselaphus*) wat vroeër in groot getalle voorgekom het.

HARTENBOS (LS), Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die kusdorp wat hoofsaaklik deur die S.A. Spoorweë ontwikkel is vir lede van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging. Die naam is afgelei van die plaas waar dit aangelê is en wat aan Esias Engelbrecht Meyer behoort het (Raper 1989:201).

HARTSVALLEI (LS), Kaap

TOPONIMIES - NEDERSETTINGS

Vernoem na die nedersetting in die Hartsriviervallei by die Vaalharts Besproeiingskema tussen Taung in die noorde en Jan Kempdorp in die suide.

HARTSWATER (LS), Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, die besigheidsentrum van die Vaalharts Besproeiingskema, vernoem na die Hartsrivier.

HEIDELBERG (HS), Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Heidelberg in Duitsland.

HEKPOORT (LS), Transvaal

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die naam is gegee na aanleiding van 'n "hek" wat gevorm is deur Engelse magte tydens die Anglo-Boereoorlog om te voorkom dat die Boeremagte kon deurkom na die Witwatersrand.

HELDERKRUIN (LS), Roodepoort, Transvaal

TOPONIMIES - WOONGBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied feitlik op die kruin van 'n reeks rante vanwaar 'n helder uitsig verkry kan word (mnr. Clive Smith, Stadsraad, Roodepoort).

HENDRIK LOUW (LS), Strand, Kaap

ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. Hendrik Arnoldus Louw (Dick) (1895-1955) wat onuitwisbare spore in die skool se geskiedenis getrap het. Hy was hoof van die skool van 1916-1946.

HENDRIK POTGIETER

ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

1. Laerskool, Kockspark, Potchefstroom.
2. Reddersburg Hoërskool, Oranje-Vrystaat.

Vernoem na die Voortrekkerleier, Andries Hendrik Potgieter (1792-1852).

HENDRIK VERWOERD**ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE**

1. (LS), Port Elizabeth, Kaap.
2. (HS), Deernis, Pretoria, Transvaal.

Vernoem na dr. Hendrik Frensch Verwoerd (1901-1966) in lewe Eerste Minister van Suid-Afrika van 1958-1966. Dr. Verwoerd is op 6 September 1966, op sy sitplek in die Parlement deur 'n tydelike bode van vreemde afkoms, met 'n mes doodgesteek.

HENDRINA, Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat in 1914 op die plaas Grasfontein aangelê is. Dis vernoem na Hendrina Beukes, die eggenote van Gert Beukes, die eienaar van die plaas (Raper 1989:206).

HENNENMAN, Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

1. (PS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat oorspronklik 'n spoorwegstasie was, genoem Ventersburgpad. Die naam is in 1927 verander na Henneman, na die naam van 'n plaaslike boer, Petrus F Hennenman (Raper 1989:207).

HENNOSPARK (LS), Pretoria, Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die woongebied geleë in die omgewing van die Hennopsrivier, ongeveer 6 km suid van Verwoerdburg.

HENTIE CILLIERS (HS), Virginia, Oranje-Vrystaat**ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE**

Vernoem na mnr. Hentie Cilliers, die eerste skoolhoof ná die nuwe geboue in 1960 betrek is.

HERBERTSDALE (LS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorpe geleë net oos van die Gouritsrivier in die Langtouwallei. Dis in 1865 op die plaas Hemelrood aangelê en vernoem na James Benton Herbert wat 'n deel van die plaas besit het (Raper 1989:208).

HERCULES (HS), Pretoria, Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die woongebied waar die skool geleë is. Die woongebied het ontstaan as gevolg van die sementfabriek wat in 1892 in die omgewing opgerig is. Dit is vernoem na die mitologiese figuur, Hercules, en verwys na die sterkte wat sement besit (Raper 1989:208).

HERMANUS (HS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat oorspronklik **Hermanuspietersfontein** geheet het, vernoem na 'n Nederlandse onderwyser wat sy skape daar laat water drink het. Die verkorte vorm is sedert 1904 in gebruik (Raper 1989:209).

HERTZOGVILLE (HS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die eponiem in **Hertzogville** verwys na generaal J.B.M. Hertzog. Vgl. Generaal Hertzog.

HEUWELLAND (PS), Empangeni, Natal
OMGEWING - TOPOGRAFIES

Aanduidend van die omgewing waar die skool geleë is.

HEXVALLEI (HS), De Doorns, Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die Hexvallei waar die skool geleë is. Die naam verwys na die legende van 'n man wat na sy dood geval het terwyl hy besig was om 'n skaars disa vir sy geliefde, Eliza Meiring, te pluk. Sy het hierna van haar wysie af geraak en soos 'n heks begin optree. Die naam is 'n Khoekhoense vertaling en verwys na 'n toordokter of towenaar, 'n baie invloedryke persoon in die Khoekhoense gemeenskap (Raper 1989:211).

H.F. VERWOERD**ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE**

1. (PS), Parys, Oranje-Vrystaat.
2. (LS), Kimberley, Kaap.

Vgl. Hendrik Verwoerd.

HISTORIA (LS), Vanderbijlpark, Transvaal
SIMBOLIES - STREWE

Die straatname in die gebied waar die skool geleë is, is vernoem na historiese persone, bv. wetenskaplikes, Boeregeneraals, skilders, musici, ens.

H.M. SWART (LS), Bethal, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

As erkenning vir sy opvoedkundige bydrae tot die skool en gemeenskap, is die skool vernoem na mnr. H.M. Swart, vir twintig jaar hoof van die skool en later senator.

HOEKWIL (LS), George, Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

Hoekwil is afgelei van **Olifantshoek** en **Wildernis**. Die skool dra die saamgestelde naam, afgelei soos deur die kursivering aangedui.

HOËR MEISIESKOOL HELPMEKAAR, Braamfontein, Transvaal
SIMBOLIES - STREWE

Die skool, geopen op 25 Januarie 1921, was die verwesenliking van die Afrikaner op die Rand se drome. Dit vergestalt die strewe van die Afrikaner en die Afrikanerkultuur in die Goudstad, asook 'n sterk nasionale gevoel (Geyser 1971:35 en 108).

HOËR JONGENSKOOL PAARL, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Die naam dui die aard van die skool aan - sekondêre onderrig slegs vir seuns (Jongens).

HOËR MEISIESKOOL PAARL, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Die naam dui die aard van die skool aan - sekondêre onderrig slegs vir meisies.

HOËR SEUNSKOOL HELPMEEKAAR, Braamfontein, Transvaal
SIMBOLIES - STREWE
 Vgl. Hoër Meisieskool Helpmekaar.

HOËR VOLKSKOOL POTCHEFSTROOM, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE
 Vir **Volksskool** sien "Volksskool".

HOËVELD

TOPONIMIES - GEBIED

1. (LS), Evander, Transvaal.
2. (HLS), Morgenzon, Transvaal.

Die toponiem dui die streek waarbinne die skool val, aan.

HOLMDENE (LS), Transvaal
TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die omgewing waar die skool geleë is.

HOOGENHOUT

ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE - STAATSMANNE/VROUE

1. (HS), Bethal, Transvaal.
 Vernoem na die eerste hoof, mnr. P.I. Hoogenhout.
2. (LS), Walvisbaai.
 Vernoem na kolonel P.I. Hoogenhout, Administrateur van Suidwes-Afrika van 1943-1951.

HOOGLAND (HS), Brakpan, Transvaal
OMGEWING - TOPOGRAFIES

Hoogland is afgelei van **Hoëveld**, die streek waarbinne die skool en dorp geleë is.

HOPETOWN (HS), Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1853 op die plaas Duvenaarsfontein gestig is. Die eponiem in **Hopetown** verwys na majoor William Hope, Ouditeur-Generaal en waarnemende Staatsekretaris van die Kaap (Nienaber 1963:246).

HOTAZEL (LS), Kuruman, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aangelê is op die plaas met dieselfde naam. Dit is 'n baie warm gebied en die naam is 'n woordspeling op "as hot as hell" (Raper 1989:218).

HUGENOTE, Wellington, Kaap
HISTORIES - GEBEURE

1. (LS)
2. (HS)

Geleë in die Wagenmakersvallei waar van die Franse Hugenote hulle gevestig het. Die Hugenote was Calviniste uit 'n hoë sosiale stand en het 'n merkwaardige bydrae tot die lewe en die kultuur van die toekomstige Afrikanervolk gelewer (Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika 1980/1:38).

HUGENOTE SEUNS (HS), Springs, Transvaal
HISTORIES - GEBEURE

Die koms van die Hugenote na Suid-Afrika in 1688 was die motivering vir die naam. Leerlinge van die skool verbind hulle tradisioneel met die leuse van die Hugenote: "Vryheid en trou".

IMPALA (LS), Van Riebeeckpark, Transvaal
OMGEWING - MINERALE EN ANDER BEDRYWIGHEDE

Die totstandkoming van die Atlasvliegtuigfabriek het 'n rol in dié naamgewing gespeel. Die skool is vernoem na die Impalavliegtuig.

INDWE (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1897 aangelê is tussen Sterkstroom en Maclear. Dit is vernoem na die blou kraanvoël (*Anthonpoides paradisea*) wat in isiZulu in Deve genoem word. Vroeër was die soort voëls baie volop langs die rivier wat by die dorp verbyloop (Nienaber 1963:247).

ISAK DU PREEZ (LS), Piketberg, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. Isak du Preez, 'n voormalige hoof van die skool.

JACOBSDAL (PS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die eponiem in die **Jacobsdal** verwys na David Jacobs, die eienaar van die plaas, Vergenoegd, waar die dorp ontwikkel is (Raper 1989:237).

J.A. MALHERBE (HS), Petrus Steyn, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. J.A. Malherbe, vir 30 jaar sedert die totstandkoming van die skool in 1914, hoof van die skool.

JAN CELLIERS (LS), Parkview, Johannesburg, Transvaal
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

Vernoem na die Afrikaanse digter Jan F.E. Celliers (1865-1940).

JAN DE KLERK (HS), Krugersdorp, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Johannes (Jan) de Klerk (1903-1979), President van die Senaat, kabinetsminister, party-organiseerder en onderwyser. As Minister van Nasionale Opvoeding het hy 'n groot rol op onderwysgebied gespeel (Beyers en Basson 1987:187).

JAN MEYER (LS), Brackenhurst, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na Johannes Petrus Meyer, oud-inwoner van Alberton en een van die grondleggers van die Witwatersrand. Hy was die eerste mynkommissaris van die Witwatersrand en het ook die Meyer Carleton Goudmyn begin.

JANSENVILLE (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die eponiem in dié toponiem verwys na generaal Jan Willem Janssens (1762-1838), die laaste Bataafse goewerneur aan die Kaap (Raper 1989:239).

JAN VAN RIEBEECK (LS), Springs, Transvaal
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Jan van Riebeeck is vereer vir sy rol as volksplanter aan die Kaap in 1652. Vgl. ook Riebeeckstad, Welkom, Oranje-Vrystaat en Riebeeck-Oos, Kaap.

JAN VAN VUUREN (LS), Koedoesfontein, Transvaal
ANTROPONIMIES - SKENKERS/PLAASEIENAARS

'n Oujongkêrel, Jan van Vuuren, het die grond geskenk vir 'n blanke skool. Die skool is na hom vernoem.

JAN VILJOEN (HS), Randfontein, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. Jan Viljoen, Minister van Onderwys van 1948-1949.

JAPIE GREYLING (LS), Daleside, Transvaal
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Vernoem na Japie Greyling, die kinderheld.

J.B.M. HERTZOG
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

1. (PS), Bayswater, Bloemfontein.

2. (HS), Bloemfontein.

Vgl. Generaal Hertzog.

JEUGKRAG (LS), Standerton, Transvaal
SIMBOLIES - PERSOONLIKHEID

Die skool het sy ontstaan te danke aan die oprigting van die Tutuka kragstasie net buite Standerton. Die naam weerspieël die verwagte kwaliteite waarvoor die leerlinge moet beskik.

JEUGLAND (HS), Kemptonpark, Transvaal
SIMBOLIES - BESKERMING/BEHOUD

Die ideaal van die skool is om 'n **Jeugland** daar te stel waarin elke leerling gelukkig sal wees, as volle mens kan ontwikkel, hom/haar met entoesiasme en oorgawe sal wy aan pligte en verantwoordelikhede. Die naam is dus 'n kollektiewe begrip vir 'n ideale opvoedings- en onderrigmilieu.

J.M. LOUW (LS), Boksburg-Noord, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na ds. J.M. Louw, baanbreker op onderwysgebied aan die Oos-Rand. Hy was die voorsitter van die skoolkomitee met die opening van die nuwe skool op 24 Oktober 1917.

JOHAN GREYBE (LS), Elandsfontein, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Johan Greybe, voormalige LV vir Benoni.

JOHAN JURGENS (HHS), Springs, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na dr. Johan Jurgens, vir amper twee dekades LV vir Geduld, Springs en later superintendent van die Verre-Oosrandse Hospitaal (Stadsraad Springs).

JOHAN RISSIK (LS), Troyeville, Johannesburg, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na Johann Friedrich Bernard Rissik, Landmeter-Generaal van die ZAR en lid van die Transvaalse Parlement.

JOHN ORR (HTS), Aucklandpark, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na prof. John Orr wat in 1945 afgetree het as Direkteur van die Witwatersrandse Tegniese Kollege, na 48 jaar se onvermoeide diens aan tegniese onderrig in Suid-Afrika. Hy was beskou as een van die voorste opvoedkundiges in die wêreld.

JOHN VORSTER (HTS), Rietfontein, Pretoria, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na Sy Edele, wyle adv. B.J. Vorster, in lewe Eerste Minister en Premier van die Republiek van Suid-Afrika. Hy is op 10 September 1983 oorlede.

JONGENSKLIP (LS), Caledon, Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool in 1926 tot stand gekom het.

JONGSPAN (LS), Carletonville, Transvaal
SIMBOLIES - PERSOONLIKHEID

Volgens die HAT (1976:1036) dui "span" op 'n groep mense wat bymekaar hoort, hier, jong kinders met dieselfde belange en oogmerke.

JOPIE FOURIE (LS), Salvokop, Pretoria, Transvaal
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Die skool is feitlik in die sentrale gebied van Pretoria geleë en vernoem na die volksheld, Jopie Fourie, wat die hoogste offer gebring het vir sy land en volk. By die skool is 'n borsbeeld van Jopie Fourie.

JORDANIA (PS), Bethlehem, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied met 'n afgeleide Bybelnaam wat verband hou met die dorp se naam, Bethlehem

JOSUA NAUDE (LS), Roodepoort, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na wyle ds. Josua Naude, deur wie se ywer en stryd die skool tot stand gekom het as eerste Afrikaansmedium laerskool aan die Rand. Hy was 'n voorstander en baanbreker ten opsigte van moedertaalonderwys. Die naam onderstreep die herkoms en geskiedenis van die skool.

JUBILEUM (LS), Mayfair, Transvaal
HISTORIES - GEBEURE

Vernoem na aanleiding van die jubileumjaar - Johannesburg se vyftigjare bestaan. Die skool is in 1936 geopen.

JULIAN MULLER (LS), Groblersdal, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. J.L. Muller, hoof van die skool vanaf 14 Oktober 1930 tot 28 Junie 1957. Op 14 Oktober 1960 word die Groblersdalskool, wat 'n toponimiese vernoeming is, verander na Julian Muller Laerskool. Hierdeur wou die gemeenskap erkenning gee aan die onbaatsugtige diens wat mnr. Muller vir 27 jaar aan die gemeenskap gelewer het.

J. VAN DER MERWE (LS), De Bruinpark, Ermelo, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. J.J. van der Merwe, skoolhoof van 1909-1935.

KAAPMUIDEN (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat sy naam gekry het na aanleiding van die omgewing wat president M.W. Pretorius baie sterk aan die Kaap herinner het. Hy het die naam Kaapse Hoop, Kaapvlakte en Kaaprivier aan bakens in die omgewing gegee.

KALABASFONTEIN (LS), Fochville, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is. In 'n spruit wat vanaf Modderfontein oor die plaas Kalabasfontein vloei, is daar 'n baie groot populierbos. By hierdie bos is 'n fontein waaromheen baie kalabaswortels groei.

KALAHARI (HS), Kuruman, Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die streek wat strek oor die oostelike deel van Namibië, 'n deel van die Republiek van Suid-Afrika noord van die Oranjerivier, Botswana en Zimbabwe. Die naam is afgelei van die Setswana woord **Kgalagadi** wat dui op die karakter van die gebied nl. 'n gebrek aan oppervlakwater (Raper 1989:245).

KALIE DE HAAS (LS), Standerton, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Kalie de Haas, voormalige lid van die Provinsiale Raad en inwoner van Standerton.

KAMEELDRIFT (LS), Hercules, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is, ongeveer 16 km wes van Hercules stasie. Die Swartspruit wat deur die plaas vloei, vorm vanuit die lug gesien, die kop en rug van 'n kameel.

KAMEELFONTEIN (LS), Lynneast, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is. Die plaas het sy naam gekry na aanleiding van die spruit (Kameelspruit) wat deur die plaas vloei. Die spruit is tans die Roodeplaatspruit.

KANGO-SENTRAAL (LS), Matjiesrivier, Kaap
LIGGING - GEOGRAFIES

Die skool is sentraal geleë in die Kangovallei, 'n streek al langs die suidelike hange van die Swartberg, in die Oudtshoorn distrik. Die toponiem **Kango** is van Khoekhoense oorsprong en beteken waarskynlik **nat berg** (Raper 1989:86).

KANONKOP (LS), Middelburg, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woonbuurt. Die naam **Cannon Hill** het sy ontstaan uit die Tweede Vryheidsoorlog toe eers die ZAR-burgers en later die Britte 'n fortifikasie op die hoogste van die heuwels gehad het, met kanonne by die fort. Die naam het mettertyd verafrikaans.

KARATARA (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, 'n bosboustasie en nedersetting aan die Karatararivier, ongeveer 5 km wes van Barrington, tussen George en Knysna. Die naam is van Khoekhoense oorsprong en beteken volgens Raper (1989:250) **perdekoppie**. Die respondent gee die betekenis aan as **ek loop diep en smal**.

KAREL THERON (LS), Middelburg, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. D.K. (Karel) Theron wat vanaf 1887-1922 hoof was van die skool.

KATHU (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Na die dorp vernoem. Die toponiem is van Khoekhoense oorsprong en verwys na bome/bosse. Die dorp is bekend vir die baie kameeldoringbome wat daar voorkom (Stadsraad: Kathu).

KEMPTONPARK (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat ontwikkel is op die plaas Zuurfontein en waarskynlik vernoem na Kempten, Bavaria, in Duitsland, die tuiste van die plaaseienaar, Karl W. Wolff (Raper 1989:256).

KENHARDT (HS), Upington, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, 110 km suid van Upington. Die oorsprong van die toponiem is onbekend (Raper 1989:256).

KENMARE (LS), Krugersdorp, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad wat vernoem is na Kenmare in Kerry, Eire, Ierland. Die voorstad is geproklameer op 15 Maart 1939 op die plaas Paardeplaats. Die betrokke deel het behoort aan mej Yvonne Eileen Donovan. Die stigtingsvoorwaardes het bepaal dat die strate vernoem moet word na Ierse dorpe en riviere (Stadsraad, Krugersdorp en Stigtingsvoorwaardes).

KENSINGTON (LS), Johannesburg, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad wat in 1903 ontwikkel is op die plaas Doornfontein en vernoem is na 'n westelike kiesafdeling van Londen (Raper 1989:256-257).

KINROSS (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na 'n myndorp in die suid-ooste van Skotland, vermoedelik deur ingenieurs wat die Springs-Breyten spoorlyn gebou het (Raper 1989:262).

KIRKWOOD, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat aangelê is op die plaas Gouvernementswoning en vernoem is na John Somers Kirkwood, **Vader van besproeiing** in die Sondagsriviervallei (Raper 1989:262).

KLEINBROEK (PS), Bothaville, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas Kleinbroekmansfontein en dra die verkorte naam, Kleinbroek. Hierdie plaas was oorspronklik deel van die plaas Broekmansfontein.

KLEIN-DRAKENSTEIN (LS), Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

Die skool is geleë net buite die Paarl in die Klein-Drakensteindistrik en is daarna vernoem.

KLERKSDORP (HS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aan die Schoonspruit lê en vinnig ontwikkel het na die ontdekking van goud in 1886. Die dorp is vernoem na die eerste landdros, Jacob de Clerq (Raper 1989:264).

KLERKSDORP (HTS), Klerksdorp, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vgl. Klerksdorp.

KLIPDALE (LS), Kaap
TOPONIMIES - STASIES

Vernoem na die stasie geleë ongeveer 55 km suid-oos van Caledon en 20 km suid van Riviersonderend. Die naam dui die klipperige aard van die omgewing aan.

KLIPFONTEIN
TOPONIMIES - PLASE/STEDE/DORPE

1. (LS), Rosslyn, Transvaal.
 Vernoem na die plaas waar die skool geleë is.
2. (LS), Klipfontein, Kaap.
 Vernoem na die dorp. Klipfontein is geleë in die Sondagsriviervallei en verwys na 'n fontein in klipperige gebied.
3. Klipfontein nr. 60, Leraatsfontein, Transvaal.
 Vernoem na die plaas waar die skool geleë is.

KOEDOESKOP (LS), Thabazimbi, Transvaal
TOPONIMIES - NEDERSETTINGS

Vernoem na die nedersetting wat op die plaas Koedoeskop ontstaan het en vernoem is na 'n groot kop in die omgewing waar koedoes steeds voorkom.

KOFFIEFONTEIN (HS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aangelê is op die plaas Koffiefontein wat aan 'n sekere mnr. De Wet behoort het en in 1892 as dorp erken is. Koffiefontein is bekend vir die diamante wat daar gedelf is (Nienaber 1963:263-265).

KOMATIPOORT (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp in die Laeveld wat ontwikkel is by die samevloeiing van die Krokodil- en Komatirivier op die grens van Mosambiek, 120 km oos van Nelspruit.

KOORNFONTEIN (LS), Blinkpan, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is.

KOOS SADIE (LS), Goodwood, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. Koos Sadie, skoolhoof van 1963-1988, as blyk van dank en erkentlikheid vir sy bydrae op onderwysgebied.

KOOT NIEMAN (PS), Wiegandia, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE
 Vernoem na mnr. Koot Nieman, 'n gemeenskapsleier in die gebied.

KOSTER (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE
 Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Bastiaan Hendrickus Koster, eienaar van die plaas Klipfontein en stigter van die dorp.

KOUE-BOKKEVELD (LS), Kaap
TOPONIMIES - GEBIED
 Vernoem na die streek waar die skool geleë is, wat strek van die Skurweberg tot by Citrusdal (Raper 1989:101).

KRAGBRON (LS), Witbank, Transvaal
OMGEWING - MINERALE EN ANDER BEDRYWIGHED
 Die skool is in Witbank geleë. Die naam verwys na die krag wat voorsien word deur die steenkool wat in Witbank en omgewing gemyn word.

KREFT (LS), Kemptonpark, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE
 Vernoem na dr. H.H.G. Kreft, Direkteur van Onderwys in Transvaal 1937-1948.

KREMETART (LS), Giyani, Gazankulu
OMGEWING - FLORA
 Die skool is geleë in die blanke dorpie, Kremetart, ongeveer 5 km van Giyani, die hoofstad van Gazankulu, en ressorteer onder die Transvaalse Onderwysdepartement. Die kremetartboom of baobab (*Adansonia digitata*) kom in die noordelike dele van Suid-Afrika voor.

KRIELPARK (LS), Kriel, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE
 Die toponiem is afgelei van die dorp se naam. Kriel is bekend vir die ESKOM kragentrale daar.

KRIGE (LS), Caledon, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE
 Vernoem na die dorpie. Die oorsprong van die toponiem is onbekend.

KROONHEUWEL (PS), Kroonstad, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED
 Vernoem na die voorstad waar die skool geleë is, waarskynlik 'n hoogliggende gebied afgelei van **Kroonstad**. Vgl. Kroonstad Hoër Landbouskool, Kroonstad.

KROONRAND (LS), Ridgeway, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE
 Vernoem na die plaas Kroonheuvel 111, waar dié voorstad van Johannesburg in 1960 ontwikkel is (Smith 1971:459).

KROONSTAD (HLS), Kroonstad, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE
 Vernoem na die dorp wat in 1855 aangelê is op die plaas Klipplaatsdrift. Daar word algemeen aanvaar dat die dorp vernoem is na 'n perd, Kroon, wat sy been by die drif gebreek het (Raper 1989:276).

KRUGERSDORP-WES (LS), Krugersdorp, Transvaal
LIGGING - GEOGRAFIES

Vernoem na die gebied waar die skool geleë is, nl. wes van die sentrale deel van Krugersdorp. Krugersdorp is uitgelê op die plaas Paardekraal. Die eponiem in Krugersdorp verwys na president Stephanus Johannes Paulus Kruger van die ZAR.

KRUINSIG (LS), Glen-Marais, Transvaal
LIGGING - ESTETIES

Die skool se naam is gevorm na analogie van Kempton Krui N.G. Kerk, waar:

kruin > boonste gedeelte bv. van 'n berg
 sig > om te sien

Met ander woorde om van bo af te (kan) sien of om 'n kruin vanuit een of ander rigting te kan sien.

KURUMAN (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1887 aangelê is op die walle van die Kurumanrivier, net oos van die Kurumanheuwels. Dit was aanvanklik 'n sendingstasie. Daar is verskeie verklarings vir die naam:

1. Afgelei van Setswana **kurwana** (kalbas) of **kludu** (skilpad).
2. Afgelei van Khoekhoens - **waar die wilde tabak groei** (Raper 1989:280).

KUSWAG
SIMBOLIES - BESKERMING/BEHOUD

1. (PS), Amanzimtoti, Natal.
2. (HS), Amanzimtoti, Natal.
3. (LS), Oos-Londen, Kaap.

Die skool het die roeping om jaloers te waak oor 'n volk se kultuurskatte en tradisies - dit wat vir hom lief en dierbaar is. Hy moet die lig verskaf om die jeug aan hom toevertrou, koersvas te lei na sinvolle gebalanseerde volwasseheid.

KWAGGASRAND (LS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad wat ontwikkel is op die plaas Kwaggasrand en verwys na die kwaggas (*Equus Quagga*) wat vroeër teen die rante in die omgewing gewei het (Raper 1989:281).

LADYBRAND (HS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Lady Catharina Federica Brand, eggenote van Sir Christoffel Brand (1797-1875), eerste speaker van die Kaapse Wetgewende Vergadering (Raper 1989:287).

LAERSDRIF (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat gestig is op die plase Swartkoppies en De Lagersdrift in 1907. Dis vernoem na die laer wat deur 'n kommando gemaak is by 'n drif deur die Steelpoortrivier tydens die oorlog teen Mapoch in 1882 (Raper 1989:288).

LAEVELD (LS), Nelspruit, Transvaal

TOPONIMIES - GEBIED

Die dorp, Nelspruit, en dus ook die skool, is in die Laeveld geleë en daarom dié naam. Vgl. ook Bosveld, Hoëveld.

LA HOFF (LS), Klerksdorp, Transvaal

TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied waar die skool geleë is.

LAINGSBURG (HS), Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na John Laing, Kommissaris van Kroonlande in die kabinet van Sprigg en Rhodes (Raper 1989:288).

LANGEBAAWEG (LS), Kaap

TOPONIMIES - MINERALE EN ANDER BEDRYWIGHED

Vernoem na die lugmagbasis. Dit is die enigste skool in Kaapland wat binne 'n lugmagbasis geleë is. Langebaan is geleë op die kus van die Langebaan Lagune, suid van Saldanhabaai. Dit is in 1870 aangelê en het in 'n belangrike vissersdorp ontwikkel (Raper 1989:291).

LANGENHOVEN

ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

1. (HS), Pretoria, Transvaal.

2. (HS), Riversdal, Kaap.

Vgl. C.J. Langenhoven.

LEANDRA (LS), Transvaal

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp geleë ongeveer 45 km suid-oos van Springs. Die toponiem het ontstaan uit die samesmelting van die dorpe Eendracht en Leslie. **Leandra** is 'n samevoeging van **Leslie** en **Eendrag**.

LEEUDORINGSTAD (LS), Transvaal

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat ontwikkel is op die plaas Rietkuil. Die dorp is vernoem na die stasie Leeudoorns, wat afgelei is van die leeudoring (*Harpagophytum Procumbens*) wat daar groei (Raper 1989:293).

LEEUWPOORT (LS), Transvaal

TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is. Daar is ook 'n tinmyn op die plaas ontwikkel wat dieselfde naam dra.

LEEUWSPRUIT (PS), Sasolburg, Oranje-Vrystaat

TOPONIMIES - HIDRONIMIES

Vernoem na die Leeuwspruit waar die skool geleë is.

LEVUBU (LS), Transvaal

TOPONIMIES - NEDERSETTINGS

Die toponiem is afgelei van die oorspronklike plaasnaam waar die besproeiingskema uit die Albasinidam ontwikkel is. Die skool is vernoem na die nederstelling. Die naam is afgelei van die Tshivenda woord **Luvuvhu** (van Mvuhu), 'n boomsoort wat langs die rivier groei (Du Plessis 1973:265).

LIBERTAS (LS), Beauty, Transvaal
SIMBOLIES - STREWE

Oorspronklik is dié naam deur Adam Tas aan sy plaas naby Papegaaiberg by Stellenbosch gegee. Na sy terugkeer uit Holland waar hy vrygespreek is en nadat hy W.A. van der Stel in 1706 tot 'n val gebring het, het hy sy eiendom dié naam gegee. **Libertas** is ontleen aan Latyn < liber - vry (Emery en Brewster 1952:948). Na aanleiding van die respondent, is die naam aan die skool gegee slegs op grond van die estetiese en affektiewe konnotasie met dié naam: "Libertas is so 'n **mooi** naam ... moet ons die skool Libertas noem ... 'n **ideaal**."

LICHTENBURG, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat in 1873 deur president Burgers tot 'n dorp verklaar is. Die dorp is gestig deur H.G. Greeff, skoonvader van generaal J.H. de la Rey en vernoem na 'n uitspan in die Kaap met dié naam (Raper 1989:297).

LIGBRON (HTS), Ermelo, Transvaal
SIMBOLIES - BĖSKERMING/BEHOUD

In die woorde van mnr. J.C.G. Pretorius, Superintendent van Onderwys (1977), kan die naam só verklaar word: "'n Ligbron om koers aan te dui vir jong mense wat hulle pad na volwassenheid soek. Maar nog meer, dat enigeen wat dalk die koers mag byster raak, kan terugkyk en weer perspektief kry om vorentoe te kan gaan."

LINDLEY (HS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Daniël Lindley (1801-1881), Amerikaanse Presbiteriaanse sendeling, eerste predikant van die Voortrekkers in 1840 (Raper 1989:299).

LINDOPARK (LS), Koedoespoort, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Die toponiem is só saamgestel:

Lin	<	Eastlynne
do	<	Koedoespoort
park	<	van Jan Niemandpark, Weavindpark en Kilnerpark (voedingsgebiede).

LORRAINE (LS), Port Elizabeth, Kaap
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied. Die oorsprong van die toponiem is onbekend.

LOSBERG (LS), Fochville, Transvaal
TOPONIMIES - ORONIMIES

Die skool is naby die Losberg geleë, ongeveer 7 km suid van Fochville, en daarna vernoem.

LOSKUIL SENTRALE VOLKSKOOL (PS), Bothaville, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - PLASE

Die skool is vernoem na die plaas, Loskuil, waar dit in 1927 tot stand gekom het. **Sentrale** verwys na 'n paar skole wat destyds geamalgameer het om een groter skool te vorm. Vir "Volksskool" vgl. **Volksskool**.

LOTHAIR (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die skool is geleë in 'n gebied wat deur Skotse Setlaars bewoon is. Dis vernoem na Lothair, 'n roman geskryf deur die Graaf van Beaconsfield en in 1870 gepubliseer (Raper 1989:304).

LOUIS BOTHA (HTS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Louis Botha, voormalige Administrateur van die Oranje-Vrystaat.

LOUIS LEIPOLDT (LS), Verwoerdburg, Transvaal
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

Vernoem na C. Louis Leipoldt (1880-1947), een van die bekendste en veelsydigste persoonlikhede wat ons land nog opgelewer het. Daar is haas geen genre in die letterkunde waaraan hy hom nie gewaag het nie.

LOUIS TRICHARDT, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat op die plase Rietvlei en Bergvliet ontwikkel is en in 1899 tot dorp verklaar is. Dis vernoem na die Voortrekkerleier, Louis Trichardt (Raper 1989:305).

LOUISVALE (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorpie. Die oorsprong van die dorp se naam is onbekend.

LOURENSGELUK (LS), Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is. Daar word vertel dat 'n sekere mnr. Lourens 'n groot plaas daar gehad het. Hy was glo baie gelukkig want dit het goed by hom gereën en sy boerdery het floreer, vandaar dié naam.

LOUW GELDENHUYS (LS), Linden, Transvaal
ANTROPONIMIES - SKENKERS/PLAASEIENAARS

Vernoem na mnr. Louw Geldenhuys op wie se plaas die oorspronklike skool was. Hy is hierdeur vereer omdat hy as gevolg van finansiële bydraes en simpatieke ingesteldheid, die voortbestaan van die skool verseker het. Die skool is in 1916 na Linden oorgeplaas en dra die huidige naam sedert 1936.

LOUW WEPENER (HS), Wepener, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Die skool asook die dorp is vernoem na Lourens Jacobus (Louw) Wepener (1812-1865) wat op 15 Augustus 1865 gesneuwel het toe Thaba Bosigo bestorm is (Raper 1989:583).

LUIPAARDSVLEI (LS), Krugersdorp, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied wat ontwikkel is op die plaas Luipaardsvlei. Die plaasnaam is deursigtig.

LUTZVILLE (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na die stigter daarvan, Johan J. Lutz.

LÜNEBURG (PS), Natal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp. Die Duitse setlaars in die gebied waar die skool geleë is, was hoofsaaklik afkomstig van Lüneburg in Heideland, Duitsland.

LYDENBURG (LS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat in 1850 op die plaas Rietspruit van J.J. Koester aangelê is. Die dorp is so genoem na aanleiding van die ontberings wat die Voortrekkers in die omgewing moes deurmaak (Nienaber 1963:284-285).

LYNDHURST (LS), Johannesburg, Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na dié noord-oostelike voorstad van Johannesburg. Volgens Raper (1989:309) is dit vernoem na Lyndhurst naby Southampton in Engeland.

LYKSO (LS), Vryburg, Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorpie ongeveer 74 km suid-wes van Vryburg. Volgens oorlewering het twee boere grond geruil. Die een se opmerking was dat die een stuk grond net soos die ander lyk. Een plaas was toe **Lykso** en die ander **Netso**.

LYNNWOOD (LS), Pretoria, Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die oostelike voorstad van Pretoria. Dis aangelê op die plaas Hartebeespoort deur die eienaar, F.E.B. Struben en vernoem na sy huis op sy landgoed, The Willows (Raper 1989:309).

MACHADO (LS), Transvaal**ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE**

Vernoem na Joachim José Machado (1847-1925), 'n Portugese kolonel en goewerneur-generaal van Mosambiek. Hy het 'n belangrike rol gespeel tydens die uitmeete van die spoorlyn tussen Pretoria en Delagoabaai. Met die ingebruikneming van die skool in 1972 het Machado se naasbestaandes uit Portugal die onthullingseremonie bygewoon.

MACLEAR (HS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Sir Thomas Maclear (1794-1879), beroemde sterrekundige wat die fondasie gelê het vir die trigonometriese opmeting van die Kaapkolonie (Raper 1989:312).

MAFEKING, Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

1. (LS)

2. (HS)

Vernoem na die dorp. **Mafikeng** is van Setswana-oorsprong en beteken **by die klippe** of **plek van klippe**. Die naam is aangepas tot **Mafikeng** x **Mafeking** (Raper 1989:314).

MAGALIESKRUIN (LS), Sinoville, Pretoria, Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die voorstad waar die skool geleë is, hoog teen die noordelike hange van die Magaliesberg.

MAITLAND (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Sir Peregrine Maitland (1777-1854), goewerneur van die Kaap van 1844-1847 (Raper 1989:317).

MAKWASSIE (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aanvanklik 'n sendingstasie was. Dis in 1910 as dorp geproklameer. Die naam is uit San en verwys na 'n aromatiese plant (*Croton gratissimus*) wat gedroog en verpoeier word en deur vroue gebruik word (Raper 1989:320).

MALVERN (LS), Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad waar die skool geleë is. Malvern is aangelê op die plaas Doornfontein en vernoem na Malvern in Worcestershire, Engeland (Raper 1989:322).

MARAIS (LS), Florida, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Marais is 'n afkorting vir **Maraisburg**, wat in 1904 as voorstad by Roodepoort ingelyf is. Dit is uitgelê op die plaas Paardekraal en na die eenaar, Abraham Petrus Marais vernoem (Raper 1989:327):

MARBLE HALL (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat ontwikkel is as gevolg van die marmer wat in die omgewing voorkom. Volgens Raper (1989:328) is die naam 'n vervorming van "Marble Hole" verwysend na die marmergat waar ongeveer vyftien soorte marmer voorkom.

MARIEPSKOP (LS), Transvaal
TOPONIMIES - ORONIMIES

Vernoem na Mariepskop, 'n 1,944 meter hoë piek in die Drakensberg. Die kop dra die naam van kaptein Marepe (Du Plessis 1973:139).

MARIETJIE VAN NIEKERK (LS), Bethal-Noord, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na mev. Marietjie van Niekerk, eggenote van mnr. Sybrand van Niekerk, voormalige Administrateur van Transvaal.

MARKEN (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorpie. Die oorsprong van die dorp se naam is onbekend.

MARLOW (HLS), Cradock, Kaap
TOPONIMIES - STASIES

Vernoem na die stasie op die skoolterrein. Die oorsprong van die stasie se naam is onbekend. Die waarskynlikste verklaring is dat dit vernoem is na Marlow, 'n dorp aan die Thames in Buckinghamshire, Engeland.

MARQUARD (HS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na J.J.T. Marquard, predikant van die N.G. Kerk in Winburg wat hom beywer het vir die stigting van die dorp (Raper 1989:330).

MARTIN OOSTHUIZEN (HS), Kakamas, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. M.J. Oosthuizen wat van 1919-1950 hoof van die skool was.

MAYVILLE (LS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad waar die skool geleë is. Mayville is aangelê op die plaas Wonderboom No. 302JR. Die eponiem in **Mayville** verwys na May, die eggenoot van mnr. Green wat verbonde was aan die Departement van Landbou (Andrews-Skrywe 4 April 1991).

MACLACHLAN (HS), Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. McLachlan, die grondlegger van die skool en die eerste permanente hoof van 1914-1940.

MEIRINGSPARK (LS), Klerksdorp, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woonbuurt waar die skool geleë is. Meiringspark is ontwikkel deur mnr. Pieter Meiring, in lewe bestuurder van die plaaslike Volkskas Bank.

MEMEL (PS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Memel, die hoofstad van Memelland by die mond van die Memelrivier in Wes-Litae. Die rede vir hierdie vernoeming is onseker (Raper 1989:340).

MENLOPARK (HS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied waar die skool geleë is. Menlopark is in 1934 aangelê deur I.F. Atterbury en vernoem na sy vader se geboorteplek in San Francisco in die V.S.A. (Raper 1989:340).

MERENSKY (HS), Tzaneen, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na dr. Hans Merensky, 'n baie bekende geoloog wat platinum in S.A. in 1924 en 1925 in die distrikte Lydenburg, Potgietersrus en Rustenburg ontdek het. Hy het 'n groot bydrae gelewer ten opsigte van die oopstelling en ontwikkeling van die Laeveld en het 'n oop hand vir opvoeding en onderwys gehad.

MERRIESPRUIT (PS), Virginia, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woonbuurt waar die skool geleë is. Die oorsprong van die woonbuurt se naam is nie bekend nie.

MESSINA (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat baie bekend is vir die koper wat daar gemyn was. Die myn is in 1993 gesluit. Daar word beweer dat die naam afgelei is van die Tshivenda woord **Musina** wat na koper verwys. Volgens Robertson, soos aangehaal deur Nienaber (1963:294) mag dit ook na Messina in Italië verwys wat met die ontginning van koper geassosieer was.

MEYERSPARK (LS), Silverton, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woonbuurt. Meyerspark is op die plaas Hartbeespoort aangelê en vernoem na kommandant J.P. Meyer, die vader van mev. S.M. Watermeyer wat die woongebied ontwikkel het.

MIDDELBURG, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)
3. (HTS)

Vernoem na die dorp wat in 1866 op die plaas Sterkfontein aangelê is. Die naam Nazareth is eers aan die dorp gegee, maar is in 1874 na Middelburg verander, waarskynlik na Middelburg in Holland (Raper 1989:346).

MIGDOL (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Na die dorp vernoem. Die toponiem is van Bybelse oorsprong en verwys na 'n geskiedkundige Kanaänitiese fort.

MIKRO (LS), Kuilsrivier, Kaap
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

Die skool het op 1 Januarie 1972 tot stand gekom en is vernoem na die skrywer Mikro (C.H. Kuhn 1903-1968). Mikro was skoolhoof op Kuilsrivier en baie van sy werke het in daardie jare die lig gesien.

M.L. FICK (LS), Potchefstroom, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na mnr. M.L. Fick, die stigter van die skool.

MODDERFONTEIN (LS), Westonaria, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Die skool het tot stand gekom op die plaas Modderfontein, naby die dorpie Jachtfontein, en is na die plaas vernoem.

MOLTENO (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Sir John Charles Molteno (1814-1886), die Eerste Minister van die Kaapkolonie van 1872-1878 (Raper 1989:356).

MONTAGU (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na John Montagu, die Sekretaris van die Kaapse Regering in 1843 (Nienaber 1963:298).

MONTANA
TOPONIMIES - ORONIMIES

1. (HS), Sinoville, Pretoria, Transvaal.
2. (HS), Worcester, Kaap.

Die toponiem verwys topografies na die omgewing waar die skole geleë is: tussen of naby berge. Die woord is van Latynse oorsprong en verwys na berge (Emery en Brewster 1952:1069).

MONUMENT (HS), Krugersdorp, Transvaal
TOPONIMIES - WONINGS/GEBOUE

Die skool is geleë langs die Paardekraalmonument te Krugersdorp en is daarna vernoem.

MONUMENTPARK (LS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die suidelike voorstad van Pretoria. Die toponiem verwys na die Voortrekkermonument nie ver wes daarvan nie.

MOOIBANK (LS), Potchefstroom, Transvaal
TOPONIMIES - KLEINHOEWES/PARKE

Die skool bedien die inwoners van die Mooibank kleinhoewes, geleë aan die Mooirivier ongeveer 6 km suid-wes van Potchefstroom.

MOOIRIVIER (LS), Potchefstroom, Transvaal
TOPONIMIES - HIDRONIMIES

Vernoem na die Mooirivier wat deur die dorp vloei.

MOPANE (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Mopane is die naam van 'n dorpie asook 'n stasie tussen Messina en Louis Trichardt in Noord-Transvaal. **Mopane** is 'n Siswati woord vir die terpentynboom (*Colophospermum mopane*), 'n tropiese boom met 'n terpentynreuk (HAT 1979:713) wat volop in die gebied voorkom.

MOREGROVE (LS), Cotswold, Port Elizabeth, Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Die perseel waar die skool geleë is, het vroeër deel gevorm van 'n plaas met die naam Moregrove.

MÔRELIG (LS), Primrose-Hill, Germiston, Transvaal
SIMBOLIES - BESKERMING/BEHOUD

Die inspirasie vir hierdie skool se naam het gespruit uit die opkoms van Afrikaansmediumskole aan die Rand. Die skool se leuse is: "Volg die lig". Volgens die respondent het daar met die totstandkoming van hierdie skool "'n lig opgegaan vir die Afrikaanse kind in hierdie omgewing".

MÔREWAG
SIMBOLIES - BESKERMING/BEHOUD

1. (LS), Brakpan, Transvaal.
By hierdie skool se naam val die klem op **wag** wat daarop dui dat daar baie lank vir hierdie nuwe skoolgebou gewag is.
2. (LS), Greenacres, Port Elizabeth, Kaap.
Die naam sluit aan by die leuse "Meer lig".

MORGENZON (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorpie. Die naam is die Ndl. vorm vir **Môreson** en is die naam van die plaas waar die dorpie ontwikkel is.

M.T. STEYN (HS), Philippolis, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na president Marthinus Theunis Steyn, president van die Oranje-Vrystaat 1896-1902.

MULDERSDRIFT (LS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na die Mulders wat in die omgewing van die drif deur die Krokodilrivier gewoon het. Daar woon steeds van Hendrik Mulder se nasate in die omgewing (Krugersdorp Nuus: 6 Junie 1986).

MURRAYSBURG (HS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorpe, wat vernoem is na ds. Andrew Murray sr. wat in Julie 1822 uit Skotland in Suid-Afrika aangekom het. Hy was predikant op Graaff-Reinet tot sy dood (Nienaber 1963:301).

NAASTDRIFT (LS), Vredendal, Kaap**TOPONIMIES - PLASE**

Vernoem na die plaas waar die skool in 1909 tot stand gekom het. Die plaas het aan J.H. de Waal behoort.

NAAUWPOORT 133 (LS), Boskop, Potchefstroom, Transvaal**TOPONIMIES - PLASE**

Vernoem na die plaas Naauwpoort, sowat 1,6 km van Boskop, 16 km noord van Potchefstroom aan die Boskopdam. Die Mooirivier vloei deur 'n nou opening tussen twee rantjies - vandaar die plaasnaam Naauwpoort - voordat dit in die Boskopdam invloei.

NABABEEP (HS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp. **Nababeep** is van Khoekhoense oorsprong en beteken **plek van die renoster** (Raper 1989:376).

NAHOON (LS), Oos-Londen, Kaap**TOPONIMIES - HIDRONIMIES**

Die skool is aan die oewer van die Nahoonrivier gebou. Nahoon is die gedeelte van Oos-Londen tussen Prinses Alice Rylaan en Beachweg, met die Nahoonrivier in die noorde. **Nahoon** is van Khoekhoense oorsprong en beteken **om te veg** (Du Plessis 1973:289).

NAPIER (HS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Sir George Thomas Napier (1784-1855), goewerneur van die Kaapkolonie van 1837-1844 (Raper 1989:379).

N. DIEDERICKS (HTS), Krugersdorp, Transvaal**ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE**

Vernoem na dr. Nicolaas Diedericks (1903-1978), akademikus, lid van die kabinet en staatspresident. Veral as Minister van Finansies het hy baie vir Suid-Afrika gedoen en het van verskeie lande toekennings ontvang. Hy was staatspresident van 19 April 1975 tot en met sy dood op 21 Augustus 1978.

NELSDRIFT (PS), Port Allen, Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - PLASE**

Vernoem na die plaas Nelsdrif waar die skool geleë is. Die oorsprong van die toponiem is onbekend, maar is waarskynlik na die eienaar met die van Nel vernoem.

NELSPRUIT (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Volgens Raper (1989:383) is die dorp vernoem na die Nelbroers wat hulle vee daar laat wei het.

NEWTON (LS), Kimberley, Kaap
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na Sir Isaac Newton (1642-1727), Britse wiskundige en wetenskaplike.

NICO MALAN (HS), Humansdorp, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na dr. Nico Malan, voormalige administrateur van die Kaap.

NIEKERKSHOOP (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat bekend is vir die asbesmyne in die omgewing. Dis in 1902 aangelê op die plaas Modderfontein en vernoem na die eienaars van die plaas, die Van Niekerk-broers (Raper 1989:390-391).

NIEUWOUDTVILLE (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1897 deur die Nieuwoudt-broers aangelê is en toe die grond aan die N.G. Kerk verkoop het (Raper 1989:391).

NIKO BRUMMER (LS), Beaufort-Wes, Kaap
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na mnr. Niko Brummer, voormalige burgemeester van die dorp en skoonseun van C.J. Langenhoven. Hy het hom beywer vir die ontwikkeling van die dorp.

NOBEL (LS), Modderfontein, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na Alfred Bernard Nobel (1833-1896), die Sweedse ontdekker en vervaardiger van plofstof. Hy was ook die stigter van die Nobelpryse, vyf pryse wat jaarliks toegeken word sonder inagneming van nasionaliteit, vir prestasie op die gebiede van die Fisika, Chemie, Medisyne, Fisiologie, Letterkunde en vir bevordering van vrede.

By Modderfontein, ongeveer 16 km noord-oos van Johannesburg, is die grootste dinamietfabriek in die wêreld. Die assosiasie is dus duidelik.

NOOITGEDACHT NR. 88 (LS), Muldersdrift, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is.

NOORD (PS), Sasolburg, Oranje-Vrystaat
LIGGING - GEOGRAFIES

Hierdie skool was die tweede skool in Sasolburg en het noord van die eerste een gelê in die noordelike buurt van die destydse (1957) Sasolburg.

NOORDEINDE (LS), Noorder-Paarl, Kaap
LIGGING- GEOGRAFIES

Die toponiem dui die ligging van die skool aan - in Noorder-Paarl - en is die verste blanke skool in die gebied.

NOORDHEUWEL (HS), Krugersdorp, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woonbuurt waar die skool geleë is, 'n heuwel aan die noordekant van die dorp.

NOORDHOEK (LS), Vanderbijlpark, Transvaal
LIGGING - GEOGRAFIES

Die skool is in die noordelike gebied van Vanderbijlpark geleë.

NOORD-KAAP (HS), Hadison Park, Kimberley, Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die streek waar die skool geleë is.

NOORD-OOSRAND (HS), Petit, Benoni, Transvaal
LIGGING - GEOGRAFIES

Die skool is geleë aan die noord-oostelike uithoek van die Witwatersrand, 14 km noord-oos van Benoni.

NOORDVAAL (LS), Orkney, Transvaal
LIGGING - GEOGRAFIES

Vanaf die skoolterrein is die kronkelloop van die Vaalrivier duidelik sigbaar. Die nuwe skoolgebou is 2 km van die Vaalrivier - dus **noord** van die **Vaal**.

NORMANHUIS (LS), Edenvale, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na Skipper Norman wat hom daarvoor beywer het om 'n inrigting vir verwaarloosde kinders te stig.

NORTHMEAD (LS), Benoni, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na dié noordelike voorstad van Benoni. Die toponiem is 'n topografiese aanduiding van die area: mead - > grasland, weiland - waar die voorstad ontwikkel is.

NUWERUS (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp 16 km suid-oos van Bitterfontein. Die toponiem verwys na 'n "nuwe rusplek" (Raper 1989:402).

OGIES (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1928 aangelê is op die plaas Oogiesfontein. Die fontein het baie oë gehad waar die water uitgeborrel het, vandaar die naam.

OHRIGSTAD (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die toponiem was in werklikheid Andries-Ohrigstad, maar is verkort tot slegs Ohrigstad. Dis in 1845 aangelê deur Andries Potgieter en 'n Hollandse handelaar, G.G. Ohrig.

O'KIEP (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. O'Kiep is 'n kopermyndorp 8 km noord van Springbok. Dis aangelê na die ontdekking van koper in 1862. Die toponiem is van Khoekhoense oorsprong en verwys na 'n "groot brak plek" (Raper 1989:410).

OKKIE SMUTS (LS), Stanford, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Mnr. Okkie Smuts was hoof van die skool van 1920-1947 en is deur dié vernoeming vereer.

OLIEN (HS), Fauresmith, Oranje-Vrystaat
OMGEWING - FLORA

Die toponiem is afgelei van die olienhoutbome (*Olea africana*) wat in die omgewing aangeplant is.

OLIENPARK (PS), Jagersfontein, Oranje-Vrystaat
OMGEWING - FLORA

Vgl. Olien, Fauresmith, Oranje-Vrystaat.

OLIFANTSFONTEIN (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die toponiem is afgelei van die olifantskedels wat vroeër by een van die vele fonteine - baie steeds in gebruik - in die omgewing gevind is.

ONTDEKKERS (HS), Florida, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad waar die skool geleë is.

ONVERWACHT (LS), Kriel, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Die oorspronklike eienaars van die plaas Onverwacht, Willem en Pieter Grobler, het 'n gedeelte van die plaas geskenk vir 'n skool op voorwaarde dat die skool na die plaas vernoem sal word.

ONZE RUST (PS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - PLASE

Die skool is geleë op 'n gedeelte van die plaas **Onze Rust** van die laaste president van die Oranje-Vrystaat, president M.T. Steyn.

OOS-MOOT (HS), Villieria, Pretoria, Transvaal
LIGGING - GEOGRAFIES

Die skool is geleë in die oostelike deel van die Moot, die gebied tussen die Magaliesberg en die Skurwerandjies, ongeveer 13 km noord-oos van Pretoria, en na die streek vernoem.

OOSPARK (LS), Vanderbijlpark, Transvaal
LIGGING - GEOGRAFIES

Die toponiem dui die ligging van die skool aan, nl. ten ooste van die dorp, asook die gedeelte -park van die toponiem: oos + park.

OP DIE VOORPOS (LS), Upington, Kaap
SIMBOLIES - BESKERMING/BEHOUD

Upington was baie jare lank die voorpos van die beskawing in die Noordweste. Die voorouers van dié skool se leerlinge het as pioniers die gebied oop en mak gemaak. Met dié naam word hulde gebring aan die beskawingswerk wat hulle verrig het. Die skool wat op die voorpos van die beskawing lê, stel hom ten doel om ook op die voerpunt van die opvoeding te staan.

ORANJE HOËR MEISIESKOOL, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat

ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

As blyk van erkentlikheid teenoor die jong Nederlandse koningin, Wilhelmina, vir haar meegevoel en daadwerklike steun aan president Kruger en sy gade, is daar besluit om deur middel van skoolnaamgewing, hulde aan die huis van Oranje te bring.

ORANJE-NOORD (LS), Upington, Kaap

LIGGING - GEOGRAFIES

Die Oranjeriver is die slagaar van Noordwes-Kaapland, daarom dra die skool dié naam, wat ook dui op die ligging daarvan.

ORANJEVILLE (PS), Oranje-Vrystaat

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die toponiem is afgelei van **Oranje-Vrystaat**. **Ville** is uit die Frans oorgeneem en beteken **dorp**.

ORKNEY (LS), Transvaal

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, geleë aan die Vaalrivier, ongeveer 12 km suid van Klerksdorp. Die toponiem is afgelei van die Orkney goudmyn wat na die Orkney-eilande vernoem is, die geboorteplek van Thomas Leask wat die myn in ongeveer 1880 geopen het (Raper 1989:420).

OUDTSHOORN (HS), Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1847 aangelê is op die plaas Hartebeesrivier. Dis vernoem na baron Pieter van Rheede van Oudtshoorn, as goewerneur van die Kaap aangestel in 1772. Hy is in 1773 oorlede op pad van Holland na die Kaap (Raper 1989:427).

OUDTSHOORN-NOORD (LS), Kaap

LIGGING - GEOGRAFIES

Vernoem na die dorp en dui ook die ligging van die skool aan. Vgl. Oudtshoorn, Kaap.

OUPLAAS (LS), Bredasdorp, Kaap

TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die omgewing waar die skool geleë is.

OUTENIQUA, George, Kaap

TOPONIMIES - GEBIED

1. (LS)

2. (HS)

Vernoem na die streek waar die skole geleë is. Die Outeniqua-streek dek die gebied tussen die huidige Knysna en Mosselbaai, geleë suid van die Outeniqua-berge, oos van Ruitersboskraal en wes van Kromrivier. Die naam is van Khoekhoense oorsprong en beteken "die mense wat die heuning dra" (Raper 1989:427).

OVERBERG (LS), Caledon, Kaap

TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die streek waarbinne Caledon geleë is. **Overberg** is die Ndl. vorm van **oor die berg**. Toeriste het oor die Hottentots-Holland gereis na die destydse genesende warmwaterbronne te Caledon.

OVERKRUIN (HS), Wonderboom-Suid, Pretoria, Transvaal
LIGGING - GEOGRAFIES

Overkruin is die Ndl. vorm van **oor die kruin** wat betrekking kan hê op die ligging van die skool teen die noordelike hang van die Magaliesberg, in Wonderboom Noordrif.

OVERVAAL (HS), Vereeniging, Transvaal
LIGGING - GEOGRAFIES

Overvaal is die Ndl. vorm van **oor die Vaal(rivier)**. Die naam dui die geografiese ligging van die skool aan - anderkant die Vaal (vanaf die suide gesien).

PALMIETFONTEIN (HS), Alberton, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Die skool is geleë op 'n gedeelte van die oorspronklike plaas Palmietfontein, waar die eerste internasionale lughawe - die Palmietfontein Lughawe - vroeër was. **Palmiet** is 'n waterplant (*Proinium serratum*) met 'n digte bos vaal-groen blare met skerp rande, beter bekend as **papkuil** (HAT 1979:817). Die fonteinagtige omgewing is ideaal vir die teenwoordigheid van die plant.

P.A.M. BRINK (LS), Springs, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. P.A.M. Brink, hoof van die skool in die dertiger- en veertigerjare en 'n bekende in onderwyskringe. Ook die welbekende PAM-Brinkstadion is in 1949 na hom vernoem (Stadsraad - Springs).

PANORAMA (LS), Witbank, Transvaal
LIGGING - ESTETIES

Die panoramiese uitsig vanaf die skool het aanleiding gegee tot die gee van dié naam.

PANSDRIF (LS), Soutpansdrif, Brits, Transvaal
TOPONIMIES - HIDRONIMIES

Die skool se naam was eers Soutpansdrif, maar is toe verkort tot Pansdrif. Volgens oorlewering is die naam **Soutpansdrif** deur Paul Kruger aan die drif gegee. Alhoewel daar geen soutpanne in die omgewing is nie, was dit blykbaar op die roete na soutpanne verder noord.

PARELVALLEI (HS), Somerset-Wes, Kaap
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die historiese plaas (1699) en woonbuurt met dieselfde naam, waar die skool geleë is.

PARK (LS), Mosselbaai, Kaap
TOPONIMIES - KLEINHOEWES/PARKE

Vernoem na die Prince Alfredpark wat naby die skool geleë is.

PAROWVALLEI (LS), Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die gebied waar die skool geleë is. Parow is tussen Bellville en Goodwood geleë en vernoem na Johann Heinrich Ferdinand Parow (1833-1910), 'n Duitse skeepskaptein wat in die omgewing gestrand het en sodoende in besit van die grond gekom het (Raper 1989:434).

PARYS (HS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Parys in Frankryk deur 'n Duitse landmeter, Schilbach (Nienaber 1963:315).

P.A. THERON (LS), Stilfontein, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na ds. P.A. Theron, vir baie jare lid van Klerksdorp se skoolraad en vir 38 jaar voorsitter daarvan. Hy het 'n prominente rol in skoolsake gespeel. Die naamsonthulling het op 18 Maart 1980 plaasgevind.

PATRIOT (HS), Witbank, Transvaal
SIMBOLIES - PERSOONLIKHEID

Vernoem na **Die Afrikaanse Patriot** mondstuk van die Genootskap van Regte Afrikaners, wat hulle beywer het vir die erkenning van Afrikaans. Die eerste uitgawe verskyn op 15 Januarie 1876. Presies 100 jaar daarna, op 15 Januarie 1976, word die hoërskool amptelik in gebruik geneem. Die skool is ten nouste gekoppel aan die taal en geskiedenis en sal altyd staan vir die handhawing van Afrikaans met die ideaal om self patriot te wees - getrou aan die eie.

PAUL ERASMUS (HS), Senekal, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Postuum vernoem na mnr. Paul Erasmus, verbonde aan dié hoërskool vanaf 1922-1952, waarna hy as superintendent van onderwys aangestel is. Hy is in Augustus 1979 oorlede.

PAUL GREYLING (LS), Vishoek, Kaap
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na dr. P.F. Greyling wat as lid van die skoolraad, 'n leidende rol gespeel het in die totstandkoming van dié Afrikaansmediumskool.

PAUL KRUGER
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

1. (LS), Alberton, Transvaal.
2. (HS), Steynsburg, Kaap.

Vernoem na Stephanus Johannes Paulus Kruger (1825-1904), die derde president van die Zuid-Afrikaansche Republiek vir die ampstyd 1883-1902.

PAUL ROOS GIMNASIUM (HS), Stellenbosch, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Die skool is vernoem na 'n oud-leerling van die skool, mnr. P.J. Roos, wat in 1910 rektor van die skool geword het. Hy het groot bekendheid verwerf as Springbok-rugbyspeler. Die term "Gimnasium" is 'n naam uit die verlede wat in enkele skoolname behoue gebly het. Dié skole was voorbereidende skole vir tersiêre onderrig - in hierdie geval vir die Teologiese Skool, Potchefstroom. Die term is in kontinentale Europa, veral in Duitsland, gebruik vir 'n klassieke voorbereidende skool vir universiteitsopleiding (Emery en Brewster 1952:698).

PAUL ROUX (PS), Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Paul Hendrik Roux (1862-1911), 'n generaal tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog en predikant van Senekal van 1897-1905 (Raper 1989:435).

PAUL SAUER (HS), Kareedouw, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Paul Olivier Sauer (1898-1976), kleurryke parlementariër en LV vir Humansdorp. Hy was ook senator en minister van verskeie portefeuljes. Sy parlementêre loopbaan het oor 'n tydperk van 41 jaar gestrek.

PEARSTON (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat in 1859 aangelê is op die plaas Rustenburg. Die eponiem in **Pearston** verwys na ds. John Pears, N.G. leraar van Somerset-Oos en konsulent van die dorp (Nienaber 1963:317).

PELLISSIER (HS), Bethulie, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE/KULTUURLEIERS

Vernoem na mnr. Samuel Hendri Pellissier (1887-1978), Direkteur van Onderwys in die Oranje-Vrystaat en kultuurleier by uitnemendheid. Hy word veral gehuldig en onthou as die vader van die Volkspelebeweging in Suid-Afrika (Beyers en Basson 1987:609-610).

PHALABORWA-NOORD (LS), Phalaborwa, Transvaal
LIGGING - GEOGRAFIES

Vernoem na die dorp wat ontwikkel is op die plase Loole Kop en Wegsteek. Die baMalatshi wat vanaf Zimbabwe (Bokhalaka) daarheen verhuis het en later suidwaarts getrek het, maar toe weer daarheen terug is vanweë die ystererts wat hulle daar ontgin het en waaruit hulle werktuie vervaardig het, het die plek Phalaborwa genoem, wat beteken "beter as die suide want ons het daar ystererts gekry" (Cartwright 1972:18).

PHILADELPHIA (LS), Malmesbury, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die N.G. Kerk het die skool in 1864 as kerkskool gestig. Die naam is van Bybelse oorsprong en verwys na "broederlike liefde" (Raper 1989:439).

PHILIPSTOWN (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aangelê is op die plaas Rietfontein en vernoem is na Sir Philip Edmond Wodehouse (1811-1887), goewerneur van die Kaapkolonie van 1861-1870 (Raper 1989:440).

PIERNEEF (LS), Villieria, Pretoria, Transvaal
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

Vernoem na Jacob Hendrik Pierneef (1886-1957), die baie bekende Suid-Afrikaanse skilder. Hy was gemoeid met die skool die drie jaar wat hy in die omgewing woonagtig was en het drie lino'sneedrukke aan die skool geskenk.

PIERRE SIMOND (LS), Simondium, Kaap
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na dr. Pierre Simond, die eerste Franse predikant wat in 1688 saam met die Hugenote na die Kaap gekom het. Die skool staan op die grond waar die Franse Hugenote heel eerste hulle godsdienste in die Groot Drakenstein beoefen het. Dis opgerig as 'n gedenksuil vir die Hugenote met 'n **suilkamer** vir die bewaring van nalatenskappe van die Hugenote. Simondium is 'n dorpie 8 km suid van die Paarl en ook vernoem na ds. Simond.

PIET CROWTHER (HS), Theunissen, Oranje-Vrystaat

ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. Piet Crowther, hoof van die hoërskool van 1969-1970.

PIETERSBURG, Transvaal

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)

2. (HS)

Die skole is na die dorp vernoem. Die eponiem in **Pietersburg** verwys na generaal Petrus Jacobus (Piet) Joubert, waarnemende staatspresident toe president Burgers na Europa was in verband met spoorwegaansake (Venter 1976:38).

PIET HUGO (LS), Ladanna, Pietersburg, Transvaal

ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Piet Hugo, LPR vir Pietersburg, net na die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, en later senator. Daar word ook beweer dat die skool na sy pa, ook mnr. Piet Hugo, vernoem is omdat ook hy baie in onderwysaansake belanggestel het (skrywe van D.B. Malherbe, 14 September 1990).

PIET PLESSIS (LS), Vryburg, Kaap

TOPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na mnr. Piet J du Plessis, die landmeter wat die dorp uitgemeet het, prokureur en ook LV vir Vryburg.

PIET POTGIETER (HS), Potgietersrus, Transvaal

ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Vernoem na kommandant Piet Potgieter, seun van Andries Hendrik Potgieter, die Trekkeleier. Die dorp Potgietersrus is ook na hom vernoem.

PIET RETIEF

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS), Piet Retief, Transvaal.

2. (HS), Piet Retief, Transvaal.

Vernoem na die dorp, wat uitgelê is op die plase Asloop en Geluk en vernoem na die Voortrekkeleier, Piet Retief (1780-1838) (Raper 1989:442).

ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

3. (LS), Port Elizabeth, Kaap.

4. (PS), Pietermaritzburg, Natal.

5. (HS), Adelaide, Kaap.

Vgl. 1 en 2.

PLATINA (LS), Swartklip, Transvaal

OMGEWING - MINERALE EN ANDER BEDRYWIGHEDDE

Die skool is geleë op Swartklip, 'n myndorp van Rustenburg Platinum Mines Ltd. "Platina" is ontleen aan Spaans en verwys na 'n metaalerts bevattende 'n silwerwit edel metaal wat buigsam is, nie deur gewone sure aangetas word nie en slegs by baie hoë temperatuur smelt. Die erts kom voor in 'n swartkleurige klip wat die oorsprong is van die toponiem **Swartklip**.

PLATRANDE (LS), Transvaal

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Die skool, dorp en omgewing staan bekend as Platrand, vernoem na 'n afgeplatte rand in die omgewing.

PLOOYSBURG (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die oorsprong van die dorp se naam is onbekend.

PORT NATAL (HS), Durban, Natal
HISTORIES - GEBEURE

Vernoem na die vroeëre naam vir Durban, afgelei van Terra do Natal (land van die geboorte van Christus) wat in 1497 deur Vasco da Gama daaraan gegee is omdat hy dit op Kersdag bereik het (Raper 1989:464).

PORTERVILLE (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na William Porter, prokureur-generaal van die Kaapkolonie van 1839-1866 (Raper 1989:449).

POSTMASBURG (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die eponiem in die toponiem verwys na ds. Dirk Postma (1818-1890), leraar te Rustenburg en later teologiese professor aan die kweek-skool te Burgersdorp (Nienaber 1963:327).

POTCHEFSTROOM GIMNASIUM (HS), Potchefstroom, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat geleë is aan die Mooirivier. Dis in 1838 aangelê deur die Voortrekkerleier, Andries Hendrik Potgieter. Vir **Gimnasium** vgl. Paul Roos Gimnasium.

POTGIETERSRUS (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vgl. Piet Potgieter, Potgietersrus, Transvaal.

PRESIDENT

ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

1. (HS), Ridgeway, Transvaal.
2. (HS), Vrijzee, Kaap.

Albei die skole is vernoem na president Paul Kruger.
 Vgl. Paul Kruger.

PRESIDENT BRAND

ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

1. (LS), Brakpan, Transvaal.
2. (PS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat.

Vgl. Brandfort, Oranje-Vrystaat.

PRESIDENT STEYN (LS), Alberton, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vgl. M.T. Steyn, Philippolis, Kaap.

PRESIDENT VAN RENSBURG (LS), Kafferskraal, Transvaal
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na president W.C. Janse van Rensburg, waarnemende president van die ZAR van 1863-1864.

PRETORIA-OOS (LS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na dié oostelike voorstad van Pretoria. Pretoria is die hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika wat in 1855 uitgelê is op die plaas Elandspoort en is vernoem na die Voortrekkerleier, Andries Wilhelmus Jacobus Pretorius (1798-1853) (Raper 1989:451).

PRETORIA-WES (HS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die westelike voorstad van Pretoria. Vir **Pretoria** vgl. Pretoria-Oos.

PRIESKA (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. **Prieska** is oorspronklik uit Korana en beteken "die plek van die verlore bokooi" (Nienaber 1963:331).

PRIMÊRE SEUNSKOOL PAARL, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Die naam dui die aard van die skool aan - 'n skool vir seuns in die primêre fase. Die skool het van die bestaande Hoër Jongenskool Paarl, afgestig.

PRO ARTE ALPHENPARK (HS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Die Hoërskool Pro Arte en Hoërskool Alphenpark het geamalgameer. Pro-Arte het eers bekend gestaan as die Pretoriase Skool vir Kuns, Ballet, Musiek en Drama. Die naam was te lank en lomp en is verander na Pro Arte - vir die kunste. Alphenpark is vernoem na die voorstad wat uitgelê is op die plaas Waterkloof in die ooste van Pretoria. Die eponiem in **Alphenpark** verwys na Izaak Nicolaas van Alphen (1854-1925), posmeester-generaal van die Transvaalse Republiek (1885-1900) (Andrews: Skrywe 4 April 1991).

PROTEAPARK (LS), Rustenburg, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied wat vernoem is na die protea of suikerbos wat algemeen in die rante voorkom.

PROTEARIF (LS), Krugersdorp, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied. Vir **protea** vgl. Proteapark, Rustenburg, Transvaal.

PUTFONTEIN (LS), Benoni, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die woongebied ontwikkel is, ongeveer 16 km noord-oos van Benoni.

RACHEL DE BEER (PS), Wolmer, Pretoria-Noord, Transvaal
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Vernoem na Rachel de Beer, die kinderheld.

RANDBURG, Transvaal

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp noord-wes van Johannesburg, vernoem na die Suid-Afrikaanse monetêre eenheid, die **Rand** wat Suid-Afrika in 1961 in gebruik geneem het met desimalisasie en daar met die pond sterling weggedoen is. Die geldeenheid is vernoem na die Witwatersrand wat algemeen as **Die Rand** bekend staan (Raper 1989:459-460).

RANDFONTEIN, TRANSVAAL (LS)**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die myndorp wat in 1890 aangelê is op die plaas Randfontein. Die naam verwys na "fontein op die rand" (Raper 1989:460).

RANDHART (LS), Alberton, Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die voorstad van Alberton, in "die hart van die Rand", vgl. Randburg.

RAPPORTRYER (LS), Randgate, Transvaal**HISTORIES - GEBEURE**

Die skool is vernoem na die geleentheid toe die rapportryers in 1949 met die inwyding van die monument by die dorp aangedoen het.

RAYTON (LS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat in 1903 of 1904 op die plaas Elandshoek gestig is by die Montrose Diamond Milling Co. Die eponiem in **Rayton** verwys na die eggenote van die maatskappy se algemene bestuurder, mev. Ray Wollaston (Raper 1989:460).

REITZ (HS), Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na president F.W. Reitz, die vyfde president van die Oranje-Vrystaat van 1889-1895. Afgesien van sy nuttige diens as parlementariër, dien hierdie vurige vaderlander sy land, volk en taal trou op kulturele gebied en as Boere-krygsman tot met sy dood op 27 Maart 1934 (Venter 1976:10).

REITZPARK (PS), Welkom, Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die woonbuurt. Vir **Reitz** vgl. Reitz, Oranje-Vrystaat.

REIVILO (HS), Vryburg, Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp. Hierdie naam is 'n anagram van die persoonsnaam **Olivier**. Die dorpie is in 1918 gestig deur ds. A.J. Olivier, na wie dit dan ook vernoem is (Nienaber 1963:336).

REPUBLIEK (LS), Rothdene, Transvaal**HISTORIES - SIMBOLIES**

Die skool se naam hang nou saam met Republiekwording op 31 Mei 1961. Die Boererepublieke het met die Vrede van Vereeniging ondergegaan en die gemeenskap wou 'n skool in die omgewing vernoem om die herryseris van die huidige Republiek van Suid-Afrika te simboliseer.

RHEEDERPARK (PS), Welkom, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woonbuurt wat vernoem is na die eenaar van die plaas waar die woonbuurt aangelê is.

RICHARDSBAAI (HS), Natal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Sir Frederick Richards, kommandoor van die Britse Vloot in die Kaap gestasioneer, en later admiraal. Hy was in bevel van die vlootmag wat die landmagte ondersteun het in hul aanval teen die Zoeloes in 1879 (Raper 1989:464).

RICHMOND (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na die Graaf van Richmond, die skoonvader van Sir Peregrine Maitland, goewerneur van die Kaap van 1844-1847 (Raper 1989:465).

RIEBEECKSTAD (HS), Welkom, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad wat die eerste naam van Kaapstad dra, Riebeecks Stad, vernoem na Jan Antonisz van Riebeeck (1619-1677) eerste Hollandse kommandoor aan die Kaap (Raper 1989:466). Vgl. ook:

Jan van Riebeeck, Springs, Transvaal.

Riebeeck-Oos, Kaap.

RIEBEEK-OOS (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1842 op die plaas Mooi Meisjes Fontein aangelê is en na Jan van Riebeeck vernoem is. Vgl. ook:

Jan van Riebeeck, Springs, Transvaal.

Riebeeckstad, Welkom, Oranje-Vrystaat.

(Raper 1989:469).

RIETKUIL (LS), Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die Arnotkragentrale en ook die skool geleë is.

RISIVILLE (LS), Vereeniging, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad. Risiville is vernoem na die dorpstigters Risi Investments (Pty) Ltd. (Stadsraad, Vereeniging).

RIVIERA (LS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad. Aanvanklik is hoewes op die plaas Rietfontein uitgelê en was in 1895 bekend as die Riviera Estate. In 1899 is die naam verander na Riviera-on-wood en het in 1906 Riviera geword toe die voorstad geproklameer is (Andrews 1992:4).

RIVIERSONDEREND (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na die rivier waar dit geleë is. Die rivier is letterlik "sonder end" omdat die einde daarvan moeilik bepaalbaar is (Du Plessis 1973:307-308).

ROBBENEILAND (LS), Kaap**TOPONIMIES - EILAND**

Robbeneiland is 'n eiland in Tafelbaai. Die naam is die Ndl. vorm van **robbeiland** en verwys na die rob (*Arctocephalus pusillus*), 'n viervoetige, vleis-etende seedier wat in groot getalle op die eiland voorkom (HAT 1979:906). Daar was voorheen inrigtings vir melaatses en sielsiekes. Sedert 1969 is hoë-sekureiteitsgevangenes daar aangehou. Dit het ook 'n sleutelrol in die verdediging van Kaapstad gedurende die Tweede Wêreldoorlog gespeel (Raper 1989:469).

ROBERTSON, Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

1. (LS)

2. (HS)

Vernoem na die dorp wat in 1853 op die plaas Over het Roode Zand van Johannes Willem van Zyl aangelê is. Dis vernoem na dr. William Robertson (1805-1879), die eerste predikant van die N.G. Kerk in Clanwilliam en predikant te Swellendam van 1834-1871 (Raper 1989:470) en (Nienaber 1963:342).

RODEON (HS), Swartruggens, Transvaal**ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE**

Die naam is 'n anagram van **Gideon Roos**, die naam van ds. J.D. Roos na wie die skool vernoem is. Ds. Roos was die eerste predikant van die N.G. Kerk op Swartruggens (1912) en die ontstaan van die skool is aan sy ywer te danke.

RODORA (LS), Randgate, Transvaal**ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE**

Die skool se naam is 'n samevoeging van die letters **Ro** van Rousseau en **dora** van Dorothea, die dogtertjie van mnr. P.J. Rousseau, skoolhoof van die Laerskool Rodora van 1911-1930. Die dogtertjie is op 7-jarige ouderdom oorlede nadat 'n noodoperasie op haar in die hoof se woning uitgevoer is.

ROODEPOORT (HS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat in 1888 as 'n goudmynkamp op die plaas Roodepoort ontwikkel is. Die naam is die Ndl. vorm van **rooi poort** en verwys na die kleur van die grond in die omgewing (Raper 1989:471).

ROODEPOORT-WES (LS), Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die woongebied waar die skool geleë is, wes van die sakekern van Roodepoort. Vgl. Roodepoort, Transvaal.

ROSARY (PS), Zastron, Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - PLASE**

Die skool is vernoem na die plaas Rosary waar die skool geleë is. 'n Katolieke landmeter het in 1880 name aan byna al die omliggende plase gegee. Die "rosary" is 'n string gebedskrale bestaande uit 15 maal 10 krale, telkens gevolg deur 'n grote, deur die Rooms-Katolieke gebruik om die gebede op af te tel (HAT 1979:918).

ROWALLANPARK (LS), Port Elizabeth, Kaap**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die voorstad waar die skool geleë is. Die oorsprong van die voorstad se naam is onbekend.

RUST DE WINTER (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Rust de Winter is ongeveer 70 km noord-oos van Pretoria geleë. Die Hoëveldse boere het hulle vee in die winter na die Middelveld gebring waar die winterweiding beter was. Dis 'n beskrywende naam wat die gemoedstoestand van die eerste (tydelike) bewoners beskryf (Nienaber 1963:345).

RUSTENBURG, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat ontwikkel is op die plase Kafferskraal en Witpensfontein. Volgens Nienaber (1963:346) dui die naam daarop dat die dorp vir die Trekkers na baie jare van onrus en rondswerf 'n **burg** van rus sou wees.

RUSTENBURG-NOORD (LS), Transvaal
LIGGING - GEOGRAFIES

Vernoem na die noordelike gedeelte van Rustenburg waar die skool geleë is. Vgl. Rustenburg, Transvaal.

RYNFIELD (LS), Benoni, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Die skool is na die voorstad van Benoni vernoem. Die oorsprong van die naam is onbekend.

SAAMBOU
SIMBOLIES - STREWE

1. (LS), Hartebeesfontein, Transvaal.
 Binne skoolverband kan hierdie naam soos volg verklaar word: Almal wat betrokke is by die skool moet saamwerk om die skool uit te bou.
2. (LS), Olifantshoek, Kaap.
 Nadat die skool in 1955 deur mnr. Jan Lombaard van Lombaardsvlakte gesluit is, het die ouers op eie inisiatief 'n ander skool gedurende die Desembervakansie gebou. Mnr. Jaap Lombaard van Vroeggedeel het vier morge grond geskenk en die ouers het aan die werk gespring. Terwyl die bouery aan die gang was, het 'n swerm familievoëls ook ywerig begin nes maak in 'n kameeldoringboom reg voor die koshuis. Die saambouery het die nuwe naam vir die skool by die mans laat posvat: Saambou. 'n Familievoël nes het 'n ereplek op die skoolwapen.

SAAMTREK (LS), Klerksdorp, Transvaal
SIMBOLIES - STREWE

Soos by **Saambou** is die implikasie hier dat die betrokkenes met dieselfde belange, in dieselfde juk moet **saamtrek** om gemeenskaplike belange te kan bevorder - wat in hierdie geval die belange van die kinders van die skool is.

SAAMWERK (PS), Durban, Natal
SIMBOLIES - STREWE

1. (PS), Rosburgh, Durban, Natal.
2. (HS), Durban, Natal.

Die naam van die skool dui op die goeie samewerking van al die instansies wat by die skool betrokke is - veral die ouers - tot heil van die skool.

SABIE (LS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat in 1895 deur 'n jagter, H.T. Glynn gestig is. Dit is ontwikkel uit 'n gouddelwerskamp op die plaas Grootfontein. Die dorp is vernoem na die Sabierivier (Raper 1989:477).

SAFFIER (LS), Parowvallei, Kaap**SIMBOLIES - STREWE**

Die keuse vir die skool se naam het geval op die bekende gedig van die digter C.L. Leipoldt (1880-1947), **Die Beste**. Die woord **saffier** kom redelik prominent daarin voor. Die skool se leuse is **Die beste**.

SALDANHA (LS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp. Oorspronklik is die naam Agoada de Saldanha aan Tafelbaai gegee, wat beteken **waterplek van Saldanha**. Dis vernoem na admiraal Antonio de Saldanha wat daar in 1503 deur die Khoekhoens gewond is terwyl hy water geskep het. In 1601 het Joris van Spilbergen by die huidige Saldanha-baai verby gevaar en onder die indruk dat hy Agoada de Saldanha bereik het, het hy dit so genoem en so is die naam oorgedra (Raper 1989:479).

SALOMON SENEKAL (HS), Viljoenskroon, Oranje-Vrystaat**ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE**

Vernoem na mnr. Salomon Senekal wat lid van die skool se beheerraad was.

SANDDRIFT (LS), Beestekraal, Transvaal**TOPONIMIES - PLASE**

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is. Die toponiem is waarskynlik afgelei van 'n drif deur een van die baie spruite wat uiteindelik in die Rooikoppiesdam, wes van Sanddriфт, inloop.

SAND DU PLESSIS, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat**ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE**

1. (PS)
2. (HS)

Vernoem na mnr. J.A. (Sand) du Plessis, voormalige administrateur van die Oranje-Vrystaat.

SANDFLATS (LS), Paterson, Kaap**TOPONIMIES - PLASE**

Vernoem na die plaas Zandvlakte (nou bekend as Vista) waar die skool oorspronklik gebou is. Sandflats is die Engelse weergawe van die toponiem Sandvlakte wat daarop dui dat die gebied sanderig is en op die vlakte geleë is.

SANDVELD (HS), Wesselsbron, Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - GEBIED**

Vernoem na die omgewing. Die noord-westelike deel van die Vrystaat waar Wesselsbron geleë is, staan as die Sandveld bekend, só genoem weens die sandrige geaardheid van die omgewing.

SANNIESHOF, Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp. John Voorendijk wat posmeester van Lichtenburg was, het

sy vrou se naam, Sannie, aan die poskantoor gegee. Die stasie is ook so genoem en so het die dorp tot stand gekom.

SAREL CILLIERS (HS), Koppies, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Tydens die simboliese Ossewatrek van 1938, word die naam van Public School Kopjes verander na dié van die Voortrekkerleier, Sarel Cilliers.

SASOLBURG (HTS), Sasolburg, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die toponiem is afgelei van die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie waar brandstof uit steenkool vervaardig word.

SCHOONSPRUIT

TOPONIMIES - HIDRONIMIES

1. (LS), Ventersdorp, Transvaal.
 Vernoem na die Schoonspruit waarlangs die skool ontwikkel is. Die Schoonspruit Natuurresewaat grens aan die noord-westekant van die dorp.
2. (HS), Klerksdorp, Transvaal.
 Vernoem na die Schoonspruit waarlangs die skool ontwikkel is.

SCHWEIZER-RENEKE (LS), Transvaal

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat 1 Oktober 1888 gestig is na die slag van Mamusa teen die Korannas. Die eponieme in die toponiem verwys na twee offisiere wat tydens die slag gesneuwel het: Kaptein Constantin A. Schweizer, 'n Duitse beroepsoldaat en veldkornet en C.N. Reneke (Raper 1989:486).

SECUNDA (HS), Transvaal

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vgl. Goedehoop, Secunda, Transvaal.

SEDFIELD (LS), Knysna, Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die oorsprong van die dorp se naam is onbekend.

SENTRAAAL

LIGGING - GEOGRAFIES

1. (LS), Buhrmansdrif, Transvaal.
 (LS), Jagersfontein en Buhrmansdrif het geamalgameer as gevolg van dalende getalle en die skool se naam het verander na Laerskool Sentraal.
2. (PS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat.
3. (HS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat.
 Die name van bg. twee skole dui die ligging daarvan aan.

SENTRALE VOLKSKOOL (PS), Kroonstad, Oranje-Vrystaat

LIGGING - GEOGRAFIES

Sentraal dui op die ligging van die skool in die dorp. Vir **Volkskool** vgl. Volkskool.

SEODIN (LS), Kuruman, Kaap

TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die gedeelte van Kuruman wat by die elmboog van die Kurumanrivier, noord van Kuruman, geleë is, ook Seoding genoem.

SEVERN (LS), Kuruman, Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is. Die plaas is deur 'n landmeter vernoem na die Severnrivier wat in die Bristolkanaal in die suid-weste van Engeland, invloei.

SILVERTON (LS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1890 deur Charles Marais gestig is en na 'n silwer-myn in die omgewing vernoem is (Raper 1989:500).

SIMON VAN DER STEL (LS), Wynberg, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na Simon van der Stel, kommandeur aan die Kaap van 1679-1699.

SKUILKRANS (LS), Murrayfield, Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas Skuilkrans, waar Tienie Holloway, bekende Afrikaanse skryfster en haar eggenoot, John Edward (Jack) Holloway, gewoon het. Die skool is naby die woning van die Holloways geleë.

SKUKUZA (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die ruskamp in die Nasionale Krugerwildtuin. Die toponiem is afgelei van isiZulu en beteken **om skoon te vee**. Dit verwys na 'n bynaam wat aan kolonel J. Stevenson-Hamilton, eerste natuurbewaarder aldaar, gegee is omdat hy die wildtuin van wildstropers **skoongeveer** het (Raper 1989:503).

SMITHSMYN (LS), Kaap
TOPONIMIES - MYNE

Vernoem na die diamantmyn, ongeveer 35 km noord van Barkly-Wes. Die myn is vernoem na mnr. Frank Smith, 'n prospekteerder/geoloog wat die myn daar begin het.

SMUTS-MALAN (HS), Riebeek-Wes, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na beide genl. J.C. Smuts en dr. D.F. Malan. Albei was oud-leerlinge van die skool en voormalige eerste ministers van Suid-Afrika.

SOEKMEKAAR (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die toponiem is deursigtig - **om na mekaar te soek**. Presies wat die gebeurtenis is wat aanleiding tot die toponiem gegee het, is onbekend.

SOMERSET-WES (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Lord Charles Somerset (1767-1831), goewerneur aan die Kaap van 1814-1826 (Raper 1989:507).

SONLANDPARK (LS), Vereeniging, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied wat eers bekend gestaan het as Houtkopdorp, vernoem na die plaas waar dit aangelê is. Later is dit na Jansenville - 'n vorige raadslid se van - verander. Die Raad het later die naam Sonlandpark aanvaar omdat dit uit verskeie ander die **mooiste** was (Stadsraad, Vereeniging).

SONOP (LS), Despatch, Kaap
SIMBOLIES - STREWE

Die opkomende son is 'n bron van lig, krag en lewe. Die skool se leuse sluit goed hierby aan: Wees wakker.

SOUTPAN (PS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na 'n groot soutpan, 45 km wes van Brandfort. Die Florisbad argeologiese terrein is hier geleë (Raper 1989:509).

SOUTPANSBERG (LS), Louis Trichardt, Transvaal
TOPONIMIES - ORONIMIES

Vernoem na die Soutpansberg wat die noordelike grens van die dorp, Louis Trichardt, vorm. Die soutpanne aan die noord-westelike kant van die berg word steeds ontgin. Die berg het eers bekend gestaan as "ysterberg" (Raper 1989:509-510).

SPRINGBOK (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1862 as 'n kopermynsentrum ontwikkel het met die naam Springbokfontein. In 1911 is die naam verkort tot Springbok. Dis 'n vertaling van Khoekhoens **Guchas** (springbok) (Raper 1989:512).

SPRINGFONTEIN (PS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat vernoem is na een van die plase waar dit in 1904 aangelê is - die ander plaas is Hartleydal. Die toponiem verwys na 'n fontein wat besonder aktief is.

SPRUITDRIFT (LS), Vredendal, Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool in 1904 tot stand gekom het. Dit is die oudste skool in die omgewing. Die grond vir die skool is geskenk deur die plaaseienaar, mnr. Van Zyl. Van sy kleinkinders boer steeds op die plaas.

STAATSPRESIDENT C. R. SWART
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

1. (LS), Middelburg, Transvaal.
2. (HS), Môregloed, Pretoria, Transvaal.

Vernoem na Charles Robert Swart, van 1960-1961 Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika. Met Republiekwording op 31 Mei 1961, word hy as Staatspresident ingehuldig en bly in hierdie amp aan tot Mei 1967 (Venter 1976:17).

STAATSPRESIDENT SWART (LS), Kimberley, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE
 Vgl. Staatspresident C. R. Swart.

STANDERTON, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat op die plaas Grootverlangen ontwikkel is en na kommandant Adriaan H. Stander (1817-1896) vernoem is, die oorspronklike eienaar van die plaas.

STELLA (HS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp. Die toponiem is van Latynse oorsprong en beteken **ster**, wat verwys na 'n komeet wat sigbaar was in 1882 en verband hou met die stigting van die Republiek van Stellaland in dieselfde jaar.

STELLALAND (LS), Vryburg, Kaap**TOPONIMIES - GEBIED**

Vernoem na die streek Stellaland wat in Julie 1882 gestig is in die gebied wat deur die Koranna opperhoof, David Massouw Riet Taaibosch, aan Boerevrywilligers gegee is vir hulle aandeel aan die onderwerping van die Bathapin opperhoof, Mankoroane Molehabanque (Raper 1989:515).
Vgl. Stella, Kaap.

STELLENBERG (HS), Tygerpark, Kaap**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die woongebied wat ontwikkel is op die plaas Stellenburg, oorspronklik so in 1705 geregistreer in die naam van ene Johan Blessius.

STELLENBOSCH (LS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Simon van der Stel. Vgl. Simon van der Stel, Wynberg, Kaap.

STERKRIVIER (LS), Transvaal**TOPONIMIES - NEDERSETTINGS**

Vernoem na die Sterkrivier Staatwaterskema, ongeveer 45 km wes van Potgietersrus. Die skool bedien die inwoners van die gebied. Die toponiem is selfverklarend: Waarskynlik sterk wanneer in vloed.

STEYNSRUS (HS), Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na president M.T. Steyn. Vgl. M.T. Steyn, Philippolis, Oranje-Vrystaat.

ST. HELENA (PS), Welkom, Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - MYNE**

Vernoem na die myn waar die skool geleë is. Die myn is vernoem na die plaas waar dit ontwikkel is (Mev. Van Zyl, St. Helena).

STILFONTEIN (LS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp 13 km oos van Klerksdorp wat vernoem is na die goudmyn wat daar in 1952 begin produseer het. Die toponiem verwys na 'n fontein wat nie baie aktief is nie, maar stil vloei (Raper 1989:517).

STOFFBERG (HS), Brakpan, Transvaal**ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE**

Vernoem na wyle senator T.C. Stoffberg uit erkentlikheid vir die diens wat hy aan sy volk en die onderwys gelewer het.

STRAND (HS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat eers Hottentots-Holland Strand genoem was, toe Somerset Strand en Die Strand - die verkorte Strand is sedert 1937 in gebruik (Raper 1989:518).

STRELITZIA (HS), Uitenhage, Kaap

TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woonbuurt Strelitzia Park, wat vernoem is na die kraanvoëlblom (*fam. Musaceae*) wat eie aan die omgewing is.

STRYDENBURG (LS), Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Omdat daar nie eenstemmigheid bereik kon word oor die keuse van 'n geskikte plek vir die stigting van 'n dorp nie, is dit "Strydenburg" genoem "omdat daar veel oor gestreden was". Die dorp is in 1892 op die plaas Roodepan van Nicolaas J.J. en Bernardus J. Badenhorst aangelê (Nienaber 1963:361-362).

SUIDHEUWELS (LS), Johannesburg, Transvaal

TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad wat aangelê is op die plaas Klipriviersberg, eers Welfare Park genoem en in 1962 verander na Suidheuwels, so genoem na aanleiding van die ligging suid van Johannesburg en die heuwelagtige aard van die omgewing (Smith 1971:504).

SUIDRAND (LS), Johannesburg, Transvaal

LIGGING - GEOGRAFIES

Vgl. ook Suidrand Hospitaal, Suidrand Skoolraad ens. Die naam dui die ligging van die skool aan: Die suide van Johannesburg.

SUIDRAND VOLKSKOOL (PS), Kroonstad, Oranje-Vrystaat

TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vir "Suidrand" vgl **Suidrand**. Vir "Volksskool" vgl. **Volksskool**.

SUIKERBOS (LS), Drie Riviere, Transvaal

TOPONIMIES - HIDRONIMIES

Vernoem na die Suikerbosrivier wat naby die skool verby vloei. **Suikerbos** is die volksnaam vir die protea wat natuurlik in die Suikerbosrante voorkom.

SUNDRA (HS), Transvaal

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die oorsprong van die dorp se naam is onbekend.

SUSANNAH FOURIE (LS), Despatch, Kaap

ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mej. Susanna Fourie, hoof van die eerste skooltjie wat op 27 Januarie 1930 op Despatch gestig is. Van hierdie skool het later afgestig die Laerskool Sonop in 1953; die Laerskool Frans Conradie in 1962 en 'n kindertuinafdeling in 1972.

SUSIEDEAR (PS), Wesselsbron, Oranje-Vrystaat

ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

In 1937 vernoem na die eenaar van die plaas waar die skool geleë is, mnr. Willie Hattingh, se twee kinders. Die eponieme in bg. antroponiem verwys na 'n dogter Susie en 'n seun Deara.

SUTHERLAND (HS), Kaap

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Henry Sutherland (1790-1879), predikant van die N.G. Kerk te Worcester vanaf 1824-1859 (Raper 1989:521).

SWARTKOP (LS), Valhalla, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied Swartkop, wat vernoem is na die plaas Swartkop, só genoem na aanleiding van Swartkop noord van Sesmylspruit en wes van die skool. Vgl. ook Swartkop Lughawe (SAW) en Swartkop Buiteklub.

SWARTLAND, Malmesbury, Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die Malmesbury-distrik wat as die Swartland bekend staan, afgelei van die renoster- en bakkerbosse wat vir 'n sekere tyd van die jaar - veral somer - swart vertoon (Nienaber 1963:363).

SWARTRUGGENS (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die toponiem is deur die eerste Trekkers aan 'n reeks swart rante gegee, wat hulle herinner het aan die rugge van 'n span osse (Nienaber 1963:363).

SWELLENDAM (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na goewerneur Hendrik Swellengrebel (1700-1760) en sy vrou, Helena ten Damme (Raper 1989:524).

SYBRAND VAN NIEKERK
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

1. (LS), Kliprivier, Transvaal.
2. (HS), Sabie, Transvaal.

Vernoem na mnr. Sybrand van Niekerk, voormalige administrateur van Transvaal.

TAAIBOS (HS), Kragbron Sasolburg, Oranje-Vrystaat
OMGEWING - FLORA

Vernoem na die taaibos (*Rhus.spp.*) wat volop in die omgewing voorkom.

TAALFEES (LS), Witbank, Transvaal
HISTORIES - GEBEURE

Die naamgewing val saam met die herdenking van die **Wonder van Afrikaans**.

TARKASTAD (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1862 gestig is op die plaas Boschfontein en vernoem is na die Tarkarivier. Daar is verskeie verklarings vir die toponiem, maar die aanneemlikste is dié uit Khoekhoens wat beteken **plek van baie vroue** (Nienaber 1963:365).

TASBETPARK (LS), Witbank, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied wat aangelê is op die plaas Klipfontein. Die eienaars van die plaas was mnr. J.A. Coetzee en dr. De Kock. Mnr. Coetzee se vrou se naam was Tassie en dr. De Kock se vrou se naam Bet. Die twee vrouens se name is saamgestel en vandaar **Tasbetpark** (Stadsraad Witbank).

THABAZIMBI (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die ystermyndorp wat in 1932 op die plaas Kwaggashoek aangelê is. Die dorp is deur Yskor ontwikkel. **Thaba** is Setswana vir **berg** en **-zimbi** afgelei van isiZulu vir **yster** - wat letterlik beteken **berg van yster**.

THERESAPARK (LS), Pretoria-Noord, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied waar die skool geleë is. Die oorsprong van die pleknaam is onbekend.

THERON (HS), Britstown, Kaap
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Die Hoërskool Theron het tot stand gekom deurdat privaatskole in die omgewing in 1899 geamalgameer het. Mnr. Tommie Theron het hom vir die amalgamasie beywer en in 1923 is hy daarvoor vereer.

THEUNISSEN (PS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1907 aangelê is op die plaas Smaldeel en 'n gedeelte van Poortjie en vernoem is na kommandant Helgaardt Theunissen wat die toestemming vir die dorpsstigting verkry het (Raper 1989:534).

TINI VORSTER (LS), Heidelberg, Transvaal
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na mev. Tini Vorster, eggenote van wyle adv. B.J. Vorster, in lewe Eerste Minister en Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika.

TJAART VAN DER WALT (LS), Port Elizabeth, Kaap
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Vernoem na kommandant Tjaart van der Walt, aanvoerder van die Boerekommando's tydens die Britse bestuur aan die Kaap 1795-1806. Hy sneuwel aan die Oosgrens in Mei 1802 (Muller 1970:91). Sy oorskot rus aan die voet van die Cambria-berge (Nienaber 1963:246) noord van die Paul Sauerdam.

TOBIE WINTERBACH (LS), Braklaagte, Heidelberg, Transvaal
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. Tobie Winterbach, vir 30 jaar hoof van die Laerskool Braklaagte, vernoem na die plaas waar dit geleë is. Hy is in 1958 oorlede en met die ingebruikneming van die nuwe skoolgebou in 1963 is die skool na hom vernoem.

TOITSKRAAL (LS), Strydmag, Middelburg, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar dit geleë is. Die skool bedien die inwoners van die Toitskraal besproeiingspersele by die Loskop nedersetting.

TOTIUS (LS), Vanderbijlpark, Transvaal
ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS

Totius is die skuilnaam van die digter dr. Jacob Daniël du Toit (1877-1953), na wie die skool vernoem is. Hy was ook bekende Bybelvertaler, Psalmbermymer, teoloog.

TOUWSRIVIER (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat na die Touwsrivier vernoem is. Die pleknaam is van

Khoekhoense oorsprong en beteken **asrivier**, waarskynlik na aanleiding van die baie asbosse wat in die omgewing groei of verwysend na die voorkoms van die grond (Raper 1989:539).

TRADOUW (HS), Kaap
TOPONIMIES - PAS

Vernoem na die Tradouwpas wat deur die Langeberge loop. **Tradouw** is oorspronklik uit Khoekhoens nl. **tarra** en **doa** wat ruweg vertaal beteken **die voetpad van die jong meisie** (Steenkamp: Skrywe 8 Maart 1990).

TRIOMF (LS), Johannesburg, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad van Johannesburg - voorheen Sophiatown. **Triomf** beteken **oorwinning**, in die woorde van Die Vaderland van 28 September 1964: **Van krotbuurt tot spogvoorstad**.

TROMPSBURG (HS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Jan en Bastiaan Tromp, eienaars van die plaas Middelwater, waar die dorp aangelê is (Raper 1989:542).

TRUIDA KESTELL (PS), Bethlehem, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na mev. Truida Kestell, die eggenote van Vader Kestell (1854-1941), predikant van die N.G. Kerk, outeur en kultuurleier (Raper 1989:257).

TSITSIKAMA (LS), Humansdorp, Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die streek Tsitsikama. Die gebied is vernoem na die Tsitsikamaber-ge en die Tsitsikamarivier (Raper 1989:545). Die naam is van Khoekhoense oorsprong **tse-tsesa** (helder) en **gami** (water), vermoedelik omdat die water so helder is (Du Plessis 1973:324).

TUINRAND (LS), Pretoria-Tuine, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad Pretoria-Tuine wat in 1903 op die plaas Daspoort ontwikkel is. Die pleknaam is blykbaar toe te skryf aan die vroeëre welige plantegroei op die walle van die Apiesrivier wat die oostelike grens van die waterryke gebied vorm. Die skool is op die rand van die gebied geleë.

TULBAGH (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Ryk Tulbagh (1699-1771) goewerneur van die Kaap (1751-1771). Die streek was voorheen die Land van Waveren genoem, 'n gedeelte is Tulbagh genoem deur J.W. Janssens (Raper 1989:547).

TWEESPRUIT (PS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat sy naam gekry het na aanleiding van die posisie daarvan by die sameloop van twee spruite.

TWEESPRUIT (HLS), Tweespruit, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vgl. Tweespruit, Oranje-Vrystaat.

TYGERSPOORT (LS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas Tygerspoort, waar die skool geleë was voordat dit na die Shere-landbouhoewes verskuif het. Die plaas is aan die oostekant van Tierpoortrant, ongeveer 35 km suid-oos van Pretoria.

TZANEEN (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aanvanklik in 1903 van die Thabina Farming Association Ltd. gekoop is om as praktiese en teoretiese opleidingsentrum te dien vir Britse Setlaars. Later is die proefplaas in plote verdeel en verkoop. Die aanvaarbaarste verklaring vir die naam is uit Siswati en beteken "plek waar mense bymekaar kom" (Raper 1989:550).

UGIE (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat ontwikkel het uit 'n sendingstasie by Gatherg, in 1863 deur William Murray gestig. Dis deur hom na die Ugierivier in Skotland vernoem waar hy gebore is (Raper 1989:551).

UITKYK (LS), Greyton, Kaap
TOPONIMIES - ORONIMIES

Die skool is geleë aan die voet van die Riviersonderendberge en is vernoem na 'n hoë bergpiek naby die dorp.

UITSIG (PS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die gebied waar dit geleë is. Die toponiem is deursigtig.

UNIONDALE (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat in 1865 ontstaan het deur die amalgamasie van twee dorpies, Hopedale en Lyon. Die pleknaam verwys na die vereniging van die twee dorpies (Raper 1989:557).

UNITAS (HS), Welkom, Oranje-Vrystaat
SIMBOLIES - PERSOONLIKHEID

Die naam verwys na die periode toe die skool 'n dubbelmediumskool was. Die Latynse benaming is gekies om daardeur die eenheid van Afrikaans- en Engels-sprekende leerlinge te demonstreer:

Unitas > "the state or fact of being one"
 (Emery en Brewster 1952:2099).

UNITAS PARK (LS), Vereeniging, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied waar die skool geleë is. Een van die eienaars van die grond, senator Kalie Rood, het die gebied Unitas Park genoem omdat hy die Verenigde Party of "United Party" as LV vir Vereeniging verteenwoordig het (Stadsraad Vereeniging).

VAALHARTS (HS), Jan Kempdorp, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die dorp se naam is afgelei van die Vaal- en Hartsrivier waaruit die Vaalharts Besproeiingskema ontwikkel het (Raper 1989:560).

VAALKOP (LS), Beestekraal, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas Vaalkop waar die skool geleë is. Die Vaalkopdam is ook na die plaas vernoem. Die naamgewing mag voortspruit uit die koppe en rante in die omgewing - Langrant - wat vir die grootste deel van die jaar maar taamlik vaal daar uitsien.

VAALPARK, Sasolburg, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

1. (PS)
2. (HS)

Vernoem na die woongebied wat vernoem is na die Vaalrivier net noord van Sasolburg.

VAALRIVIER (HS), Barkly-Wes, Kaap
TOPONIMIES - HIDRONIMIES

Geleë op die wal van die Vaalrivier en daarom dié vernoeming.

VAN DER HOVEN (LS), George, Kaap
ANTROPONIMIES - SKENKERS

Vernoem na mnr. Van der Hoven wat die grond vir die skool geskenk het.

VAN DER KLOOF (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorpie geleë by die P.K. le Rouxdam, voorheen die Vanderkloofdam, 9 km noord-oos van Petrusville. Die dorp is gestig vir die konstruksiewerkers wat die dam gebou het. Die pleknaam is afgelei van Petrus J van der Walt se van, na wie ook Petrusville vernoem is, en 'n kloof in die omgewing (Raper 1989:438 en 562).

VAN KERKEN (PS), Bloemspruit, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. E.E. van Kerken, 'n vorige skoolhoof van die skool, voorheen Lakeview Sekondêre Skool. Hy is vanaf 1947-1955 aangestel as adjunk-Direkteur van Onderwys van die Oranje-Vrystaat (Coetzee 1975:190).

VAN RHEEDE (LS), Oudtshoorn, Kaap
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE
 Vgl. Oudtshoorn, Kaap.

VANRHYNSDORP (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Petrus Benjamin van Rhyne, die eienaar van die plaas waar die dorp ontwikkel is en dr. A.J.R. van Rhyne, 'n politikus (Raper 1989:5562).

VAN RIEBEECKSTRAND (LS), Melkbosstrand, Kaap
TOPONIMIES - GEBIED

Vernoem na die gebied waar die skool geleë is, tussen Melkbosstrand en Koeberg aan die Weskus.

VAN WYKSKRAAL (LS), Makoppa, Thabazimbi, Transvaal
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is, wat vernoem is na die oorspronklike eienaar daarvan.

VANWYKSVLEI (LS), Kaap
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die eerste inwoners van die dorp was Van Wyk-kleurlinge, vandaar die naam.

VAN ZYLSRUS (LS), Kuruman, Kaap
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorpie wat waarskynlik die naam dra van die plaas waar dit ontwikkel is.

VELDDRIF (HS), Kaap
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat eers 'n deurgang was deur die Bergrivier vir reisigers wat van Kaapstad na die noorde gereis het. Die dorp wat daar ontstaan het, het die naam behou: "drif in die veld" (Raper 1989:564).

VENTERSDORP, Transvaal
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat aangelê is op die plaas Roodepoort. Die eponiem in **Ventersdorp** verwys na die eienaar, mnr. Johannes Venter (Nienaber 1963:378).

VENTERSPOST (LS), Transvaal
 TOPONIMIES - MYNE

Vernoem na die myn, ongeveer 8 km noord-wes van Westonaria. Die dorp, Venterspos, is in 1952 met Westonaria geamalgameer en word tans so genoem (Raper 1989:585).

VEREENIGING, Transvaal
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (HS)
2. (HTS)

Vernoem na die dorp wat in 1882 gestig is op die plase Klipplaatsdrift en Leeuwkuil en vernoem is na 'n steenkoolmaatskappy wat in 1882 gestig is, die "Zuid-Afrikaansche en Oranje-Vrystaatsche Kolen en Mineralen Mijn *Vereeniging*" (my kursivering), na aanleiding van die ontdekking van steenkool daar in 1878 (Stadsraad Vereeniging).

VERKEERDEVLEI (PS), Oranje-Vrystaat
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na 'n vlei wat in 'n "verkeerde" rigting deur die dorp vloei - in plaas van die normale vloei van wes na oos, vloei hierdie stroom van oos na wes (Raper 1989:565).

VERKENNER (LS), Benoni, Transvaal
 SIMBOLIES - PERSOONLIKHEID

Die skool se leuse "Ons waak" het daartoe aanleiding gegee dat die naam van Benoni Afrikaansmediumskool na Laerskool Verkenner verander is. 'n Verkenner se taak is om te waak en te rapporteer - só word gewaak oor taal, kultuur en godsdiens in die skool.

VERLOREVLEI (LS), Elandsbaai, Kaap
 TOPONIMIES - HIDRONIMIES

Geleë langs die Verlorelei, 'n rivier anderkant Piketberg. Waar die rivier

in die Atlantiese Oseaan uitmond, is Elandsbaai. Hierdie gebied staan bekend as die Sandveld. Die rivier is waarskynlik so genoem omdat dit in die riete en sand "verlore raak" (Raper 1989:565-566).

VERWOERDBURG (HS), Transvaal

TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad ongeveer 10 km suid van Pretoria. Vir Verwoerd vgl. Hendrik Verwoerd.

VIER-EN-TWINTIG RIVIERE (LS), Halfmanshof, Kaap

TOPONIMIES - HIDRONIMIES

Vernoem na die rivier wat 'n sytak van die Bergrivier is. Die rivier is in werklikheid slegs 'n enkele rivier wat uit verskeie kleiner strome bestaan wat langs mekaar loop. Sommige is baie diep en gevaarlik om te kruis in die reënseisoen (Du Plessis 1973:329).

VILLIERS (HS), Oranje-Vrystaat

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na mnr. L.B. de Villiers, eienaar van die plaas Grootdraai en Pearson Valley waar die dorp aangelê is (Raper 1989:569).

VINIES, LADYBRAND (PS), Oranje-Vrystaat

ANTROPONIMIES - SKENKERS/PLAASEIENAARS

Vernoem na tant Vinie Olivier, oorspronklike eienaar van die plaas waar die skool geleë is.

VISRIVIERVALLEI (LS), Kookhuis, Kaap

TOPONIMIES - GEBIED

Kookhuis is langs die Groot Visriviervallei geleë in 'n streek wat geklassifiseer kan word as 'n vallei weens die besproeiingsplase weerskante van die rivier - vandaar die skool se naam.

VIVO (LS), Transvaal

TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorpie Vivo, wat op die plaas Amersfoort geleë is. Die naam Vivo word deur die skadu's van die Soutpansberg "uitgespel". Gedurende die middag in die winter is dit veral opmerklik.

VOLKSHOOP(LS), Queenswood, Pretoria

HISTORIES - SIMBOLIES

Die naamsverandering van die Laerskool Queenswood na Laerskool Volkshoop op 4 Junie 1983, word histories gekoppel aan die inwyding van "De Eerste Fabrieken in de Zuid-Afrikaansche Republiek Bep." op 6 Junie 1883, deur president Paul Kruger.

Die fabriek, eiendom van Alois Hugo Nellmapius, 'n Joodse ondernemer van Boedapest, Hongarye, was die volk se hoop na die verval en ellende van die Eerste Vryheidsoorlog - heropbou en voorspoed was belangrik. Uit die alleenreg om drank uit aartappels en graan te vervaardig, moes hy die Staat 1000 pond per jaar betaal. Eerste Fabriek is 30 km oos van Pretoria op die plaas Hatherly van Nellmapius ontwikkel.

Volkshoop word in bogenoemde verband soos volg verklaar:

Volk > die toekoms loop op die voete van kinders

hoop > die skool vul met hoop omdat dit 'n bron van kennis en karaktervorming is, 'n instelling wat gaan help om die toekoms te bou. Dis 'n vesting teen vervlakking en verwildering omdat dit op Christelike fundamente rus.

VOLKSKOOL**HISTORIES - SIMBOLIES**

1. Laer Volksskool, Heidelberg, Transvaal.
2. Hoër Volksskool, Heidelberg, Transvaal.
3. Hoër Volksskool, Potchefstroom, Transvaal.
4. Hoër Volksskool, Graaff-Reinet, Kaap.

Die term **Volksskool** verwys na die skool wat gebore is uit die volk se swaarkry na die Tweede Vryheidsoorlog - 'n skool vir die Boerevolk se kinders, d.w.s. uit die volk vir die volk. Die Laer Volksskool is in 1903 uit die nood van 'n volk gebore in die kelderkamer van die Klipkerk op Heidelberg, vir na-oorlogse wesies as reaksie teen Lord Milner se verengelsingsbeleid.

VOLKSRUST (HS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat in 1888 op die volgende plaasgedeeltes aangelê is: Zandfontein, Verkyk, Boschpaddrift en Lianwarne. Die toponiem het waarskynlik sy oorsprong te danke daaraan dat die Boeremagte na die slag van Amajuba daar gerus het voordat hulle huiswaarts gekeer het (Nienaber 1963:382-383).

VOLSCHENK (LS), Riversdal, Kaap**ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS**

Vernoem na die bekende kunsskilder, Jan Volschenk, wat in die omgewing gebore is en daar gewoon het.

VOORPOS (LS), Cambridge-Wes, Oos-Londen, Kaap**SIMBOLIES - STREWE**

Om op die voorpos te wees, hou in dat die personeel en leerlinge van die skool die bewakers op die voorpunt moet wees. Vgl. ook Op die voorpos, Upington, Kaap.

VOORSLAG (LS), Vanderbijlpark, Transvaal**SIMBOLIES - STREWE**

Die leuse van die skool is: Wees vlug van gees. Volgens die HAT (1979:1313) is 'n voorslag iemand wat fluks en vinnig werk. Daar kan dus aanvaar word dat die leerlinge van hierdie skool oor hierdie eienskappe moet beskik.

VOORSPOED (LS), Magogong, Kaap**TOPONIMIES - PLASE**

Die skool is vernoem na die plaas waar dit geleë is.

VOORTREKKER**HISTORIES - SIMBOLIES**

1. (HS), Boksburg, Transvaal.
Die eerste Afrikaanse Hoërskool wat in 1920 aan die Witwatersrand gestig is om voor te trek in die opheffing en selfverwesenliking van die stads-afrikaner.
2. (HS), Bethlehem, Oranje-Vrystaat.
Dié skool se naam is verander van Bethlehem Hoërskool na Sekondêre Skool Voortrekker tydens die simboliese Ossewatrek van 1938.
3. (HS), Pietermaritzburg, Natal.
In 1938 met die besoek van ATKV se ossewaentjies **Piet Retief** en **Vrou-en-moeder** is die skool herdoop tot Voortrekkerskool. Só is hierdie oudste Afrikaansmediumskool in Natal verbind met sy geskiedenis.

VOORTREKKER-EEUFEES (LS), Pretoria-Noord, Transvaal
HISTORIES - GEBEURE

Die skool se naam is gekoppel aan die eeufees in 1936 ter herdenking van die Groot Trek.

VOORTREKKERHOOGTE (HS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied waar dit geleë is. Voortrekkerhoogte is 'n militêre sentrum ongeveer 6 km van die stadskern, noord van Valhalla. Dit is in 1900 gestig as hoofkwartier van die Britse bevelvoerder, Lord Roberts, en toe Robertshoogte (Roberts Heights) genoem. In 1938 is die naam verander na Voortrekkerhoogte om die Voortrekkereeufees te gedenk (Raper 1989:572).

VOORUITSIG (LS), Kimberley, Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na een van die plase waar Kimberley tot stand gekom het. In 1873 word drie delwerskampe, De Beer's New Rush, Colesberg Kopje en Vooruitzicht tot die dorp Kimberley verklaar.

VOORWAARTS (LS), Mamogaleskraal, Brits, Transvaal
SIMBOLIES - STREWE

Dié laerskool se naam omvat naam, leuse en strewe en dui op die koers wat die skool ingeslaan het deur moeilike wordingsjare heen - altyd voorwaarts. Dis geleë op die plaas Mamogaleskraal, 16 km noord-oos van Brits.

VOORWAARTS VOLKSKOOL (PS), Kroonstad, Oranje-Vrystaat
HISTORIES - POLITIES/KULTUREEL

Vgl. Voorwaarts, Mamogaleskraal, Brits, Transvaal.
 Vgl. Volksskool.

VREDE (HS), Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat sy naam gekry het na aanleiding van die vrede wat bereik is na geskille onder die dorpsligters (Nienaber 1963:384).

VREDENDAL (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat ontwikkel het uit die Olifantsrivier Besproeiingskema en aangelê is in 1933. Dit is die Ndl. vorm van **dal van vrede** en is afgelei van 'n plaasnaam (Raper 1989:573).

VRYBURG (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na die "vryburgers" van die Republiek van Stellaland (1883) (Raper 1989:573).
 Vgl. Stellaland, Kaap.

VRYBURGER (HS), Primrose, Germiston, Transvaal
HISTORIES - GEBEURE

Die hoeksteenlegging van die skool was op dieselfde dag as die driehonderdjarige herdenking van die Vryburgers aan die Kaap (1657) en daarom die naam "Vryburger".

VRYHEID (HLS), Vryheid, Natal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat verwys na die vryheid wat Lucas Meyer en sy volgelinge gehoop het die Nuwe Republiek, wat op 12 November 1884 gestig is, sou bring (Raper 1989:475-575).

VRYHEIDSMONUMENT (LS), Vereeniging, Transvaal
HISTORIES - GEBEURE

Vernoem na die Vryheidsmonument (ook genoem vredesmonument) wat op 10 Oktober 1961 deur wyle dr. H.F. Verwoerd onthul is. Dis in die voedingsarea van die skool geleë. Die monument is deur Coert Steynberg gebeeldhou en stel die herryse van die Afrikanervolk voor (Venter 1976:75).

WAGPOS (HS), Brits, Transvaal
SIMBOLIES - STREWE

Volgens die HAT (1976:1338) is 'n wagpos 'n plek waar iemand wag staan. Die veronderstelling is dus dat die personeel en die leerlinge van hierdie skool wag staan of waak oor hulle tradisies en kultuur.

W.A. JOUBERT (LS), Paarl, Kaap
ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Die skool het in 1919 tot stand gekom en is vernoem na mnr. W.A. Joubert, hoof van die Opleidingskollege vir Onderwysers - dit was toe 'n oefenskool vir onderwysers.

WALMER (LS), Port Elizabeth, Kaap
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die voorstad, wat vernoem is na Walmer Castle, die landgoed van die Hertog van Wellington, Kent, Engeland (Raper 1989:576).

WALVISBAAI, Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat op 8 Desember 1487 Golfo de Santa Maria da Conceicao genoem is deur Bartolomeu Dias. Dit het later onder die Portugese bekend gestaan as Golfo da Baleia of "**bay of whales**", wat vandag steeds die betekenis is (Raper 1989:577).

WARRENTON (LS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Sir Charles Warren (1840-1927), soldaat en argeoloog, wat in 1877 aangestel is om die minerale regte en grondtoekennings in Griekwaland-Wes te beheer (Raper 1989:579).

WATERKLOOF (HS), Pretoria, Transvaal
TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die oostelike voorstad van Pretoria wat aangelê is op die plaas Waterkloof (Raper 1989:580).

WELBEDACHTDAM (PS), Wepener, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - HIDRONIMIES

Vernoem na die Welbedacht-dam, ongeveer 44 km vanaf Wepener, wat water aan die grootste deel van Bloemfontein verskaf. Die water word uit die Caledonrivier gepomp en gesuiwer.

WELGEDACHT (LS), Tolwe, Transvaal
 TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is.

WELGEMOED (LS), Bellville, Kaap
 TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die woongebied wat 'n voorstad van Bellville is.

WELKOM GIMNASIUM (HS), Welkom, Oranje-Vrystaat
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp. Die toponiem **Welkom** is deursigtig en dui daarop dat besoekers graag in die dorp ontvang word. Vir **Gimnasium** vgl. **Paul Roos Gimnasium**, Stellenbosch, Kaap.

WERDA (LS), Springs, Transvaal
 SIMBOLIES - STREWE

Die toponiem "Werda" het 'n militêre konnotasie en verwys na die uitroep van 'n militêre brandwag: "Wie's daar?". Die brandwag is op die voorpos en moet waarsku as gevaar dreig. Figuurlik staan die skool brandwag, as bewaker.

WESBANK (LS), Oudtshoorn, Kaap
 LIGGING - GEOGRAFIES

Die skool is geleë op die westelike bank van die Grobbelaarsrivier, vandaar die naam.

WESPARK (LS), Pretoria, Transvaal
 TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED

Vernoem na die westelike voorstad van Pretoria.

WESRAND CONSOLIDATED (LS), Wesrand, Transvaal
 TOPONIMIES - MYNE

Die skool is geleë by die West Rand Consolidated goudmyn, ongeveer 3 km suid van Krugersdorp en is na die myn vernoem.

WESSEL MAREE (HS), Odendaalsrus, Oranje-Vrystaat
 ANTROPONIMIES - ONDERWYSFIGURE

Vernoem na mnr. Wessel Maree, 'n voormalige skoolhoof wat baanbrekerswerk op die gebied van die onderwys in die Vrystaat gedoen het. Die meeste skole in die omgewing het van dié skool afgestig.

WESTONARIA (HS), Transvaal
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat eers as Venterspost bekend gestaan het. Die naam is na Westonaria verander met die verkryging van munisipale status in 1952. Die pleknaam is 'n homofoon van **Western area**, vernoem na die dorpsontwikkelaars Western Areas Ltd. (Raper 1989:585).

WESTVILLE AFRIKAANSMEDIUM (PS), Westville, Natal
 TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, 10 km noord-wes van Durban en 6 km oos van Pinetown. Dit het ontwikkel uit 'n nedersetting van Duitse immigrante in 1948 en is in 1956 tot 'n dorp verklaar. Die dorp is vernoem na Martin West, die eerste Luitenant-Goewerneur van Natal in 1845 (Raper 1989:585).

WESTWOOD (LS), Boksburg, Transvaal**TOPONIMIES - KLEINHOEWES/PARKE**

Die omgewing waar die skool geleë is, staan as die Westwood-landbouhoewes bekend, aangelê op die plaas Klipfontein No. 5 (Stadsraad, Boksburg).

WESVALIA (HS), Klerksdorp, Transvaal**LIGGING - GEOGRAFIES**

Die skool is geleë in die middel van Wes-Transvaal. Die naam is 'n samevoeging van Wes + vaal + ia.

W.H. COETZER (LS), Rosettenville, Johannesburg, Transvaal**ANTROPONIMIES - KUNSTENAARS/SKRYWERS/DIGTERS**

Vernoem na die kunsskilder, W.H. Coetzer, wat in die omgewing gewoon het. Sy kinders was leerlinge van die skool. Hy was voorsitter van die skoolkomitee en het die skool se wapen ontwerp.

WHEATLANDS (LS), Randfontein, Transvaal**TOPONIMIES - PLASE**

Afgelei van die oorspronklike plaasnaam. Op Wheatlands was daar op groot skaal met koring geboer. Die plaas is later in landbouhoewes verdeel.

WIERDAPARK (LS), Pretoria, Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die woonbuurt. Wierdapark is vernoem na die Nederlandse argitek, Sytze Wopkes Wierda (1839-1911) wat vanaf 1887-1900 as "Gouvernements Ingenieur en Architect", 'n besondere bydrae in die ontwikkeling van die ZAR gelewer het. Van sy bekendste werke is die ou Goewermentsgebou en die Paleis van Justisie op Kerkplein, die Paardekraalmonument, die Wierdabrug oor Sesmylspruit, die Leeubrug oor die Apiesrivier, die Sandsteenbrug oor die Vaalrivier by Standerton ens. Wierdapark is in 1938 aangelê op die plaas Cyferfontein.

WILDEHONDEPAN (LS), Migdol, Transvaal**TOPONIMIES - PLASE**

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is. Die pan waar wildehonde gehou het, bestaan steeds.

WILGEHOF (PS), Bloemfontein, Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vernoem na die woonbuurt waar die skool geleë is.

WILGERIVIER (HS), Frankfort, Oranje-Vrystaat**TOPONIMIES - HIDRONIMIES**

Vernoem na die Wilgerivier wat naby die dorp verby vloei.

WILLEM CRUYWAGEN (LS), Brackenhurst, Alberton, Transvaal**ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE**

Vernoem na mnr. Willem A Cruywagen, voormalige Administrateur van Transvaal.

WILLEM GROBLER (LS), Groblersdal, Transvaal**ANTROPONIMIES - SKENKERS/PLAASEIENAARS**

Die grond vir die skool is geskenk deur Willem Jacobus Grobler - eienaar van die plaas Klipbank - na wie die skool en die dorp vernoem is.

WILLEM POSTMA (PS), Danhof, Bloemfontein, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - VOORAANSTAANDE FIGURE

Vernoem na ds. W. Postma, predikant en skrywer (onder die skuilnaam dr. O'Kulis).

WILLEM PRETORIUS (HS), Heilbron, Oranje-Vrystaat
ANTROPONIMIES - STAATSMANNE/VROUE

Vernoem na mnr. Willem Pretorius LUK, wat die skool geopen het.

WILLISTON (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na kolonel Hampden Willis, Koloniale Sekretaris in 1883 (Raper 1989:588).

WILLOWMORE (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp wat aangelê is op die plaas The Willows van mnr. William Moore (Raper 1989:857).

WITRIVIER (LS), Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat na die Witrivier daar naby vernoem is.

WITTEBERG (HS), Bethlehem, Oranje-Vrystaat
TOPONIMIES - ORONIMIES

Vernoem na die Witteberge, 'n reeks berge wat suid van die dorp geleë is.

WITTENBERG (LS), Piet Retief, Transvaal
HISTORIES - POLITIES/KULTUREEL

Die skool bedien 'n Duitssprekende Lutherse gemeenskap wat deur dié naamgewing die Hervormingsbeweging in Duitsland gedenk.

WOLMARANSSTAD, Transvaal
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

1. (LS)
2. (HS)

Vernoem na die dorp wat in 1888 aangelê is op die plase Rooderand en Vlakfontein. Dis vernoem na Jacobus M.A. Wolmarans, in daardie stadium LUK (Raper 1989:593).

WOLRAAD WOLTEMADE (LS), Bothasig, Kaap
ANTROPONIMIES - HISTORIESE HELDE/HELDINNE

Vernoem na Wolraad Woltemade wat op 1 Junie 1773 veertien drenkelinge van die skip, De Jonge Thomas, in Tafelbaai gered het voordat hy en sy perd onder die golwe verdwyn het.

WOLSELEY (HS), Kaap
TOPONIMIES - STEDE/DORPE

Vernoem na die dorp, wat vernoem is na Sir Garnet Joseph Wolseley (1833-1913), kommandeur van die Britse magte in die Zoeloe-oorlog van 1879 (Raper 1989:593).

WOLWEFONTEIN (LS), Graaff-Reinet, Kaap
TOPONIMIES - PLASE

Vernoem na die plaas waar die skool in ongeveer 1894 tot stand gekom het.

WONDERBOOM**OMGEWING - FLORA**

1. (LS), Annlin, Pretoria, Transvaal.
2. (HS), Wonderboom-Suid, Pretoria, Transvaal.

Beide die toponieme kan teruggevoer word na die plaas Wonderboom wat vernoem is na die geskiedkundige wonderboom wat op 'n deel van die ou plaas staan. Die **Wonderboom** is 'n wildevy (*Ficus pretoriae*) volgens Raper (1989:593) 700 jaar oud.

WONDERBOOM-SUID (LS), Pretoria, Transvaal**TOPONIMIES - WOONGEBIEDE/VOORSTED**

Vgl. Wonderboom.

WONDERFONTEIN (HS), Oberholzer, Transvaal**TOPONIMIES - PLASE**

Vernoem na die plaas Wonderfontein waar die dorp ontwikkel is.

WORCESTER (LS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat in 1820 op die plase Langerug en Roodewal aangelê is. Dis deur Lord Charles Somerset vernoem na sy broer, die Markies van Worcester (Raper 1989:594).

WORCESTER-OOS (HS), Kaap**LIGGING - GEOGRAFIES**

Vgl. Worcester.

YSTERPLAAT (HS), Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp waar die skool geleë is.

ZEBEDIELA (LS), Transvaal**TOPONIMIES - PLASE**

Zebediela is 'n sitruslandgoed geleë ongeveer 35 km noord-oos van Potgietersrus. Daar word gesê dat die toponiem afgelei is van die bynaam van opperhoof Mamukebe wat die wit Setlaars vriendelik behandel het in 'n tyd van vyandigheid. Dit is veronderstel om **diplomaat** of **vredemaker** te beteken. Dit kan ook beteken "die een wat wegsteek", met verwysing na beesdiewe wat in die stat skuilgehou het (Raper 1989:599).

ZEERUST (HS), Transvaal**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die dorp wat in 1867 aangelê is op die plaas Hazenjacht, voorheen Sebatlani. Die toponiem is afgelei van Coetzee-Rust, vernoem na die eienaar van die plaas, Diederik J. Coetzee (Raper 1989:599).

ZOETMELKSVALLEI (LS), Lichtenburg, Transvaal**TOPONIMIES - PLASE**

Vernoem na die plaas waar die skool geleë is.

ZWAANSWYK (HS), Tokai, Kaap**TOPONIMIES - STEDE/DORPE**

Vernoem na die voorstad, wat vernoem is na die plaas van Simon van der Stel, Zwaanswyk-aan-den-Stenberg. Die swaan op die skoolwapen simboliseer skoonheid en reinheid vir die leerlinge van die skool.

ZWARTBERG (HS), Prins Albert, Kaap
TOPONIMIES - ORONIMIES

Die skool is geleë aan die noordelike hang van die Zwartberg, en is daarna vernoem.